

DIE ONTKENNING IN NOORD-SOTHO

deur

FREDERIK CHRISTIAAN VERCUEIL

Voorgelê luidens die vereistes vir

die graad

D.Litt. et Phil.

in die vak

AFRIKATALE

aan die

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

Promotor: Prof. D.P. Lombard, D.Litt. et Phil. (Unisa)

Datum van inlewering: Desember 1981.

Graag wens ek in die eerste plek my dank te betuig aan my Skepper, wat alles vir my moontlik gemaak het.

Verder ook my dank en waardering teenoor die volgende persone:

Prof. Dr. D.P. Lombard vir sy doelgerigte en sinvolle leiding, advies en aanmoediging, en veral met die verwerking van die materiaal.

Dr. Louwrens vir sy nuttige opmerkings en aanbevelings, en informele gesprekke om onsekerhede op te klaar.

Robert Makitla vir die vertalings en verduidelikings van semantiese kenmerke van strukture.

Lilian vir haar aanmoediging en ondersteuning en vir die baie tikwerk, en my kinders vir hulle belangstelling en noodsaaklike hulp wat hulle dikwels moes ontbeer as gevolg van my fisiese afwesigheid.

Mej. D. Gildenhuis vir die veeleisende finale tikwerk, wat uitmuntend gedoen is.

Mnr. John Visser vir die tikster en tikmasjien wat hy goedgegunstiglik aan my afgestaan het.

UNISA	
20-4-1982	
Daar	ARV 496-3721059
Kas	
Acces	870332
Aanwin	

OPSOMMING	(vi)	
1.1	AGTERGROND, PROBLEEMSTELLING EN DOEL	1
1.2	TEGNIËSE AANBIEDING	6
1.2.1	Ortografie	
1.2.2	Afkortings en simbole	
1.2.3	Vertalings	7
1.3	TOON	8
1.4	VERDUBBELING	11
1.5	RANGVERSKUIWING	12
1.6	TERMINOLOGIE	14
1.6.1	Algemeen	
1.6.2	Ouksiliër	18
1.6.2.1	Nie-ontkennende ouksiliëre	19
1.6.2.2	Ontkennende ouksiliëre	29
1.7	NAVORSINGSTEGNIEK	32
1.8	INHOUDELIKE AANBIEDING	34
2	ONTKENNINGS MET GA-	36
2.1	MET UITGANG -E	37
2.1.1	Enkelwerkwoordkonstruksies	38
2.1.1.1	Proseswerkwoorde	
2.1.1.2	Die kopulatiewe werkwoordstam -BA	42
2.1.2	Saamgestelde werkwoordkonstruksies	45
2.1.2.1	Samestellings met die hulpwerkwoordstam -KA	
2.1.2.2	Samestellings met die hulpwerkwoordstamme -TLE en -YE	53
2.1.2.3	Samestellings met die hulpwerkwoordstam -HLWA	56
2.1.2.4	Samestellings met ander hulpwerkwoorde	59
2.2	MET ONVERANDERLIKE WERKWOORDSTAMME	61
2.2.1	Enkelwerkwoordstamme	62
2.2.1.1	Die kopulatiewe werkwoordstam -NA	
2.2.2	Saamgestelde werkwoorde	66
2.2.2.1	Samestellings met die hoofwerkwoordstam in die indefinitief	67

2.2.2.2	Samestellings met die hulpwerkwoordstam -EŠO (-SEŠO)	67
2.2.2.3	Samestellings met die hulpwerkwoordstam -KA	73
2.3	MET ONDERWERPSKAKEL AS KOPULATIEWE PARTIKEL	75
2.4	MET GEPAAARDGAANDE RANGVERSKUIWING	76
2.4.1	Die ouksiliêr -SA-	
2.4.2	Die ontkenningsformatief GA- gevolg deur -SE	81
2.4.3	Die ouksiliêr -(Y)A-	85
2.4.4	Die ouksiliêr -TLO-	89
2.4.5	Kasualis ouksiliêre	91
2.4.5.1	Die ouksiliêr -DIA- of -DIO-	93
2.4.5.2	Die ouksiliêr -FO-	94
2.4.5.3	Die ouksiliêr -NO-	95
2.4.6	Die emfatiese ouksiliêr -KA-	96
2.5	SAMEVATTING	97
2.5.1	Strukturele kenmerke	98
2.5.1.1	Die werkwoorduitgang	
2.5.1.2	Werkwoordkonstruksies met ouksiliêre	99
2.5.1.3	Saamgestelde werkwoordkonstruksies	100
2.5.2	Semantiese kenmerke	101
2.5.2.1	Polisemie	102
2.5.2.2	Emfatisering	
2.5.2.3	Polisemie plus emfatisering	103
2.5.2.4	Gestabiliseerde betekenis	
3	ONTKENNINGS MET SE	105
3.1	-SE AS ONTKENNENDE WERKWOORDSTAM	106
3.1.1	In die situatiewe kopula	
3.1.1.1	Identifiserend	
3.1.1.2	Bepalend	108
3.1.2	In die relatiewe kopula	111
3.1.2.1	Identifiserend	
3.1.2.2	Bepalend	113
3.2	-SE AS ONTKENNENDE HULPWERKWOORDSTAM	114
3.2.1	Situatief perfektum	115
3.2.1.1	Konsekutiewe tipe	

3.2.1.2	Habituele tipe	117
3.2.2	Relatief perfektum	118
3.2.2.1	Konsekutiewe tipe	119
3.2.2.2	Habituele tipe	
3.2.3	Die situatiewe en relatiewe perfektum met die hulpwerkwoordstamme -KA en -HLWA/-HLWE	120
3.2.3.1	Met die hulpwerkwoordstam -KA	
3.2.3.2	Met die hulpwerkwoordstam -HLWA/-HLWE	121
3.3	-SE- AS OUKSILIËR	123
3.3.1	Indikatiewe perfektum	
3.3.1.1	Konsekutiewe tipe	124
3.3.1.2	Habituele tipe	
3.4	-SE- AS ONTKENNINGSFORMATIEF	125
3.4.1	Die subjunktief	126
3.4.1.1	Die hortatief	127
3.4.1.2	Samestellings met hulpwerkwoordstamme	128
3.4.1.3	Kopulatief	130
3.4.2	Die konsekutief	131
3.4.2.1	Kopulatief	132
3.4.2.2	Samestellings met hulpwerkwoordstamme	133
3.4.3	Die relatief	135
3.4.3.1	Met die hulpwerkwoordstam -KA	
3.4.3.2	Met kopulatiewe werkwoordstam -BA	
3.4.4	Die imperatief	136
3.4.5	Die infinitief	137
3.4.6	Die kondisionalis	140
3.4.7	Die situatief	143
3.4.8	Die ontkenning van die ouksiliëre	
3.4.8.1	Die potensialis	144
3.4.8.2	Die futurum	153
3.4.8.3	Die persistief	159
3.4.8.4	Die kasualis ouksiliëre	166
3.5	-SE AS FORMATIEF VAN KLITIESE WOORD	168
3.6	SAMESTELLINGS VAN OUKSILIËRE	170
3.7	SAMEVATTING	176
3.7.1	Strukturele kenmerke	177
3.7.1.1	Die uitgang -E	
3.7.1.2	Werkwoordkonstruksies met ouksiliëre	180

3.7.1.3	Saamgestelde werkwoordkonstruksies	180
3.7.2	Semantiese kenmerke	182
3.7.2.1	Polisemie	
3.7.2.2	Emfatisering	183
3.7.2.3	Gestabiliseerde betekenis	184
4	ONTKENNINGS MET SA	185
4.1	-SA AS ONTKENNENDE HULPWERKWOORDSTAM	189
4.2	-SA- AS OUKSILIËR	
4.2.1	Die situatief	190
4.2.1.1	Samestellings met die hulpwerkwoordstam -KA	191
4.2.1.2	Samestellings met die hulpwerkwoordstam -BA	192
4.2.2	Die relatief	
4.2.3	Die kondisionalis	193
4.3	-SA- AS ONTKENNINGSFORMATIEF	194
4.3.1	Die situatief	196
4.3.1.1	Samestellings met die hulpwerkwoordstam -KA	197
4.3.1.2	Samestellings met die hulpwerkwoordstam -HLWE-	
4.3.1.3	Samestellings met die hulpwerkwoordstam -SEŠO	199
4.3.1.4	Die kopula	201
4.3.2	Die subjunktief	204
4.3.2.1	Samestellings met die hulpwerkwoordstam -KA	
4.3.2.2	Samestellings met die hulpwerkwoordstam -HLWE	205
4.3.2.3	Samestellings met die hulpwerkwoordstam -SEŠO	
4.3.2.4	Die kopula	206
4.3.3	Die relatief	207
4.3.3.1	Samestellings met die hulpwerkwoordstam -KA	
4.3.3.2	Samestellings met die hulpwerkwoordstam -BA	208
4.3.3.3	Samestellings met die hulpwerkwoordstam -HLWE	209
4.3.3.4	Samestellings met die hulpwerkwoordstam -SEŠO	210
4.3.3.5	Die kopula	
4.3.4	Die infinitief	211
4.3.4.1	Samestellings met die hulpwerkwoordstam -HLWE	213
4.3.4.2	Die kopula	

4.3.5	Die kondisionalis	214
4.3.6	Die konsekutief	215
4.3.7	Samestellings met hulpwerkwoordkonstruksies	216
4.3.8	Met die oksiliêr -TLO-	218
4.4	SAMEVATTING	221
4.4.1	Strukturele kenmerke	223
4.4.1.1	As ontkenningshulpwerkwoordstam	
4.4.1.2	As negatiewe oksiliêr	
4.4.1.3	As ontkenningsformatief	
4.4.1.4	Werkwoordkonstruksies met oksiliêre	224
4.4.1.5	Saamgestelde werkwoordkonstruksies	225
4.4.2	Semantiese kenmerke	226
4.4.2.1	Polisemie	
4.4.2.2	Emfatisering	
4.4.3	Die komplementêre werkwoord	227
5	SAMEVATTING	228
5.1	STRUKTURELE KENMERKE	
5.1.1	Modale gebondenheid	229
5.1.1.1	Die ontkenningsformatief GA-	
5.1.1.2	Die ontkenningsmeganisme SA	230
5.1.1.3	Die ontkenningsmeganisme SE	231
5.1.1.4	Oorvleueling tussen SA en SE	232
5.1.2	Posisie in die woord of woordgroep	233
5.1.3	Die verbale uitgang/slotvokaal	235
5.1.3.1	Die negatiewe uitgang -E [e]	236
5.1.3.2	Die negatiewe uitgang -E [ɛ]	237
5.1.3.3	Versterkte verbale uitgange	238
5.1.3.4	Versmelte slotvokale	240
5.1.3.5	Fakultatiewe uitgange/slotvokale	241
5.1.3.6	Modus van die komplement	243
5.2	SEMANTIESE KENMERKE	244
5.2.1	Polisemie	
5.2.2	Emfatisering	245
5.2.3	Gestabiliseerde betekenis	246
BYLAE		248
LYS VAN GERAADPLEEGDE WERKE		268

OPSOMMING.

Die proefskrif is saamgestel uit vyf hoofstukke en 'n bylae.

(a) Die eerste hoofstuk is inleidend tot die ondersoek van die ontkenning in Noord-Sotho om die werkmethode en sekere terminologie toe te lig.

'n Taaldinamiese benadering word gevolg om die ontkenningstrukture, wat gevorm word deur die ontkenningmeganismes GA-, SA en SE, te beskryf. Daar word veral aandag geskenk aan die rangverskuiwing en status van die ontkenningmeganismes op die hiërargie tussen woord en morfeem.

In die ontleding van die rangorde word die eenheid ouksiliêr bespreek, wat tussen woord en morfeem lê. Die ouksiliêre wat ontleed is, word toegelig en die ontkenkende ouksiliêre in die raamwerk ingepas.

Die rangverspreiding van die ontkenningmeganismes word uitgelig.

(b) In hoofstukke 2 tot 4 word die ontkenningmeganismes GA-, SE en SA respektiewelik in dié volgorde behandel. Die modale gebondenheid (dws. die beperktheid tot sekere modi), verbale uitgange (slotvokale) en samestellings met ander elemente soos die hulpwerkwoord, werkwoord, ouksiliêr en formatief word bespreek.

GA- kom slegs as periferele prefigale ontkenningformatief voor, en is beperk tot die indikatief.

Die ontkenningmeganisme SE het die wydste verspreiding in rang en ook wat die modi van die werkwoord betref. Dit kom in al die modi voor as ontkenningmeganisme en realiseer in rang as werkwoord, hulpwerkwoord, ouksiliêr en formatief.

SA as ontkenningmeganisme realiseer in rang as hulpwerkwoord, ouksiliêr en formatief en kan fakultatief tot SE gebruik word in al die modi behalwe die indikatief en konsekatief, waarin SA gladnie voorkom nie.

Die negatiewe uitgang -E realiseer net in 'n enkele werkwoordkonstruksie of in die hulpwerkwoordstam in 'n hulpwerkwoordgroep, maar nie in samestellings met ouksiliêre of elemente met versterde uitgange (slotvokale) nie.

Hoofstuk 5 is 'n samevatting van die verskillende ontkenningmeganismes en die semantiese implikasies daarvan.

Omdat die werkwoordsisteem, in terme van die gebruiklike grammatiese beskrywings, in die proefskrif deur die uiteensetting volgens ontkenningmeganisme in hoofstukke 2 - 4 verwarrend mag voorkom, word die verskillende strukture in die bylae volgens die werkwoordkategorieë gerangskik.

SUMMARY

The dissertation is compiled of five chapters and an appendix.

(a) The first chapter is an introduction to the research on the negative in Northern Sotho in order to elucidate the method applied in the research, and the terminology used.

A language dynamic approach is followed to describe the negative structures which are formed by the negative mechanisms GA-, SA and SE. Special attention is paid to rank shifting and the status of the negative mechanisms in the hierarchy between word and morpheme.

In the analysis of the order in rank the unit auxiliary, which lies between word and morpheme, is discussed. The auxiliaries which were analysed are elucidated and the negative auxiliaries fitted into the framework.

The distribution in rank of the negative mechanisms is explained.

(b) In chapters 2 to 4 the negative mechanisms GA-, SE and SA are treated in this order respectively. The modal lack of freedom (i.e. the restriction to certain moods), verbal terminatives (final vowels) and compositions with other elements like the auxiliary verb, verb, auxiliary and formative are discussed.

GA- appears only as a peripheral prefixal negative formative, and is restricted to the indicative.

The negative mechanism SE has the widest range in rank as well as the moods of the verb. It is spread over all the moods as negative mechanism and is realised in rank as verb, auxiliary verb, auxiliary and formative.

SA is realised in rank as auxiliary verb, auxiliary and formative as negative mechanism. It appears facultative to SE as negative mechanism in all the moods excepting the indicative and consecutive, where SA is not used at all.

The negative terminative -E realises only in a single verb structure or in the auxiliary verb stem in an auxiliary verb group, but not in compositions with auxiliaries or elements with invariable endings (final vowels).

Chapter 5 is a synopsis of the different negative mechanisms and the semantic implications thereof.

Against the background of the generally accepted description of the verbal system, the exposition in the thesis according to negative mechanism in chapters 2 to 4 may be confusing. Therefore, the different structures are arranged according to verb categories in the appendix.

Die enigste segmente van die positief wat nog in die ontkenning waarneembaar is, is die K van die onderwerpskakel en SEPE wat nie die volledige werkwoordkern is nie.

Westphal wys ook op die onderskeid tussen positief en negatief:

In a few languages there is a tense for tense correspondence between affirmatives and negatives. But in many there is no such correspondence. This suggests that the conceptual time or tense relationships are not the same in affirmative and negative for such languages. (1958;286)

Hy wys verder op die afwesigheid van ooreenkoms tussen 'n positief en 'n ooreenstemmende negatief en sê:

In a great number of languages it is difficult to determine the nature of the negative element in certain concord forms not comparable to the affirmative. (1958;289)

Waar 'n studie gemaak word van die ontkenning in Noord-Sotho word daar dus nie geïmpliseer dat dit 'n braak studieveld is waaroor daar nog min bekend is nie, trouens, die ontkenning is redelik volledig genoteer, maar oor die algemeen het taalnavorers slegs voorbeelde van die ontkenning gegee sonder om dit te ontleed en te beskryf. Met die uitsondering van enkele ontledings deur Lombard (1976), is die ontwikkeling van die ontkenning uit byvoorbeeld hulpwerkwoorde, nie sistematies ondersoek en toegelig nie. Die woordstatus van die ontkenningsmeganismes is ook nog nie ondersoek of beskryf nie. Verder bestaan daar ook foutiewe opvattinge oor die negatiewe uitgang van die werkwoord in die ontkenning, en die gebruik van ontkenningsmeganismes ten opsigte van die modi in Noord-Sotho.

1.1 AGTERGROND, PROBLEEMSTELLING EN DOEL

Die gekompliseerdheid van die ontkenning in die suidelike Bantoe-tale is reeds vroeg raakgesien. Stewart het die volgende opmerking gemaak ten opsigte van hierdie verskynsel in Xhosa:

The Kaffir verb has two principal forms of assertion or statement - one an Affirmative, and the other a Negative form. In Kaffir this negative statement forms part of the Verb itself; thus, nditeta, I speak; andi-teti, I do not speak. This necessitates a double form through all the Moods and Tenses of the Verb. (1901;71)

Sandilands vat die probleem saam ten opsigte van Tswana, maar dit geld in dieselfde mate ook vir ander tale as hy sê:

The Tswana method of forming the Negative is rather more complicated than the English one. In the latter it is merely necessary to insert the word 'not

But in Tswana each tense has a different way of forming the negative. There is no one word, like our 'not', which can be used in all tenses to make the negative. Each tense must be studied by itself. (1953;10)

Die probleem sny egter nog dieper. Benewens die feit dat elke 'tense' sy eie vorm van ontkenning het, kan daar in sekere gevalle geen vormlike verband tussen bevestiging en ontkenning gesien word nie, omdat die ontkenning nie meganies gevorm word vanuit die positief soos in die geval van bv. Afrikaans nie. In die voorbeeld hieronder, sal gemerk word dat die negatief morfologies en segmenteel gladnie ooreenkom met die positief nie en dat selfs nie eers die werkwoordkern klankvormlik dieselfde is nie, naamlik:

Positief: Ke sepetše

'Ek het geloop'

Negatief: Ga se ka sepela

'Ek het nie geloop nie'

Die doel van hierdie ondersoek is om 'n studie te maak van die ontkenningstrukture van Noord-Sotho ten einde:

- (a) Moontlike leemtes in beskrywing te bepaal en aan te suiwer;
- (b) Foutiewe opvattinge te probeer weerlê;
- (c) Die ontwikkeling van ontkenningselemente te bepaal; en
- (d) Die ontkenningselemente se woordstatus in hulle huidige vorm vas te stel.

Met hierdie doel voor oë, sal die uiteensetting hoofsaaklik 'n sinchroniese strekking hê waarby diachroniese gegewens bygebring word om 'n verskynsel beter toe te lig. Om hierdie rede kan dit eerder as 'n taaldinamiese (Von Staden, 1979;8) benadering beskou word, waarin die ontwikkeling van die ontkenningstrukture in Noord-Sotho in aanmerking geneem word.

Daar is nie gepoog om 'n ontleding te maak van dialektiese verskille nie. Dit sou die sistematiese beskrywing van die ontkenningstrukture nog verder bemoeilik het. Daar mag egter dialektiese vorme ingesluit word, maar waar moontlik word sodanige vorme uitgewys.

By die beskrywing van 'n taalstruktuur moet ook in gedagte gehou word dat die interpretasie van so 'n struktuur deur die navorser mag verskil van die sienswyse van die spreker. Tereg merk Westphal op:

Our 'meanings' of these forms are not really meanings but merely translations. Certainty about the meaning of a form does not precede an understanding of the components of the form but follows it. (1958;294)

In die loop van die ondersoek het die behoefte dikwels ontstaan om gapings in die paradigma aan te vul met 'eie voorbeelde'. Sodanige voorbeelde sou waarskynlik bevestig word deur die proefpersone, maar Lakoff (1969;141-142) wys duidelik daarop dat grammatiese sinne dikwels op grond van ander oorweginge onaanvaarbaar kan wees. Lakoff se bedoeling in hierdie verband kan soos volg aan die hand van Noord-Sotho voorbeelde geïllustreer word:

+Moruti ga se a
fihla maabane

'Die predikant het nie
gister gearriveer nie'

+Moruti ga se a
fihla gosasa

'Die predikant het nie
môre gearriveer nie'

Albei sinne is grammaties, maar die tweede is semanties anomaal, en derhalwe onaanvaarbaar. Hoewel die 'eie voorbeelde' korrek sou wees, kan dit nie op dieselfde vlak hanteer word as dié strukture in die taal wat 'n hoë gebruiksfrekwensie het nie.

Waar daar dus gapings in die paradigmas voorkom, is dit te wyte aan die feit dat geen sodanige voorbeelde in die geraadpleegde letterkundige publikasies en gepubliseerde en ongepubliseerde werke oor aspekte van die grammatika van Noord-Sotho aangetref is nie. Daar word dus nie in hierdie proefskrif beweer dat strukture wat nie in die voorbeelde figureer nie, gladnie in Noord-Sotho voorkom nie.

Die Noord-Sotho voorbeelde wat in die proefskrif gebruik word, kom in drie kategorieë voor, naamlik:

- (a) Eie voorbeelde wat aangedui word met +;
- (b) Voorbeelde wat uit grammatikas en ongepubliseerde werke¹⁾ geneem is en waarskynlik deur skrywers self geskep is, en wat met ++ aangedui word;
- (c) Voorbeelde uit letterkundige werke, wat nie gemerk word nie.

Westphal beskou die bestudering van die ontkenning in 'n Bantoe-taal soos volg:

The position of the negative particle relative to the main grammatical radical is, our main classificatory criterion. (1958;285)

Hy sê verder:

This will enable investigators to further consider the following two important points:

- (i) the syntactical value of the negating element, if there is one, and
- (ii) the conceptual and semantic value of the negating element, i.e. whether the negating element negates the concord or grammatical subject, the tense factor, the lexical factor, the total verbal, or the whole sentence. (1958;285)

In hierdie ondersoek is die bogenoemde benadering van Westphal gedeeltelik toegepas deur die ontkenningsmeganismes ('Negative particles') in Noord-Sotho te identifiseer, en die strukture daarvolgens te beskryf.

Ten einde tot die mees praktiese en wetenskaplike ontleding en aanbieding te kom, is die rangskikking van die inhoud bepaal deur die aard en strukturele kenmerke van die ontkenningstrategie en die betrokke ontkenningmeganisme.

1) Kyk in die 'Lys van geraadpleegde werke' aan einde van hierdie proefskrif.

Na die ontleding en beskrywing word die verskillende elemente weer byeengebring en saamgevat in die bylae om 'n sistematiese geheelbeeld daar te stel. Daar word ook gewys op tiperende eienskappe en gemeenskaplike kenmerke wat uit die ontleding na vore kom.

Van die vier verhoudings waarin die ontkeningsformatief volgens Westphal tot die werkwoordstam kan staan, ressorteer Noord-Sotho onder die groep -nep- of nep_v, dit wil sê:

1. nep = negative particle
-nep-, infix negative particle i.e. standing
between the concord and the radical
nep_v, pre-positional negative particle i.e.
standing before the concord (1958;287)

1.2 TEGNIESE AANBIEDING

1.2.1 Ortografie

Die ortografie vir Noord-Sotho voorbeelde, wat in die proefskrif gebruik word, is in ooreenstemming met die Departement van Onderwys en Opleiding se Noord-Sotho Terminologie en Spelreëls Nr. 3. Voorbeelde uit publikasies is in ooreenstemming gebring met die bogenoemde spelreëls met die uitsondering van aanhalings waarin die ortografie onveranderd gelaat is.

1.2.2 Afkortings en simbole

Die volgende afkortings en simbole word in die proefskrif gebruik:

nw	-	naamwoord
ww	-	werkwoord

- os - onderwerpskakeel
- > - het verander na
- < - kom van/afkomstig van/afgelei van
- / - òf
- /+H/ - hoogtoon
- /-H/ - laagtoon
- * - die asterisk dui 'n rekonstruksie van 'n struktuur aan, wat nie tans in Noord-Sotho voorkom nie
- 'en` - toontekens, akuutaksent dui hoogtoon aan en gravisaksent dui laagtoon aan.

Hulpwerkwoordgroepe word soos volg onderstreep:

- - hulpwerkwoord
- - komplementêre of hoofwerkwoord
- + - eie voorbeelde
- ++ - voorbeelde uit grammatikas en ongepubliseerde werke.

Alle segmente van 'n struktuur onder bespreking wat uitgelig moet word, word in hoofletters aangedui, byvoorbeeld:

+GA di sepele 'Hulle loop nie'

waarin die ontkeningsformatief GA- en die negatiewe werkwoord-uitgang -E uitgelig word.

Woorde en sinsdele wat onder bespreking is, word onderstreep, byvoorbeeld:

A leka kudu gore a se lemogiwe 'Hy probeer toe hard dat hy nie herken moet word nie'

1.2.3 Vertalings

Vrye vertalings word gegee van voorbeelde, maar waar dit noodsaaklik blyk te wees, word letterlike vertalings tussen hakies voorsien.

1.3 TOON

Volgens Lombard (1976;96) word die ontkenning gekenmerk deur die realisering van 'n hoogtoon op die tweede sillabe van die werkwoordstam (die tweedesillabe-merking negatiefstamreël) in die oppervlakte. Hy wys daarop dat dit die negatief as aktualiteit is wat bepalend optree ten opsigte van die realisering van die reël omdat die werkwoord in die verskeie modi nie deur dieselfde ontkenningsformatief of negatiewe uitgang gekenmerk word nie.

Hy verklaar verder dat die oppervlaktetoon, afgesien van die negatiefstamreël, bepaal word deur die volgende verskynsels:

- a. Die wisseling in onderliggende toon (/+H/ of /-H/) van die onderwerpskakel of klasprefiks in die verskillende modi.
- b. Die volgorde van onderwerpskakel of klasprefiks en ontkenningsmorfeem. (1976;96)

Op grond hiervan verdeel Lombard die modi in drie groepe, naamlik:

- a. Met 'n ontkenningsmorfeem plus onderliggend /+H/ onderwerpskakel as volgorde, soos die indikatief.
- b. Met 'n volgorde van 'n onderliggende /+H/ onderwerpskakel plus ontkenningsmorfeem, soos die situatief, relatief en subjunktief.
- c. Met 'n onderliggende /-H/ of geen onderwerpskakel of klasprefiks, soos die konsektief, habitualis, imperatief en infinitief. (1976;96-97)

Ter illustrasie word 'n paar voorbeelde uit Lombard (1976) aangehaal. Die voorbeelde word gekies uit die laagtoon- sowel as die hoogtoonklas werkwoorde om sodoende aan te dui hoe die negatiefreël op werkwoordstamme realiseer:

(a) Indikatief

Van die prefigale formatiewe van die indikatiewe
werkwoord, sê hy:

As gevolg van die besondere volgorde (nm + os)¹⁾
en die morfeme se onderliggende toon /-H/(nm)
+ /+H/(os) beïnvloed hulle mekaar nie onderling
nie. (p. 97)

/+H/-klas

ga ké kólóbětše

'ek doop nie'

ga lé tlátše

'julle maak nie vol nie'

/-H/-klas

ga bá hlagóléle

'hulle skoffel nie uit nie'

ga ré makátše

'ons verbaas nie'

(b) Situatief, subjunktief en relatief

Waar die modus 'n onderliggende /+H/ onderwerp-
skakel het wat direk gevolg word deur die ontkenning-
formatief, assimileer die ontkenningformatief tot
/+H/ onder invloed van die onderwerpskakel indien
dit deur 'n werkwoordstam sonder voorwerpskakel in
die /-H/-klas gevolg word.

Voorbeelde op pp. 102 en 106:

/+H/-klas

(ge) á sa kólóbětše

'(terwyl) hy nie doop nie'

(gore) ké sa kólóbětše²⁾

'(dat) ek nie moet doop nie'

1) nm = negatiefmorfeem, ontkenningmorfeem

2) Die ontkenningmeganismes SA en SE kan fakultatief gebruik
word in die subjunktief

(yó) á sa sépédíšegó	'hy wat nie help loop nie'
/-H/- klas	
(ge) dí sá hlagóléle	'(terwyl) hulle nie uit- skoffel nie'
(gore) á sé hlagóléle ²⁾	'(dat) hy nie moet uit- skoffel nie'
(bá) bá sá hlagólélegó	'hulle wat nie uitskoffel nie'

(c) Imperatief, konsekatief, habitualis en infinitief.

Geen toonbeïnvloeding vind plaas wanneer die ontkenning-
formatief die woord inlei óf deur 'n onderliggende /-H/
morfeem voorafgegaan word nie. Voorbeelde op p. 110:

/+H/-klas

ka se kólóbétše	'dan doop ek nie'
----- ke se kólóbétše	'----- doop ek gewoonlik nie'
go se sépédíše	'om nie te verdaag nie'
se kólóbétše!	'moenie nat maak nie!'

/-H/-klas

la se bapále	'toe speel julle nie'
----- re se bapále	'----- speel ons gewoon- lik nie'
go se bapále	'om nie te speel nie'
se bapále!	'moenie speel nie!'

Daar word akkoord gegaan met die opvattinge van Lombard oor toon-
soos in die voorafgaande uiteengesit. Aangesien toon geen struk-
turele invloed het op die Noord-Sotho werkwoord nie, word dit nie
verder in die proefskrif aangedui nie. Toon is egter dikwels ge-
bruik om twyfel uit die weg te ruim deur 'n konstruksie tonologies
te ontleed.

2) Sien voetnota 2 op p. 9

1.4 VERDUBBELING

Die werkwoordstam in Noord-Sotho word soms gedeeltelik of in die geheel verdubbel. Wat die betekenis van die werkwoordstam betref, stel Groenewald dit soos volg:

Wanneer verdubbelde stamme vergelyk word met nie-verdubbelde stamme t.o.v. betekenis, dan blyk dit dat waar lg. 'n proses sondermeer aandui e.g. aandui dat die proses onderbroke en met tussenposes geskied. Die implikasie is dat die proses 'op klein maat' plaasvind.
(1960;68)

Voorbeelde in die positief wat deur Groenewald gegee word is:

raga-raga	'bietjie-bietjie d.w.s met onderbreking skop'
alafa-alafa	'met tussenposes genees'

(1960;68)

In die negatief word slegs die laaste werkwoorduitgang verander na -E, byvoorbeeld:

+ Nonyana GA e fofa-fofE	'Die voëltjie vlieg nie met tussenposes nie, d.w.s. dit dartel nie'
+ Ge re bona pula e etla re be re sa nyaka-nyakE dikgomo, re di nyakile ga šoro	'Toe ons die reën sien aankom het ons nie gesoek-soek na die beeste nie, ons het hulle kwaai gesoek'
+ Mme o boditše bana gore ba se sepela-sepelE ge ba eya lebenkeleng	'Moeder het vir die kinders gesê hulle moet nie met tussenposes loop nie, m.a.w. nie rondrentel as hulle winkel toe gaan nie'

Vir Groenewald (1960;66-67) lê die verklaring vir die feit dat slegs die laaste werkwoordstam se uitgang verander na -E daarin dat die eerste werkwoordstam se uitgang sy morfematiese outonomie ingeboet het en 'n blote stabiliseerder geword het wat die reëls i.v.m. die struktuur

van die lettergrepe en dus die foneemorde in woorde moet bevredig.

Daar word aangesluit by Groenewald se bevindinge rakende verdubbeling in Noord-Sotho. Die basiese struktuur van die ontkenning realiseer in die verdubbelde konstruksie en gevolglik word dit nie verder in berekening gebring nie.


1.5 RANGVERSKUIWING

As gevolg van die feit dat eenhede in 'n bepaalde hiërargie of rangorde in 'n taal voorkom, is dit ook 'n algemene kenmerk dat eenhede in 'n taal in rangorde kan verskuif, en Halliday stel dit soos volg:

The units of grammar form a hierarchy The relation among the units, then, is that, going from top (largest) to bottom (smallest), each "consists of" one, or more than one, of the unit next below (next smaller). (1961;251)

Hy beweer verder dat daar alleenlik afwaartse rangverskuiwing kan plaasvind, d.w.s. van 'n hoër na 'n laer rang maar nie andersom nie.

Die rangorde wat hy vir Engels bepaal, word soos volg voorgestel:



Ten opsigte van verandering in woordoutonomie verklaar van Wyk:

In die derde plek kan die outonómieveranderinge van so 'n aard wees dat woorde verander tot nie-woorde. Hiervolgens kan 'n woord devalueer tot 'n komponent of morfeem van 'n woord, of dit kan so toeneem aan outonomie dat 'n woord 'n woordgroep word. (1958;323)

Van Wyk dui egter nie 'n rangorde aan soos Halliday nie, hoewel hy inderwaarheid rangverskuiwing in gedagte het as hy beweer:

Dit is 'n tipiese geval van onvoltooide woordwording van 'n woordgroep, of anders gestel, van 'n konstruksie met eienskappe van sowel 'n woord as 'n woordgroep.
(p. 332)

Deur nie voorsiening te maak vir 'n eenheid tussen woord en morfeem nie, laat Halliday 'n belangrike leemte in sy hiërargie.

In die ondersoek kristalliseer daar 'n eenheid uit wat tussen die woord en die morfeem inpas en beskik oor beide woord- en morfeem-kenmerke. Dit kan dus nie as (werk-)woord of as morfeem geklassifiseer word nie. Dit raak veral eenhede wat as hulpwerkwoorde laer in rang verskuif het, maar nie sondermeer as morfeem geïdentifiseer kan word nie. Hierdie eenhede word in die proefskrif as 'ouksiliêre' beskou. (Vgl. Terminologie, 1.6.2)

Wanneer die volgende voorbeelde in oënskou geneem word, dan blyk die algemene neiging in Noord-Sotho 'n afwaartse verskuiwing in rangorde te wees, nl.:

+ Ke nyaka go bona

'Ek wil sien/ek sien byna'

+ Ke nyako bona

Van Wyk (1958;330) dui daarop dat die saamgetrokke vorme wisselvorme van die nie-saamgetrokke vorme is, en dat die outonomie van die "samestellende woord" duidelik is.

Dit is egter duidelik dat die saamgetrokke vorme besig is om 'n 'eie betekenis' te ontwikkel¹⁾, bv.:

1) Die ontwikkeling van 'n 'eie betekenis' deur saamgetrokke vorme word in paragraaf 1.6.1 verder toegelig.

+ Ke nyakilo bona

'Ek het amper gesien'

Na aanleiding hiervan word rangverskuiwing beskou as 'n proses waardeur sinne, woordgroepe of woorde verskuif in status, en die rangordening kan soos volg uiteengesit word vir die doeleindes van hierdie studie (wat uiteraard beperk is tot die werkwoord as woordkategorie):

- (a) Die sin verloor sy sinstatus en word 'n woordgroep.
- (b) Die woordgroep verskuif in rang tot die status van woord.
- (c) Die (werk-)woord verskuif in rang tot die status van ouksiliër, en
- (d) Die ouksiliër verskuif in rang tot die status van morfeem.

1.6 TERMINOLOGIE

Die gebruiklike linguistiese terminologie word in die studie gebruik, tog word sekere terme en begrippe toegelig ten einde moontlike verwarring te vermy.

1.6.1 Algemeen

Vir die doel van hierdie studie word die terme morfeem gereserveer vir verwysings na die laagste orde in die hiërargie in terme van rangverskuiwing en die kenmerke wat daaraan toegeskryf kan word, terwyl formatief in navolging van Louw (1968;22) gebruik word om die minimale vorme in 'n morfologiese sintagmatiese string aan te dui. Hiervolgens is -SE- in byvoorbeeld

go SE sepele

'om nie te reis nie'

as eenheid op die laagste orde in die hiërargie van rangverskuiwing 'n "morfeem", maar ook as minimale vorm (morfologies gesien) 'n "formatief".

Vandaar die gebruik van die term ontkenningsformatief, wat baie algemeen in hierdie proefskrif voorkom.

Die ontkenningsmeganismes GA-, SE, SA en die werkwoorduitgang -E is die formatiewe wat gebruik word om die ontkenningstrategie in Noord-Sotho te bewerk.

Westphal onderskei soortgelyke ontkenningsmeganismes en beskryf dit soos volg:

In many of the languages quoted there are special negative forms for ordinate (participial and relative) sentences and for dependent (subjunctive and narrative sentences). In Venda, for example, the negative affixes are:

Av¹⁾ in independent or main sentences

-sa- in ordinate sentences

-si-/-sa- in dependent sentences (-si- generally with an absolute implication, and -sa- with a consequential implication). (1958;299)

Die term klitiese woord word toegelig in die inleiding tot hoofstuk 2. Van Wyk (1953; 343, 359) beskou die klitiese woord as 'n partikel, wat ook as sodanig in hierdie studie hanteer word.

Die kondisionalis word as 'n afsonderlike modus behandel wat 'voorwaarde' uitdruk. Die onderwerpskamel van die kondisionalis is saamgestel uit die kongruerende onderwerpskamel van die klas of persoon, plus 'n kondisionale formatief -A-. Dit lei daartoe dat die onderwerpskamel van die kondisionalis in voorkoms ooreenstem met die onderwerpskamel van die konsekatief²⁾, nl.:

-
- 1) Onderstreping vervang kursiefdruk in die oorspronklike teks.
 - 2) In hoofstuk 3, paragraaf 3.4.6 word verskille tussen die kondisionalis en konsekatief bespreek.

re- + -A- > rA-
 di- + -A- > tšA-, ens.

Naas rangverskuiwing vind daar ook betekenisverskuiwing van woorde plaas wat onder die term polisemie¹⁾ hanteer word.

Polisemie word baie duidelik weerspieël in die volgende, alhoewel dit nie betrekking het op die ontkenning nie:

-nyaka	'soek'
As selfstandige werkwoord:	
+ Dinku di nyaka meetse	'Die skape <u>soek</u> water'
As hulpwerkwoord:	
+ Dinku ga di nyako dula lešakeng	'Die skape <u>wil</u> nie in die kraal bly nie'
-dula	'sit'
As selfstandige werkwoord:	
+ Banna ba dula moriting	'Die mans <u>sit</u> in die koelte'
As hulpwerkwoord:	
+ Ba swerwe ke maphodisa ka ge ba dula ba sa rwale dipa- sa tša bona	'Hulle is deur die polisie gevang omdat hulle <u>gedurig/voortdurend</u> nie hulle bewysboeke by hulle dra nie'

As werkwoordstamme het -NYAKA en -DULA 'n selfstandige betekenis, maar as hulpwerkwoordstamme in 'n hulpwerkwoordgroep het hulle polisemie ondergaan en druk respektiewelik 'n begeerte en 'n voortdurende handeling uit, vertaal met 'wil' en 'gedurig', d.w.s. 'n verbandhoudende betekenis.

Die ouksiliër -TLO- het weer 'n stap verder ontwikkel deur 'n gestabiliseerde betekenis aan te neem wat nie meer verband hou met die oorspronklike werkwoordstam nie, bv.:

(i) Die oorspronklike werkwoordstam -TLA in:
 + Manaba a tla ka bontš'i 'Die vyand kom in hordes'

1) Polisemie word hier gebruik om na 'betekenisverskuiwing' te verwys en nie na 'veelduidigheid van betekenis' nie.

- (ii) Die ouksiliêr -TLO- in:
+ Manaba a tlo re fenya 'Die vyand sal ons oorwin'

Die term gestabiliseerde betekenis dui op 'n betekenis wat gestabiliseer het in 'n woord nadat polisemie plaasgevind het. Dit gebeur dikwels dat 'n betekenis nog nie gestabiliseer het nie, en dat die woord se betekenis verskil in die verskillende rangordes waarin dit voorkom, bv.:

-NYAKA

- (i) As werkwoord:
+ Ke nyakile dikgomo 'Ek het die beste gesoek'
- (ii) As hulpwerkwoord:
+ Ke nyakile go thoma 'Ek wou begin'
- (iii) As ouksiliêr:
+Ke nyakilo thoma 'Ek het amper begin'

Die betekenis van byvoorbeeld die ouksiliêre -TLO-, -NO-, -FO- en -DIO- het gestabiliseer en dit hou geen verband meer met die oorspronklike werkwoordstamme waaruit dit ontstaan het nie.

Daar word onderskei tussen kopulatiewe waarin die verhouding tussen onderwerp en komplement staties bly, en dié waar die verhouding tussen onderwerp en komplement voortdurend toeneem. Vir die uitdrukking van die verhoudings word die terme van Van Wyk (1955), nl. statief en inchoatief gebruik.

Die begrip 'betekenis' is egter baie relatief waar 'n ander taal bespreek word, omdat dit in baie gevalle 'n vertaling is, en nie soseer betekenis is wat aangedui word nie. Daar word dus sover moontlik gepoog om 'n betekenisbeskrywing sowel as 'n vertaling te gee.

1.6.2 Ouksiliër

Soos aangedui in die beskrywing van Westphal val die ontkenning in Noord-Sotho in die kategorie -nep- of nep_v, en gevolglik is die ontkenning ook beperk tot die werkwoordelike woordgroep, die werkwoord, die ouksiliër en die formatief.

(i) Die werkwoordelike woordgroep, en in besonder die hulpwerkwoordgroep vertoon die volgende stuktuur¹⁾:

hulpwerkwoord	+ komplement
= onderwerpskakel + stam	= onderwerpskakel/infinitiewe klasprefiks + stam
	(hulpwerkwoord óf hoofwerkwoord)

Die stuktuur word grafies soos volg voorgestel:

<u>Ba se ke</u>	<u>ba hlwe</u>	<u>ba tseba</u>	'Toe weet hulle hoegenaamd nooit meer nie'
-----------------	----------------	-----------------	--

dws. Ba se ke hulpwerkwoord

ba hlwe komplement tot Ba se ke, maar ook hulpwerkwoord tot ba tseba, en

ba tseba komplement tot ba hlwe, en ook hoofwerkwoord.

Die konstruksie word as saamgestelde werkwoordkonstruksie geformuleer omdat dit saamgestel is uit minstens 'n hulpwerkwoord plus 'n komplement. Die konstruksie kan teoreties saamgestel word uit enige aantal werkwoordelike komponente.

(ii) Die ontkenning het alleen betrekking op die verbale segment van die sin en daarom word die eenheid 'woord' hier beskou as die werkwoord of hulpwerkwoord wat kan bestaan uit:

1) Strukture word globaal gestel aangesien te veel besonderhede die geheelbeeld vertroebel.

Onderwerpskakeel/infinitiewe klasprefiks + kern + modale
uitgang, bv.:

Di - sepel - a (kgole)

'Hulle loop (ver)'

(iii) Waar die woord in rang verskuif het tot ouksiliêr, bevat die ouksiliêr kenmerke van sowel (hulpwerk-)woord as morfeem, aangesien dit in rangorde tussen hulpwerkwoord en morfeem staan. Wanneer die hulpwerkwoordelike en morfeemkenmerke van ouksiliêre ontleed word, is dit duidelik dat die ouksiliêre op verskillende stadia van rangverskuiwing staan, omdat sekere meer woordkenmerke het, terwyl ander weer meer morfeemkenmerke het. 'n Ouksiliêr is dus in sekere opsigte 'n formatief en in ander weer 'n woord.

1.6.2.1 Nie-ontkennende ouksiliêre

Deur die verskillende vorme van die werkwoorde te toets aan bepaalde woord- en morfeemkenmerke soos hieronder uiteengesit, kan hulle ingedeel word as werkwoorde of as hulpwerkwoorde, ouksiliêre en formatiewe.

Die volgende nie-ontkennende ouksiliêre se kenmerke is ontleed om as basis te dien waaraan die negatiewe ouksiliêre gemeet kan word:

(i) -YO-, -RATO-, -NYAKO-

Hierdie ouksiliêre kan geklassifiseer word as ad-hoc sametrekking. Dit is saamgestel uit die hulpwerkwoordstam plus die infinitiefprefiks GO-. Die oorspronklike werkwoordstam is nog onderskeibaar, kan selfstandig optree en daar bestaan ook 'n sterk semantiese verband met die oorspronklike stam.

(a) -YO-

Die sametrekking het ontstaan tussen die hulpwerkwoordstam -YA 'gaan' plus die infinitiewe klasprefiks GO-, nl.:

* -ya + go-

> -yo-

elisie van G en versmelting van A en O

'gaan om te'

Voorbeeld:

+ Dikgomo di YO fula thabeng - 'Die beeste gaan by die berg wei'

(b) -RATO-

Dit is 'n sametrekking tussen die hulpwerkwoordstam -RATA 'liefhê' plus die infinitiewe klasprefiks GO-, nl.:

* -rata + go-

> -rato-

elisie van G en versmelting van A en O

'hou daarvan/wil'

Voorbeeld:

+ Ke rato mmona ka moswane 'Ek wil hom môre sien'

(c) -NYAKO

Die hulpwerkwoordstam -NYAKA 'soek' het saamgetrek met die infinitiewe klasprefiks GO-, nl.:

* -nyaka + go-

> -nyako

elisie van G en versmelting van A en O

'wil'

Voorbeeld:

+ Ke nyako bulela dinku 'Ek wil die skape uitjaag'

(ii) -TLO- en -T[~]SO-

In hierdie geval is die oksiliêre semi-permanente sametrekking. Hulle is semanties deskriptief, maar die oorspronklike stamme is nog onderskeibaar.

(a) -TLO- — futurum

Die vorm het ontstaan uit die sametrekking van die hulpwerkwoordstam -TLA 'kom' plus die infinitiewe klasprefiks GO-, nl.:

* -tla + go-

> -tlo-

elisie van G en versmelting van

A en O

'sal'

Die volgende is voorbeelde van die gebruik van die oorspronklike werkwoordstam en die oksiliêr:

+ Dikgomo di tla nokeng
sekgalala

- 'Die beeste kom twaalfuur
water toe'

+ Bana ba tlo re bitšā ge
ba tllile

- 'Die kinders sal ons roep
wanneer hulle gekom het'

(b) -T[~]SO- — 'perfektum'¹⁾

Die oksiliêr -T[~]SO- is 'n sametrekking wat soos volg gerekonstrueer kan word:

Werkwoordstam -T[~]SWA 'kom van/uitkom' + infinitiewe klasprefiks GO-

* - tšwa + go-

* > - tšwa +o-

elisie van G

* > - tšwo-

versmelting van A en O

> - tšo-

elisie van W

1) Streng Latinisties druk -T[~]SO- die perfektum uit, terwyl die gewone perfektumvorme met -ILE of een van die variante nader aan die aoristus of onbepaalde verlede tyd is.

Semanties druk dit 'n handeling in die verlede tyd uit, wat pas voltooi is, en vertaal kan word met 'so pas'. Die vorm kom nie in die literatuur as perfektumvorm voor nie, maar impliseer 'n handeling wat pas afgehandel is, en kan nie in Afrikaans anders as met die voltooide tyd vertaal word nie, bv.:

- | | |
|----------------------------------|---|
| + Ga le tšō kitima? | 'Het julle nie so pas gehardloop nie?' |
| + Dikgomo ga di tšō fula thabeng | 'Die beeste het nie so pas in die berg gewei nie' |

Die feit dat die ouksiliëre genoem in (i) en (ii) ook nog as selfstandige werkwoordstamme voorkom, toon dat 'n vorm op verskillende trappe in die hiërargie van rangorde kan voorkom.

(iii) -FO-, -NO- en -DIO- ——— kasualis¹⁾

Die oorspronklike werkwoordstamme van hierdie ouksiliëre is vaag of gladnie herkenbaar nie, en hulle kan beskou word as permanente sametrekings. Semanties het die ouksiliëre ook geen verband met die oorspronklike werkwoordstam waarvan dit waarskynlik afgelei is nie, byvoorbeeld as veronderstel sou word dat -DIO- afgelei is van die werkwoordstam -DIRA 'doen' (Setlokwa: -dia)²⁾.

Ouksiliëre het nog tot 'n groot mate hulpwerkwoordelike eienskappe, d.w.s woordkenmerke, nl.:

-
- 1) Die ouksiliëre -FO-, -NO- en -DIO- druk 'n 'terloopsheid' of 'kasualiteit' uit, en word daarom as ouksiliëre saamgevat onder die term 'kasualis'.
 - 2) Die moontlikheid dat -DIO- verband hou met die werkwoordstam -DIA in Setlokwa word verder versterk deur die feit dat -DIO- tot 'n groot mate beperk is tot die noordelike dialekte van Noord-Sotho.

- (a) Met die uitsondering van -YO- neem hulle die relatief-suffiks -GO, bv.:

+ Lesogana le le ratogo tsoma	'Die jongman wat daarvan hou om te jag'
+ Puka ye e tlogo balwa	'Die boek wat gelees sal word'
+ Bana ba ba fogo šala morago	'Die kinders wat sommer net agterbly'

- (b) Hulle neem die onderwerpskakel en die konstruksie is komplementêr-defektief omdat die ouksiliêre komplement sy infinitiewe klasprefiks of onderwerpskakel verloor het. In hierdie konstruksie is die ouksiliêre komplement die hulpwerkwoordstam of werkwoordstam wat op die ouksiliêr volg.

Voorbeelde:

+ Ge batho ba nyako bina dinaka	'Wanneer die mense wil dans'
+ Ke tšo le bitša	'Ek het julle so pas geroep'
+ Bana ba no opela dikoša	'Die kinders sing sommer net liedere'

- (c) Dié ouksiliêre tree semanties deskriptief op omdat dit beskrywend is van die ouksiliêre komplement, bv.:

+ Bana ba rata go bolela	'Kinders <u>is lief</u> om te praat'
--------------------------	--------------------------------------

teenoor:

+ Bana ba rato bolela le lena	'Die kinders <u>wil graag</u> met jou praat'
-------------------------------	--

- + Digomo di tla go fula 'Die beeste kom om te wei',
teenoor:
- + Dikgomo di tlo fula 'Die beeste sal wei'
- + Bašemane ba tšwa go phafoga 'Die seuns kom uit om te
teenoor: ontwaak',
- + Bašemane ba tšo phafoga 'Die seuns het so pas
ontwaak'

(d) Die ouksiliêre -TLO- en -FO- verskyn ook nog in die lang vorm van die voltooide tyd, bv.:

- + Ba tlilo bona kgoši 'Hulle het die kaptein kom sien'
- + Ba filo bolela 'Hulle het maar sommer net gepraat'

Die ouksiliêre bevat ook sekere morfeemkenmerke, nl. dat:

Die negatiewe uitgang -E nie in dié ouksiliêre realiseer nie, omdat die ouksiliêre se uitgange verstar het. Die verstarde uitgang -O absorbeer die negatiewe uitgang -E.

In konstruksies met die nie-negatiewe ouksiliêre genoem in (i), (ii) en (iii) word óf die ouksiliêr, óf die ouksiliêre komplement ontken, bv.:

- + Ge di sa nyako fula 'Wanneer hulle nie wil wei nie'
- + Ge di nyako se fule
- + Gore re se tlo šala 'Sodat ons nie sal agterbly nie'
- + Gore re tlo se šale
- + Mpotše ke se dio bolela fela 'Sê my sodat ek nie sommer net onnodig praat nie'
- + Mpotše ke dio se bolele fela

(iv) -KA- ——— potensialis

In hoofstuk 3, paragraaf 3.4.8.1 word enkele opmerkings gemaak oor die oorsprong van die oksiliêr -KA-.

Die kenmerke van dié oksiliêr is die volgende:

Morfeemkenmerke:

(a) Die potensialis oksiliêr word nooit self ontken nie, maar die oksiliêre komplement word ontken. Die negatiewe uitgang -E realiseer dus op die oksiliêre komplement, bv.:

+ Bana ba ka se sepele 'Die kinders kan/mag nie loop
nie'

(b) Die uitgang -A in -KA- is 'n versterkte uitgang.

Woordkenmerke:

(a) Die relatiefsuffiks -GO kan opsioneel aan ðf die oksiliêr ðf oksiliêre komplement gevoeg word, bv.:

+ Monna yo a kago boa 'Die man wat kan/mag terugkeer'
+ Monna yo a ka boago

(b) Uit die voorbeelde hierbo kan gesien word dat die konstruksie komplementêr-defektief is, aangesien die oksiliêr die onderwerpska-
kel behou.

(c) Die oksiliêr is semanties deskriptief en druk 'n 'moontlikheid' uit wat vertaal kan word met 'kan/mag'.

(v) -SA- ——— persistief

Die oorspronklike werkwoordstam, waaruit die oksiliêr -SA- ontstaan het, kan nie meer bepaal word nie (Vgl. Van Wyk, 1957; 168).

-SA- het in sekere opsigte verder in rangorde verskuif tot morfeem as die reeds genoemde oksiliêre.

Morfeemkenmerke:

(a) Dit het 'n verstarde uitgang wat in die ontkenning behoue bly, bv.:

+ Dikgomo ga di sa fula 'Die beste wei nie meer nie'

(b) Die uitgang absorbeer die negatiewe uitgang, wat gevolglik nie in die oksiliêr of oksiliêre komplement realiseer nie, bv.:

+ Ga re sa nyaka meetse 'Ons wil nie meer water hê nie'

(c) Die relatiefsuffiks -GO word aan die oksiliêre komplement gevoeg, en nie aan die oksiliêr nie, bv.:

+ Batho ba ba se sa 'Die mense wat nie meer reën wil
nyakago pula hê nie'

(d) Semanties druk dit 'n 'voortdurende handeling' uit en is deskriptief tot die oksiliêre komplement. Dit kan vertaal word met 'nog' in die positief en met 'nie meer nie' in die ontkenning, soos in die bostaande voorbeeld.

-SA- beskik oor die volgende woordkenmerke:

(a) Die oksiliêr behou die onderwerpskakel in die konstruksie,

wat die konstruksie komplementêr-defektief maak, bv.:

+ Tonki ga e sa raga 'Die donkie skop nie meer nie'

(b) Die oksiliêr word in die konstruksie ontken en nie die oksiliêre komplement nie, soos blyk uit die bostaande voorbeeld.

(vi) -(Y)A- ——— voltooidheid

Die ontkenning van die indikatief voltooide tyd het drie vorme waarvan een gevorm word met die oksiliêr -(Y)A¹⁾, nl.:

+ Ga re a sepela 'Ons het nie geloop nie'
of +Ga ra sepela

Die oksiliêr lê op die grens van morfeem, aangesien die vorm haas geen woordkenmerke het nie, behalwe dat dit die onderwerp-skakel behou en die konstruksie dus komplementêr-defektief is, en die oksiliêr in die konstruksie ontken word.

Die morfeemkenmerke bestaan uit die volgende:

(a) Die uitgang het verstar en gevolglik realiseer die negatiewe uitgang -E, wat deur die oksiliêr geabsorbeer is, nie in die oksiliêr nie.

(b) Soos uiteengesit word in 2.4.3, druk die oksiliêr semanties

1) Moontlik was die oorspronklike stam -ya, waarvan die vokaliëse konsonant y weggeval het (Lombard 1976:132).

voltooidheid uit. Dit word gevolglik vertaal met 'het' of 'is'.

- | | |
|--------------------------|---------------------------------------|
| + Dinku ga di a šwahla | 'Die skape het nie uitgebreek
nie' |
| of + Dinku ga tša šwahla | 'Die skape is nie uit nie' |

(vii) -SE-

By die rekonstruksie van die ontkenning van die indikatief voltooide tyd en indentifiserende kopula onvoltooide tyd, het -SE- blykbaar in rang verskuif tot ouksiliêr enersyds en formatief andersyds,

(i) Indikatief voltooide tyd:

Waarin -SE- van hulpwerkwoord tot ouksiliêr in rang verskuif, bv.:

- | | |
|----------------------|----------------------------|
| + Ga se tša tšhaba | |
| * Ga di se di tšhabe | |
| > Ga se di tšhabe | 'Hulle het nie gevlug nie' |

(ii) Indikatiewe identifiserende kopula onvoltooide tyd:

Waarin -SE- uit 'n werkwoord tot 'n formatief in die klitiese woord in rang verskuif, bv.:

- | | |
|------------------|---|
| * Ga e se dintlo | |
| > Ga se dintlo | 'Dit is nie huise nie'
(vgl. par. 2.4.2) |

Hieruit het die vermoede ontstaan dat -SE- in dié konstruksies nie 'n ontkenningsmeganisme is nie, maar 'n ouksiliêr in die indikatief voltooide tyd en formatief van 'n klitiese woord in die identifiserende kopula wat semanties voltooidheid of 'n statiewe betekenis uitdruk.

Omdat die onderwerpskakele van die oksiliêr weggeval het, is die strukture oksilieër-defektief.

Ter motivering word die hipotese in 2.4.2 in teenstelling gebring met die opvatting dat SE die ontkenningse meganisme is.

1.6.2.2 Ontkenningse oksiliêre

Die voorafgaande ontleding van oksiliêre in Noord-Sotho dien as raamwerk waarvolgens die status van die ontkenningse meganismes GA, SA en SE beter beskryf kan word.

Die afleiding kan gemaak word:

(i) Dat GA slegs formatief is wat ontkenning uitdruk, vanweë die volgende kenmerke:

(a) Dit het geen werkwoordelike eienskappe nie.

(b) Dit is 'n perifere prefigale formatief wat gevolg word deur ðf -SE as formatief, ðf -SE- as oksiliêr (vgl. ver-deraan), ðf 'n onderwerpskakele soos in:

+ GA ke lebale 'Ek vergeet nie'

(ii) Dat SA nog voorkom as hulpwerkwoord, oksiliêr en formatief wat ontkenning uitdruk, nl.:

(a) As hulpwerkwoord.

Die vorm is volledig hulpwerkwoord wat bestaan uit 'n onderwerpskakele plus SA, en word gevolg deur 'n volledige werkwoord, bv.:

Gomme re sa ra hlwe
re tsoga

'Maar voordat ons wakker
geword het/opgestaan het'

(b) As ouksiliêr.

Die struktuur is komplementêr-defektief deurdat die
ouksiliêre komplement se onderwerpskakel weggeval het,
en SA absorbeer die negatiefstrategie as rangverskuif-
de hulpwerkwoordstam, bv.:

Mošate o be o sa agwa kua
dithabeng

'Die hoofstat was nie
op die berge gebou nie'

Dit neem egter ook nie die negatiewe uitgang -E nie, omdat die ont-
kenningsouksiliêr -SA- 'n versterde -A as uitgang het.

(c) As formatief.

In sodanige konstruksies realiseer die negatiewe uitgang
-E op die werkwoordstam in 'n enkelwerkwoordkonstruksie,
bv.:

Ge ba sa hlokomele

'As hulle nie versigtig
is nie'

(iii) Dat SE die wydste rangordeverspreiding het, aangesien dit nog
voorkom as werkwoord, hulpwerkwoord, ouksiliêr en formatief, ener-
syds as formatief van 'n klitiese woord en andersyds as formatief wat
ontkenning as sodanig uitdruk, nl.:

(a) As 'n werkwoord.

Die konstruksie is volledig werkwoord in byvoorbeeld die
situatiewe kopula wat bestaan uit onderwerpskakel plus

stam, en as sodanig ook in saamgestelde werkwoord-
konstruksies optree, bv.:

Ge o se ngwana

'As jy nie 'n kind is nie'

Daar kan nie bepaal word of dit die ontkenningssuitgang is
wat in -SE as werkwoordstam realiseer nie omdat -SE slegs
met die uitgang -E voorkom.

(b) As hulpwerkwoordstam.

-SE tree op as volledige hulpwerkwoordstam (nl. onder-
werpskakel plus stam), en word gevolg deur 'n volledige
werkwoord of hulpwerkwoord wat bestaan uit onderwerp-
skakel plus stam, bv.:

Ge a_se a nyalwa

'As sy nie getroud is nie'

As hulpwerkwoord absorbeer dit die ontkenningssuitgang
-E, d.w.s. daar is geen aanduiding dat die negatiewe
uitgang -E in -SE realiseer nie, en die komplementêre
werkwoord behou sy positiewe vorm. Dit bewys dat die
ontkenningstrategie nie die komplementêre werkwoord
bewerk nie.

(c) As ouksiliêr.

As ouksiliêr is die konstruksie ouksiliêr-defektief
en die ouksiliêr absorbeer die negatiefstrategie. Die
negatiewe uitgang -E realiseer gevolglik nie op die
ouksiliêre komplement nie, bv.:

Ga se a bolaya tau

'Hy het nie 'n leeu dood-
gemaak nie'

(d) As formatief.

(i) Formatief van 'n klitiese woord.

In die ontkenning van die identifiserende kopula in die indikatief tree die twee ontkenningsmeganismes GA en SE saam op, bv.:

Ga se selo 'Dit is niks nie'

Lombard verklaar die waarskynlike ontstaan van die element as volg:

Dié klitikum het waarskynlik ontwikkel uit die indikatiewe werkwoord

* ga é sé

waarin die ontkenningsmorfeem ga gevolg is deur die onverbonde (klaslose) onveranderlike onderwerpskakel é en die negatiewe (kopulatiewe) werkwoordstam sé.

Deur die skrapping van die onderwerpskakel, het die kopulatiewe woord gedegradeer tot 'n proklitikum:

ga sé os ø

(1976;286)

(ii) Negatiewe formatief.

Die negatiefstrategie realiseer op die werkwoordstam, bv.:

Gore ba se dire
bjalo

'Sodat hulle nie so
moet maak nie'

1.7 NAVORSINGSTEGNIEK

Die materiaal wat in die proefskrif gebruik word, is grotendeels

voorbeelde wat in letterkundige publikasies en gepubliseerde en ongepubliseerde werke oor aspekte van die grammatika van Noord-Sotho teëgekomp is. Alle ontkenninge is aangeteken, asook beskrywings omtrent die ontkenning in Noord-Sotho. Etlike duisende ontkenninge is op dié wyse aangeteken en gerangskik volgens die ontkenningmeganismes.

Die stof is gerangskik volgens die drie ontkenningmeganismes en dit is ook gekontroleer met proefpersone in gevalle waar daar twyfel bestaan het. Daar is hoofsaaklik van een proefpersoon gebruik gemaak, nl. Robert Makitla. Hy het naby Dennilton in die Groblersdal distrik groot geword as lid van die Ntwanestam. Sy Hoërskoolopleiding het hy by die Kollege vir Kapteinseuns te Marble Hall ontvang en hy werk by die Kringinspekteur van Onderwys en Opleiding, eers te Lydenburg en later in Middelburg, Tvl.

Ander persone wat ook geraadpleeg is:

Shadrack Mphokane, onderwyser te Middelburg voorheen van Lydenburg.

Freddy Masetle, klerk in UNISA-biblioteek, voorheen van Schilpadfontein in die Groblersdal distrik.

Joseph Mmutle, ook verbonde aan die UNISA-biblioteek, en het in Lady Selbourne, Pretoria groot geword.

Soms is 'n ontkenningvorm getoets met 'n groep arbeiders, waar hulle besig was met bouwerk by UNISA, om die vertolking te kontroleer.

1.8 INHOUDELIKE AANBIEDING

Die aanbieding van die stof geskied in drie hoofstukke waarin elke ontkenningsemechanisme afsonderlik behandel word.

In hoofstuk 2 word die ontkenningseformatief GA- in oënskoue geneem. Omdat dit beperk is tot die indikatief, word dit as sodanig behandel.

Die ontkenningsemechanisme SE tree in verskillende modi op en dit word in hoofstuk 3 behandel.

Dié meganisme se woordstatus het as gevolg van rangverskuiwing verander. Dit kom op verskillende trappe in die hiërargie voor, en dit word in behandeling geneem as:

- (i) Werkwoordstam;
- (ii) Hulpwerkwoordstam;
- (iii) Ouksiliër;
- (iv) Negatiewe formatief; en
- (v) Formatief van 'n klitiese woord.

SA as ontkenningsemechanisme tree soortgelyk aan SE op, en word op dieselfde wyse in hoofstuk 4 in behandeling geneem volgens die verskillende rangordes wat dit bekleed, nl.:

- (i) Hulpwerkwoord;
- (ii) Ouksiliër; en
- (iii) Negatiewe formatief.

Die indeling geskied ook ten opsigte van elke modus waarin dit voorkom.

Na elke hoofstuk is daar 'n kort samevatting waarin die vernaamste kenmerke van die ontkenningstipe uitgelig word.

Al die bevindinge t.o.v. die ontkenningselemente word in hoofstuk 5 saamgevat.

Hierop volg 'n bylae waarin kernvoorbeelde, van al die ontkennings wat bespreek is, aangegee word.

ONTKENNINGS MET GA-

Wat die voorkoms van GA- in Noord-Sotho betref, moet daar onderskei word tussen:

- (a) GA as die ontkenningsformatief soos in indikatiewe werkwoorde, bv.:
 - + GA ke bone 'Ek sien nie'

- (b) GA as die hortatiewe proklitiese woord (partikel) soos in:
 - + GA a sepele 'Laat hy tog loop'

- (c) GA as 'n dialektiese proklitiese (situatiewe) voegwoord, bv.:
 - + GA di eya mafulong 'Wanneer hulle weivelde toe gaan'

Die term proklitiese woord word hier gebruik in ooreenstemming met Lombard (1976;286), nl.:

Klitika lê op die grens tussen woorde en morfeme, want hulle vertoon woord- sowel as morfeemkenmerke Daar kan onderskei word tussen proklitika en enklitika.

Volgens Van Wyk (1958;343;359) se woordsoorte is (a) 'n formatief, maar (b) en (c) moet as partikels en dus as proklitiese woorde beskou word.

Ten opsigte van toon is daar die volgende verskille tussen dié drie vorme:

- (a) Die ontkeningsformatief GA- is onderliggend laag /-H/.
- (b) In sommige dialekte kom die situatiewe inleidingswoord GE as GA voor. Dit is onderliggend hoog /+H/.
- (c) Die algemeen gebruiklike hortatiewe proklitiese woord is A, maar soms word dit ook as GA gebruik. Die onderliggende toon in hierdie geval is hoog /+H/.

Aangesien die ontkeningsformatief GA- tot die indikatief beperk is, word die verskillende tipes ontkeningskonstruksies in hierdie hoofstuk bespreek soos dit in die indikatiewe modus voorkom.

Hierdie ontkeningskonstruksies word verder soos volg onderverdeel in die aanbieding:

- (a) Met uitgang -E,
- (b) Met onveranderde werkwoordstam,
- (c) Met kopulatiewe onderwerpskamel, en
- (d) Met gepaardgaande rangverskuiwing.

Elkeen van hierdie onderafdelings sal verder toegelig word in die bespreking wat hierop volg.

2.1 MET UITGANG -E

In die basiese ontkenning van die indikatief vervang -E [e] die uitgang -A van die werkwoord. By saamgestelde werkwoordkonstruksies, d.w.s waarin meer as een werkwoord voorkom, word die eerste (hulp-) werkwoord ontken, en kom die negatiewe uitgang -E normaalweg by die hulpwerkwoord voor. Op grond hiervan word onderskeid gemaak tussen enkelwerkwoordkonstruksies en saamgestelde werkwoordkonstruksies.

2.1.1 Enkelwerkwoordkonstruksies

By die behandeling van enkelwerkwoordkonstruksies is dit nodig om verdere onderskeid te maak tussen 'proses'- of 'handelings'-werkwoorde, teenoor die kopulatiewe werkwoordstam -BA omdat dié konstruksies van mekaar verskil. Die kopulatiewe werkwoordstam -BA is naamlik komplement-gebonde omdat dié werkwoordstam altyd deur 'n nie-verbale komplement gevolg moet word, terwyl dit nie die geval is met nie-kopulatiewe werkwoordstamme nie. Albei tipes word egter onder die term 'enkelwerkwoordkonstruksies' geklassifiseer.

2.1.1.1 Proseswerkwoorde

Dit is werkwoorde wat 'n spesifieke proses of handeling aandui. Die negatief van hierdie tipe werkwoord word gekenmerk deur die ontkenningsformatief GA- voor die onderwerpskakel, konkomitant met die werkwoorduitgang -E. Die konstruksie sien dus soos volg daar uit:

Ontkenningsformatief GA- + onderwerpskakel + werkwoordstam met uitgang -E as noodsaaklike minimale elemente.

Aanvanklik word voorbeelde in die bevestiging en ontkenning gegee om die verskil duidelik na vore te bring.

Bevestiging: Onderwerpskakel + (A+) werkwoordstam met uitgang -A
+ Ba tsebA 'Hulle weet'
of + Ba a tsebA.

Ontkenning: Ontkenningsformatief GA- + onderwerpskakeel + werkwoordstam met uitgang -E

+ GA ba tsebE

'Hulle weet nie'

Die voorwerpskakeel kan in die positief en negatief voorkom direk voor die werkwoordstam, maar het segmenteel geen invloed op die ontkenningskonstruksie nie. Die tonologiese invloed van die onderliggend /+H/ 'objeksmorfeem' is in Lombard (1976;99) uiteengesit.

Bevestiging: Onderwerpskakeel + a + voorwerpskakeel + werkwoordstam met uitgang -A

+ o a mo ratA

'hy het haar lief'

Ontkenning: Ontkenningsformatief GA- + onderwerpskakeel + voorwerpskakeel + werkwoordstam met uitgang -E

+ GA a mo ratE

'Hy het haar nie lief nie'

Verdere voorbeelde:

+ re a tsebA

'ons weet/ken'

+ re tsebA (mōruti)

'ons ken (die predikant)'

+ GA re tsebE

'ons weet/ken nie'

+ GA re tsebE (moruti)

'ons ken nie (die predikant) nie'

+ o a bonA

'jy sien'

+ o bonA.....

'jy sien.....'

+ GA o bonE

'jy sien nie'

+ GA o bonE.....

'jy sien nie nie'

+ Leslie o a mo ratA

+ Leslie GA a mo ratE

'Leslie het haar lief'

'Leslie het haar nie lief nie'

Uit die voorgaande kom ook aan die lig dat die negatief dieselfde is vir die lang en kort vorme van die positiewe teenwoordige tyd.

Die normvariant A-¹⁾ vir klas 1 onderwerpskamel word in die negatief gebruik terwyl die variant O- in die positief van die indikatief voorkom.

Vergelyk ook die volgende voorbeelde:

+Leslie O swanA le maloba:

Leslie GA A swanE le maloba

'Leslie lyk nie soos eergister nie'

+O a nyakegA:

GA A nyakegE

'Hy word nie gesoek nie'

Monna GA A agE motse

'Die man bou nie 'n stat nie'

Ngwana GA A nyake

'Die kind soek nie'

By die algemeen gebruiklike ontkennde antwoord op 'n vraag, nl.:

Ga re tsebe.

'Ons (ek) weet nie'

vind daar dikwels weglating van die laaste lettergreep van die werkwoordstam plaas en word die verkorte vorm

Ga re tse

aangetref. Dit word soms ook verder verkort na

1) Die A- word as normvariant geneem omdat dit ook vir die ander modi as sodanig in die positief en negatief voorkom, bv. situatief, subjunktief, ens.

Vergelyk die volgende voorbeelde:

Situatief positief:

O ja A sa bolela.

'Hy eet terwyl hy nog praat'

Subjunktief ontkenning:

Se mo thuše gore A se fetše.

'Moet hom nie help nie sodat hy nie klaarkry nie'

Relatief positief:

Motho yo A dirag o.

'Die persoon wat werk'

Relatief ontkenning:

Motho yo A sa dirego

'Die man wat nie werk nie'

A re tse

waarin die G van GA ook weggelaat word. Hierdie verskynsel word toegeskryf aan taalekonomiese redes. Let daarop dat in die verkorte vorm die kenmerkende lengte op die voorlaaste lettergreep verskuif na die RE en dit foneties soos volg is:

[ǀ r ɛ : ts ' e]

Daar kon egter geen verklaring gevind word vir die voorkoms van die middellae vokaal [ɛ] in plaas van [e] in RE nie.

In Ramokgopa (1962) word die verskynsel aangetref dat die onderwerpskakel van klas 1 in die negatief dikwels ontbreek, terwyl dit in ooreenstemmende konstruksies in sommige gevalle weer gebruik word. Geen semantiese onderskeid kon bepaal word nie. Die volgende voorbeelde toon die kontras:

Met onderwerpskakel

Mašilo a mo tshepiša gore
ge a ka boela a dira bjalo
gape o tla mo itia; gape
le gona ga a tsebe mollo
woo o goditšwe ke yena

'Mašilo laat hom toe verstaan dat as hy weer so maak hy hom sal slaan; verder weet hy ook nie dat daardie vuur deur hom gemaak is nie'

O be a tla mmotša gore a
se ke a ba a leka, ka
gore motho ge a seletše
ka gona, ga a boe

'Hy sou hom gesê het dat hy gladnie moet probeer nie, want as 'n mens daarmee oorgesteek het kom hy nie terug nie'

Ba bangwe ba napa ba ema
le yena ba re ga a tšwele
pele ka mokgwa woo a opelago
ka wona

'Sommige staan toe by hom, hulle sê hy vorder nie met die wyse waarop hy sing nie'

Sonder onderwerpskakel

Tomi ga se motho fela, ga
sepele a le nnošl

'Tomi is nie net 'n mens nie hy loop nie alleen nie'

Yena a nape a ye go
mman'agwe a mmotše gore
yena ga nyake nama, o nyaka
go šiba ka maswi

'Hy gaan toe na sy tante
toe en sê vir haar dat
hy nie vleis wil hê nie,
hy wil met melk eet'

Voorbeelde uit ander klasse:

Monna yola a no fela a
goeletša: "Na banenyana
ba ga ba kwe naa!"

'Daardie man hou sommer
net aan skreeu: "Hoor
hierdie dogters dan nie!"

Dilo tša botse ga di lebane,
gomme le tša bohloko ga di
fele

'Mooi dinge is nie dieself-
de nie en pynlikhede kry
nie end nie'

Uit die bogenoemde voorbeelde kan gemerk word dat die onderwerp-
skakel waarskynlik met die negatiefformatief versmelt. Dit kom
dus slegs voor met die onderwerpskakel -a- van klas 1. Daar is
geen voorbeelde aangetref waar die onderwerpskakel van klas 6
(ook -a-) weggelaat is nie. Die sametrekking kan soos volg gere-
konstrueer word:

gà + á > gǎǎ

Die negatiefformatief word dus effens langer uitgespreek en met 'n
stygende toon.

2.1.1.2 Die kopulatiewe werkwoordstam -BA

Die ontkenningstrategie van die identifiserende en beskrywende
inchoatiewe kopula¹⁾ is dieselfde as in die indikatiewe teenwoor-
dige tyd. Die kopulatiewe werkwoordstam is -BA in die positief en
word altyd gevolg deur 'n komplement.

1) Volgens die uiteensetting van Van Wyk (1955;57).

Die kopulatiewe konstruksie van die negatief inchoatief word saamgestel uit:

GA + onderwerpskakel + werkwoordstam (met -B- as kern) met uitgang -E (+ komplement)

(a) Identifiserend

Vir al die naamwoordklasse word die klaslose onderwerpskakel E- gebruik, terwyl vir die 1^e en 2^e persoon die ooreenstemmende onderwerpskakels gebruik word.

(i) 1^e en 2^e persoon:

Positief: + O bA (moruti)	'jy word (h leraar)'
Negatief: + GA o bE (moruti)	'jy word nie h leraar nie'
+ GA le bE (dinatla)	'julle word nie helde nie'
+ Ga re bE (ba bantši)	'ons word nie baie nie'

(ii) Naamwoordklasse:

Positief: + (monna) e bA (moruti)	'die man word h leraar'
Negatief: + (monna) GA e bE (moruti)	'die man word nie h leraar nie'

Verdere voorbeelde uit ander naamwoordklasse:

+ (senatla) GA e bE (motsomi)	'die held word nie h jagter nie'
+ (dinamane) GA e bE (dipholo ka moka)	'die kalwers word nie almal osse nie'
+ (maru) GA e bE (pula)	'die wolke word nie reën nie'

(b) Beskrywend

By die beskrywende kopula neem die 1^e en 2^e persoon sowel as al die naamwoordklasse hulle ooreenstemmende onderwerpskakels.

(i) 1^e en 2^e persoon

- Positief: + Ka go ithuta ke ba yo mogolo gare ga bagwera ba ka 'Deur om te studeer word ek hoog geag tussen my vriende'
- Negatief: + Ka go se ithute ga ke be yo mogolo gare ga bagwera ba ka 'Deur om nie te studeer nie word ek nie hoog geag tussen my vriende nie'
- + Re phošitše gape; ga re be bohlale 'Ons het weer gefout; ons word nie slim nie'
- + Ga o be kaone e le kgale o babja 'Jy word nie beter nie terwyl jy reeds lank siek is'
- + Le swanetše go nwa sehlare se ka gobane ga le be maatla 'Julle moet hierdie medisyne drink want julle word nie sterk nie'

(ii) Naamwoordklasse

Enkele voorbeelde uit verskillende naamwoordklasse

- + Marega a ngwaga wo ga a be botšididi ka baka la pula yo lenyaga 'Hierdie jaar se winter word nie koud nie as gevolg van die jaar se reën'
- + Sehlare sa moretše ga se be se setelele 'n Sekelbosboom word nie lank nie'
- + Dimpša tša mohuta wo ga di be bogale, di no baka lešata fela 'Hierdie soort honde word nie kwaai nie, hulle maak sommer net 'n lawaai'

2.1.2 Saamgestelde werkwoordkonstruksies

Vervolgens word die ontkenning van saamgestelde werkwoorde, d.w.s. hulpwerkwoord¹⁾ gevolg deur 'n komplementêre of hoofwerkwoord bespreek. In sodanige werkwoordgroep word slegs die hulpwerkwoord ontken, terwyl die komplementêre werkwoord in die positief bly.

2.1.2.1 Samestellings met die hulpwerkwoordstam -KA

Die mees algemene vorm van die ontkenning van saamgestelde werkwoorde is dié waarin die hulpwerkwoordstam -KA gebruik word.

Ziervogel beskryf -KA as 'n ontkennde hulpwerkwoord

..... vermoedelik met die betekenis 'wees' wat natuurlik in die negatief 'nie wees nie' is:.....(1976;98)

Van Wyk (1955;29) noem dit die stam wat die basis vir saamgestelde ontkennings vorm en semanties 'ooit' uitdruk in die positief. Hy dui ook verder aan dat dit kan voorkom in die perfektumvorm, nl. -KILE, waar dit semanties 'eens/ooit' uitdruk, maar nog altyd die basiese betekenis van 'kan/mag wees' het.

Die hulpwerkwoordstam neem die plek in van die primêre werkwoordstam in die saamgestelde werkwoord en neem ook die ontkenningsuitgang -E. In dié vorm stem dit ooreen met die basiese ontkenning van die indikatief teenwoordige tyd. Die hoofwerkwoord volg daarop as komplementêre werkwoord en kom in verskeie modi voor, wat weer verskil in betekenis in die betrokke sin meebring.

Endemann omskryf dit soos volg:

1) Dat soveel prominensie verleen word aan die hulpwerkwoordstamme -KA en -HLWA is te wyte aan hulle hoë gebruiksfrekwensie in letterkundige werke.

Beim Präsens wird vom Hilfsverb ka ein einfaches Präsens als regierendes Hilfstemp gebildet (Xa nke ke, nka se ke resp. ke sa ka ke) bei den Präteriten wird vom Hilfsverb ein (etwa dem Hilfstemp ke ve entsprechendes) Hilfstemp der Vergangenheit gebildet (Xa nke, resp. Xa ke ka, auch Xa ke a ka). Also:

Präsens: Xa nka ke ka lira = ich kann, mag will,
werde nicht thun

Präterit: Xa nké ke lira = ich habe (noch)
nicht gethan, ich
that nicht (1876;119)

Die struktur van die saamgestelde werkwoord is soos volg:

Ontkenningsformatief GA + onderwerpskakeel + hulpwerkwoordkern -K-
met uitgang -E + onderwerpskakeel + hoofwerkwoordstam.

(a) Hoofwerkwoord in die situatief:

Geen publikasie is gevind waarin dié besondere konstruksie beskryf is nie. Ziervogel (1976;99) noem dat die hulpwerkwoordstam -KE meestal deur die konsekatiewe modus gevolg word, en op p. 78 (par.36.6) maak hy melding van 'n dialektiese gebruik in Sekoekoeni-land waar die hulpwerkwoordstam -KE gevolg word deur die 'partisi-
piale' (situatiewe) modus.

Uit die versameling voorbeelde wat ondersoek is, blyk dat in saamge-
stelde ontkenning waar die hulpwerkwoordstam -KA in die indikatief
verskyn, die komplementêre werkwoord in die situatief volg.

Semanties druk dit 'n 'verskerpte' of 'emfatiese' ontkenning uit
wat met 'gladnie/nooit/hoegenaamd nie' in Afrikaans vertaal kan
word. Dit impliseer ook 'n gebruiklike/gewoontelike gegewe wat nie

in 'n vertaling na vore kom nie en dui ook 'onvoltooide' handeling
of prosesse aan.

Ke monna wa pelo ye tšhweu
mo dijong, yo o ka rego ga
a ke a re sejo se hloma
bjang

Le ge kgomo ka mo gobe e
wetšwa ke namane, namane
yona ga e ke e tseba gore
ka mo gobe e ntšhwa ke
mmayo

Fela ke no re ke gore
moraka ona ga o ke o
hloka modiro

'Hy is 'n man wat nie kla
oor kos nie, een wat ge-
woonlik nooit sê wat is
verkeerd met die smaak nie'

'Hoewel 'n bees in die moeilik-
heid gelei word deur haar
kalf, weet die kalf gewoonlik
nooit dat hy deur sy ma uit
die moeilikheid gehaal word nie'

'Ek sê sommer net dit is omdat
daar by die veepos gewoonlik
nooit 'n gebrek aan werk is nie'

Die onvoltooidheid is toe te skryf aan die komplementêre werkwoord
wat in die situatief, onvoltooide tyd voorkom. Dit sal verder in
2.2.2.3 toegelig word in kontras met die hulpwerkwoordkern -K- met uit-
gang -A.

As bewys dat die hoofwerkwoord in die situatief is, word na aanlei-
ding van Lombard (1976;47 en 48) aangedui dat die onderwerpskakel
in die situatief 'n hoogtoon het, nl.:

Gà ré ké ré bônà
Bàdĩšā bá díkgòmó gà bá
ké bá lésá gò kgòèlànà

Gápé bjälá gà bó ké bó
tswälá lèfšègà

Yèná gà á ké á bólélá
gábèdí

Mòšāté gà ó ké ó fòšā

'Ons sien nooit nie'

'Die beeswagters hou nooit
op om mekaar te roep nie'

'Verder baar bier ook nooit
'n lafaard nie'

'Hy praat nooit tweemaal nie'

'Die hoofstat maak nooit 'n
fout nie'

'n Verdere bewys dat die komplementêre werkwoord in die situatief voorkom, is die stabiliseerder E- vooraan monosillabiese werkwoordstamme wanneer daar geen voorwerpskakeel optree nie.

Ga ba ke ba enwa

'Hulle drink (gewoonlik)
nooit nie'

Ga di ke di elwa

'Hulle baklei (gewoonlik)
nooit nie'

Le ge go le bjalo, batho
ga nke ba ehwa ka moka

'Selfs al is dit so, sterf
mense nooit/gladnie almal
nie'

Nkwe ga e lalwe ke kgang
ga nke e ewa pelo pele e
se e phethe thato ya yona

'n Luiperd erken nie 'n neer-
laag nie - hy gee nie in voor-
dat hy sy doel bereik het nie'

In die algemene spreektaal val die stabiliseerder E- soms weg en die hoogtoon van E- word deur die komplementêre werkwoord se onderwerpskakeel geassimileer, en dit het dan 'n verlenging van die onderwerpskakeel tot gevolg, bv.:

+ Gà bá ké báá nwà

'Hulle drink (gewoonlik)
glad/nooit nie'

+ Gà dí ké díf lwà

'Hulle baklei (gewoonlik)
glad/nooit nie'

Die samestelling met die hulpwerkwoordstam -KE het 'n proses deurloop waarin die klasgebonde onderwerpskakeel van die hulpwerkwoord vervang is deur 'n klaslose onderwerpskakeel N- **[g]** wat soms heeltemal wegval, bv.:

- (1) + Ga ba ke ba sepela
na (2) + Ga nke ba sepela
na (3) + Ga _ke ba sepela

As gevolg van die verlies aan 'n onderwerpskakel in (3), moet -KE hier as 'n ouksiliër gewaardeer word.

By die 1^e persoon enkelvoud verbind die variant N- [g] van die onderwerpskakel met die hulpwerkwoordstam -KE of val ook weg.

Die verandering van hulpwerkwoord na ouksiliër het ook 'n mate van semantiese verandering ondergaan, maar dié verandering het nie heeltemal uitgekristalliseer nie, soos daaruit blyk dat sprekers dit nie eenders interpreteer nie. Dit wil egter voorkom of vorme (1) en (2), waarin die hulpwerkwoord nog 'n onderwerpskakel het (en semanties dieselfde uitdruk), die gewoontelike gegewe nog 'n sterker inslag het, en naas die emfatiese 'nooit' ook 'selde' kan uitdruk. Waar die onderwerpskakel weggeval het, druk dit slegs 'nooit/gladnie/hoegenaamd nie' uit.

(i) Met klasgebonde onderwerpskakel

Klas 1: A fela a re: "A ka
tlala ngwana ga a
ke a belegwa?"

'Hy sê toe: "Word daar dan nooit/selde 'n kind in hongersnood gebore?"'

Klas 2: Le ge go le bjalo,
batho ga ba ke ba
ehwa ka moka

'Selfs al is dit so, sterf mense nooit/selde almal'

Klas 5: O re e a makatša,
le tsebeng letšhi-
bogo ga le ke le
thakgega ka mešo
e go fela

'Hy sê niemand is volmaak nie (Hy sê dit is verbasend, [maar] julle moet weet 'n drif is nooit/selde van alle kante indrukwekkend nie)'

Klas 9: Mpho ga e ke e
bolelwa pele

'n Geskenk word nooit/selde voor die tyd bespreek'

(ii) Met -N- as onderwerpskakeel voor -KE

Dieselfde voorbeelde word aangehaal om die semantiese ooreenkoms aan te dui:

- | | |
|---|--|
| Klas 1: A fela a re: "A ka tlala ngwana <u>ga nke a belegwa</u> ?" | 'Hy sê toe: "Word 'n kind dan nooit/selde in hongersnood gebore?"' |
| Klas 2: Le ge go le bjalo, batho <u>ga nke ba ehwa</u> ka moka | 'Selfs al is dit so, sterf mense nooit/selde almal' |
| Klas 5: O re e a makatša, le tsebing letšhi- bogo <u>ga nke le thakgega</u> ka mešo e go fela | 'Hy sê niemand is volmaak nie (Hy sê dit is verbaasend, [maar] julle moet weet 'n drif is nooit/selde van alle kante indrukwekkend)' |
| Klas 9: <u>Mpho ga nke e bolelwa</u> pele | 'n Geskenk word nooit/selde voor die tyd bespreek' |

Voorbeelde met die 1^e persoon enkelvoud as onderwerp:

- | | |
|------------------------------------|--------------------------------------|
| <u>Ga nke ke sepela</u> tseleng ye | 'Ek loop nooit/selde in hierdie pad' |
| Nna <u>ga nke ke bolela</u> gabedi | 'Ek praat nooit/selde tweemaal' |

(b) Hoofwerkwoord in die konsekatief:

Die uiteensetting behels die emfatiese ontkenning met die hulpwerkwoordstam -KA in die indikatief gevolg deur die hoofwerkwoord in die konsekatief.

Struktuur: Ontkenningsformatief GA- + onderwerpskakeel + hulpwerkwoordstam -KE + komplementêre werkwoord in die konsekatief.

Net soos in (a) is dit ook 'n 'verskerpte' of 'emfatiese' ontkenning, maar dit dui 'voltooide' gebeure aan. Dit kan toegeskryf word aan die komplementêre werkwoord wat in die konsekatief voorkom.

Die volgende eienskappe dui daarop dat die hoofwerkwoord in die konsekatief is:

- (i) Onderwerpskakel met laagtoon (wat soms as dalend realiseer) waarin die onderwerpskakel saamsmelt met die konsekatiewe -A, nl.:

di + a > tša
ke + a > ka
le + a > la

- (ii) Die werkwoordstam gaan uit op -A, nl.:

rà sepelA
tšà fulA

Voorbeelde:

+ <u>Ga di ke</u> <u>tša fula</u>	'Hulle het nooit/gladnie gewei nie'
+ <u>Ga le ke</u> <u>la sepela</u>	'Julle het nooit geloop nie'
+ <u>Ga a ke</u> <u>a hlokwa</u>	'Hy word nooit/gladnie/hoegenaamd nie ontbreek nie'

Dit sou beter wees om die laaste voorbeeld met 'n statiewe betekenis te vertaal as: 'Hy is nooit weg nie'.

- (c) Hoofwerkwoord in die habitualis:

Die habitualis is 'n afhanklike modus in dié sin dat dit alleen kan voorkom in handeling wat met ander handeling saamhang en dit word gevolglik altyd saam met 'n ander modus gebruik.

Dit druk 'n gewoontelike handeling uit, wat kenmerkend is van die hele konstruksie waarin dit voorkom. Dit kan vertaal word met 'gewoonlik nie/nooit nie'.

Struktuur: Ontkenningsformatief GA- + onderwerpskakeel + hulpwerkwoordstam -KE + komplementêre werkwoord in die habitualis.

Van Wyk (1955;14) toon die gebruik van die habitualis as modus van die komplementêre werkwoord aan in hulpwerkwoordelike konstruksies met -KE, -TLE en -YE met die volgende voorbeelde:

- | | |
|--|--------------------------------|
| ++ Bahlale <u>ba_ke</u> <u>ba_rogane</u> | 'Wyses vloek mekaar baie keer' |
| ++ <u>Ke_tle</u> ke mmone | 'Ek sien hom gewoonlik' |
| ++ <u>Ga_ba_ke</u> <u>ba_qwerane</u> | 'Hulle is nooit maats nie' |

Dienooreenkomstig sal die ontkenning van die eerste twee voorbeelde die volgende wees:

- | | |
|--|--|
| + Bahlale <u>ga_ba_ke</u> <u>ba_rogane</u> | 'Wyses vloek mekaar nooit nie' |
| + <u>Ga_ke_tle</u> ke mmone | 'Ek sien hom nooit nie'
(kyk 2.1.2.2) |
| + <u>Ga_ke_je</u> ke mmone | 'Ek sien hom nooit nie'
(kyk 2.1.2.2) |

Die struktuur en betekenis stem ooreen met die vorm beskryf in 2.1.2.1(a), d.w.s samestellings met die hoofwerkwoord in die situatief. Hoewel Van Wyk dit nie in sy vertaling aandui nie druk dit 'n emfatiese ontkenning uit waarin 'n gewoontelike handeling of proses geïmpliceer word, m.a.w.

- | | |
|--|--|
| + Bahlale <u>ga_ba_ke</u> <u>ba_rogane</u> | 'Wyses vloek mekaar gewoonlik nooit nie' |
| + <u>Ga_ba_ke</u> <u>ba_qwerane</u> | 'Hulle is gewoonlik nooit maats nie' |

2.1.2.2 Samestellings met die hulpwerkwoordstamme -TLE en -YE

-TLE kan as hulpwerkwoord beskou word wanneer dit in hulpwerkwoord-groepe soos die volgende voorkom:

++ O tle a fihle ka Mokibelo 'Hy kom gewoonlik op 'n Saterdag'

Van Wyk behandel -TLE onder hulpwerkwoorde en beskryf dit soos volg:

tla 'kom'

- (b) Gebruik in die subjunktief en gevolg deur die subjunktief het dit ook 'n futuritiewe betekenis, bv.:

ba mo fepa gabotse gore 'hulle voed hom goed sodat
a tle a fole hy sal gesond word'

- (c) Gebruik in die habitualis en gevolg deur die habitualis, dui dit gewoonte aan, bv.:

dimpša di tle di lome 'honde byt dikwels'

(1955;44)

Ziervogel (1976;78 en 97) maak ook melding van die hulpwerkwoord -TLE gevolg deur die subjunktief en die habitualis en gee die volgende voorbeelde:

-tle (totdat Ke tlo go 'Ek sal jou slaan totdat
itia o tle o llê jy huil'

en

O tle a fihle ka Mokibelo 'Hy kom gewoonlik op 'n Saterdag'

Phatudi en Mashabela (s.j.;98) ontken konstruksies met die hulpwerkwoordstamme -TLE en -YE, wat hulle

'Modirišo wa tlwaelo' 'Modus/wyse van gewoonte'

noem, op dieselfde wyse as met die hulpwerkwoordstam -KE. Hulle sien ook die hoofwerkwoord in die positiefkonstruksie as in die subjunktief -

"gomme ya tšea moselana wa -e"

en as in die situatief in die negatiefkonstruksie met die uitgang

-A. Die volgende voorbeelde word deur hulle gegee:

POSITIEF

Ke ye ke mmone

Ke tle ke mmone

Ba ye ba sepele

Ba tle ba sepele

ONTKENNING

Ga nke ke mmona

Ga nke ke mmona

Ga ba ke ba sepela

Ga ba ke ba sepela

In die beskrywing gee Phatudi en Mashabela geen aanduiding van die modus waarin die hulpwerkwoordstamme -TLE en -YE verskyn nie. Op grond van die ontkennings met behulp van die ontkenningsformatief GA- moet afgelei word dat dit die indikatief is.

Aangesien die skrywers nie 'n duidelike uiteensetting gee van die betekenis van die konstruksie nie, is dit moeilik om te bepaal hoe hulle 'n verband sien tussen die positief met -YE of -TLE en die ontkenning met -KE.

Waar die hulpwerkwoordstam normaalweg ontken word en die hoofwerkwoord in sy oorspronklike modus bly, het die hulpwerkwoordstam -TLE die eienskap dat óf die hulpwerkwoord óf die hoofwerkwoord ontken kan word.

Die betekenis in die ontkenning is 'gewoonlik nie'.

Hoewel die ontkenning van die hoofwerkwoord wat in die habitualis verskyn, nie hier betrekking het nie en in hoofstuk 3 behandel sal word, word die semantiese onderskeid tussen die ontkenning van die hulpwerkwoord en die ontkenning van die hoofwerkwoord net hier toegelig.

Die konstruksie behou in albei gevalle die 'gewoontelike' betekenis, maar daar word onderskeid gemaak t.o.v. die graad van die gewoontelike handeling soos hieronder aangetoon.

(a) Ontkenning van hoofwerkwoord:

++ O tle a se fihle ka Mokibelo 'Hy kom gewoonlik nooit op
'n Saterdag nie'

Dit impliseer dat hy gewoonlik nooit op 'n Saterdag kom nie, maar wel op enige ander dag.

(b) Ontkenning van hulpwerkwoord:

+ Ga a tle a fihle ka Mokibelo 'Hy kom gewoonlik nooit op
'n Saterdag nie'

Hier word geïmpliceer dat hy gewoonlik nooit op 'n Saterdag kom nie, maar dat hy tog op hierdie Saterdag hier opgedaag het.

Volledigheidshalwe word hierby die hulpwerkwoordstam -YE genoem wat in betekenis dieselfde is as die hulpwerkwoordstam -TLE.

Geen semantiese onderskeid tussen die ontkenning van die hulpwerkwoord -YE en die hoofwerkwoord kon egter bepaal word, soos in die geval van -TLE nie, bv.:

+ Ga a <u>ye</u> a fihle ka Mokibelo	}	'Hy kom gewoonlik nooit op 'n Saterdag nie'
+ O ye a <u>se fihle</u> ka Mokibelo		

2.1.2.3 Samestellings met die hulpwerkwoordstam -HLWA

Die basiese betekenis van die werkwoordstam -HLWA is 'vertoef'.

Dit kom egter baie selde as selfstandige werkwoordstam voor. Daar het egter 'n funksionele verskuiwing¹⁾ plaasgevind en gevolglik word dit dus hoofsaaklik in 'n hulpwerkwoordgroep gebruik.

Skrywers het die stam in die verlede beskou as 'n hulpwerkwoordstam wat in die positief -HLWA is, en 'n voortdurende/gedurige handeling uitdruk met 'n negatiewe vorm -HLWE waar die uitgang -E beskou was as 'n negatiewe uitgang. So bv. sê Phatudi en Mashabela (s.j.;99) dat -HLWE gewoonte aandui en die betekenis van 'elke dag' of 'altyd' uitdruk. Hulle stel dit as volg:

Mo gongwe tlwaelo e ka bopšā ka Lethušī: Hlwa
Ke hlwa ke mmona - Ga ke hlwe ke mmona
Se hlwa se mpalela - Ga se hlwe se mpalela
Ka sebaka modiro o direga, o kgaoga, o tšwela
pele; hlwa e šupa gore 'tšatšī le lengwe le
le lengwe', 'ka mehla' 'ka matšatšī'

Ziervogel (1976;98) noem dat dit in die negatief gebruik word om 'nie meer nie' uit te druk. Hy noem ook (p. 99) dat -HLWA as -HLWE in die negatief voorkom.

Van Wyk (1955;29) is dieselfde mening toegedaan as hy sê dat -HLWA in bevestigende sinne 'n voortdurende handeling uitdruk en in die ont-

1) D.w.s. -HLWA het nie in rang verskuif nie (dit is nog steeds 'n woord), maar van selfstandige werkwoord na hulpwerkwoord.

kenning 'nie meer nie'. In die voorbeelde wat daarop volg, word -HLWA as bevestigend en -HLWE as ontkennd aangetoon.

Dit blyk egter dat die opvatting nie korrek is nie, maar dat die uitgang -E nie 'n negatiewe uitgang is nie. Dit mag wel wees dat die uitgang -E meer algemeen gebruik word in negatiewe konstruksies, maar uit voorbeelde in letterkundige publikasies en kontrole met informante is dit duidelik dat die twee vorme fakultatief gebruik kan word en dat daar geen semantiese onderskeid is nie, bv.:

+ Ke hlWA ke namela setimela	}	'Ek ry gereeld/altyd/voortdurend/gedurigdeur met die trein'
+ Ke hlWE ke namela setimela		

Hiermee word bedoel dat ek elke dag met die trein ry, bv. as ek werk toe gaan.

Voordat die ontkenningskonstruksie van die hulpwerkwoordgroep volledig bespreek word, word die fakultatiewe gebruik in die positiewe vorm eers met voorbeelde toegelig.

(a) -HLWA in die positief:

Kgoro e alogile, gomme ga go sa na se se ka hlwago se ba tsenelela ka gore ba theile letihabi

'Dit is afgehandel daar is niks meer wat hulle sal pla nie want hulle het 'n strik gestel'

Ga ba ka ba hlwa ba sa robala gwa tsoga kgaruru ya lešata

'Hulle kan gladnie meer slaap nie want daar het 'n rumoer ontstaan'

Go tloga letšatšing leo ga gwa ka gwa hlwa go sa ba le ngwana wa go boifa sepoko

'Van daardie dag af was daar nooit meer 'n kind wat bang was vir 'n spook nie'

Di fo hlwa di le bjalo, ka gona tšeo ga ba di bone e le boima

'Hulle is somer maar altyd

so, daarom sien hulle dit
nie as moeilik nie'

(b) -HLWE in die positief:

Ba ile ba swarwa ke go hlwe
ba bolelwa ka mehla

'Hulle is gevang daardeur
dat daar gedurigdeur van
hulle gepraat word. (Hulle
word gevang om gedurigdeur
van gepraat te word)'

Gore ge nka hlwe ke nametša
motho selo

'Dat as ek gedurigdeur vir
iemand iets oplaa'

In ontkennde konstruksies, waarin -HLWA en -HLWE ook fakultatief gebruik kan word, gee dit ook 'n 'Verskerpte' of 'emfatiese' ontkenning aan die hulpwerkwoordgroep en kan dit liefers met 'nooit gedurigdeur nie' of 'gladnie meer nie' vertaal word.

Die hoofwerkwoord in die hulpwerkwoordgroep verskyn in die situatief, soos bepaal kan word uit die hoogtoon van die onderwerpskakel van die hoofwerkwoord en die stabiliseerder E- vooraan monosillabiese werkwoordstamme.

Struktuur:

Ontkenningsformatief GA- + onderwerpskakel + hulpwerkwoordkern
-HLW- met uitgang -A of -E + hoofwerkwoord in die situatief.

Voorbeelde:

Ga ba hlwe ba gana go ja

'Hulle weier nie gedurigdeur om
te eet nie'

of

'Hulle weier nie altyd meer om
te eet nie'

Ga ke hlwE ke bolela	'Ek praat nie gedurigdeur nie'
Ga di hlwE di ehwa	'Hulle vrek nie voortdurend/ge- durigdeur nie'
Ga ba hlwA ba sa robala	'Hulle slaap nie meer ge- durigdeur nie'
Ga re hlwA re namela setimela	'Ons ry nie gedurigdeur/altyd per trein nie'
Ya ba gona moo, magobe a ripša, ga a sa hlwE a ngwathiwa	'Van toe af is die pap gesny, dit word nooit meer afgebreek nie'

2.1.2.4 Samestellings met ander hulpwerkwoorde

Hieronder word verdere hulpwerkwoorde behandel wat semanties verband hou met 'n selfstandige werkwoordstam, maar as hulpwerkwoord 'n deskriptiewe betekenis kry wat die hoofwerkwoord omskryf.

Aangesien die hoofwerkwoord, wat as komplement in die hulpwerkwoordgroep optree, in verskeie modi kan voorkom, sal die indeling wat volg gebaseer wees op die modus waarin die hoofwerkwoord figureer.

(a) Hulpwerkwoord gevolg deur die infinitief:

Konstruksies met 'n saamgestelde werkwoord waarin die infinitief as hoofwerkwoord optree, word beskou as hulpwerkwoord plus komplementêre werkwoord.

+Ga ba nyake go sepela	'Hulle wil nie loop nie'
+ <u>Ga</u> <u>ba</u> <u>nyake</u> <u>go</u> <u>sepela</u>	

Hierdie tipe hulpwerkwoordgroep is baie algemeen in Noord-Sotho en die struktuur is soos volg:

Positief: Onderwerpskamel + hulpwerkwoordstam + hoofwerkwoord in die infinitief (gekenmerk deur die laagtonige klasprefiks GŌ-)

- + Bana ba_rata go bapala 'Die kinders hou daarvan om te speel'
- + Pula e_gana go na 'Dit wil nie reën nie'

Negatief: Ontkenningsformatief GA- + onderwerpskakeel + hulpwerkwoordstam met uitgang -E + hoofwerkwoord in die infinitief.

- rata 'liefhê; hou van'
- + Bana ga_ba_rate go bapala 'Die kinders hou nie daarvan om te speel nie'
- gana 'weier'
- + Pula ga_e_gane go na 'Dit reën maklik (Die weer weier nie om te reën nie)'
- nyaka 'soek; wil'
- + Dinku ga_di_nyake go dula lešakeng 'Die skape wil nie in die kraal bly nie'
- swanela 'pas vir'
- + Dikobo tša matšatši a ga_di swanelwe go gatišwa 'Vandag se klere is nie veronderstel om gestryk te word nie'
- tseba 'weet; ken, kan'
- + Bana ga_ba_tsebe go bala 'Die kinders kan nie lees nie'

In 'n hulpwerkwoordgroep waar die hoofwerkwoord in die infinitief is, vind daar gewoonlik sametrekking plaas tussen die uitgang van die hulpwerkwoordstam en die prefiks -GO, bv.:

Nyaka + go > nyakô
gana + go > ganô
rata + go > ratô

Dit is 'n ontwikkelingsstap na ouksiliêr wat weer onder die ouksiliêre behandel sal word in 2.4

Die hoofwerkwoord kan ook ontken word deur middel van óf -SE óf -SA- wat in hoofstukke 3 en 4 onder die loop geneem word.

(b) Hulpwerkwoord gevolg deur die situatief:

Struktuur:

Ontkenningsformatief GA- + onderwerpskakel + hulpwerkwoordstam met uitgang -E + onderwerpskakel en hoofwerkwoord in die situatief (gekenmerk deur die stabiliseerder E- by monosillabiese stamme).

-fela 'klaarraak; net'

+ Ga ba fele ba enwa

'Hulle drink nie net nie'

-dula 'sit; gedurig'

+ Ga re dule re tsoma ngwaga
ka moka

'Ons jag nie dwarsdeur die jaar nie (Ons jag nie gedurig die hele jaar nie)'

-šala 'agterbly; intussen'

+ Dinku ga di šale di fula
lehlakeng

'Die skape wei nie intussen in die stronke (afgeoesde) lande nie'

2.2 MET ONVERANDERLIKE WERKWOORDSTAMME

In Noord-Sotho word 'n aantal werkwoordstamme aangetref wat in alle

konstruksies dieselfde vorm en betekenis behou. Omdat dit nie verander nie, word dit onveranderlike werkwoordstamme genoem. Hulle kan in twee kategorieë verdeel word, naamlik enkelwerkwoordstamme en saamgestelde werkwoorde.

2.2.1 Enkelwerkwoordstamme

In hierdie kategorie val weer eens 'n kopulatiewe groep waarin net een werkwoordstam voorkom, nl.: -NA.

2.2.1.1 Die kopulatiewe werkwoordstam -NA

Die werkwoordstam -NA dui assosiasie aan en word as assosiatiewe kopula gebruik saam met die assosiatiewe partikel of klitiese woord LE.

In die ontkenning kom die kopulatiewe werkwoordstam -NA en die partikel -LE in verskillende vorme van samestreking of elisie voor, nl. as:

- (i) -NA,
- (ii) -NA + LE,
- (iii) -NE.

Ziervogel maak melding van die konnektiewe partikel wat wegval in die ontkenning en verklaar dit as volg:

Let daarop dat die sinnetjie Mosadi o na le bana twee dinge kan beteken, nl. „die vrou het kinders” of „die vrou is saam met die kinders.” Om dié rede is daar twee negatiewe vorme nl. dié waarin le uitgelaat word met die betekenis „het nie” soos hierbo, en die tweede waarin die le behoue bly met die betekenis „nie saam met nie,” (1976;73)

Struktuur en voorbeelde:

Ontkenningsformatief GA- + onderwerpskakeel + -NA (+LE) + assosiatiewe komplement.

<u>Ga go na</u> nako	'Daar is nie tyd nie'
<u>Ga di na</u> meetse	'Hulle het nie water nie'

teenoor

Monna <u>ga a na</u> LE mosadi	'Die man is nie saam met die vrou nie'
Badiši <u>ga ba na</u> LE dinku	'Die veewagters is nie saam met die skape nie'

Van Wyk (1955;34 en 60) beskou die vorm -NA + -LE (waar die konnektiewe partikel LE behoue bly) as 'n eksklusiewe ontkenning wat 'selfs nie' of 'nie eers nie' uitdruk.

Monna <u>ga a na</u> mosadi, <u>ga a na</u> ngwana e bile <u>ga a na</u> LE tonki	'Die man het nie 'n vrou nie, hy het nie 'n kind nie, hy het selfs nie eens 'n donkie nie'
<u>Ga go na</u> LE nako	'Daar is selfs nie tyd nie'

Phatudi en Mashabela (s.j.; 107) sien klaarblyklik geen onderskeid in die twee vorme nie, maar gebruik deurgaans die vorm -NA LE in sy ontkenning, behalwe vir die 1^e persoon enkelvoud en meervoud en klas 9 waar -LE weggelaat word, waarvoor geen verklaring gevind kan word nie. Hulle gee dit as volg aan:

(e) na le

Borui bo ka šupša ka tsela ye ya bobedi

Tumelo
Ke na le maaka
Re na le dithunya
O na le sebe
Le na le swele
O na le kgang
Ba na le tsebo
E na le meetlwa
A na le dithaba
Se na le dimela
Di na le dinaka

Kganetšo
Ga ke na maaka
Ga re na dithunya
Ga o na le sebe
Ga le na le swele
Ga o na le kgang
Ga ba na le tsebo
Ga e na meetlwa
Ga a na le dithaba
Ga se na le dimela
Ga di na le dinaka

Van Zyl (1941) gebruik deurgaans die twee vorme afwisselend waaruit afgelei kan word dat hy geen betekenisverskil sien nie.

Uit die ondersoek het geblyk dat die struktuur waarin die konnektiewe partikel weggeval het, die mees algemene vorm vir die ontkenning van die assosiatiewe kopula is, nl.:

Ontkenningsformatief GA- + onderwerpskakel + -NA + assosiatiewe komplement.

Semanties druk dit 'nie het nie' uit.

In aansluiting by Van Wyk erken die meeste sprekers die eksklusiewe betekenis in die struktuur.

Ontkenningsformatief GA- + onderwerpskakel + -NA + LE + assosiatiewe komplement waar die konnektiewe partikel behoue bly, en hoofsaaklik 'selfs nie/nie eens nie' uitdruk. Die betekenis van 'nie saam (wees) met nie' is dus waarskynlik na analogie van die positief en hoewel dit die betekenis inhou, word dit nie algemeen so vertolk nie. Die opvatting van Ziervogel dat die behoud of wegval van LE verband hou met betekenisonderskeid 'saam met' en 'het' respektiewelik, word verder

weerspreek deur die inchoatiewe vorm waar LE nooit in die ontkenning wegval nie, nl.:

O tlo ba le bana

'Sy sal kinders hê' of

'Sy sal saam met kinders wees'

A ka se be le bana

'Sy sal nie kinders hê nie' of

'Sy sal nie saam met kinders wees
nie'

maar nie:

* A ka se be bana

Die kopulatiewe -NE [-ne] word in verskeie publikasies vermeld. Schwellnus (1931) maak gebruik van die vorm en skryf dit as ne', waarmee hy aandui dat dit 'n verkorte vorm deur weglating is. Hy verklaar egter nie die vokaal e nie. Dit word naas -NA in die ontkenning gebruik sonder aanduiding van enige semantiese verskil.

Phatudi en Mashabela (s.j.; 108) maak ook melding van die verkorte vorm en beweer dat dit 'n versmelting is, nl. -NA + LE > -NE. Voorbeelde word in sowel die positief as negatief gegee, maar geen betekenisonderskeid word aangetoon nie.

'n Soortgelyke vorm kom in Van Zyl (1941) voor wat hy as n'e aandui om die sametrekking aan te toon. In die ontkenning gebruik hy egter -NA sonder LE en soms met LE, maar ook hier word geen onderskeid in betekenis aangedui nie.

Tonologiese gegewens suggereer dat daar versmelting plaasgevind het tussen die assosiatiewe werkwoordstam -NA en die klitiese woord LE, en dat daar in die proses weglating plaasgevind het van die -A

en L-, d.w.s. -NA + LE > -NE omdat die -NE tonologies twee morae het, nl. -NEE.

Die vorm kom nie baie algemeen in letterkundige publikasies voor nie, en daar kon geen semantiese verskil bepaal word tussen die gewone vorm -NA LE en die saamgetrokke vorm -NE nie.

Waarskynlik is die proses waarvolgens -NA + LE versmelt nog nie voltooi nie, en daarom het die NE-vorm 'n relatiewe lae gebruiksfrekwensie in die geskrewe woord¹⁾. By sprekers kom die gebruik van die verkorte vorm, nl. -NE redelik algemeen voor. Dat die twee vorme -NA LE en -NE afwisselend of fakultatief gebruik word in die spreektaal, verklaar waarom 'n semantiese onderskeid nie bepaal kon word nie.

Voorbeelde:

+ Ga o ne taba
+ Ga ba ne taba

'Jy het nie moeilikheid nie'
'Hulle het nie moeilikheid nie'

In die voorbeeld

Ga ba sa ne le mošomo

kan geen verklaring gevind word vir die gebruik van LE nie aangesien die konnektiewe partikel reeds in die -NE vervat is.

2.2.2 Saamgestelde werkwoorde

Daar is sommige hulpwerkwoordstamme wat in 'n onveranderde vorm in samestelling met die hoofwerkwoord in die negatief voorkom.

1) Die NE-vorm kan ook as dialekties beskou word omdat dit 'n tipiese verskynsel in Setlokwa is.

Net soos in die geval van die negatiewe met die uitgang -E, bespreek in 2.1.2, word die hulpwerkwoord ontken.

2.2.2.1 Samestellings met die hoofwerkwoordstam in die infinitief

Die enigste werkwoordstam wat in hierdie konstruksie kan optree is die onveranderlike werkwoordstam -NA.

Struktuur:

Ontkenningsformatief GA-+ onderwerpskakeel + hulpwerkwoordstam -NA + hoofwerkwoord in die infinitief.

Die betekenis impliseer dat die handeling nie kan plaasvind nie omdat die onderwerp nie die vermoë het nie, bv.:

+ Tonki ga_e_na go sepela

'Die donkie kan nie loop nie',
d.w.s. dit het nie die vermoë
om te loop nie

+ Ga_a_na go kwišiša

'Hy kan nie verstaan nie',
d.w.s. hy het nie die vermoë
om te verstaan nie

+ Ga_ba_na go di bona

'Hulle kan hulle nie sien
nie', d.w.s. hulle het nie
die vermoë om hulle (bv. die
donkies) te sien nie

2.2.2.2 Samestellings met die hulpwerkwoordstam -EŠO (-SEŠO)

Daar bestaan uiteenlopende idees oor die hulpwerkwoordstam -EŠO wat deur baie skrywers beskou word as 'n ontkenningsmorfeem, soos blyk uit die volgende:

Schwellnus (1931;43) beweer dat dit die negatief is van 'sa'.

Phatudi en Mashabela (s.j.; 92) verklaar dat dit die ontkenning van die hulpwerkwoordstam 'šetše' is wat in die situatief (m.a.w. saam met die hulpwerkwoordstam -BE) as -SEŠO voorkom, en in ander konstruksies sonder -BE voorkom as -EŠO.

Beyer (1920;39) en Ziervogel (1976;98-101) stem saam dat dit 'n negatiewe hulpwerkwoord is wat 'nog nie/(not yet)' uitdruk, en dat die hoofwerkwoord wat daarop volg in die konsekatief is. Albei gee ook voorbeelde waar -EŠO in die indikatief verskyn en -SEŠO in die situatief, nl.:

Beyer: ga ki eshu ka dira (or e se ka dira)
ge ki s'eshu ka dira

Ziervogel: ga re ešo ra šoma 'ons werk nog nie'
re sešo ra šoma 'terwyl ons nie meer werk nie'

Die mees aanvaarbare uitgangspunt is dié van Lombard (1976;87) en Van Wyk (1955;29 en 42) waarin -EŠO beskryf word as 'n hulpwerkwoordstam wat 'nog nie' beteken, wat ontken word en slegs in 'n ontkenningskonstruksie voorkom.

Endemann (1876;132) beskryf -EŠO as die hulpwerkwoordstam -ŠU met 'n stabiliseerder E-. Hy maak ook melding van die vorm -ŠI wat in Kopa voorkom, nl.:

Ga ke e šu ka lira (Pedi) = 'ich habe noch nicht gethan'
Ga ke šī ka lira }
Ga ke šī ke lira } (va Kopa)

Participial

Ke sa e¹⁾ šu ka lira (Peli)

1) In voetnota 3) sê hy dat sa e uitgespreek word as se e en soms in teenstelling as se.

Ke sa	ši ka lira	} (va Kopa)
Ke sa	ši ke lire	

Jacottet heg ook die betekenis van 'nog nie' vir Suid-Sotho daar-
aan, nl.:

E-so The verb (which ought to be written e-s'o = e-se ho)
means 'not yet' It is followed by the infinitive
ending in -e. (1936;136)

As in aanmerking geneem word dat sommige sprekers nog die vorm - \check{S} E
gebruik, bv.:

+ Ga še ke mmone 'ek het hom nog nie gesien nie'

en laasgenoemde gevalle saam ge lees word met Jacottet se bewering dat dit
gevolg word deur die infinitief, dan ontstaan die vraag of die uit-
sonderlike uitgang -O nie moontlik 'n versterde sametrekking van die
hulpwerkwoordstam -SE met die infinitiefprefiks GO-is wat soos volg
gerekonstrueer kan word nie. (Die relatiefsuffiks en die infinitiewe
klasprefiks is segmenteel dieselfde):

Hulpwerkwoordstam	- \check{S} E	'het nog'
+ Infinitiefprefiks	- \check{S} E + GO-	
	> - \check{S} EO	wegval van G
	> - \check{S} O	elisie van E
+ Situatiewe stabiliseerder	E- + - \check{S} O	
	> -E \check{S} O	
+ Ontkenningsformatief	-SA- > -SA- + - \check{S} O	
	> -SE \check{S} O	samesmelting van -A + E- > E

Die samesmelting van -A en E- in -SA + - \check{S} O het waarskynlik op die-
selfde wyse plaasgevind as die samesmelting in die naamwoord METSE

[mä + \check{e} ts \check{e}] 'water'

In hierdie hipotese word nie uit die oog verloor dat dit moontlik

ook die ontkeningsformatief $-S\check{E}$ kan wees wat aan $-E\check{S}\check{O}$ geprefigeer is nie, nl. $-S\check{E} + -E\check{S}\check{O} > S\check{E}\check{S}\check{O}$

Vir die doel van hierdie studie word die eerste moontlikheid aanvaar.

Dit is duidelik dat die hulpwerkwoord ontwikkel het uit 'n hulpwerkwoordstam, maar dat dit in sigself nie 'n negatiewe betekenis inhoud. Dit word op die gewone wyse ontken in die indikatief met die ontkeningsformatief GA- en in die ander modi met die ontkeningsformatief -SA (wat in hoofstuk 4 bespreek word).

Die vorm $-E\check{S}\check{O}$ kom alleen in die indikatief voor. Dit kan gestaaf word deur die feit dat die relatiefsuffiks -GO slegs aan $-SE\check{S}\check{O}$ (en nie aan $-E\check{S}\check{O}$ nie) gesuffigeer kan word.

Omdat dit altyd net in 'n negatiewe konteks gebruik word is dit ook duidelik waarom dit gesien was as 'n ontkeningsformatief.

Uit die aard van die betekenis van die hulpwerkwoord het dit waarskynlik in sy oorspronklike vorm 'het nog' uitgedruk, en vanweë die verbintenis met die negatiewe omgewing semanties ontwikkel in 'het nog nie'.

Struktuur:

Ontkeningsformatief GA- + onderwerpskakeel + die stabiliseerder -E- geprefigeer aan die hulpwerkwoordstam $-S\check{O}$ + hoofwerkwoord in die konsekutief.

Ga ke ešo ka mmona
Ga di ešo tša ya nokeng

'Ek het hom nog nie gesien nie'
'Hulle het nog nie rivier toe
gegaan nie'

Ga re ešo ra buna mabe-
le

'Ons het nog nie koring geoes
nie'

Nna, e sa le ke tswal-
wa ke bomma ga ke ešo
ka bona bjo bokalo

'Ek, vandat ek deur my moeder
in die wêreld gebring is, het
ek nog nie so 'n grote gesien
nie'

'n Verdere ontwikkeling wat plaasgevind het kom voor in die vorm -SEŠO. Hoewel dit (soos reeds aangedui) onder hoofstuk 4 tuishoort, word dit hier bespreek om die voorkoms daarvan in die indikatief te verklaar.

As gevolg van die negatiewe karakter wat dit verkry het, word -SEŠO as hulpwerkwoordstam erken wat in die indikatief saam met die indikatiewe ontkenningsformatief GA- gebruik word wat eintlik neerkom op 'n 'dubbele' ontkenning, wat nie semanties so vertolk word nie, bv.:

Ga re sešo ra reka dia-
paro

'Ons het nog nie klere gekoop nie'

Makgowa ga a sešo a
bonwa

'Die witmense was nog nie gesien
nie'

Die hulpwerkwoordstamme -EŠO/-SEŠO toon geen semantiese verskil nie, en kan in die indikatief saam met die ontkenningsformatief GA- fakultatief gebruik word, bv.:

Ga re sešo ra reka
diaparo

'Ons het nog nie klere gekoop
nie'

+ Ga re ešo ra reka
diaparo

Die hoofwerkwoord kan benewens in die konsekutief, ook in die habituaalis of situatief staan met 'n gepaardgaande semantiese variasie. Die

onderskeid word in die volgende voorbeelde geïllustreer:

Konsekutief:

+ Ga ke ešo ka mmona

'Ek het hom nog nie gesien nie', m.a.w. iemand kom vra jou waar is mnr X en jy antwoord: 'Ek het hom nog nie (vanmôre) gesien nie'

Habitualis:

+ Ga ke ešo ke mmone

'Ek het hom nog nooit gesien nie', m.a.w. hy is aan my onbekend'

Nna ga ke ešo ke mmone,
e bile ga ke dume go mmona

'Ek het hom nog nooit gesien nie, en ek het ook geen begeerte om hom te sien nie'

Situatief:

+ Ga ke ešo ke mmona

'Ek het hom nie dikwels gesien nie'

Die verbintenis met die negatief het tot so 'n mate 'n negatiewe karakter aan -EŠO/-SEŠO gegee dat dit soms sonder die ontkeningsformatief GA- gebruik word en steeds die negatief uitdruk, bv.:

+ Re ešo ra reka diaparo

'Ons het nog nie klere gekoop nie'

Die hulpwerkwoordstam -EŠO/-SEŠO kom soms hulpwerkwoordelik of komplementêr defektief voor ten opsigte van die onderwerpskakel, nl.:

(i) soos aangedui in 2.1.1.1 vind daar versmelting plaas tussen die ontkeningsformatief GA- en die onderwerpskakel van klas 1, en gevolglik is die konstruksie hulpwerkwoordelik defektief, bv.:

Ge naga ya Tswetla e le
kaaka o tla thoma kae,
le gona ga ešo a ka a ya
gona nageng yeo

'As Vendaland só groot is waar sal hy dan begin, buitendien het hy nog nooit daarheen gegaan nie'

Hierdie verskynsel maak -EŠO nog nie 'n ouksiliêr nie omdat die versmelting slegs in die geval van klas 1 plaasvind.

(ii) Dit wil ook voorkom of die hulpwerkwoordstam -SEŠO in 'n proses van rangverskuiwing na ouksiliêr is aangesien die hulpwerkwoordgroep soms komplementêr defektief is, bv.:

O be a buša dilete tša
Transfala-Lebowa, Makgowa a
sešo tšwelela ka bontš'i

'Hy het Transvaal in die noorde regeer nog voordat die witmense in groot getalle ingekom het'

(iii) -ŠI- word weer slegs as ouksiliêr gebruik, bv.:

+ Ga š'i ke mmone

'Ek het hom nog nie gesien nie'

2.2.2.3 Samestellings met die hulpwerkwoordstam -KA

Soos reeds vroeër gesuggereer in 2.1.2.1.(a) neem die hulpwerkwoordkern -K- ook dikwels die uitgang -A as genegeerde stam in 'n hulpwerkwoordgroep.

Semanties druk die samestelling met die uitgang -A ook 'n 'emfatiese' of 'verskerpte' ontkenning uit en kan daar nie 'n groot verskil bespeur word tussen hierdie vorm en die vorm met die uitgang -E nie. Die verskil lê egter daarin dat die samestelling met die uitgang -E 'n gebruiklike of gewoontelike gegewe openbaar terwyl die vorm met die hulpwerkwoordstam -KA meer 'n feitelike gegewe weergee, nl.:

Ga a ka a hlokwa

- 'Hy was nooit/gladnie weg nie'

Go lapa gona ga a ka
a lapa

- 'Van vermoënis/moegheid/moegwees weet hy glad niks nie/het hy geen benul nie'

Die hulpwerkwoordstam -KA in sy perfektumvorm, nl. -KILE word in hierdie samestelling ontken deur middel van die ontkenningvorm van die indikatiewe voltooide tyd wat struktureel soos volg daar uitsien, nl.:

Ontkenningformatief GA- + onderwerpskakel + ouksiliêr -A-¹⁾ + werkwoordstam met uitgang -A.

In die volgende voorbeelde word die positief teenoor die ontkenning gestel om die ontkenningvorm toe te lig. Daarteenoor word ook die ontkenning met die hulpwerkwoordstam -KA gegee om die strukturele ooreenkoms uit te lig. In die hulpwerkwoordgroep vervang -KA die ouksiliêr -A- van die ontkenning van die indikatiewe voltooide tyd, nl.:

Positief	Ontkenning met -A	Ontkenning met -KA
+ Di sepetše	+ Ga di A sepela 'Hulle het nie geloop nie'	+ Ga di KA tša sepela 'Hulle het gladnie ge- loop nie'

Waar -KILE dus die samestelling vorm, word die hulpwerkwoordstam ontken en die komplementêre werkwoordstam staan in die konsekatief. Dit druk 'nooit nie/gladnie' uit, en kom baie algemeen in verhalende lektuur voor.

Struktuur:

Ontkenningformatief GA- + konsekatiewe onderwerpskakel + KA + komplementêre werkwoord in die konsekatief.

Le ge a be a le mathateng,
ga a ka a ntšha morwedi
sekolong
Tšatši leo ga gwa ka gwa
ba bjalo

'Alhoewel hy in die moeilikheid was het hy gladnie sy dogter uit die skool gehaal nie'
'Op daardie dag was dit gladnie so nie'

1) -A- word verder beskryf in 2.4.3

Taba ye ga ya ka ya fetišwa - 'Hierdie saak was nooit ordent-
gabortse lik opgelos nie'

2.3 MET ONDERWERPSKAKEL AS KOPULATIEWE PARTIKEL

By die bepalende kopula tree 'n onderwerpskakel, wat verband hou met die onderwerp se klas of persoon, op as kopulatiewe partikel. Daar moet egter op gelet word dat die kopulatiewe partikel van die identifiserende kopula vir die 1^e en 2^e persoon ook die onderwerpskakels is en gevolglik dieselfde vorm het as die bepalende kopula. Die betekenis van die kopulas stem ook ooreen. In die negatief druk dit 'is nie' uit.

Die struktuur is die volgende:

Ontkenningsformatief GA- + onderwerpskakel (+ komplement)

(i) Identifiserend:

Nna ga <u>ke</u> thaka ya gago	'Ek is nie jou portier nie'
Wena ga <u>o</u> mogwera wa ka	'Jy is nie my vriend nie'

(ii) Bepalend:

Monna ga <u>a</u> bohlale	'Die man is nie slim nie'
Bophelo ga <u>bo</u> botse	'Die lewe is nie aangenaam nie'
Lebotwana le lengwe ga <u>le</u> gona	'Die ander muurtjie is nie daar nie'

Die konstruksie met die lokatiewe onderwerpskakel GO- kom baie voor en druk 'daar is nie' of 'dit is nie' uit.

Ga <u>go</u> selo	'Daar is niks nie'
Ga <u>go</u> ka mokgwa wo	'Dit is nie op hierdie manier nie'
Ga <u>go</u> yo a nago le nnete	'Daar is niemand wat die waarheid praat nie'
Ga <u>go</u> thata go banna	'Dit is nie moeilik vir mans nie'
Ga <u>go</u> molato	'Daar is nie moeilikheid nie'

2.4 MET GEPAARDGAANDE RANGVERSKUIWING

Dit is 'n algemene kenmerk dat rangverskuiwing in die Bantoetale voorkom. Dikwels is dit moeilik om te bepaal wat die oorspronklike konstruksie van die woord, ouksiliêr of morfeem was omdat dit heeltemal sy oorspronklike karakter verloor het, soos aangedui is in Hoofstuk 1.

By die behandeling van die onderskeie ouksiliêre sal telkens gewys word op die rangverskuiwing wat plaasgevind het deur die oorspronklike vorm sover as moontlik te rekonstrueer.

2.4.1 Die ouksiliêr -SA-

Dit word as ouksiliêr beskou omdat dit die kenmerke van morfeem (d.w.s. woorddeel) sowel as hulpwerkwoord (d.w.s. woord) het.

Die persistiewe -SA- word gebruik om 'n voortdurende handeling uit te druk, nl. 'nog'.

Die morfeemeienskappe lê daarin dat dit nie al die verplaasbaarheidskenmerke het nie, m.a.w. dit is nie omstelbaar nie en is alleenlik vervangbaar met 'n ander ouksiliêr. Dit is wel skeibaar met bepaalde

voorwaardes soos verderaan getoon sal word. Wat woordkenmerke betref absorbeer dit as hulpwerkwoord die negatiewe toonreël, d.w.s. die verskuifde hulpwerkwoord word ontken en dit veroorsaak die afwesigheid van die negatiewe toonreël by die hoofwerkwoordstam en die uitgang bly -A.

Van Wyk (1957;168) gee 'n rekonstruksie van die oorsprong van die persistief en wys daarop dat die onderwerpskakel van die hoofwerkwoord weggeval het. Lombard (1976;189) dui ook aan hoe die rangverskuiwing plaasgevind het van hulpwerkwoord tot ouksiliër en bewys ook verder (p. 188) dat die komplementêre werkwoord in die indikatief verskyn het. Slegs een rekonstruksie word hier aangegee om die rangverskuiwing te toon:

* le sá le hlómpha

> le sá hlómpha os van hoofwerkwoord val weg.

Die betekenis wat in die negatief uitgedruk word, is dat die voortdurende handeling gestaak word en kan vertaal word met 'nie meer nie'.

Struktuur:

Ontkenningsformatief GA- + onderwerpskakel + -SA- + ouksiliêre komplement.

A le lebetše tša maloba?
A ga se lena la go ena gore
ruri Moferehli ga le sa mo
nyaka mo motseng?

'Het julle dan eergister sh vergeet? Is dit dan nie julle wat aangedring het dat julle werklik nie meer vir Moferehli in die stat wil hê nie?'

Georgina ga a sa go tshepa

'Georgina vertrou jou nie meer nie'

Ge a kwišitšwe bohloko ga
a sa nagana ka tshwanelo

'As hy seergemaak is dink hy nie meer behoorlik nie'

Nna ga ke sa tseba

'Ek weet nie meer nie'

Die konstruksie met die assosiatiewe kopulatiewe werkwoordstam -NA kom baie algemeen in Noord-Sotho voor. Die ontkenning van die assosiatiewe kopula is reeds bespreek in 2.2.1.1. Die vorm bly dieselfde met slegs die invoeging van die persistief -SA- voor die kopulatiewe werkwoordstam -NA, wat dan die komplement vorm vir die ouksiliër -SA-.

Hlogo ga e sa na meriri

'Die kop het nie meer hare nie'

Ga ba sa na nako

'Hulle het nie meer tyd nie'

Ga di sa na lebelo

'Hulle is nie meer vinnig nie (het nie meer spoed nie)'

Ga go sa na selo se sengwe

'Daar is nie meer iets anders nie'

Die assosiatiewe partikel LE kan ook hier behoue bly en semanties verleen dit, soos verduidelik in 2.2.1.1, 'n meer emfatiese ontkenning aan die sin wat 'selfs nie meer nie/nie eens meer nie' uitdruk.

Ga ba sa na le mošomo

'Hulle het nie eens meer werk nie'

Seetša sa mabone ga se sa na le maatla

'Die straal van die ligte het nie eens meer krag nie'

Ga ba sa na le bohlatse

'Hulle het nie eens meer getuienis nie'

Daar vind soms versmelting plaas tussen die persistief en kopulatiewe werkwoordstam -LE¹⁾, nl.:

* ga o sa le

> ga o se versmelting nā elisie van A en L

1) Dit is 'n dialektiese verskynsel wat o.a. in Setlokwa voorkom.

Voorbeelde:

Mekeforoto ga o se gona mo
go yena

'Die Lee Metfort is nie meer
in sy besit nie'

Sa gagwe ga e se botšhobolo

'Syne is nie meer skoorsoeke-
righeid nie'

Die rangverskuiwing van -SA- tot ouksiliêr het so ver ontwikkel dat, aangesien dit die ontkenningstrategie absorbeer en die slotvokaal -A behou, die hoofwerkwoord nooit ontken kan word nie. Selfs waar die ouksiliêre komplement (hoofwerkwoord) in die voltooide tyd staan behou dit sy voltooide vorm. Dit is hoofsaaklik van toepassing op die hoofwerkwoord met 'n statiewe betekenis, en dit druk dan 'nie meer nie' uit. Die uitgang -E moet nie in hierdie geval beskou word as die negatiewe uitgang nie, maar as die uitgang van die voltooide tyd.

Struktuur:

Ontkenningsformatief GA- + onderwerpskakel + -SA- + ouksiliêre komplement in die voltooide tyd.

Ga ba sa robetše

'Hulle slaap nie meer nie'

Noka ga e sa tletše, re ka
tshela bjale

'Die rivier is nie meer vol
nie, ons kan nou oorsteek'

+ Dipholo ga di sa nonne ka
baka la marega

'Die osse is nie meer vet nie
as gevolg van die winter'

'n Verdere eienskap van die persistief is dat dit van die komplement geskei kan word deur 'n hulpwerkwoord en ook ander ouksiliêre. Die konstruksie ondergaan verder geen verandering nie.

(a) Persistief + futurum + komplement:

In samestelling met die futurum (wat ook 'n ouksiliêr is - vergelyk 2.4.4) word die futurum-TLO- tussen die persistief en die hoofwerk-

woordstam ingevoeg. Die futurum tree dan op as ouksiliëre komplement tot die persistief, terwyl die hoofwerkwoordstam weer optree as ouksiliëre komplement tot die futurum. Die teenwoordigheid van die futurum wysig die konstruksie sodanig dat die hoofwerkwoordstam daarin die ontkenning kan neem en die twee opeenvolgende ouksiliëre in die positief bly. Die komplement tot die persistief kan egter nie ontken word nie. Aangesien die ontkenning van die hoofwerkwoordstam met die ontkenningsformatief -SE- gevorm word, word dit verder in Hoofstuk 3 bespreek.

Die betekenis dui op 'n handeling wat nie in die toekoms voortgesit sal word nie. Die struktuur is die volgende:

Ontkenningsformatief GA- + onderwerpskakeel + -SA- + -TLO- + komplement.

- | | |
|-----------------------------------|--|
| + Bona <u>ga ba sa tlo bolawa</u> | 'Hulle sal nie meer doodgemaak word nie' |
| + <u>Ga a sa tlo šoma</u> | 'Hy sal nie meer werk nie' |
| + <u>Ga ke sa tlo bolela</u> | 'Ek sal nie meer praat nie' |

(b) Persistief + hulpwerkwoordstam -HLWA + werkwoord:

In saamgestelde konstruksies met die persistief tree -HLWA op as ouksiliëre komplement tot die persistief. As hulpwerkwoordstam neem -HLWA 'n hoofwerkwoord daarna.

Soos reeds aangedui in 2.1.2.3 kan die hulpwerkwoordkern -HLW- óf -E óf -A as uitgangformatief neem sonder enige semantiese onderskeid soos ook blyk uit die voorbeelde hieronder.

Die struktuur, wat 'n emfatiese staking van die voortdurende handeling

uitdruk en met 'gladnie/nooit meer nie' vertaal kan word, word gevorm deur:

Ontkenningsformatief GA- + onderwerpskamel + persistief -SA- + -HLWA/
-HLWE + hoofwerkwoord in die situatief.

Voorbeelde:

Ya ba gona moo, magobe
ga a sa hlwe a ngwathiwa

'En net daar het hulle ge-
staak om die pap af te breek'
of

'En net daar het hulle opge-
hou eet'

Ga ba sa hlwe ba hupile

'Hulle is gladnie meer dronk
nie'
(hupile - eufemisme vir
tagilwe)

Ga ba sa hlwa ba nwa
bjalwa

'Hulle drink gladnie/nooit
meer bier nie'

Morwedi yo mobjalo, ba-
tswadi ga ba sa hlwa ba
lla ka dikgomo

'So 'n dogter, die ouers kla
gladnie meer oor 'lobola' nie'

2.4.2 Die ontkeningsformatief GA- gevolg deur -SÉ

Die perfektum in Noord-Sotho word op drie maniere ontken. So byvoor-
beeld het die sin

Ditau di bolaile kgomo ya mošate 'Die leeus het die bees van
die hoofstat doodgemaak'

onder andere die volgende ontkenings:

(a) + Ditau ga se tšā bolaya kgomo ya mošate,

(b) + Ditau ga se di bolaye kgomo ya mošate,

en (c) + Ditau ga di a bolaya kgomo ya mošate

'Die leeus het nie die bees van die hoofstat doodgemaak nie'

Die laasgenoemde ontkenning het ook nog 'n vorm waarin die onderwerp-
skamel versmelt het met die ouksiliër -A-, d.w.s.

di- + -a- > tša (ga tša bolaya kgomo)

Waarskynlik het die rangverskuiwing soos volg plaasgevind:

- (i) -SE staan as negatiewe hulpwerkwoordstam in die hulpwerkwoordgroep met die hoofwerkwoord in die habitualis en die hulpwerkwoordstam se onderwerpskakel val weg:

* Ga di se di bolaye

> Ga se di bolaye os val weg

- (ii) -SE staan as negatiewe hulpwerkwoordstam in die hulpwerkwoordgroep met die hoofwerkwoord in die konsekutief en die onderwerpskakel van die hulpwerkwoord val weg:

* Ga di se tša bolaya

> Ga se tša bolaya os val weg.

Verandering van woordkategorie het waarskynlik ook plaasgevind by die kopulatiewe werkwoordstam -SE, nl.:

* Ga di se dintlo

> Ga se dintlo os val weg.

In hierdie rekonstruksie is -SE in:

* Ga di se die kopulatiewe werkwoord, en as

> Ga se die kopulatiewe partikel (ga se)

Omdat die ontkenning hier nie alleen betrekking het op die ontkenningsformatief GA- nie, maar ook op -SE, sal dit weer verder toegelig word in Hoofstuk 3 onder 3.3 waar dit gaan om die hulpwerkwoordstam -SE wat rangverskuiwing ondergaan het.

Soos aangedui in 1.6.2.1 (vii) is dit ook moontlik dat die rang-

verskuiwing plaasgevind het soos in (i) en (ii) en verandering in woordkategorie by die kopulatiewe werkwoordstam hierbo genoem, maar dat SE nie die negatiewe hulpwerkwoordstam is nie, maar ontstaan het uit 'n werkwoordstam *-SA wat voltooidheid of 'n statiewe betekenis uitdruk.

Dié stelling word gemaak op grond van die volgende vergelyking:

(i) In die hulpwerkwoordgroep met die hulpwerkwoordstam -KA kom die ontkenning soos volg voor:

+ Ga_a_ke a tseba 'Hy weet gladnie/nooit'

Die hoofwerkwoord staan in die situatief en die negatiewe uitgang -E realiseer op die hulpwerkwoordstam.

Soortgelyk staan die hoofwerkwoord in die habitualis of konsekuatief in:

Ga_ba_ke ba gwerane 'Hulle is nooit maats nie'
Ga_di_ke tša fula 'Hulle het nooit/gladnie gewei nie'
(vgl. par. 2.1.2.1(a), (b) en (c))

Soms val die klasgebonde onderwerpskakel weg en is die konstruksie ouksiliër-defektief, bv.:

Ga_nke ba sepela 'Hulle loop nooit/gladnie'
Ga_ke ba sepela

Die hulpwerkwoordstam druk emfatisering uit.

(ii) Samestellings met die hulpwerkwoordstam -HLWA/-HLWE kom soos volg voor:

Ga ke hlwe ke bolela

'Ek praat nie gedurigdeur/
nooit nie'

(vgl. par. 2.1.2.3.)

Die hoofwerkwoord staan in die situatief.

Die hulpwerkwoordstam druk voortdurendheid in verskerpte nuanse uit.

Die rekonstruksie van die ontkenning van die indikatief voltooide tyd stem dus struktureel ooreen met die ontkenning van die 'emfatiiese' hulpwerkwoordstam -KA en die 'voortdurendheids'- hulpwerkwoordstam -HLWA / -HLWE, nl.:

* Ga di se tša bolaya (Hoofwerkwoord in die konsekutief)

> Ga se tša bolaya

* Ga di se di bolaye (Hoofwerkwoord in die habitualis)

> Ga se di bolaye 'Hulle het nie doodgemaak nie'

Die negatiewe uitgang -E realiseer op die hulpwerkwoordstam *-SA.

In die volgende konstruksie word 'n statiewe betekenis uitgedruk:

+ Ga se e tlale } 'Hy is nie vol nie'
of + Ga se ya tlala }

Die ontkenning van die identifiserende kopula is staties en druk ook 'n toestand uit, nl.:

* Pere ga e se tonki

> Pere ga se tonki

'Die perd is nie 'n donkie nie'

Op grond hiervan wil dit voorkom of GA- die enigste ontkenningsmeganisme in die struktuur is, en dat SE dan 'n ouksiliêr of formatief van 'n klitiese woord is wat semanties voltooidheid of 'n

statiewe betekenis uitdruk.

Die hipotese word verder versterk deur die alternatiewe ontkenning van die indikatief voltooid tyd wat gevorm word met behulp van die oksiliêr -(Y)A wat voltooidheid of 'n statiewe betekenis uitdruk soos in 2.4.3 uiteengesit.

2.4.3 Die oksiliêr -(Y)A-

Die ontkenning van die indikatiewe perfektum het drie verskillende vorme soos in 2.4.2 aangedui, waarvan die derde vorm en sy variant hier betrekking het, nl.:

+ Ga re a šoma met variant

+ Ga ra šoma 'Ons het nie gewerk nie'

Van Wyk (1955;6) noem die drie ontkenningskonstruksies wisselvorme wat fakultatief gebruik kan word, bv.:

++ Ga se ra šoma

++ Ga se re šome

++ Ga re a šoma/ga ra šoma 'Ons het nie gewerk nie'

Lombard (1976;132) beskou die konstruksie as afkomstig van 'n hulpwerkwoordgroep met die -A as negatiewe hulpwerkwoordstam wat moontlik oorspronklik -YA was waarvan die vokaliëse konsonant weggelaat is.

In hierdie studie word die -A- beskou as 'n oksiliêr waarvan die oorspronklike betekenis nie meer bepaal kan word nie.

As oksiliêr kan -A- in ooreenstemming gebring word met die futurum oksiliêr -TLO- en die persistief oksiliêr -SA-, bv.:

- | | |
|-------------------|--------------------------------|
| + Ga di TLO fula | 'Hulle sal nie wei nie' |
| + Ga di SA sepela | 'Hulle loop nie meer nie' |
| + Ga di A bea mae | 'Hulle het nie eiers gelê nie' |

dan blyk -(Y)A- 'n ouksiliêr te wees wat voltooidheid of 'n statiewe betekenis uitdruk. bv.:

Positief

Ontkenning

(i) Voltooidheid

- | | | |
|------------------------------|---------------------------------|---|
| + Ditonki di gogile
koloi | + Ditonki GA di A gogA
koloi | 'Die donkies het
nie die wa getrek
nie' |
|------------------------------|---------------------------------|---|

(ii) Statiewe betekenis

- | | | |
|-----------------------|-----------------------------|-------------------------------|
| + Selepe se kgalegile | + Selepe GA se A
kgalegA | 'Die byl is nie
skerp nie' |
|-----------------------|-----------------------------|-------------------------------|

In die variant vind daar sametrekking plaas tussen die onderwerpskakel en die ouksiliêr -A-, d.w.s. -re- + -a- > -ra-.

Daar is geen semantiese onderskeid tussen die twee vorme nie en hulle kan fakultatief gebruik word. Omdat die perfektum ook 'n statiewe betekenis het, kan die ontkenning ook 'n statiewe betekenis uitdruk, nl.: 'het nie' teenoor 'was/is nie'.

Die struktuur bestaan uit:

Ontkenningsformatief GA- + onderwerpskakel + ouksiliêr -A- + komplement.

Re a tseba gore ga di a re
lebana

'Ons weet dat hulle nie in
ons rigting gekom het nie'

Dikgomo ga di a fula lehla-
keng

'Die beste het nie in die
afgeoesde lande gewei nie'

+ Ga go a swanela go ba bjalo

'Dit behoort nie so te wees nie'

Die vorm waarin die onderwerpskakel en die ouksiliër saamgetrek het, word meer algemeen gebruik, bv.:

Afa ga wa tšhaba kgolegong?

'Het jy nie uit die tronk ontsnap nie?'

Mme, nna ga ka kwa selo

'Moeder, ek het niks gehoor nie'

Vertalings met statiewe betekenis:

Ga o a swanela go bolela seo

'Jy is nie veronderstel om dit te sê nie'

Ba kae ba ba rego ga tša
mo swanela?

'Waar is die wat sê dit pas hom nie'

Ga gwa hlokwa diššana

'Daar is nie 'n tekort aan weeskinders nie (Daar het nie weeskinders ontbreek nie)'

Die hulpwerkwoordgroep met -KA, wat die emfatiëse ontkenning uitdruk, het deur versmelting en weglating 'n eie ontwikkeling in klas 1 gehad wat as volg voorgestel kan word:

Ontkenningsformatief + onderwerpskakel + ouksiliër -A- + -KA + komplement.

Ga a a ka a lemoga

(vgl. ga di a fula)

Ga a ka a lemoga

(vgl. ga tša fula; die twee a's het dus versmelt tot a)

Ga ka a lemoga

(die a is weggelaat, moontlik om taal-ekonomiese redes)

Voorbeelde:

Mašilo ga ka a lemoga gore
na motho yeo e be e le

'Mašilo kon gladnie agterkom
of daardie mens 'n vrou of man

mosadi goba monna

was nie'

Ge a tšwa ga ka a bonwa
ke motho

'Toe sy uitgaan is sy gladnie
deur iemand gesien nie'

By die bepalende- sowel as die assosiatiewe kopula tree die kopula-
tiewe werkwoordstam -BA (in die indikatief voltooide tydvorm) in 'n
ooreenstemmende konstruksie op. Dit druk in die negatief 'was/het
nie' uit.

Bepalend

+ Monna o bile word in die negatief

+ Monna ga a a ba bohlale

'Die man het nie slim geword
nie'

Vgl. ook:

+ Dikobo ga di a ba meetse

'Die klere het nie nat geword
nie' of 'was nie nat nie'

Assosiatief

+ Lesogana le bile le lehufa
word in die negatief:

+ Lesogana ga le a ba le lehufa

'Die jongman het nie jaloers
geword nie' óf 'was nie jaloers
nie'

Vgl. ook:

+ Dinku ga di a ba le dikwana

'Die skape het nie lammers nie'

Die onderwerpskakel en ouksiliêr trek ook hier saam sodat die volgen-
de verkry word:

+ Pudi ga ya ba le bolwetši

'Die bok het nie siek geword
nie/was nie siek nie'

+ Lesogana ga la ba bohlale

'Die jongman het nie slim ge-
word nie/was nie slim nie'

Hoewel daar in die verlede geen semantiese onderskeid bepaal is tus-
sen die genoemde ontkenningvorme nie (Van Wyk (1955;20) noem dit

bv. dialektiese variante sonder betekenisverskil, en Ziervogel (1976;36) noem dit alternatiewe ontkenning), wil die informant Makitla tog 'n geringe verskil identifiseer. Om die onderskeid aan te dui word dit gekontrasteer met die vorm wat ontken word met die kopulatiewe partikel GA SE. Makitla sien die onderskeid so:

+ Ga se a ba bohlale 'Hy het nie slim geword nie'

Daarmee word bedoel dat hy sedert sy geboorte nie slim geword het nie, oftewel nie verstand gekry het nie.

+ Ga a a ba bohlale 'Hy het nie verstand getoon nie'

m.a.w. hy het iets gedoen wat getoon het dat hy nie verstand het nie.

2.4.4 Die ouksiliêr -TLO-

Die algemene ontkenning van hierdie konstruksie met behulp van -KA SE- sal in Hoofstuk 3 behandel word, tog is dit nodig om hier melding te maak van 'n vorm waarin die ouksiliêr -TLO- behoue bly, en dus heeltemal afwyk van die gewone ontkenning met -KA SE-.

Die ouksiliêr -TLO- het sy oorsprong deur rangverskuiwing uit 'n hulpwerkwoordgroep, nl. hulpwerkwoord + komplementêre werkwoord.

Lombard (1976;150) rekonstrueer die ontwikkeling van die futurum met -TL- soos volg:

- * re tla # go bapala (waarin # 'n woordgrens aandui)
- * > re tla # o bapalag val weg
- > re tlo bapalasamesmelting a + o > ô, en
(ons sal speel) die woordgrens val weg

Hierdie rekonstruksie om rangverskuiwing aan te dui word vir hierdie studie so aanvaar.

Omdat die futurum op gelyke vlak met die persistief (kyk 2.4.1) is wat woordstatus betref, het dit ook dieselfde invloed op die oorspronklike werkwoordgroep waarin dit verskyn, nl.: As eertydse hulpwoord absorbeer dit die negatiewe toonreël en verhoed die werkwoorduitgang se verandering na -E.

Die struktuur is die volgende:

Ontkenningsformatief GA- + onderwerpskakel + ouksiliêr -TLO- + komplement.

Soos aangedui, druk dit die futuritiewe eienskap van 'n proses uit en kan vertaal word met 'sal nie'.

+ <u>Ga di tlo fula</u> ¹⁾	'Hulle sal nie wei nie'
+ <u>Ga a tlo tsamaya</u>	'Hy sal nie weggaan nie'
+ <u>Ga ba tlo bula</u> lešaka	'Hulle sal nie die kraal oopmaak nie'

Hoewel dit hier met die gewone futurum vertaal word, nl. 'sal nie', wil dit voorkom of dit verskil van die ontkenning van die futurum met -KA SE-, wat ook met 'sal nie' vertaal word,²⁾ bv.:

+ <u>Ga di tlo fula</u>	'Hulle sal nie wei nie'
+ <u>Di ka se fule</u>	'Hulle sal nie wei nie'

Volgens inligting, verskaf deur Makitla, kom dit daarop neer dat die handeling soos uitgedruk deur die -TLO- tipe nie sal 'kan' plaas-

1) Die ontkenningvorm van die futurum, nl. Ga di tlo..... kom baie algemeen in Suid-Sotho voor. Vgl. Doke & Mofokeng (1971:208)

2) Kyk 3.4.8.4.

vind nie, maar weens iets anders se toedoen (en nie sy eie nie) verhoed word. Die -KA SE- tipe sal verdere aandag geniet in Hoofstuk 3.

Die voorbeelde word dan soos volg toegelig:

+ Dikgomo ga di tlo fula 'Die beeste sal nie kan wei nie'

Omdat die beeste bv. aangejaag word sal hulle nie kans kry om te wei nie, d.w.s. nie deur eie toedoen nie.

+ Ga a tlo tsamaya 'Hy sal nie kan weggaan nie'

d.w.s omdat hy bv. eers 'n begrafnis moet bywoon sal hy nie weggaan nie; weer eens nie deur sy eie toedoen nie.

Dit blyk dat -TLA- nie in 'n soortgelyke konteks kan optree nie.

Hierdie ontkeningsvorm van die futurum kom baie selde voor en kan ook moontlik as 'n dialektiese vorm beskou word.

2.4.5 Kasualis ouksiliêre

Onder 'kasualis ouksiliêre' word -FO-, -NO- en -DIA- of -DIO- geklassifiseer as ouksiliêre met gestabiliseerde betekenis.

Die genoemde ouksiliêre word deur Ziervogel (1976;98) en Van Wyk (1955;31) beskryf as hulpwerkwoorde wat versmelt het met die infinitiefprefiks GO-. Die versmelting het plaasgevind met die volgende hulpwerkwoordstamme:

-dia (variant van -dira 'doen') + GO- > -DIÔ- (wat ook as -DIA- voorkom in o.a. Setlokwa).

-fa + GO- > -FÔ- (-fa moontlik 'gee')

-na + GO- > -NÔ- (-na moontlik 'wees/wees met')

Hoewel die kasualis oksiliêre nog hulpwerkwoordkenmerke het, toon dit ook duidelik morfeemkenmerke soos blyk uit die volgende:

(a) Morfeemkenmerke: Dié oksiliêre is nie omstelbaar nie en slegs vervangbaar met en skeibaar deur 'n ander oksiliêr. Dit het daarom nie woordstatus nie.

(b) Hulpwerkwoordelike kenmerke:

(i) Dié oksiliêre absorbeer die negatiewe toonreël en verhoed die werkwoorduitgang se verandering na -E, bv.:

+ Ga re dio lesA mošomo 'Ons los nie sommer net die werk nie'

(ii) Hulle neem die relatiefsuffiks -GO, bv.:

+ Bana ba ba foGO bapala 'Die kinders wat sommer by die rivier speel'
nokeng

(iii) -FO- kan ook in die perfektum verskyn as -FILO-, bv.:

+ Dikgomo ga di FILO hwa 'Die beeste het nie sommer net gevrek nie'

Die struktuur van alle oksiliêre konstruksies hier genoem is dieselfde, nl.:

Ontkenningsformatief GA- + onderwerpskakel + kasualis oksiliêr + komplement.

In konstruksies wat ander oksiliêre insluit, tree een oksiliêr op as komplement van die ander oksiliêr. Die tweede oksiliêr word ingevoeg tussen die onderwerpskakel en die kasualis oksiliêr, bv.:

+ Dikgomo di no fula 'Die beeste wei sommer'

+ Dikgomo di sa no fula 'Die beeste wei sommer nog'

Elke oksiliêr sal afsonderlik behandel word om die betekenis toe te lig.

2.4.5.1 Die ouksiliêr -DIA- of -DIO-

In sommige dialekte van Noord-Sotho soos bv. Setlokwa word die werkwoordstam -DIA gebruik vir -DIRA 'doen'. Die werkwoordstam -DIRA/-DIA word hier doelbewus net vertaal met 'doen' en nie 'werk' soos dikwels aangedui nie. Die feit dat die werkwoordstam reeds 'n betekenisverskuiwing ondergaan het is moontlik ook 'n bewys dat die ouksiliêr -DIA-/-DIO- werklik sy oorsprong in die werkwoordstam -dira het. 'Werk' word uitgedruk deur die werkwoordstam -šoma, bv. op die vraag:

+ "O dirang?" 'Wat doen jy?', sal die antwoord wees
 + "Ke a šoma" 'Ek werk', en nie "Ke a dira" nie.

Voorbeelde van die gebruik van die werkwoordstam -DIA as selfstandige werkwoord bv. in Setlokwa (Moloiši 1953;32):

Ge nka be ke sešo <u>ka dia</u> ke motho matete nka be ke sa šome mošomo o ke o šomang lehono	'As ek nooit deur 'n mens gekul is nie sou ek nie die werk gedoen het wat ek vandaag doen nie'
+ <u>O dia</u> bošae di ge o ka utswa kgomo ¹⁾	'Jy doen 'n onbesonne daad as jy 'n bees steel'
+ <u>Ba diang</u> gae?	'Wat doen hulle by die huis?'

In die proses van rangverskuiwing tot ouksiliêr het dit die betekenis van kasualiteit of ongeërgdheid, nl. 'nie sommer/slegs/eenvoudig net nie' gekry, bv.:

+ Bana <u>ga ba dio tsena</u> sekolo, ba yo ithuta	'Die kinders gaan nie sommer net skool nie, hulle gaan om te leer'
+ Pela <u>ga e dio ora</u> letšatšī	'Die dassie bak nie slegs/sommer net in die son nie'

1) Dia - algemeen gebruik in Setlokwa.

Ditau ga di dio bolaya
diphoofolo ge di se di
swarwe ke tlala

'Die leeus maak nie sommer
net die wild dood as hulle
nie honger is nie'

Afa ga ke dio lora?

'Droom ek nie sommer dalk nie?'

Iets buitengewoons wat aangetref is, is dat -DIA- ook as ouksiliêr in die imperatief gebruik kan word in Setlokwa, bv.

Rafapa (1978;31 en 33)

Dia tla mo, nqwanaka o tla
dia boa

'Kom sommer gou hier my kind,
jy kan sommer weer teruggaan'

Dit kan moontlik as volg gerekonstrueer word:

* Dia go tla mo

'Maak (gou) om hier te kom'

> Dia tla mo

weglating van infinitiefprefiks GO-
'Kom sommer gou hier'

2.4.5.2 Die ouksiliêr -FO-

In die inleidingsparagraaf by 2.4.5 is aangedui dat die oorsprong van die ouksiliêr die samesmelting van 'n hulpwerkwoordstam -FA + die infinitief GO- is, nl. -FA + GO- > -FÔ-, en dat dit moontlik afkomstig is van 'n hulpwerkwoordstam -FA.

Van Wyk (1958;331) verklaar die stelling op grond daarvan dat die ouksiliêr nog in konstruksies in die indikatief voltooide tyd, die relatief en imperatief voorkom waarin alle aanduidings is dat dit afgelei is van 'n hulpwerkwoordstam -FA, bv.:

O filo dira

'Hy het maar net gewerk'

Motho yo a fogo dira/Motho
yo a fo dirago

'Iemand wat maar net doen'

Efo dira

'Doen maar net'

Aangesien die betekenis van die oksiliêr geen verband meer het met die oorspronklike betekenis van die werkwoordstam waaruit dit vermoedelik afgelei is nie, en dit verder ook dieselfde uitdruk as die oksiliêr -DIO- 'nie sommer/sondermeer/net nie' sal dit vergesog wees om te beweer dat die oorspronklike werkwoordstam wel -FA was.

Voorbeelde:

+ Banna <u>ga ba fo etela</u> , ba yo nwa bjalwa	'Die mans kuier nie sommer net nie, hulle gaan bier drink'
Ge sepoko se rotoga <u>ga re</u> <u>fo tšhaba</u>	'As die spook sy verskyning maak hardloop ons nie som- mer net/sondermeer weg nie'
+ <u>Ga le fo bina</u> fela	'Julle dans nie sondermeer net nie'

2.4.5.3 Die oksiliêr -NO-

Net soos in die geval van die oksiliêr -FO- is dit duidelik dat hierdie oksiliêr sy oorsprong het in die samesmelting van 'n hulpwerkwoordstam -NA met die infinitief, nl.:

-NA + GO- > -NÔ-

Weer eens kan die oorsprong van die hulpwerkwoordstam nie met sekerheid bepaal word nie, aangesien die vermeende oorspronklike werkwoordstam skynbaar heeltemal in onbruik geraak het.

Van Wyk (1955) gaan van die veronderstelling uit dat dit afgelei is van die hulpwerkwoordstam -NA 'wees met' wanneer hy daaroor sê:

Wanneer -na deur die infinitief gevolg word, trek die konstruksie saam tot 'n saamgetrekte werkwoord, en dui dit 'net/sommer/maar/eenvouding' aan. (p. 43)

In die ontkenning druk dit 'nie net/sommer/maar/eenvoudig nie' uit,
bv.:

Banna ga ba no bolela, ba a
omana

'Die mans gesels nie sommer
maar net nie, hulle skel op
mekaar'

Ga ba no ja nama ya batho

'Hulle eet nie sommer maar
net mensvleis nie'

Phukubje ga e no dikella
dikgaka

'Die jakkals beweeg nie som-
mer maar net om die tarenta-
le nie'

Banna ga ba no dula ba se
na molato

'Die mans sit nie maar sommer
net sonder moeilikheid nie'

Hoewel die kasualis ouksiliêre -DIO-, -FO- en -NO- nie dieselfde oorsprong het nie, het hulle tog dieselfde betekenis. Benewens die rangverskuiwing waardeur die woorde gedegradeer het tot ouksiliêre, moes daar ook 'n semantiese verskuiwing plaasgevind het deurdat die stamme hulle oorspronklike betekenis totaal ingeboet het en 'n eenvormige betekenis aangeneem het. Een informant hou voor dat die drie vorme dialekties gebruik word.

2.4.6 Die emfatiese ouksiliêr -KA-

Onder 2.4.3 is die moontlike ontwikkeling voorgestel van die vorm

Mašilo ga ka a lemoga

'Mašilo kon gladnie agter-
kom

Semanties druk die konstruksie 'n emfatiese ontkenning uit wat vertaal kan word met 'gladnie'.

In die beskrywing onder 2.4.3 word geïmpliseer dat die onderwerp

nog met die werkwoord kongruer, en dat -KA in rang verskuif het tot ouksiliêr. -KA is dus hier 'n ouksiliêr wat saam met die ontkenningsformatief GA- voorkom, en die konstruksie is ouksiliêr-defektief.

Omdat -KA- 'n ouksiliêr is wat 'n emfatiëse ontkenning uitdruk, word voorgestel dat die term 'emfaat' aan dié ouksiliêr gekoppel word.

Dieselfde voorbeelde word aangehaal, nl.:

Mašilo ga ka a lemoga gore na
motho yeo e be e le mosadi
goba monna

'Mašilo kon gladnie vasstel
of daardie mens 'n vrou of
man was nie'

Ge a tšwa ga ka a bonwa ke
motho

'Wanneer sy uitgaan is sy
gladnie deur iemand gesien
nie'

2.5 SAMEVATTING

Die ontkenningsformatief GA- is die formatief waarmee, op 'n enkele uitsondering na, die indikatief ontken word.

Die ontkenning met die potensiale ouksiliêr -KA- word nie met GA- gevorm nie. Dit neem nie GA- nie omdat nie -KA- nie, maar die komplementêre werkwoord ontken word, nl.:

+ Di ka SE fule

'Hulle sal/mag nie wei nie'

(par. 2.4.4.)

Op grond van die afwesigheid van GA- is dit duidelik dat die komplementêre werkwoord nie oorspronklik in die indikatief voorgekom het nie. Dit word in Hoofstuk 3 behandel onder ontkennings met -SE-.

Hierdie ontkenning word ook vir die negatief van die futurum gebruik.

Die semanties ooreenstemmende ontkenning met die futurum oksiliêr is 'n variant vir die voorafgaande ontkenning, nl.:

+ GA di TLO fula 'Hulle sal/mag nie wei nie'
(par. 2.4.4.)

2.5.1 Strukturele kenmerke

Die vormlike kenmerke kan saamgevat word in drie hoofpunte, nl. die werkwoorduitgang, werkwoordkonstruksies met oksiliêre, en saamgestelde werkwoordkonstruksies.

2.5.1.1 Die werkwoorduitgang

(a) Die uitgang -E

Die werkwoorduitgang -E is nie 'n ongekwalfiseerde kenmerk van die ontkenning van die indikatief onvoltooide tyd met die ontkenningsformatief GA- nie. Die uitgang -E is slegs konkomitant met die ontkenningsformatief GA- vir enkelwerkwoordstamme. Hiermee word bedoel dat:

- (i) In 'n enkelwerkwoordkonstruksie is die uitgang van die werkwoordstam -E, bv.:

+ Ga ke tsebE 'Ek weet nie'
(par. 2.1.1.1.)

- (ii) In saamgestelde werkwoordkonstruksies word die eerste werkwoord (d.w.s. die hulpwerkwoord) ontken. Die daaropvolgende werkwoord(e) (d.w.s. die komplementêre werkwoord) is in die positief sonder beïnvloeding deur die ontkenningstrategie, bv.:

Mošate ga_o_ke_o_fošā 'Die hoofstat maak nooit
'n fout nie'
Bana ga_ba_tsebe_go 'Die kinders kan nie skryf

ngwala

nie'

(par. 2.1.2.1.)

(b) Die uitgang -A

Die enkelwerkwoordstam -NA behou sy uitgang in die ontkenning, blykbaar as gevolg van verstarring van die uitgang, bv.:

+ GA di nA meetse 'Hulle het nie water nie'

(par. 2.2.1.1.)

2.5.1.2 Werkwoordkonstruksies met oksiliêre

(a) Saam met 'n negatiewe oksiliêr

Normaalweg is GA- voldoende om die ontkenning te vorm. In sommige ontkenningskonstruksies word GA- deur 'n negatiewe oksiliêr 'ondersteun'. Die konstruksie kan oksiliêr-defektief wees waar die oksiliêr sy onderwerpskakeel ingeboet het, of dit kan komplementêr-defektief wees waar die morfeemverlies by die hoofwerkwoord plaasgevind het. Die konstruksie is beperk tot die voltooide tyd.

(i) Met die ontkenningsouksiliêr -SE-, bv.:

+ GA SE ra šoma } 'Ons het nie gewerk nie'
+ GA SE re šome } (par. 2.4.2.)

(ii) Met die ontkenningsouksiliêr -(Y)A-, waarin die hoofwerkwoord in die proses van rangverskuiwing sy onderwerpskakeel verloor het, bv.:

+ GA re A šoma 'Ons het nie gewerk nie'

Hierdie konstruksies is egter niks anders as saamgestelde werkwoordkonstruksies wat deur rangverskuiwing hulle status as woordgroepe ingeboet het nie.

(b) Met verstarring of versmelting

Waar die werkwoordstam optree in 'n konstruksie met 'n ouksiliêr soos die persistief, futurum of ander ouksiliêre, word die negatiefstrategie deur die ouksiliêr geabsorbeer en behou die ouksiliêr sy slotvokaal en die ouksiliêre komplement sy uitgang soos in die positief. Morfeemverlies vind plaas by die ouksiliêre komplement.

(i) By die persistief het verstarring plaasgevind van die uitgang -A, nl.:

+ Dipholo GA di sA fulA 'Die osse wei nie meer nie'
(par. 2.4.1.)

(ii) By die futurum en ander ouksiliêre is die onveranderde slotvokaal toe te skryf aan versmelting, nl.:

+ Batho GA ba tlo rekA dijo 'Die mense gaan nie/sal nie
tše hierdie kos koop nie'
+ Barutwana GA ba diO bapalA 'Die leerlinge speel nie
fela sommer net nie'
(par. 2.4.4.)

2.5.1.3. Saamgestelde werkwoordkonstruksies

(a) Verstarring

In sekere hulpwerkwoordgroepe met hulpwerkwoordstamme wat die onveranderlike uitgang -E het, behou die komplementêre werkwoord die uitgang -E, maar daar is geen bewyse dat dit die negatiefuitgang -E is nie. Dit is waarskynlik 'n versterkte habituele uitgang, bv.:

-TLE: GA a TLE a fihle }
-YE: GA a YE a fihle } 'En hy kom gewoonlik nooit'

By die hulpwerkwoordstam -EŠO/-SEŠO is die slotvokaal -O waarskynlik toe te skryf aan elisie soos gepostuleer in 2.2.2.2. In hierdie geval absorbeer die hulpwerkwoordstam ook die negatiewe uitgang.

(b) Gedeeltelike verstarring

Die feit dat die hulpwerkwoordkern -HLW- die uitgange -A en -E fakultatief gebruik, dui daarop dat dit waarskynlik in die proses van rangverskuiwing verkeer en daarom nog soms optree as hulpwerkwoord met die uitgang -E, maar ook reeds neig na oksiliêr en gevolglike verstarring wanneer dit die uitgang -A behou in 'n hulpwerkwoordgroep. (2.1.2.3.)

Die volgende faktore is dus daarvoor verantwoordelik dat die negatiewe uitgang -E nie realiseer nie:

- (i) Verstarde uitgange van hulpwerkwoorde en oksiliêre,
- (ii) Uitgange van hulpwerkwoorde en slotvokale van oksiliêre wat versmelt het.

Opsommend kan dus verklaar word dat die negatiewe werkwoorduitgang van die indikatief -E is in 'n enkelwerkwoordkonstruksie (uitgesonderd -NA). Omdat 'n sin in Noord-Sotho baie selde uit 'n enkelwerkwoordstam bestaan, maar gewoonlik gestruktureer is uit 'n woordgroep, veroorsaak die bogenoemde faktore dat die werkwoorduitgang nie -E is nie. Gevolglik is die gevalle waar die negatiewe uitgang -E realiseer in die minderheid.

2.5.2 Semantiese kenmerke

Uit die ondersoek het daar ook sekere semantiese kenmerke uitgekristalliseer. In hierdie verband val die klem op polisemie (betekenisverskuiwing) en emfatisering. 'n Duidelike onderskeid kan bepaal word tussen hulpwerkwoorde en oksiliêre of formatiewe.

2.5.2.1 Polisemie

Selfstandige werkwoordstamme wat as hulpwerkwoord in 'n hulpwerkwoordgroep optree verloor hulle selfstandige betekenis en neem 'n verbandhoudende betekenis aan, bv.:

-rata - 'liefhê, hou van'

(par. 2.1.2.4)

Bana ga ba rate go bapala - 'Die kinders hou nie daarvan
Bana ga ba rato bapala - om te speel nie'

- nyaka - 'soek'

Dinku ga di nyake go dula 'Die skape wil nie in die kraal
lešakeng bly nie'

Dinku ga di nyako dula
lešakeng

-dula - 'sit'

Ga re dule re tsoma ngwaga 'Ons jag nie dwardsdeur die
ka moka jaar nie (Ons jag nie gedu-
rig die hele jaar nie)'

2.5.2.2 Emfatisering

As daar gelet word op die semantiek van die voorbeelde hierbo dan wil dit voorkom of daar ook polisemie plaasvind saam met die verskuiwing in woordstatus. In die geval van die hulpwerkwoordstam -HLWA/-HLWE wat 'n dubbelslagtige status beklee, nl. hulpwerkwoord en ouksiliêr, kom dit ook in die betekenis uit. Dit druk in die ontkenning 'nie voortdurend/gedurigdeur nie' uit, maar begin die neiging toon om ook die emfatiëse ontkenning uit te druk, bv.:

Ya ba gona moo, magobe a ripša, 'Van toe af is die pap gesny,
ga a sa hlwe a ngwathiwa dit word nooit meer afgebreek
nie' (Vgl. par. 2.1.2.3.)

Die meeste hulpwerkwoordstamme in Noord-Sotho het nie 'n selfstandige betekenis nie en kan slegs in 'n hulpwerkwoordgroep gebruik word. Die kern is dat sulke hulpwerkwoordstamme nie net hulle selfstandige betekenis ingeboet het nie, maar dat dit 'n gemeenskaplike semantiese karakter dra, omdat almal 'n emfatiese ontkenning uitdruk.

Voorbeelde:

Yena <u>ga a ke a bolela</u> gabedi	'Hy praat nooit tweemaal nie'
<u>Ga ke tle ke mmone</u>	'Ek sien hom nooit nie'
Letšatšī leo <u>ga gwa ka gwa ba</u> bjalo	'Op daardie dag was dit glad- nie so nie' (Vgl. par. 2.1.2.1., 2.1.2.2. en 2.2.2.3.)

2.5.2.3 Polisemie plus emfatisering

Die hulpwerkwoordstam -EŠO/-SEŠO bevat netsoos -HLWA/-HLWE albei kenmerke. Dit druk die negatief uit van 'n voltooide voortdurende handeling, nl. 'het nog nie', maar dikwels ook 'het nog nooit nie' bv. (2.2.2.2.):

Nna <u>ga ke ešo ke mmone</u> , e bile ga ke dume go mmona	'Ek het hom nog nooit ge- sien nie, en ek het ook geen begeerte om hom te sien nie'
---	--

2.5.2.4 Gestabiliseerde betekenis

Die ouksiliêr -TLO- kan nog gebruik word as selfstandige werkwoordstam in die vorm -TLA + GO- 'kom om te'. As gevolg van die rangverskuiwing na ouksiliêr het dit ook polisemie ondergaan en neig dit na 'n morfeem met 'n gestabiliseerde betekenis 'sal', bv.:

Ga di tlo fula	'Hulle sal nie wei nie'
----------------	-------------------------

Die oksiliêre -SA- (persistief) en -FO-, -NO- en -DIO- (kasualis) het 'n gestabiliseerde betekenis wat gladnie meer verband hou met die oorspronklike werkwoordstam waarvan dit afgelei is nie. Laasgenoemde drie druk in die ontkenning almal 'nie sondermeer nie/nie sommer net nie' uit. Dit laat die gedagte ontstaan of daar nie nog 'n verdere stap in polisemie bestaan waar die oksiliêre of formatiewe 'n gemeenskaplike betekenis aanneem nie.

ONTKENNINGS MET SE

Aangesien die ontkenningstrategie met SE nie in hoofsaak beperk is tot een modus soos die ontkenningsformatief GA- beperk is tot die indikatief nie, sal dit nodig wees om onder hierdie ontkenningsmeganisme meer dikwels te verwys na die modi waarin dit voorkom en die struktuur wat dit in die onderskeie modi het.

Die ontkenningstrategie wat teweeggebring word met behulp van SE kom in die volgende nie-indikatiewe modi voor: situatief, subjunktief, infinitief, relatief, kondisionalis, konsekatief en imperatief. Alhoewel die hortatief beskou word as 'n geïntegreerde deel van die subjunktief, word dit afsonderlik behandel om die vorm van die hortatief uiteen te sit.

Sommige werkwoorde in Noord-Sotho het al die stadia van rangverskuiving deurloop vanaf werkwoord - hulpwerkwoord - ouksiliêr - morfeem (formatief), terwyl ander in 'n sekere stadium verstar het.

Die ontkenningsmeganisme SE kom in al hierdie stadia voor:

- (a) As werkwoordstam in die kopula;
- (b) As hulpwerkwoordstam in die situatiewe en relatiewe perfektum;
- (c) As ouksiliêr in die indikatiewe perfektum;
- (d) As ontkenningsformatief in 'n groot verskeidenheid modi en tye en saam met ander ouksiliêre.

Benewens hierdie rangorde kom SE ook voor as 'n formatief in 'n kli-tiese woord, soos verder in 3.3.2. beskryf word.

Om 'n duidelike beeld te gee van die struktuur en funksies van dié ontkenningse meganisme word dit vervolgens behandel in die volgorde soos hierbo aangedui.

3.1 -SE AS ONTKENNENDE WERKWOORDSTAM

In die kopula word -SE as ontkenkende werkwoordstam gebruik om 'nie wees nie' uit te druk in die situatiewe en relatiewe modi. Die realisering as werkwoordstam kom voor in die identifiserende en bepalende kopula. Die ontkenning word gevolglik bespreek volgens die betrokke modi met afsonderlike hantering van die identifiserende en bepalende kopulas.

3.1.1 In die situatiewe kopula

Die ontkenkende werkwoordstam -SE realiseer in sowel die identifiserende as bepalende kopulas as selfstandige werkwoord sowel as komplementêre werkwoord. Dit word hierin verder as sodanig uitgelig.

3.1.1.1 Identifiserend

Die onderwerpskakel van die identifiserende kopula is die kongruerende onderwerpskakel vir die 1^e en 2^e persoon en die naamwoord-klasse neem die onverbonde onderwerpskakel E- in die situatief, onvoltooide tyd.

(a) As selfstandige werkwoord:

Die negatief van die kopula in die situatief onvoltooide tyd word gevorm met die ontkenkende werkwoordstam -SE wat die werkwoordstam

-LE in die positief vervang, en dit druk die ontkenning 'is nie' of 'buiten/behalwe' uit.

Struktuur:

Onderwerpskakel (kongruerend vir 1^e en 2^e persoon en E- vir naamwoordklasse) + -SE (+ kopulatiewe komplement).

Voorbeelde met 1^e en 2^e persoon as onderwerp:

- + Ge ke se moruti 'As ek nie predikant is nie'
+ Ge o se ngwana 'As jy nie 'n kind is nie'

Voorbeelde met naamwoordklasse as onderwerp:

- Ba ka ditelwa keng ge mošomo 'Wat kan hulle ophou as hul-
wa bona e se go lema? le werk nie is om te ploeg
nie?'
- Go be go se motho yo 'Daar was nie 'n mens wat weet
a tsebago ge e se behalwe/buiten Pududu nie'
Pududu
- A ka itiwa ke motho 'Mag hy deur iemand behalwe
e se motswadi wa sy ouers getug word?'
gagwe?
- Dikgomo tšohle di ile 'Al die beste is veld
nageng ge e se dinamane toe behalwe/buiten die
kalwers'

(b) As komplementêre werkwoord

Die situatiewe identifiserende en beskrywende kopulatiewe werkwoordstam -SE kom in Noord-Sotho baie algemeen as komplement in 'n hulpwerkwoordgroep voor met die hulpwerkwoordstam -BE as perfektumvorm van -BA 'wees/word'. Dit staan bekend as die "voortgaande" of "-be-"-verlede tyd.

Die kopulatiewe werkwoordstam -SE sowel as die hulpwerkwoordstam -BE neem die onverbonde onderwerpskakele E- vir die naamwoordklasse en die kongruerende onderwerpskakele vir die 1^e en 2^e persoon. Die struktuur, wat 'was nie' uitdruk is soos volg saamgestel:

Onderwerpskakele E- of onderwerpskakele vir 1^e of 2^e persoon + -BE + ooreenstemmende onderwerpskakele + -SE (+ kopulatiewe komplement).

Voorbeelde met 1^e en 2^e persoon as onderwerp:

+ Ge ke be ke se moruti

'As ek nie 'n predikant was nie'

+ Ge lena le be le se digole

'As julle nie kreupeles was nie'

Voorbeelde met onderwerpe uit naamwoordklasse:

Ga ba bone selo le ge
e be e se difofu

'Hulle sien niks selfs al was hulle nie blindes nie'

Motse e be e se wo mogolo,
le batho ba gona e be e se
ba bantši

'Die stat was nie groot nie en die inwoners nie baie nie'

3.1.1.2 Bepalend

Die onderwerpskakele van die bepalende kopula is die onderwerpskakele wat verband hou met die onderwerp se klas of persoon. Ook hier word onderskeid gemaak tussen -SE as selfstandige werkwoordstam en as komplementêre werkwoordstam.

(a) As selfstandige werkwoord:

Die ontkenning word gevorm met die ontkennende werkwoordstam -SE wat die werkwoordstam -LE vervang en dit druk 'is nie' uit.

Struktuur:

Onderwerpskakel wat verband hou met onderwerp of persoon + -SE
(+ kopulatiewe komplement).

O ka se mo kgone ke se
gona

'Jy sal hom nie hanteer as
ek nie by is nie'

Gomme ge o se lehlogonolo
le hlogo e ka kobega

'En as jy nie gelukkig is nie
sal jy moed verloor'

Ka morago ga matšatšī
a se makae

'Na 'n paar dae'

Ra tseba go se nene
fela ka tumelo ya bona

'Toe weet ons net 'n bietjie
van hulle geloof'

Ake o eme go se nene

'Wag asseblief net so 'n bietjie'

'NENE' wat in die laaste twee voorbeelde voorkom beteken waarskynlik 'baie'. Dit is 'n nominale stam wat slegs ná die bepalende kopula gebruik word en druk in die ontkenning 'bietjie' uit.

Konstruksies met die onbepaalde onderwerpskakel druk 'daar is nie' uit, bv.:

Ge go se lentšū le le
tšwago ka ganong

'As daar nie 'n woord is wat
uit die mond kom nie'

Ka bona ke wela fase ka
robega monwana go se
selo se se nkgopilego

'Toe sien ek dat ek op die
grond val en my vinger breek
sonder enige oorsaak (Toe
sien ek dat ek op die grond
val en my vinger breek terwyl
daar nie iets is wat my ge-
pootjie het nie)'

Waar die assosiatiewe partikel LE saam met hierdie konstruksie gebruik

word, druk dit 'selfs/nie eens nie' uit. Die LE word ingevoeg tussen die ontkennde werkwoordstam -SE en die assosiatiewe komplement.

Voorbeelde:

Ra hwetša go se le
motho

'Toe vind ons dat daar selfs
nie 'n mens is nie'

(b) As komplementêre werkwoord:

-SE tree ook hier, net soos by die identifiserende kopula, op as komplementêre werkwoord tot die hulpwerkwoordstam -BE en dit druk ook 'was nie' uit.

Struktuur:

Onderwerpskakel wat verband hou met die onderwerp se klas of persoon + -BE + die ooreenstemmende onderwerpskakel (of sy variant in die geval van klas 1) + -SE (+ kopulatiewe komplement).

Kgole le bogoši o be a se
kgole

'Hy was nie ver van die
koningskap af nie'

Re di tlogetše ka gore di
be di se kgauswi

'Ons het hulle agtergelaat
want hulle was nie naby
nie'

Ka ge a be a se bohlaale o
paletšwe sekolong

'Omdat hy nie slim was nie
het hy gedruip in die skool'

O be a mo rata bjalo, ka
gobane, go be go se molao
o mongwe woo o beilwego
ke monna wa gagwe

'Sy het hom so lief gehad
omdat daar geen ander reëls/
beperkings deur haar man
opgelê was nie'

3.1.2 In die relatiewe kopula

Die ontkennde werkwoordstam -SE realiseer ook in die relatief. Die werkwoordelike eienskap van die werkwoordstam kom nog duideliker na vore in die relatief deurdad -SE die relatiewe agtervoegsel neem. Dit is hier dus relatiewe werkwoordstam.

Daar word weer eens onderskei tussen die identifiserende kopula en die bepalende kopula op grond van die gebruik van die onverbonde onderwerpskakel E- in die identifiserende kopula in die geval van die naamwoordklasse, maar die 1^e en 2^e persoon neem die onderwerpskakel van die persoon, terwyl die bepalende kopula die onderwerpskakel neem wat verband hou met die klas of persoon.

3.1.2.1 Identifiserend

(a) As selfstandige werkwoord:

Die struktuur druk 'wat nie is nie' uit en word soos volg saamgestel:

Onderwerpskakel (onverbonde E- vir naamwoordklasse óf kongruerend vir persone) + -SE met relatiewe agtervoegsel -GO/-NG (+ kopulatiewe komplement).

Voorbeelde:

Monna yo e sego moruti

'Die man wat nie predikant is nie'

Taodišong ye re tla
bolela ka lapa; e sego
ka mokgwa wo le bopilwego
ka wona

'In hierdie opstel sal ons praat oor die lapa; nie oor die manier waarop dit gebou is nie

Ka ponyo ya mahlo e seng ka
pelo

'Met die knip van die oë,
nie met die hart nie'

Gomme wa dula go bona gore
mang le mang a bolele ka
polelo yeo e seng ya gabo

'En toe sien jy dat elkeen
praat 'n taal wat nie hul-
le eie is nie'

(b) As komplementêre werkwoord:

Waar -SE in 'n relatiefkonstruksie voorkom as komplementêre werk-
woord in 'n hulpwerkwoordgroep met die hulpwerkwoordstam -BE, neem
die hulpwerkwoordstam normaalweg die relatiefsuffiks -GO/-NG. Die
struktuur druk die ontkenning van 'n statiewe toestand uit wat ver-
taal kan word met 'wat nie was nie'.

Struktuur:

Onderwerpskakeel (onverbonde E- vir naamwoordklasse óf kongruierend
vir persone) + -BEGO/-BENG + onderwerpskakeel (onverbonde E- vir naam-
woordklasse óf kongruierend vir persone) + -SE + komplement.

+ Batho ba e bego e se
digole

'Die mense wat nie kreupeles
was nie'

Die relatiefsuffiks kan ook aan die komplementêre werkwoord gesuffi-
geer word. Sover vasgestel kon word is daar nie 'n semantiese onder-
skeid tussen die twee vorme nie.

Struktuur:

Onderwerpskakeel + -BE + onderwerpskakeel + -SEGO/-SENG + komplement.

+ Batho ba e be e sego
digole

'Die mense wat nie kreupeles
was nie'

Waar die assosiatiewe partikel LE saam met die kopulatiewe werkwoord-

stam gebruik word, druk dit 'n emfatiese ontkenning uit, bv.:

Ge re ka botšā kgarebe
goba lesogana ba mengwaga
ya go feta lesome gore o
kile a ba ngwana wa go
nkga mekgato, o tla re:
"E sego le nna"

'As ons vir 'n dogter of seun
van oor die tien jaar sou
sê dat hy/sy ook eens op 'n
tyd 'n kind was wat na moeders-
melk stink, sal hy sê' "Defi-
nitief nie ek nie"

3.1.2.2 Bepalend

Die onderwerpskakel van die bepalende kopula is die onderwerpskakel
wat verband hou met die onderwerp se klas of persoon.

(a) As selfstandige werkwoord:

Met die uitsondering van die onderwerpskakel is die struktuur die-
selfde as vir die identifiserende kopula, en dit druk 'is nie' uit,
nl.:

Onderwerpskakel wat verband hou met die klas of persoon + -SE met
relatiefagtervoegsel -GO/-NG (+ kopulatiewe komplement).

Dithuto tsěo di sego gona

'Daardie lesse wat nie daar
is nie'

Gona fao batho ba sego
kgauswi

'Net daar waar die mense nie
naby is nie'

Ga go motho yo a ka
phethago modiro o
mothata go sego ka
kgotlelelo

'Daar is nie 'n mens wat 'n
moeilike werk kan verrig
behalwe deur volharding
nie'

Go sego bjalō ba ka se
sa mmona

'Terwyl dit nie so is nie
sal hulle hom nie meer
sien nie'

Monna yo a a hlokomelwego
e sa le bjale - go sego
bjalo, lešaba le fedile

'Die man wat hulle nou nog
oppas/dophou - as dit nie
so is nie, is die menigte
klaar'

(b) As komplementêre werkwoord:

Die struktuur waarin -SE as komplementêre werkwoord in die bepalende kopula optree saam met die hulpwerkwoordstam -BE, verskil van die ooreenstemmende struktuur in die identifiserende kopula alleen in soverre dit die onderwerpskakels betref. Semanties druk dit ook die ontkenning van 'n statiewe toestand uit, en kan vertaal word met 'wat nie was nie'.

Voorbeelde:

+ Dithabeng tše di bego di se
kgole

ōf

+ Dithabeng tše di be di sego
kgole

'By die berge wat nie
vêr was nie'

3.2 -SE AS ONTKENNENDE HULPWERKWOORDSTAM

As ontkennde hulpwerkwoordstam is -SE morfotonologies baie breedvoërig beskryf deur Lombard (1976; 118 e.v.). In sy ondersoek van die tonologie van die ontkenning onderskei hy tussen twee tipes ontkennings met -SE as hulpwerkwoordstam, nl. 'n konsektiewe tipe en 'n habituele tipe. Hy onderskei die twee tipes op grond daarvan dat by die konsektiewe tipe die hoofwerkwoord in die konsektief is, en by die habituele tipe is die hoofwerkwoord in die habitualis.

Daar word in hierdie studie aangesluit by dié benadering en gevolglik word hier ook tussen die konsektiewe tipe en die habituele tipe onderskei.

In hierdie konteks word -SE as ontkennde hulpwerkwoordstam geklas-

sifiseer omdat dit voorkom in hulpwerkwoordgroepe waarin -SE die hulpwerkwoordstam is en dit gevolg word deur 'n komplementêre of hoofwerkwoord. Verder wys Lombard daarop dat:

Die feit dat die konsekatiewe komplementêre werkwoord egter nie deur die negatiewe stamreël bewerk word nie, bevestig dat -se 'morfotonologies negatief' is. (1976;119)

Anders as in die indikatief, waar die hulpwerkwoordstam ontken word, neem die hulpwerkwoordstam as sodanig die ontkenning in die situatief en relatief perfektum terwyl in albei gevalle die hoofwerkwoord in sy positiewe vorm behoue bly.

3.2.1 Situatief perfektum

Albei tipes kom in die situatief perfektum voor. ' Van Wyk (1955;9) beskou die twee ontkenningstipes as wisselvorme wat fakultatief gebruik kan word sonder enige semantiese onderskeid. Dit is 'n blote ontkenning van die positief wat 'nie' uitdruk.

3.2.1.1 Konsekatiewe tipe

Die struktuur is soos volg:

Onderwerpsskakel + -SE + hoofwerkwoord in die konsekatief.

Ge <u>a se</u> a nyalwa	'As sy nie getroud is nie'
Ge <u>a se</u> a ya felo	'As hy nie iewers heen gegaan het nie'
Nkabe <u>le se</u> la phethega	'Sou julle tog net nie reeds afgehandel het nie'
Ge <u>re se</u> ra wela le yena	'As ons nie saam met hom in geval het nie' (in die stamskool)

Die ontkennde hulpwerkwoordstam -SE kan in saamgestelde tydvorme voorkom saam met ander hulpwerkwoordgroepe wat vóór of ná die ontkennde hulpwerkwoord optree. Dit is veral die tydvormende hulpwerkwoordstam -BA wat in sulke woordgroepe verskyn.

Dat -SE morfologies negatief is word weer eens bevestig deur die feit dat die hulpwerkwoordstam -BA of die hoofwerkwoord nie in sulke woordgroepe die ontkenning neem nie, soos verderaan getoon word.

Waar die hulpwerkwoordstam -BA ná die ontkennde hulpwerkwoordstam -SE optree, word dit soos in die situatiewe perfektum ontken as 'n hulpwerkwoord met sy eie komplementêre werkwoord. Die hulpwerkwoordgroep met -BA is dan die komplementêre werkwoordgroep van -SE. Albei is dan in die konsekutief. Dit is 'n emfatiëse ontkenning wat 'gladnie/ nie eenkeer nie' uitdruk.

In die voorbeelde word die hulpwerkwoord en die komplementêre werkwoord d.m.v. 'n verskil in onderstreping aangedui, soos uiteengesit in 1.2.2.

Ge yena a_se a ba a lokiša
selo

'As hy gladnie iets reg-
gemaak het nie'

Ge re_se ra ba ra ithuta

'Terwyl ons nie eenkeer
studeer het nie'

Re hwetša di_se tša ba
tša di ja

'Ons vind hulle het dit
gladnie geëet nie'

In die hulpwerkwoordreeks waar die hulpwerkwoordstam -BE voor die ontkennde hulpwerkwoord optree kan die hoofwerkwoord in óf die konsekutief óf die habitualis wees soos in die gewone ontkenning van

die situatiewe perfektum. Semanties druk dit 'n handeling uit wat nog nie plaasgevind het nie.

Voorbeelde:

Re be re se ra sepela

'Op daardie tydstip het ons nog nie vertrek nie (Ons het nie geloop gehad nie)'

Dikgomo di be di se tša
rekwa

'Op daardie tydstip was die beeste nie gekoop gewees nie'

+ Sehlare se be se se sa
enywa dikenywa

'Op daardie tydstip het die boom nog nie vrugte gedra nie (die boom het nie vrugte gedra gehad nie)'

Met die hulpwerkwoordstam -BA ná die hulpwerkwoordstam -SE kom die alternatiewe ontkenning met die komplementêre werkwoord in die habitualis nie voor nie.

3.2.1.2 Habituële tipe

Struktuur:

Onderwerpskamel + -SE + hoofwerkwoord in die habitualis.

Semanties stem die abituële tipe ooreen met die konsektiewe tipe en dit druk negering uit.

Batho ba rere taba mola
ba se ba sore

'Die mense moet die saak reël wanneer hulle nie bier drink nie'

E ke a ka se we pelo ge
a se a tsupolle batho ba
e tšerego

'Asof hy nie tevrede sal wees as hy nie die mense verklap het wat dit geneem het nie'

'n Paar voorbeelde met die onbepaalde onderwerpskamel word ook weer gegee vir duidelikheid. In hierdie vorm druk dit meestal 'sonder dat daar' uit.

Le gona o jele go_se
go rapelwe, wa ba wa re
ga gešo ga re rapele

Go_se go ye kae,
sephumamagapu se boile
sa kgopela Dorothea¹⁾

Go_se go ate madimo a go
ja batho

'Ook daar het hy geëet son-
der dat daar gebid was, en
toe was gesê by ons bid
ons nie'

'Sonder dat daar ver ge-
gaan is, het die bood-
skapper teruggekeer en
vir Dorothea gevra'

'Sonder dat die mensvreter
vermeerder het'

3.2.2 Relatief perfektum

Die hulpwerkwoordstam -SE realiseer in die ontkenning van die re-
latief perfektum op dieselfde wyse as in die situatief perfektum
soos reeds beskryf.

Dit word hier as hulpwerkwoord geklassifiseer vanweë die volgen-
de eienskappe:

- (a) die suffigering van die relatiefformatief
-GO/-NG aan -SE, en
- (b) die vermoë om deur 'n komplementêre werkwoord gevolg te
word.

Die komplementêre werkwoord is òf in die konsekatief òf in die
habitualis, en die gebruik van die een of die ander kom fakulta-
tief voor. Albei ontkenningstipes druk die ontkenning van die po-
sitief uit met 'nie'.

In geraadpleegde werke kom hoofsaaklik die vorm met die hoofwerk-
woord in die konsekatief voor.

1) Sepumamagapu is die persoon wat gestuur word om by die
meisie se ouers 'n vrou te vra (sego sa meetse).

3.2.2.1 Konsekutiewe tipe

Struktuur:

Onderwerpskakeel + -SE + hoofwerkwoord in die konsekutief.

Wa rata motho yo a_sego a
rutega?

'En dan is jy lief vir 'n mens wat nie geleerdheid het nie?'

Le go rata tšeo ba_sego ba
di šomela

'Ook om daardie lief te hê waarvoor hulle nie gewerk het nie'

Baie van hierdie konstruksies druk 'n statiewe betekenis uit en word in sulke gevalle met 'was nie' vertaal, bv.:

Gwa dira gore ba ba_sego
ba tagwa ba šale

'Dit is toe so bewerk dat die wat nie dronk was nie moet agterbly'

Le yena ba mmotšā ka fao mosadi wa gagwe a_sego a
loka

'Ook vir hom sê hulle toe hoedat sy vrou nie gesond/reg was nie'

Ook in hulpwerkwoordreeks, bv.:

Bjale go tla bjang gore go tle lebaka leo ka lona ba
sego ba swanela go boledi-
šana?

'Nou hoe kom dit dat daar 'n tyd kom waarin hulle nie veronderstel was om met mekaar te praat nie?'

3.2.2.2 Habituële tipe

Struktuur:

Onderwerpskakeel + -SE + hoofwerkwoord in die habitualis.

+ Sethunya se se_sego se
timele

'Die geweer wat nie weggeraak het nie'

+ Basadi ba ba_sego ba
bolele

'Die vrouens wat nie gepraat het nie'

+ Ditonki tšē di_sego di
rage

'Die donkies wat nie geskop het nie'

3.2.3 Die situatiewe en relatiewe perfektum met die hulpwerkwoordstamme -KA en -HLWA/-HLWE

Die hulpwerkwoordstamme -KA en -HLWA/-HLWE kom baie in Noord-Sotho voor in ontkennde hulpwerkwoordreeks, trouens Van Wyk (1955;29) noem die hulpwerkwoordstam -KA die basis van saamgestelde ontkenning.

3.2.3.1 Met die hulpwerkwoordstam -KA

Die ontkenning met die hulpwerkwoordstam -SE kom dikwels voor in 'n hulpwerkwoordreeks met die hulpwerkwoordstam -KA as hulpwerkwoordelike komplement. In sodanige samestelling druk -KA 'n emfatiese ontkenning uit.

Die komplementêre werkwoord van -KA verskyn weer in die konsekatief soos uit die onderstaande voorbeelde blyk, hoewel daar een voorbeeld gevind is waar dit in die situatief verskyn.

Positief:

+ Ge <u>di_kile</u> <u>tšā bolawa</u> ke tlala	'As hulle eenkeer/eens op 'n tyd doodgegaan het van die honger'
---	---

Negatief:

(Habituele tipe)

+ Ge <u>di_se</u> <u>di ke</u> <u>tšā bolawa</u> ke tlala -----	'As hulle nooit/gladnie doodgegaan het van die honger nie'
--	--

(Konsekatiewe tipe)

+ Ge <u>di_se</u> <u>tšā ka</u> <u>tšā bolawa</u> ke tlala -----	'As hulle nooit/gladnie doodgegaan het van die honger nie'
---	--

E sa le a tla ka go wena <u>a_se</u> <u>a_ka</u> a ema -----	'Sedert hy na jou toe gekom het, het hy nooit gladnie gestaan nie'
--	--

(Ge) nna e_se ka ka ka
realo

'(Terwyl) ek nooit/glad-
nie so-iets gesê het nie'

Die komplementêre werkwoord van -KA is in die volgende voorbeeld
in die situatief.

A_se a ke e eba le ka ga gagwe

'Terwyl hy nooit sy eie
tuiste gehad het nie'

Die Emfatiese ontkenning van die relatief kom op soortgelyke wyse
voor met die hulpwerkwoordelike komplement -KA soos hoër op beskryf.
Slegs 'n paar voorbeelde word gegee om dit toe te lig:

+Sethunya se_sego sa ka sa timela }
+Sethunya se_sego se ke sa timela }

'Die geweer wat gladnie/
nooit weggeraak het nie'

+Ditonki tše di_sego tša ka tša raga }
+Ditonki tše di_sego di ke tša raga }

'Die donkies wat nooit/
gladnie geskop het nie'

3.2.3.2 Met die hulpwerkwoordstam -HLWA/-HLWE

In 2.1.2.3 is 'n uiteensetting gegee van die stamme -HLWA/-HLWE
waar hulle fakultatief gebruik word in die positief en negatief, en is
verder daarop gewys dat die uitgang -E van -HLWE nie noodwendig die
negatiewe uitgang is nie.

Ziervogel (1976;93) gebruik die stam -HLWE as ontkenningshulpwerk-
woord vir die persistief, wat weer in hoofstuk 4 bespreek sal word.
In aansluiting daarby sê Van Wyk (1955;29) dat die ontkenkende kon-
struksie van die hulpwerkwoord stam -HLWA in baie dialekte die per-
sistiewe ontkenning heeltemal vervang.

Hier word die hulpwerkwoordstam -HLWA/-HLWE as komplement van -SE
as ontkennende hulpwerkwoordstam aangetref, met die betekenis van

'nog nie/nie gedurigdeur nie/nie meer nie'

Waar die hulpwerkwoordstam -HLWA/-HLWE optree as hulpwerkwoorde-like komplement van die ontkennde hulpwerkwoordstam -SE, kom dit in die konsekutief of die habitualis voor, terwyl die hoofwerkwoord in die konsekutief of situatief daarop volg.

Omdat die hulpwerkwoordkern -HLW- die uitgang -E fakultatief met -A neem, kan die ongewone uitgang -E in sowel die konsekutief as in die situatief voorkom.

Struktuur:

Onderwerpskakel + -SE + onderwerpskakel + -HLWA/-HLWE + hoofwerkwoord.

(i) Konsekutiewe tipe

Konsekutief + konsekutief:

Re be re se ra hlwa

ra nyaka dikgomo

'Ons het nog nie die beste gesoek nie'

O be a se a hlwa

a tseba

'Hy het al vergeet (Hy het nie gedurigdeur geweeet nie)'

Konsekutief + situatief:

Go tloga moo, go ja
letlametlo go be go se
gwa hlwe go eba leepo

'Van toe af was dit nie meer 'n skande om brulpaddas te eet nie'

(ii) Habituele tipe

Habitualis + situatief:

Ge namane e be e se
e hlwe e enwa maswi

'As die kalf nog nie melk gesuipt het nie'

Ge dikgomo di se
di hlwe di fula
mašemong

'As die beeste nie gedurigdeur
in die lande gewei het nie'

3.3 -SE- AS OUKSILIER

Vervolgens word -SE- behandel as ontkennde oksiliër in die indikatiewe perfektum.

In hierdie vorm kom die negatiewe oksiliër -SE- voor sonder onderwerpskakel, en dit word voorafgegaan deur die indikatiewe ontkenningsformatief GA-.

3.3.1 Indikatiewe perfektum

Lombard (1976:121) postuleer die waarskynlike rangverskuiwing van die hulpwerkwoordstam -SE tot oksiliër vir die indikatiewe perfektum soos volg:

* ga	re	se	ra	rata
	↓		↓	
	onderwerp-		onderwerp-	
	skakel 1		skakel 2	

> ga se ra rata onderwerpskakel 1 word geskrap en -SE word morfeem.

Dat -SE- egter nie volledig tot morfeem in rang verskuif het nie, blyk daaruit dat dit deur 'n volledige werkwoord gevolg word en dat dié werkwoord nie die tipiese ontkenningsuitgang -E het nie. Omdat dit egter sonder onderwerpskakel is, voldoen -SE- nie meer aan die vereistes vir 'n hulpwerkwoord nie, en word dit as oksiliër beskou. Die konstruksie is dus oksiliër-defektief.

Hoewel -SE- as ouksiliêr realiseer in die indikatiewe perfektum staan dit in die posisie van 'n hulpwerkwoord met 'n komplementêre werkwoord. Parallel met die ontkenning van die situatiewe en relatiewe perfektum is die hoofwerkwoord óf in die konsektief óf in die habitualis. Dit versterk die vermoede dat dit die ontkenkende hulpwerkwoordstam -SE is wat in rang verskuif het tot die ontkenkende ouksiliêr -SE-.

3.3.1.1 Konsektiewe tipe

Semanties druk dit ontkenning uit en die struktuur is:

Ontkenningsformatief GA- + ouksiliêr -SE- + werkwoord in die konsektief.

Ntweng yeo Maponno ga se a
bolaya kgošī

'In daardie oorlog het die Zoeloes nie die koning doodgemaak nie'

E sa le a tšhaba kgolegong
ga se ba mo swara

'Sedert hy uit die tronk gevlug het, het hulle hom nie gevang nie'

+ Ditšhwene ga se tša tshwenya
maš'emong

'Die bobbejane het nie in die lande gepla nie'

3.3.1.2 Habituele tipe

Semanties stem dit ooreen met die vorige en struktureel is die enigste verskil dat die werkwoord in die habitualis is, nl.:

Ontkenningsformatief GA- + ouksiliêr -SE- + werkwoord in die habitualis.

+ Masogana ga se a bolaye
tau mafulong, ba tšhabile

'Die jongmans het nie die leeu in die weiveld doodgemaak nie, hulle het gevlug'

+ Poo ga se e hlabe ngwana
ka lenaka

'Die bul het nie die kind met die horing gesteek nie'

+ Ka nako ye manaba a bata-
mela, banna ga se ba tšhabe

'Op dié tydstip het die
vyand toe nader gekom (maar)
het die mans nie gevlug nie'

3.4 -SE- AS ONTKENNINGSFORMATIEF

Daar is aan die begin van die hoofstuk gemeld dat SE rangverskuiwing ondergaan het van werkwoordstam tot ontkenningformatief. In 3.1., 3.2. en 3.3. is dit onderskeidelik behandel as werkwoordstam, hulpwerkwoordstam en as ouksiliêr. In hierdie drie rangordes kom dit in 'n redelike beperkte mate voor. Dit kom nog in hoofsaak as ontkenningformatief voor.

In hierdie hoedanigheid tree dit op in werkwoorde, hulpwerkwoordgroepe en saam met ouksiliêre in verskillende modi en tye.

Soos die ontkenningformatiewe GA- en -SA- is -SE- se toon ook onderliggend laag.

Stawende bewyse dat -SE- in rang verskuif het en as morfeem optree lê daarin dat:

(a) Die werkwoord as geheel

- (i) Óf geen onderwerpskakel het nie (soos in die imperatief) en SE- daar aan die begin van die werkwoord voorkom, bv.:

Se fele pelo!

'Moenie moedeloos raak nie'

- (ii) Óf slegs een onderwerpskakel (of infinitiewe klasprefiks) en werkwoordstam het en dat -SE- direk op dié onderwerpskakel (of infinitiewe klasprefiks) volg, bv.:

Toro ya bona ya se fetoge

'Hulle droom ver-
ander toe nie'

- (b) Die werkwoordstam gekenmerk word deur die (ontkennings-) uitgang -Ê /Ē/

In hierdie opsig verskil dit ook van 'n ouksiliêr, en verder kan dit saam met 'n (nie-negatiewe) ouksiliêr optree om die aktualiteit van die werkwoordgroep uit te druk.

Waar die ontkenningiskonstruksie met die ontkenningsformatief -SE- in die verskillende modi behandel word, word daar telkens net die eenvoudige aspek van die tyd behandel omdat die ander aspekte soos met die ouksiliêre futurum, potensialis en persistief elk onder 'n afsonderlike subhoof bespreek word.

Saam met die ontkenningsformatief -SE- is die werkwoorduitgang nie ongekwalifiseerd -Ê /Ē/ nie, soos in die samevatting aangedui word.

3.4.1 Die subjunktief

Louwrens (1971;53) wys daarop dat die subjunktief twee ontkenningformatiewe het wat fakultatief gebruik kan word, nl. -SE- en -SA-. Slegs die formatief -SE- word hier behandel, terwyl -SA- in hoofstuk 4 verder toegelig word.

Die kenmerkende eienskap van die subjunktief is dat die uitgangsmorfeem van die werkwoordstam -Ê /Ē/ in die positief en negatief is.

Dit is nie moontlik om te sê of hierdie uitgang van die werkwoordstam enige verband hou met die negatiewe uitgang -E wat in ander modi soos in die indikatief voorkom nie. Van belang egter is dat die uit-

gang die middellae vokaal [̄ε̄] is en nie die middelhoë [̄ē] van die negatiewe uitgang in sekere ander modi nie.

In die negatief tree die ontkenningsformatief tussen die onderwerpskakel en die werkwoordstam op met die volgende struktuur:

Onderwerpskakel + -SE- + werkwoordstam.

Ba be ba fo ahlama la gore
le dintšī ba se di kwe ge
di ba sepela

'Hulle het sommer net oop-
mond gesit sō dat hulle
nie die vlieë sou voel as
dit op hulle loop nie'

A leka kudu gore a se
lemogiwe

'Hy probeer toe hard dat
hy nie herken moet word
nie'

Le ge ba be ba ganeditšwe
gore ba se dire bjalo

'Alhoewel hulle verhoed
was dat hulle nie so moet
maak nie'

Yena a boifa gore e se be
kgošī

'Hy vrees toe dat hy nie
koning sou word nie'

3.4.1.1 Die hortatief

Die hortatief, wat 'n 'wens, versoek, advies of aanmoediging' uitdruk word gekenmerk deur die hortatiewe partikel A of GA, gevolg deur die subjunktief, bv.:

+ A re se lle! 'Laat ons tog nie huil nie'

Die ontkenning geskied soos vir die subjunktief, wat dit inderdaad is, bv.:

+ Nke o se ntlogele! 'Jy moet my tog nie agterlaat nië'

+ A re se di boneng! 'Laat ons dit tog nie sien nie'

Volgens sommige informante kan 'n emfatiese effek verkry word met die hortatiewe partikel gevolg deur 'n hulpwerkwoordgroep met -KE

as hulpwerkwoordstam. Die komplementêre werkwoord volg daarop in die subjunktief, bv.:

- Positief: + A di ke di tloge! 'Laat hulle tog onverwyld loop!'
- Negatief: + A di ke di se tloge! 'Laat hulle tog om hemelsnaam nie loop nie!'
- + A le ke le se ntlogele! 'Moet (julle) my tog hoegenaam nie agterlaat nie'

Die hulpwerkwoordstam -KE kan ook ontken word en die hoofwerkwoord volg dan in die konsekutief. Daar kan geen semantiese onderskeid tussen die twee vorme bepaal word nie-

Nke o se ke wa bolela ka 'Moet tog gladnie op hierdie
mokwa wo manier praat nie'

Nke o se ke wa re segiša 'Moet tog nooit mense vir ons
batho laat lag nie'

3.4.1.2 Samestellings met hulpwerkwoordstamme

(a) Met die hulpwerkwoordstam -KA

Ontkennings met die hulpwerkwoordstam -KA druk ook in die subjunktief 'n emfatiese ontkenning uit. Die hulpwerkwoordstam word ontken en gevolglik neem dit die ontkenningsuitgang -E, en dit word gevolg deur die hoofwerkwoord in die konsekutief. Die ontkenningsvorm met -KA as hulpwerkwoordstam druk semanties 'n ontkenning in 'n emfatiese vorm uit wat vertaal word met 'nooit/gladnie'.

Voorbeelde in die subjunktief met die komplementêre werkwoord(e) in die konsekutief:

Mphihle a se ke a ba a mpona 'Versteek my sodat hy my
----- vind nie'

Gore a se ke a hlwa a thoma 'Sodat hy gladnie telkens
----- (weer) begin nie'

Tšhemo e_se_ke_ya_ba le ngwang

'(Sodat) die land gladnie onkruid het nie'

Ge re boa re boe le
banenyana ka moka go_se_ke_gwa_ba le yo a šalago
morago

'As ons terugkeer moet ons met al die dogters terugkom (sodat) daar gladnie eers een moet wees wat agterbly nie'

In die laaste twee voorbeelde is die komplementêre werkwoord die assosiërende kopula.

(b) Met die hulpwerkwoordstam -HLWA/-HLWE

Vanweë die besondere semantiese karakter wat deur die hulpwerkwoordstam -HLWA aan 'n hulpwerkwoordgroep verleen word, is dit ook belangrik om dit afsonderlik onder die subjunktief te bespreek. Die hulpwerkwoordstam wat as -HLWA/-HLWE voorkom, word in die subjunktief ontken met die voorafgaande ontkenningsformatief -SE-, en dit word gevolg deur die hoofwerkwoord wat in die situatief voorkom. In die ontkenning met -SE- is die uitgang van die hulpwerkwoordstam -HLWA/-HLWE altyd -E, en op grond hiervan word aanvaar dat dit die negatiewe uitgang is wat in die hulpwerkwoordstam realiseer. Dit is 'n emfatiese ontkenning wat 'nooit' uitdruk en is vervat in die volgende struktuur:

Onderwerpskakel + -SE- + -HLWE + hoofwerkwoord in die situatief.

Gore pula e_se_hlwe_e ena
e dirwa ke go se šome

'Dat dit nooit reën nie word deur werkskuheid veroorsaak'

Gomme eke o tla gapeletšā
gore mehlope e tšwe le
dira tšā gagwe, go_se_hlwe
go sa boelela Mantsho

'En dit wil voorkom of hy sal bepaal dat die vee saam met sy soldate moet uitgaan en nooit meer saam met die Mantsho (ouderdoms-)groep nie'

Die hulpwerkwoordstam -HLWA/-HLWE in die konsekatief kom baie dikwels in hulpwerkwoordreeks as komplement van -KA voor.

Dit is 'n baie sterk of hiper-emfatiese ontkenning van 'n voortdurende handeling wat vertaal kan word met 'hoegenaamd nooit meer nie'.

Struktureel is dit saamgestel uit die hulpwerkwoordstam -KA in die ontkenning met die hulpwerkwoordstam -HLWA/-HLWE as komplement en hulpwerkwoordstam gevolg deur die hoofwerkwoord in die situatief.

Voorbeelde:

Re se ke ra hlwa re itshwenya
ka yona

'Dat ons onself hoegenaamd nooit meer daarmee ophou (pla) nie'

O ikenetšē go bolaya Makuse
gore a se ke a hlwa a bitšwa
lefšega

'Hy het homself voorgeneem om Makuse dood te maak sodat hy hoegenaamd nooit meer 'n lafaard genoem word nie'

Go tloga moo, ba mmušo ba
bea molao wa gore mohlopi
o se ke wa hlwe o epiwa

'Van toe af het die regering 'n wet gemaak wat sê dat 'n witgatboom hoegenaamd nooit meer uitgegrawe mag word nie'

In die laaste voorbeelde hierbo kom -HLWE in die konsekutief voor.

Nā die hortatiewe partikel word dieselfde hulpwerkwoordreeks aangestref:

A re se ke ra hlwa
re atla-atla

'Laat ons hoegenaamd nooit meer jok/praat nie'

3.4.1.3 Kopulatief

Die kopulatiewe werkwoordstam -BA word ook ontken met die ontkenningsformatief -SE-. Die werkwoordstam neem die negatiewe uitgang -E.

(i) Identifiserend

Die onveranderlike onderwerpskamel E- kom hierin voor, bv.:

Gore dikotsi e se be tše
dintši go na le mabone

'Sodat daar nie baie onge-
lukke moet wees nie, is
daar ligte'

(ii) Bepalend

Die bepalende kopula neem die kongruerende onderwerpskakele.

A go se be bjalo

'Laat dit nie so wees nie'

Pele ge le lewa bomabana
ba sa tlo le lokiša le se be
dithotse

'Voordat dit geëet word sal
die kinders se moeders dit
voorberei sodat dit nie
pitte moet hê nie'

Mo apeše dikobo gore
a se be lepono

'Trek vir hom klere aan so-
dat hy nie kaal is nie'

(iii) Assosiërend

Die kongruerende onderwerpskakele word gebruik en die assosiatiewe partikel LE kom na die kopulatiewe werkwoordstam voor.

Ge ke ya sekolong ke šetša
gore dikobo tša ka di se be le
ditšhila

'Toe ek skool toe gaan sorg
ek dat my klere nie vuil is
nie'

'n Emfatiese vorm kom ook voor in 'n samestelling met die hulpwerkwoordstam -KA, nl.:

Gore dithoro di se ke tša ba
fase

'Sodat die korrels gladnie
op die grond moet wees nie'

3.4.2 Die konsekatief

Die konsekatief word ook met behulp van die ontkenningsformatief -SE- ontken. Die ontkenning vind op soortgelyke wyse as by die subjunkties plaas aangesien die ontkenningsformatief -SE- tussen die onderwerpskakele en die werkwoordstam intree, en die negatiewe uitgang -E in die werkwoordstam realiseer. Die konsekatief word egter nie

ook met die ontkeningsformatief -SA- ontken nie.

Die standpunt van Van Wyk (1955;10) word gehuldig dat die konsekatief aan geen tyd gebonde is nie.

Na aanleiding hiervan word die vertalings bloot in 'n verhalende trant aangebied soos die gebruik van 'toe', 'dan', ens. aandui.

Die ontkenning druk ook net 'nie' uit en die struktuur is die volgende:

Konsekatiewe onderwerpskakel + -SE- + werkwoordstam met uitgang -E.

Go se namela gwa se kgonege

'Om daarop te klim is toe nie moontlik nie'

Toro ya bona ya se fetoge
therešo

'Hulle droom verander toe nie in die waarheid nie'

3.4.2.1 Kopulatief

Dieselfde struktuur geld ook vir die ontkenning van die identifiserende en bepalande kopula in die konsekatief, waarin die kopulatiewe werkwoordstam -BA optree:

(i) Identifiserend

Ya se be thabo, ya se be
boiketlo

'Dit was nie vreugde nie (en) dit was nie rus nie'

Letšatši leo ya se be
mokhoro

'Daardie dag was daar toe nie genoeg te ete nie'

Ya se be dinose go Kekwele

'Dan was daar nie bye/heuning by Kekwele nie'

(ii) Bepalend

Le gona sethunya sa se be
gona

'En toe was die geweer nie
daar nie'

Thušo le ge go le bjalo
ya se be gona

'Ten spyte van alles was
daar toe nie hulp nie (Die
hulp, al is dit so, was
toe nie daar nie)'

Die bepalende kopula in die subjunktief verskil van bogenoemde alleen in die vorm van die onderwerpskakeel.

3.4.2.2 Samestellings met hulpwerkwoordstamme

(a) Met die hulpwerkwoordstam -KE

Die emfatiese ontkenning met behulp van die hulpwerkwoordstam -KE kom insgelyks ook in die konsekutief voor gevolg deur die hoofwerkwoord in die konsekutief. Dit druk weer eens 'gladnie' uit soos in die subjunktief, bv.:

Ba ratile go nkolobetša;
fela, gwa se ke gwa
kgonega

'Hulle wou my doop, maar
dit was toe gladnie moont-
lik nie'

+ Pula e ganne go na,
ra se ke ra kgona go
bjala peu

'Dit wou nie reën nie en
toe kon ons gladnie saad
saai nie'

(b) Met die hulpwerkwoordstam -HLWE

Die ontkenning van die konsekutief met behulp van die hulpwerkwoordstam -HLWE druk 'n beklemtoonde ontkenning van 'n voortdurende handeling uit in die sin van 'gladnie meer nie'. Die hulpwerkwoordstam neem vermoedelik die negatiewe uitgang -E en die hoofwerkwoord volg daarop in die situatief.

Struktuur:

Konsekutiewe onderwerpskakel + -SE + -HLWE + situatiewe werkwoord.

Makobela a ema-ema,
gwa se hlwe go eba le yo
a rego ga a je

'Stukkies vleis is uitge-
deel en toe was daar nie-
mand meer wat sê dat hy
nie eet nie'

Gwa se hlwe go epšha, gwa
sekwa go sa fetšwe

'Toe het dit gladnie meer
opgedroog nie en hulle het
die hele dag sake verhoor
(toe het dit gladnie meer
droog geword nie, en toe
is verhoor en dit het nie
klaar geword nie)'

Gomme ba se hlwe ba tseba
gore pele le morago ke kae

'En toe weet hulle glad-
nie waar voor en agter
is nie'

(c) Met die hulpwerkwoordstamme -KA + -HLWE

Die baie sterk emfatiese ontkenning wat 'hoegenaamd nooit meer nie'
uitdruk kom ook in die konsekutief voor in die hulpwerkwoordreeks
waar -HLWE voorafgegaan word deur die ontkenning van die hulpwerk-
woordstam -KA.

Die hulpwerkwoordstamme -KA en -HLWE in die hulpwerkwoordreeks kom
in die konsekutief voor, terwyl die hoofwerkwoord in die situatief
verskyn, bv.:

Ge ba bapetše le ngwako
oo, gwa se ke gwa hlwe
go eba le yo a kgonago

'Toe hulle langs daardie huis
was, was daar niemand meer
wat dit kon doen nie'

Diyamaleng tša hlaela,
boroko bjona ba se ke
ba hlwe ba sa bo pata

'Die voedsel het toe kort-
gekom en hulle het hoege-
naamd nooit meer geslaap
nie'

Gomme ba se ke ba hlwe
ba tseba gore pele le
morago ke kae

'En toe weet hulle hoege-
naamd nooit meer waar
voor of agter is nie'

3.4.3 Die relatief

Die ontkenning met die ontkenningsformatief -SE- kom in die relatief voor met die hulpwerkwoordstam -KA en alleen met die kopulatiewe werkwoordstam -BA. Die negatiewe uitgang -E realiseer op die werkwoordstam en die relatiefsuffiks -GO/-NG word aan die werkwoordstam gevoeg.

3.4.3.1 Met die hulpwerkwoordstam -KA

Die relatiefsuffiks word aan die hulpwerkwoordstam gesuffigeer, en die komplementêre werkwoord volg daarop in die konsekutief. Semanties druk dit 'n handeling uit wat nie plaasgevind het nie. Dit kan vertaal word met 'wat nie ge..... het nie'

Struktuur:

Onderwerpskakel + -SE- + -KEGO + komplementêre werkwoord.

Batho ba ba_se_kego
ba utswa diphahla

'Die mense wat nie goedere
gesteel het nie'

3.4.3.2 Met kopulatiewe werkwoordstam -BA

Die vorm kom hoofsaaklik voor in die bepalende kopula. Dit druk 'wat nie is nie' uit, maar met die onbepaalde onderwerpskakel druk dit 'dit wat nie is nie' uit en word vertaal met 'as dit nie is nie'.

Struktuur:

Onderwerpskakel + -SE- + -BEGO/-BENG

Dikgomo tše di se bego
kgauswi

'Die beeste wat nie naby
is nie'

Kgoši ye nngwe le ye nngwe
 e leka ka maatla go swara
 batho ba yona ka go swana,
go se bego bjalo e tla
 ratwa ke ba bangwe fela

'Elke kaptein probeer
 hard om sy mense billik te be-
 handel, as dit nie so is nie
 (dit wat nie so is nie) sal
 hy net by sommige populêr
 wees'

Onderstaande voorbeeld is een waarin die relatiefsuffiks -NG ge-
 bruik word.

Go se beng bjalo, thomang
 gona nakong ye

'As dit nie so is nie, (dit
 wat nie so is nie) begin
 nou dadelik'

3.4.4 Die imperatief

Die imperatief word gebruik om bevel uit te druk.

Die ontkenningstruktuur stem ook ooreen met die subjunktief daar-
 in dat die werkwoordstam voorafgegaan word deur die ontkennings-
 formatief SE- en dat die bevel daardeur genegeer word. Die uitgangs-
 morfeem van die werkwoordstam is -E [E]

Struktuur:

SE- + werkwoordstam met uitgang -E.

- | | |
|--|--|
| + <u>Se fele</u> pelo! | 'Moenie moedeloos raak nie!' |
| + <u>Se sepele</u> ! | 'Moenie loop nie!' |
| + <u>Se mmolaye</u> ! | 'Moet hom nie doodmaak nie!' |
| + <u>Se feleng</u> pelo! | 'Moenie (julle) moed verloor nie!' |
| + E be e le mogolo
<u>se mpheteng</u> ! | 'Dit was ouboet moenie (julle) my
verbygaan nie!' |
| + <u>Se direng</u> ! | 'Moenie (julle) werk nie!' |

Die bevel kan ook in 'n emfatiese vorm gegee word deur middel van
 'n hulpwerkwoordgroep met die hulpwerkwoordstam -KA. Die emfaat
 word ontken, en die komplementêre werkwoord volg daarop in die kon-
 sekutief. Dit beklemtoon die negering van die bevel en druk daarom

'gladnie' uit.

Struktuur:

Ontkenningsformatief SE- + -KE + hoofwerkwoord in die konsekutief.

+ Se_ke la fela pelo! 'Moet gladnie moed verloor nie!'

+ Se_ke la sepela! 'Moet gladnie loop nie!'

Ge le nyaka go bolela ka batho 'As julle oor mense wil praat
se_ke la re le etša nna . moenie sê julle aap my na nie'

Feela se_ke gwa emiša motho 'En tog laat niemand stilhou
nie!'

In hierdie vorm verval die onderskeid tussen enkelvoud en meervoud en word dit alleenlik aangedui deur die konsekutiewe onderwerpska-
kel van die hoofwerkwoord. Dit kom nie voor as bv.:

* se keng nie.

3.4.5 Die infinitief

Dat die infinitief oor naamwoordelike sowel as werkwoordelike eien-
skappe beskik, word as 'n bekende feit aanvaar.

Dit sal hier alleen as negatiewe werkwoord behandel word omdat die
ondersoek by uitstek oor die ontkenning handel en dus nie op die
infinitief as naamwoord betrekking het nie.

Die infinitief kan ontken word, en dit is afdoende bewys dat dit
as 'n werkwoord kan voorkom.

Die ontkenning word gevorm deur die invoeging van die ontkennings-
formatief -SE- tussen die infinitiefprefiks en die werkwoordstam

met die werkwoorduitgang -E [E]. Dit kan egter op soortgelyke wyse ook met die ontkenningsformatief -SA- gevorm word, wat in hoofstuk 4 behandel word.

Semanties druk dit 'om nie te' uit en is dit slegs 'n negering van die positief.

Voorbeelde:

Ka go se kgolwe mahlo
a gagwe

'Deur nie sy oë te glo nie'

O na le thari mola ka
gona go se rutege a sa
gole gakaalo

'Hy is van lotjie getik, en daarom, omdat hy nie geleerd is nie, verdien hy nie so baie nie'

Mme le wena ka go se
hlalefe

'En ook jy, weens jou onkundigheid'

Ba lapa ba ile ba lebelelana
ka go se tshepane le go lewa
ke dihlong

'Die gesin het mekaar met wantroue en skaamte bejeën'

In die infinitief druk die emfatiese ontkenning ook 'om gladnie te/om nooit te' uit. Struktureel kom dit ooreen met die emfatiese ontkenning soos behandel in die ander modi, waar dit gevorm word met die hulpwerkwoordstam -KE, bv.:

Ka go se ke gwa kgolwa moo ga
mahlo a gagwe

'Deur gladnie/nooit sy oë te glo nie'

O na le thari mola ka
gona go se ke gwa rutege
a sa gole gakaalo

'Hy is van lotjie getik, en daarom, omdat hy gladnie geleerd is nie, verdien hy nie so baie nie'

Die kopulatiewe werkwoordstam -BA in die infinitief druk 'om nie te wees nie' uit en dié strategie het die volgende struktuur:

GO + -SE- + -BE

Geen onderskeid word in die infinitief gemaak tussen identifiserende en bepalende kopulas nie. Van Wyk verklaar dit as volg:

Die rede daarvoor is dat die infinitief in Noord-Sotho naamwoordelik in funksie is. Dus kan dit uit die aard van die saak nie 'n onderwerpskakel voor die kopulatiewe werkwoordstam neem nie, en gevolglik kan daar dus geen onderskeid tussen klasloos en klasgebonde bestaan nie. (1953;61)

Voorbeelde:

Isaka, ka go se be motho
wa dikgang, a bala

'Isak, omdat hy nie 'n
stryerige mens is nie,
lees toe'

Kwa mašakeng a mafsa a
go se be mpeng ya thaba

'Daar by die nuwe krale
wat nie in die maag van
die berg is nie'

Bjalwa bja go se be bose

'Bier wat nie lekker is
nie'

'n Enkele voorbeeld om die ontkenning met die hulpwerkwoordstam

-HLWA in die infinitief te toon:

Ka baka la mahlo a go se
hlwa a bona gabotse

'As gevolg van die oë wat nie
meer goed sien nie'

Hulpwerkwoordgroepe word ook gevorm met hulpwerkwoordstamme in die infinitief gevolg deur die hoofwerkwoord ook in die infinitief. Versmelting vind plaas van die uitgang van die hulpwerkwoordstam en die infinitiefprefiks van die komplementêre werkwoord, wat 'n uitgang -O tot gevolg het.

In die ontkenning verskyn die hulpwerkwoord in die negatief en die negatiewe uitgang -E realiseer nie op die hulpwerkwoordstam nie,

maar die uitgang versmelt ook met die infinitiefprefiks tot -0. Die betekenis van die hulpwerkwoordstam verander normaalweg in die woordgroep. Die struktuur is die volgende:

Onderwerpskakel + -SE- + hulpwerkwoordstam met uitgang -O + hoofwerkwoordstam met uitgang -A

Ka baka la go se tsebo bala
re kgopetše morutišī gore a
re balele lengwalo

'Omdat ons nie kan lees nie,
het ons die onderwyser gevra
om vir ons die brief te lees'

Matshwenyego a matšatšī a ke
bana ba go se rato rutega

'Die probleem van vandag is
kinders wat hulle nie aan
onderrig wil onderwerp nie'

3.4.6 Die kondisionalis

Die kondisionalis word beskou as 'n modus wat 'n 'voorwaarde' uitdruk maar dit is nog nie as sodanig gedokumenteer nie. In Louwrens (1976: 53) word 'n voorbeeld aangehaal wat in Lobedu aangetref is, en hy maak slegs melding van die modus. As gevolg van die strukturele ooreenkoms met die konsekutief, nl. die onderwerpskakel wat gevorm is deur die verbinding van die kongruerende formatief met -A, en die werkwoorduitgang -A, byvoorbeeld as:

Onderwerpskakel van die 1^e persoon meervoud re + a > ra, was dit waarskynlik beskou as die konsekutief en het sodoende die aandag ontglip.

Alhoewel dit hier net gaan oor die ontkenning, word die volgende kenmerke aangedui wat moontlik as uitgangspunt kan dien om dit van die konsekutief te onderskei:

- (a) Tonologies: Die konsekutief realiseer 'n laagtoon op die onderwerpskakel en werkwoorduitgang, terwyl die kondisionalis 'n hoogtonige onderwerpskakel en werkwoorduitgang neem, bv.:

Konsekutief:

+ Rā dīrā bjālō 'Dan maak ons so'

Kondisionalis:

+ Rā dīrā bjālō 'As ons so maak'

- (b) Sintakties-semanties: Sowel die konsekutief as die kondisionalis is afhanklik, in so verre hulle altyd saam met 'n ander werkwoord gebruik moet word. Die verskille tussen die konsekutief en die kondisionalis tree egter na vore wanneer die semantiese verband ontleed word wat daar bestaan tussen die kondisionalis en die konsekutief, enersyds, en die werkwoord wat daarmee saam gebruik word, andersyds: in die geval van die konsionalis kan dié semantiese verband getipeer word as een van 'voorwaarde' of 'kondisie', terwyl dit in die geval van die konsekutief getipeer kan word as een van 'chronologiese opeenvolging'. Vgl.:

Kondisionalis:

Ra dira bjalo re tlo 'As ons so maak, sal
otlwa ke Modimo ons deur God gestraf word'

Sešō sa fola dintšī 'As die sweer genees,
di a fofa vlieg die vlieë weg'

Kgaka ya hwa mae a 'As die tarentaal vrek,
bola (dan) vrot die eiers'

Konsekutief:

++ Re ile thabeng ra hwetšā 'Ons het na die berg ge-
diphoofole ra di thuntšha gaan en wildsbokke ge-
vind en hulle geskiet'

Die kondisionalis kom veral baie voor in spreekwoorde.

Dit wil voorkom of die funksie van die kondisionalis al meer oorgeneem word deur die situatief aangesien GE ook 'n voorwaarde mag uitdruk. Ziervogel stel dit soos volg:

Vergelyk ook die bysinne van voorwaarde wat ook met gê ingelei kan word.

Bysin van voorwaarde: dié is dikwels nie te onderskei van 'n bysin van tyd nie, bv.:

Ge o sepela le rena re tlo
go thuša

'As jy saam met ons loop,
sal ons jou help'

(1976;132)

Die volgende voorbeelde toon die semantiese ooreenkoms en oorvleueling tussen die kondisionalis en die situatief:

+ Rá dírā bjálò

'As ons so maak'

+ Gé ré dírā bjálò

'As ons so maak'

Die ontkenning van die kondisionalis word in die algemeen gevorm deur die ontkenningsformatief -SE- en die uitgang van die werkwoord is -E. Tonologies behou die onderwerpskakel en werkwoorduitgang 'n hoogtoon, en die ontkenningsformatief is waarskynlik onderliggend /-H/, maar mag in bepaalde tonologiese omgewings as /+H/ realiseer, bv.:

Yá sè tlátšē kgámélò

'As sy nie die emmer vul
nie

Rá sé dírē bjálò

'As ons nie so maak nie

Die struktuur van die ontkenning van die kondisionalis is soos volg:

Kongruensieformatief + -A- + -SE- + werkwoordstam met uitgang -E [ε7].

Bana ba tšhipu re tšea
tsela e tee, ra se dire
bjalo mogotla o tlo re
tlapiriganya

'(Soos) kinders van 'n spring-
haas loop ons dieselfde
pad, as ons nie so maak
nie sal die gebrul ons
vergruis'

Batala ba re: 'Ya se rage
e tlatša kgamelo'

'Die oumense sê: 'As sy
nie skop nie maak sy die
emmer vol' '

Die kondisionalis kom ook met die ontkenningsformatief -SA- voor.
Dit word in hoofstuk 4 onder 4.3.5 bespreek.

3.4.7 Die situatief

Hoewel daar baie min voorbeelde gevind is waar die situatief met die ontkenningsformatief -SE ontken word, kom dit tog in die vorm met die hulpwerkwoordstamme -HLWE en -KE en die kopulatiewe werkwoordstam -NA redelik algemeen voor. Die voorbeelde illustreer dat die hulpwerkwoordstam of die kopulatiewe werkwoordstam in die situatief voorkom deurdat dit voorafgegaan word deur die hulpwerkwoordstam -BE, wat deurgaans gevolg word deur die situatief. Daar moet dus afgelei word dat die negatiefformatief -SE tog ook in die situatief voorkom.

Le boroko bo be
bo se hlwe bo re tlela
ka tshwanelo

'Ook die vaak/slaap het nie meer behoorlik na ons toe gekom nie'

Bana ba be ba se hlwe
ba dumelelwa bjalwa

'Die kinders was nie meer drank toegelaat nie'

Ge nka be e se ke ya ba
ka bona, nka be ba se mo
ba lego gona

'As dit nie vir hulle was nie sou hulle nooit gewees het waar hulle nou is nie'

Dikgomo di be di se na
dinamane

'Die beste het nie kalwers gehad nie'

Ge mosadi a se na ngwana
a ka se nyalwe

'Wanneer 'n vrou nie 'n kind het nie sal sy nie getrou word nie'

3.4.8 Die ontkenning van die ouksiliêre

Die ouksiliêre wat hieronder behandel word, is:

- (a) Die potensialis -KA-
- (b) Die futurum -TLO- of -TLA.

(c) Die persistief -SA-

(d) Kasualis oksiliêre, nl. -FO-, -NO- en -DIO-

Die ontkenning van die oksiliêre word elkeen afsonderlik behandel, nie omdat die ontkennings grootliks verskil nie, maar om 'n volledige ontkenningpatroon voor te stel wat inpas by die hele ontkenningstruktuur van Noord-Sotho.

Soos in 3.6 uiteengesit word, kan die verskillende oksiliêre in 'n groot verskeidenheid samestellings groepeer word waardeur die betekenis van die ontkenning baie kan variëer. Om aanvanklik die ontkenningpatroon bloot te lê, word die oksiliêre sonder samestellings aangebied. Die samestellings word dan afsonderlik in 3.6 bespreek.

Hoewel al die genoemde oksiliêre met die ontkenningsformatief -SE- ontken word, verskil hulle in dié opsig dat by sommige die oksiliêr self ontken word, en by ander die oksiliêre komplement. Dit bepaal die posisie van die ontkenningsformatief in die struktuur, asook die modus waarin die komplement staan.

3.4.8.1 Die potensialis

Die potensiale -KA- is 'n oksiliêr wat ontstaan het uit 'n hulpwoordkonstruksie wat deur Lombard as volg gerekonstrueer is:

* ba ka	#	ba se hlagolele
↓		↓
onderwerp-		onderwerp-
skakel 1		skakel 2

> ba ka se hlagolele Elisie van onderwerpskakele 2 en die woordgrens.

Lombard wys ook daarop dat -KA- morfotonologies in wisselende mate tot prefigale morfeem in rang verskuif het.

Van Wyk huldig dieselfde standpunt as Lombard as hy die oorsprong van die potensialis -KA- soos volg verklaar:

..... there is a marked notional similarity between the potential morpheme ka and a still active deficient verb stem ka.

We may assume that the potential morpheme is related to this still active deficient verb stem, i.e. that this deficient stem is a proto-type of the potential morpheme.

..... but it is evident that its basic meaning is in every case the same as that of the potential morpheme.

(1957;169 - 170)

Hy illustreer -KA- as 'deficient verb' met die volgende voorbeelde:

o kile wa bôna monna a lla? (could you have been you then saw a man crying? i.e. have you ever seen a man crying?)

o bê a sêšo a ka a ja nama (he could not yet have been he then ate meat, i.e. he had never yet eaten meat)

o rôbêtšê eka/ekê/nka/nkê o hwilê (he sleeps it may be he is dead, i.e. he sleeps as if he is dead)

(1957;169 - 170)

Die rangverskuiwing van die potensialis -KA- en die persistief -SA- beskryf Van Wyk soos volg:

..... that sa and ka are changing from deficient verb stems to verb prefixes.

..... they will eventually become pure verb prefixes with very little or no verbal characteristics.

(1957;166)

Semanties druk die potensialis 'n 'eksterne' moontlikheid uit, wat Van Wyk beskryf as:

..... h moontlikheid wat nie binne die bekwaamheid van die onderwerp gesetel is nie, en beter vertaal kan word met 'mag'

Hierteenoor onderskei hy h 'interne' moontlikheid, wat hy beskou as:

..... h moontlikheid wat binne die onderwerp self gesetel is: wat sy eie bekwaamheid uitdruk. Hierdie moontlikheid word deur middel van h hulpwerkwoordgroep uitgedruk.' (1955;35)

Omdat die potensialis h 'eksterne moontlikheid' uitdruk, kan in vertalings van 'mag' gebruik gemaak word.

Die werkwoordstam word ontken met behulp van die ontkenningsformatief -SE- wat tussen die potensiale -KA- en die werkwoordstam intree, en die werkwoorduitgang is -E [E]. Dit druk ook die ontkenning van die ouksiliêr -TLO-/-TA-uit in die indikatief, situatief en relatief.

Die onderwerpskamel stem ooreen met dié van die indikatief negatief, d.w.s. met hoogtoon. Die onderwerpskamel van die eerste persoon enkelvoud is N- [ŋ].

Struktuur:

Onderwerpskamel + ouksiliêr -KA- + -SE- + werkwoordstam met uitgang -Ê.

Waarom die ontkenning van die futurum -TLO- ooreenstem met die potensialis kan nie met sekerheid verklaar word nie. Grobbelaar probeer h semantiese verklaring vind deur te sê dat dit die ontkenning van die potensiele hulpwerkwoordstam -KA is en dit dus beteken: "hy nie kan, hy het toe", nl.:

Onderwerpskakel gevolg deur ka se-ke en dan die verteltrant (of iets wat daarna lyk)

en verder

Die kort vorm: Hier vind ons dat KAN NIE en SAL NIE dieselfde uitdrukking is: Dus sal nie is dieselfde as om te sê: KAN NIE.

(1952;224)

Vanweë die feit dat die potensialis en futurum op dieselfde wyse ontken word, sal dit in die vertalings aangedui word as 'sal/mag'.

Die potensialis kom in al die modi voor en verskyn baie in samestellings met ander oksiliëre soos die persistief en futurum, maar dit het nie 'n perfektumvorm as oksiliër nie.

(a) Indikatief:

O re o ka se rate yo
mongwe

'Jy sê jy sal/mag nie 'n
ander een liefhê nie'

Re ka se mo gapeletše

'Ons sal/mag hom nie ver-
plig nie'

Ge e le nna nka se go
lebale

'As dit ek is sal/mag ek
jou nie vergeet nie, m.a.w.
ék kan jou nie vergeet nie'

Ke nnete, ka ntle le
tšona legae e ka se be
lona

'Dit is die waarheid, daar-
sonder kan 'n tuiste nie
homself wees nie'

E ka se be ka mafolofolo

'Dit sal/mag nie met vlyt
wees nie'

Ga o bone wena gore
nka se be le khutšo?

'Sien jy nie dat ek nie
rus kan vind nie?
(met rus sal/mag wees/
word nie)'

Die potensialis/futurum kan ook met 'n emfatiese ontkenning voorkom, wat gevorm word met behulp van die hulpwerkwoordgroep

met die hulpwerkwoordstam -KA. Die hulpwerkwoordstam word op die gewone wyse ontken met die ontkenningsformatief -SE- en die hoofwerkwoord verskyn in die konsekutief. Dit druk 'gladnie sal/mag nie' uit.

Skrywers soos Beyer (1920;31), Grobbelaar (1952;224) en Phatudi en Mashabela (s.j; 96) beskryf die ontkenningsvorm as 'n 'lang' vorm van die ontkenning van die futurum en dit word slegs as 'n alternatiewe vorm beskou teenoor die 'kort' vorm.

Lombard (1976;87) en Van Wyk (1955;4) beskryf dit tereg as 'n emfatiese ontkenning van die eenvoudige vorm.

Voorbeelde:

A ka se ke a mo hlokomela

'Hy sal/mag hom gladnie dophou nie'

A ka se ke a tsoga

'Hy sal/mag gladnie opstaan nie'

Ba ka se ke ba ata

'Hulle sal/mag gladnie vermeerder nie'

Le ka se ke la ba le
khutšo

'Julle sal/mag gladnie rus hê nie'

E hlwe e le bjalo e ka
se ke ya ba ya na

'Terwyl dit so bly sal dit gladnie/nooit reën nie'

Die ontkenning van die potensialis/futurum word ook gebruik saam met die ouksiliêr -HLWE- in 'n hulpwerkwoordgroep om die ontkenning van 'n voortdurende handeling uit te druk met die vertaling 'sal/mag nie gedurig nie'.

Voorbeelde:

A lemoga gore a ka se hlwe
a bonana le moratiwa

'Hy besef toe dat hy nie gedurig sy beminde sal/mag sien nie'

Go ka se hlwe go eba bokeba

'Daar sal/mag nie gedurig skelmheid wees nie'

(b) Situatief

In die situatief is daar, naas die ontkeningsvorm met die ontkeningsformatief -SE-, wat hier behandel word, ook 'n ontkenning met die ontkeningsformatief -SA- wat in hoofstuk 4 behandel word.

Van Wyk (1955;10) en Ziervogel (1976;101) gee albei vorme aan. Die situatiewe vorm is struktureel dieselfde as by die indikatief, bv.:

+ Ge le ka se mo hlokomele

'Wanneer julle hom nie sal/mag dophou nie'

+ Le ge a ka se hwe

'Hoewel hy nie sal/mag doodgaan nie'

+ Ke tlo go thuša ge le
wena o ka se dire

'Ek sal jou help as ook jy nie sal/mag werk nie'

+ Re tlo di rekiša ge
di ka se none

'Ons sal hulle verkoop as hulle nie sal/mag vet word nie'

In die ontkenning van die futurum met -KA- + -SE- soos vir die potensialis kom ook in die situatief en relatief voor en is dus nie beperk tot die indikatief nie.

(c) Relatief

In ooreenstemming met die indikatief en situatief, kom dieselfde ontkeningsvorm in die relatief voor, soos aangetref in Van Wyk (1955;17) en Lombard e.a. (1976;84)

Die relatiefsuffiks kan

- (i) ðf aan die ouksiliêr -KA,
- (ii) ðf aan die werkwoordstam gesuffigeer word.

Hoewel dit die werkwoordelike eienskap van die ouksiliêr bevestig, word die ouksiliêr nogtans nie ontken wanneer dit die relatiefsuffiks bevat nie. Die ontkenningsformatief -SE- tree voor die werkwoordstam op, en die negatiewe uitgang -E realiseer ook op die werkwoordstam.

Struktuur:

- (i) Onderwerpskakel + -KA- + -GO/-NG + -SE- + werkwoordstam met uitgang -E.

- + Banna ba ba kago se boe 'Die mans wat nie sal/mag terugkeer nie'
- + Dikgomo tše di kago se bolawe ke tlala 'Die beeste wat nie sal/mag vrek van die honger nie'
- + Lehodu le le kago se utswe diphahla lebenkeleng 'Die dief wat nie die goedere in die winkel sal/mag steel nie'

- (ii) Onderwerpskakel + -KA- + -SE- + werkwoordstam met uitgang -E + -GO/-NG.

- + O tla dira seo se ka se thabišeng 'Hy sal dit doen wat nie sal/mag verbly nie'
- + Moo re ka se kgonego 'Waar ons nie sal/mag regkry nie'
- + Ngwana yo a ka se lwego le motho 'Die kind wat nie met 'n mens sal/mag baklei nie'
- + Batho bao re ka se ba bitšego 'Daardie mense wat ons nie sal/mag roep nie'

+ Monna yo a ka se bego le
lehufa

'Die man wat nie jaloers
sal/mag wees/word nie'

+ Dikgomo tšē di ka se bego
le dinamane

'Die beeste wat nie kalwers
sal/mag hê nie (met kalwers
sal/mag wees/word nie)'

Die alternatiewe struktuur met die relatiefsuffiks aan die potensiale ouksiliêr kom nie dikwels voor nie, en semanties is daar geen verskil tussen die twee vorme nie.

Die emfatiese ontkenning kom eweneens in die relatief voor. Die relatiefsuffiks word aan die hulpwerkwoordstam gesuffigeer. Origens stem dit ooreen met die nie-relatiewe modi.

Tšē di ka se kego
tša re dira kotsi

'Dit wat gladnie vir ons
sal/mag moeilikheid maak
nie'

Moo motho a ka se kego
a kgona

'Waar 'n mens gladnie in
staat sal/mag wees nie'

Volgens informante kan die relatiefsuffiks ook aan die potensialis ouksiliêr gevoeg word, maar dit kom baie selde voor. Dit bring geen semantiese onderskeid mee nie.

Voorbeelde:

Tšē di kago se ke
tša re dira kotsi

'Dit wat ons gladnie sal/
mag beseer nie'

Moo motho a kago se ke
a kgona

'Daar waar 'n mens nie sal/
mag regkry nie'

(d) Subjunktief

Ziervogel (1976;100) dui die ontkenning van die subjunktief toekomstige tyd en die potensialis toekomstige tyd met dieselfde voorbeelde aan, nl.:

re ka se tlô ruta
re ka se tlê re ruta

Hoewel die voorbeelde onder subjunktief en potensialis identies is, dui hy 'n semantiese onderskeid soos volg aan:

Subjunktief toekomend:

re ka se tlô ruta of
re ka se tlê re ruta /[(sodat) ons nie sal onderrig nie]

Potensiële vorm toekomend:

re ka se tlô ruta of
re ka se tlê re ruta (ons sal nie kan onderrig gee nie) (1976;100)

Ziervogel plaas hier die potensialis op dieselfde vlak as die subjunktief, m.a.w. as modus. Hy onderskei 'n semantiese verskil tussen die twee 'modi', maar geen morfologiese onderskeid nie.

Daar bestaan 'n semantiese verskil tussen die twee voorbeelde wat genoem is, nl.:

(i) ++ Re ka se tlo ruta

Dit is 'n samestelling van 'n ouksiliêre wat onder 3.6.1 tuishoort, maar word hier behandel om dit te vergelyk met die volgende voorbeeld, wat uit 'n hulpwerkwoordgroep bestaan.

(ii) ++ Re ka se tle re ruta

Voorbeeld (i) dui 'n handeling aan wat om een of ander rede nie sal kan plaasvind nie, d.w.s.:

+ (Gore) re ka se tlo ruta

'(Sodat) ons nie sal kan onderrig nie (omrede ons bv. moeg is)'

In voorbeeld (ii) word aangedui dat die onderwerp nie die handeling wil uitvoer nie hoewel hy die vermoë het, nl.:

+ (Gore) re ka se tle re ruta

'(Sodat) ons nie sal onder-
rig gee nie (omdat ons dit
nie wil doen nie)'

3.4.8.2 Die futurum

Die futurum word gebruik vir 'toekomende' handeling, soos afgelei kan word uit die gebruik van die werkwoordstam -TLA 'kom'.

Lombard (1976;149) gee 'n breedvoerige uiteensetting van die oorsprong van die futurum, wat as uitgangspunt in hierdie proefskrif aanvaar word.

By al die modi word die hulpwerkwoordstam -TLA ontken met ðf die ontkenningsformatief -SE- ðf met -SA- (vgl. hoofstuk 4) alhoewel die ontkenningstruktuur nie in al die modi eenders is nie.

Vanweë die verskil in ontkenningstruktuur in die verskillende modi, sal dit noodsaaklik wees om elke modus afsonderlik te behandel.

By al die modi stem die ontkenningstrategie ooreen in dié sin dat:

- (i) ðf die oksiliêr ontken word,
- (ii) ðf die oksiliêre komplement ontken word.

Waar die oksiliêr ontken word, absorbeer dit die negatiewe uitgang en die oksiliêr sowel as die werkwoordstam behou hulle slotvokale of uitgange, terwyl die uitgang -E op die komplementêre werkwoordstam realiseer waar die oksiliêre komplement ontken word.

Daar is geen semantiese onderskeid aangetref nie.

Die algemene strukture vir die ontkenning van die futurum is die volgende:

- (i) Onderwerpskakeel + ontkenningsformatief -SE- + futurum oksiliêr -TLO- + komplementêre werkwoordstam.
- (ii) Onderwerpskakeel + futurum oksiliêr -TLO- + ontkenningsformatief -SE- + komplementêre werkwoordstam met uitgang -E.

Die strukture sal nie verderaan onder die onderskeie modi herhaal word nie, maar slegs die volgende word gegee:

- (i) Die kenmerkende eienskappe van die modus,
- (ii) Afwykings van die algemene struktuur, en
- (iii) Voorbeelde van die ontkennings.

(a) Die indikatief

In hoofstuk 2 is reeds gewys op die strategie waarvolgens die indikatief met die indikatiewe ontkenningsformatief GA- ontken word. Sommige sprekers beweer dan ook dat daar 'n semantiese verskil is tussen die vorm met GA- en die ontkenning met die oksiliêr -KA- soos beskryf in 3.4.8.1.

Die ontkenning met die oksiliêre -KA- en -TLO- dui inderwaarheid sulke fyn semantiese nuanses aan dat dit moeilik is om te bepaal wat die onderskeid is, omdat dit in 'n groot mate afhang van die spreker se taalgevoel. Albei strukture pas in by die geldende taalsisteem en kan moontlik 'n rigting van ontwikkeling aandui.

Aan die hand van die informante lê die verskil daarin dat die ontkenning met KA SE in die normale spreektaal die ontkenning van die

potensialis/futurum is wat 'nie sal/mag nie' uitdruk, terwyl die ontkenning met TLO SE die negering van 'n moontlikheid is, nl.:

'sal dalk nie' ("may not"), bv.:

+ Batho ba ka se bone dikgomo

'Die mense sal/mag nie die beeste sien nie'

+ Batho ba tlo se bone dikgomo

Volgens Masetla: 'Die mense sal dalk nie die beeste sien nie ("may not see")'

Soortgelyke onderskeidings is trouens ook dikwels by Makitla waar-geneem. Daar word akkoord gegaan met die sienings van die genoemde informante.

Dit wil ook voorkom of daar 'n ontwikkeling plaasvind waarby die ontkenning nie meer eenvormig is nie, maar op verskillende maniere gevorm kan word. Dit blyk dat die ontkenning met -KA- + -SE- in 'n meerdere mate gereserveer word vir die potensialis hoewel dit nie onteenseglik bewys kan word nie. Daarbenewens is die ontkenning van die ouksiliër -TLO- of die ontkenning van die werkwoordstam in hierdie stadium nog nie semanties gestabiliseer nie, d.w.s. daar kan in hierdie stadium geen semantiese onderskeid bepaal word nie, maar dit kan moontlik aandui dat dié twee strukture ook semanties in 'n bepaalde rigting ontwikkel. Dit word beweer op grond daarvan dat informante soms drie wisselvorme gebruik sonder dat daar enige definitiewe semantiese onderskeid bepaal kon word. As bewys word 'n paar voorbeelde aangehaal:

Indikatief onvoltooide tyd:

Die volgende voorbeelde is aangetref in publikasies en van informante:

Positief:	+ Ba tlo bona	'Hulle sal/mag nie'
Negatief:	{ + Ba ka se bone	'Hulle sal/mag nie sien nie'
	+ Ba tlo se bone	'Hulle sal/mag dalk nie sien nie'

Konsekutief:

Dieselfde informant het by tye die twee wisselvorme gebruik:

Positief:	+ La tlo lwa	'Dan sal julle baklei'
Negatief:	{ + La se tlo lwa < * La se tle go lwa	'Dan sal julle nie baklei nie'
	+ La tlo se lwe < * La tla go se lwe	

Infinitief:

Ook hier het dieselfde informant die drie wisselvorme gebruik:

Positief:	+ Go tlo šoma	'Om te sal werk'
Negatief:	{ + Go tlo se šome < * Go tla go se šome	- 'Om nie te sal/ mag werk nie'
	+ Go se tlo šoma < * Go se tle go šoma	

Die wisselvorme is by verskillende geleenthede spontaan gebruik sonder dat die informant daarvan bewus was.

Dit is opvallend dat die hulpwerkwoordstam -TLA in die ontkenning baie algemeen as ouksiliêr voorkom en sonder strukturele of semantiese verskil gebruik word naas die ouksiliêr -TLO-, bv.:

Naa e tlo se kgangwe ke
sepanteo?

'Sal hy nie deur die spantou ver-
wurg word nie?'

Ke tla se go botše tša
mogadibo?

'Sal ek jou nie vertel aangaande
my suster nie?'

Ba tla se re mola ba
khoše?

'Sal hulle nie sê wanneer hulle
versadig is nie?'

(b) Die subjunktief

O leke go o sela gore
o se tlo šala morago

'Jy moet dit probeer oorsteek
sodat jy nie sal agterbly nie'

Le hlokomele e se tlo
le fahla

'Julle moet oplet (dat) dit
julle nie sal verblind nie'

Gore hleng yo mongwe
a se tlo mo thaka pele
a e topa

'Sodat iemand anders asseblief
hom nie dalk sal jaag voordat
hy dit optel nie'

O fele o lebeledišiša gore
e se tlo ba mohlomong a le
kgauswi

'Jy moet sommer goed dophou dat
hy nie miskien naby sal wees nie'

Etla, gore o se tlo ba kgole
le nna

'Kom, sodat jy nie ver van my
sal wees nie'

(c) Die relatief

n Voorbeeld met die relatiefsuffiks aan die futuritiewe ouksiliër
is deur die informante ontken met:

+ Banna ba ba tlogo se boe

'Die mans wat nie sal terug-
keer nie'

Na analogie van die voorbeelde wat aangehaal is by die indikatief om
die semantiese nuanses te onderskei kan hier moontlik dieselfde on-
derskeid getref word. Letterlik vertaal sal dit beteken: 'Die mans
wat sal nie terugkeer nie,' wat ook die 'dalk' kan impliseer, nl.:
'Die mans wat dalk nie sal terugkeer nie'.

(d) Die konsektief

Dit wil voorkom of dié ontkeningsvorm in twee semantiese kategorieë
uiteenval, nl.:

- (i) waarin die hulpwerkwoordkern -TL- 'kom' se letterlike
betekenis uitgedruk word, en

- (ii) waarin die oksiliêr -TLO- se futuritiewe betekenis uitgedruk word.

Die semantiese onderskeid word met behulp van die volgende paradigmas geïllustreer:

- (i) Die hulpwerkwoordkern -TL-

+ Wa se tlo bapala	'Dan <u>kom</u> jy nie speel nie'
+ La se tlo lwa	'Dan <u>kom</u> julle nie veg nie'
+ La se tlo hlagolela	'Dan <u>kom</u> julle nie skoffel nie'

- (ii) Die oksiliêr -TLO-

+ La se tlo tla	'Dan <u>sal</u> julle nie kom nie'
+ Tša se tlo tliša	'Dan <u>sal</u> hulle nie bring nie'
+ Ra se tlo boela gae	'Dan <u>sal</u> ons nie terugkeer huis toe nie'

Volledigheidshalwe word 'n paar voorbeelde van die ontkenning van die kopula, wat ooreenstem met die gewone vorm, aangegee.

Ka ge ngwana a palatšwe melekong <u>ya se tlo ba</u> ngaka	'Deurdat die kind nie die eksamens geslaag het nie sal hy gevolglik nie 'n dokter word nie'
Le tlo huduga <u>la se tlo</u> <u>ba</u> le madulo	'Julle sal trek en dan sal julle nie 'n woonplek hê nie'

Omdat die onverbode onderwerpskaker E- gebruik word is die konsekwentiewe onderwerpskaker in die identifiserende kopula YA- < -E + -A-.

Soos reeds aangedui kom die ontkennings in al die modi nie konsekwent voor nie, en word daar soms meer as een moontlikheid aangetref. Omdat die verskil waarskynlik net in die taalgevoel van die spreker gegrond is of ideolekties kan wees, word dit vir alle praktiese doeleindes net as wisselvorme beskou en eenders vertaal.

Die volgende wisselvorm is in die konsekutief aangetref by Makitla, Masetla en Mmutle, nl.:

Konsekutiewe onderwerpskakel + -TLO- + -SE- + werkwoordstam met uitgang -E.

+ La tlo se lwe

'Dan kom julle nie baklei nie/dan sal julle nie baklei nie'

Re lekile gararo go se
phula lešoba, ra tlo se
kgone

'Ons het driekeer probeer om dit oop te steek, en dan sal ons dit nie regkry nie'

Ook in hierdie voorbeeld wil dit voorkom of dit afkomstig is van 'n samestelling van ouksiliêr plus ouksiliêre komplement waarin die ouksiliêre komplement ontken word, nl.:

La tla go se lwe > la tlo se lwe

(e) Die infinitief

Semanties druk dit 'n futuritiewe handeling in die infinitief uit, wat vertaal kan word met 'om nie te sal nie' bv.:

+ Go se tlo boa

'Om nie te sal terugkom nie'

+ Go se tlo epolla

'Om nie te sal uitgrawe nie'

Mašilo o ile go tsoma tau
go se tlo ba lefšega

'Mašilo het 'n leeu gaan jag om nie 'n lafaard te sal wees nie'

Re buna peu go se tlo ba
bakgopedi

'Ons oes saad om nie daarsonder te sal wees/word nie'

3.4.8.3 Die persistief

In hoofstuk 2 (2.4.1) is reeds aangedui dat die persistief 'n ouksiliêr is wat ontwikkel het uit 'n hulpwerkwoord wat in rang verskuif het tot ouksiliêr.

In alle ontkenings waarin die persistief voorkom word die persistiewe oksiliêr ontken. Struktureel is die vorm in al die modi dieselfde, nl.:

Onderwerpskakel + ontkeningsformatief -SE- + persistief oksiliêr -SA- + werkwoordstam met uitgang -A.

Vanweë die versterde uitgang -A van die oksiliêr, realiseer die negatiewe uitgang -E nie. Die behoud van die uitgang -A van die werkwoord dien as bewys dat die oksiliêr ontken is en nie die werkwoord soos in die geval van die potensialis en futurum met KA SE nie.

Die oksiliêre komplement verskyn in die indikatief soos deur Lombard (1976;186 - 188) bewys is. Die werkwoordstam wat in die indikatief staan is 'n verdere bewys dat die oksiliêr ontken word en nie die komplement nie.

Die relatief en infinitief is duidelik onderskeibaar vanweë die relatiefsuffiks -GO en die infinitiefprefiks GO-. Die konsektief is ook herkenbaar uit die vorm van die onderwerpskakel, maar soos Lombard (1976;232) aandui, kan die situatief en subjunktief alleen tonologies onderskei word. In die voorbeelde sal alleen uit die vertalings onderskei kan word tussen dié twee modi.

(a) Situatief en subjunktief

(i) Voorbeelde in die situatief:

Motho wa batho le lentšū
le be le se sa tsoga ka
ge a be a letšē bošego
ka moka

'Die arme mens se stem was heeltemal weg omdat hy die hele nag gehuil het (Die arme mens ook die stem het nie meer opgestaan nie omdat hy gehuil het die hele nag)'

Ka go gwaiša le go kgopholla
mekgalakane ya dipela,
borokgo bja monna yo bo be
bo se sa na mmala

'Deur te krap en die mis
van die dassies uit te haal
het die broek van hierdie
man nie meer kleur gehad
nie (m.a.w. dit was baie
vuil)'

(ii) Voorbeelde in die subjunktief:

Gore bošula bo se sa direga
gape

'Sodat die slegte dinge nie
meer sal plaasvind nie'

Dikgomo di a dišwa bjale
gore di se sa senya mabele

'Die beeste word nou opge-
pas sodat hulle nie meer
die koring verniel nie'

Diphoofolo di kwane gore tau
e se sa ba kgoši ya tšona

'Die diere het ooreengekom
dat die leeu nie meer hul-
le koning moet wees/word
nie'

Die situatief perfektum met statiewe betekenis word ook konsekwent
op dieselfde wyse ontken, bv.:

+ Ge re se sa robotše

'Terwyl ons nie meer slaap
nie'

+ Ge ba se sa tlogile

'Terwyl hulle nie meer weg
is nie'

Die ontkenning van die kopulatiewe werkwoordstam -NA in samestelling
met die persistief ouksiliër kom in die onvoltooide tyd van die si-
tuatief en relatief voor. Struktureel word die subjunktief, konse-
kutief en infinitief op dieselfde wyse ontken met:

Onderwerpskakel + -SE- + -SA- + -NA

Semanties druk dit 'het nie meer nie/is nie meer saam met
nie' uit.

Ka lebaka leo go be go se sa
na motho e mongwe

'Op daardie tydstip was
daar nie meer 'n ander
mens nie'

A ipolelela gore a se sa na
taba nabo

'Hy sê toe by homself dat
hy nie meer iets met hul-
le in gemeen (te doen) het
nie'

Die kopulatiewe werkwoordstam en die konnektiewe partikel LE kom in verskillende vorme van sametrekking en elisie voor, soos beskryf in 2.2.1.1.

Die volgende voorbeelde toon die saamgetrokke vorm -NE en die vorm -NA LE. Semanties is dit die intensiewe vorm wat vertaal word met 'selfs nie meer nie/nie eers meer nie', bv.:

Ka lebaka leo go be go se sa
NA LE motho e mongwe

'Op daardie tydstip was
daar nie eers meer 'n an-
der mens nie'

Go be go se sa NE seo

'Daar was selfs nie eers
meer so-iets nie'

Ge metse e agilwe gomme thari
e ata gabotse gore go se sa NE
molato

'Wanneer die statte gebou
is en die stam mooi ver-
meerder sodat daar selfs
nie eers meer moeilikheid
is nie'

(b) Relatief

Die relatiefsuffiks -GO word aan die werkwoordstam gesuffigeer en verder stem dit ooreen met die situatief en subjunktief. Die relatiefsuffiks word egter nooit aan die ouksiliêr -SA gesuffigeer soos in die geval van die potensiale of futurum ouksiliêre nie. Deur middel van die struktuur word 'n handeling in die relatief ontken waardeur die voortdurendheid gestaak word en vertaal word met 'wat nie meer nie'. Dit is soos volg saamgestel:

Onderwerpskamel + -SE- + -SA- + werkwoordstam met suffiks -GO.

Banna ba ba se sa nwago

'Die mans wat nie meer
drink nie'

Go apara hempe ya ba ya
šala mmala wo o se sa
tsebjago ke bošaeidi ruri

'Om 'n hemp te dra (aan te trek) dat (en dan) net die kleur, wat nie meer herkenbaar is nie, oorbly, is regte slordigheid'

Lesogana le e se sa lego
lešoboro le ka ya go tsoma

'Die jongman wat nie meer 'n onbesedene is nie mag gaan jag'

Banna bao e se sa bago
mafšega ba ka felegetša
kgošl

'Daardie mans wat nie meer lafaards/bangbroeke word nie mag die kaptein vergeesel'

Die perfektum met statiewe betekenis se negatief met die persistief.

+ Dikgomo tše di se sa
timetšego

'Die beeste wat nie meer weg was nie'

+ Bana ba ba se sa
ralokilego

'Die kinders wat nie meer speel nie'

+ Fula dikenywa tše
di se sa lego bothata
gore ke di apee

'Pluk die vrugte wat nie meer hard is nie dat ek dit kan kook'

+ Ge o ka kgetha dipompom
o kgethe tše di se sa bago
boleta

'As jy lekkers uitsoek moet jy dié kies wat nie meer sag word nie'

Die relatiefsuffiks -GO word aan die kopulatiewe werkwoordstam -NA gesuffigeer. Die konnektiewe partikel LE bring ook hier dieselfde semantiese onderskeid teweeg, vgl 3.1.1.2(a) maar daar is geen voorbeelde in die relatief gevind met die saamgetrokke vorm -NE nie.

Gore wena o wele ka
moleteng woo o se sa nago
le bofase

'Dat jy in daardie gat geval het wat selfs nie 'n bodem het nie'

Ke batho ba ba se sa nago
taba

'Dit is die mense wat nie meer probleme het nie'

Mo e šetšego e le kgale
batho ba dutše ka bontši,
mo go bilego go se sa nago
le dithokgwa le dihlare

'Daar waar reeds lank men-
se in groot getalle gewoon
het waar daar selfs nie
meer bosse of bome was nie'

(c) Infinitief

Aangesien die infinitief wat die ontkenning betref, semanties en in struktuur ooreenstem met die situatief en subjunktief word slegs enkele voorbeelde gegee.

Modjadji a thoma go se sa
rata badumedi ka tsela yela

'Modjadji begin toe om nie
meer op daardie wyse van
die gelowiges te hou nie'

Motho ge a be a rata go se
sa nwešana meetse le monna
yo wa Mohlalerwa

'As die persoon nie meer
graag wou laat water suip
saam met hierdie Mohlaler-
rwaman nie'

Ke thabile kudu go se sa ba
ngwana wa bobo

'Ek is baie dankbaar om nie
meer 'n kind van die sonde
te wees nie'

Le go se sa ba botse ke mpho
ya Modimo

'Ook om nie meer mooi te
wees nie is 'n gawe van God'

Die assosiatiewe kopula in die infinitief word op tweërlei wyse gevorm. Semanties is daar nie onderskeid nie, en dit dui aan dat daar nie meer beskik word oor die kopulatiewe komplement nie, nl. 'om nie meer te hê nie'.

- (i) Met die kopulatiewe werkwoordstam -BA + die konnek-
tiewe partikel LE, bv.:

Go se sa ba le lerato
pelong go swana le go se
sa ba le mohola lefaseng

'Om selfs nie meer liefde
in die hart te hê nie is
dieselfde as om nie eens
meer nut op aarde te hê nie'

+ Go se sa ba le lehufa

'Om nie meer jaloers te
wees nie (om nie meer ja-
loesie te hê nie)'

(ii) Met die kopulatiewe werkwoordstam -NA.

<u>Go se sa na</u> ngwana ka gae	'Om nie meer h kind in die huis te hê nie'
----------------------------------	--

Konstruksies met die kopulatiewe werkwoordstam -NA + die konnektiewe partikel LE druk weer eens 'selfs nie meer te hê nie' uit, bv.:

<u>Go se sa na</u> LE ngwana ka gae	'Om selfs nie meer h kind in die huis te hê nie'
-------------------------------------	--

(d) Konsekutief

Die struktuur in die konsekutief word gekenmerk deur die konsekutiewe onderwerpskakel, en dit druk h handeling in die verhalende tyd uit wat nie meer plaasvind nie, bv.:

+ Pula e nele bana <u>ba se sa</u> raloka ka ntle	'Dit het gereën en toe speel die kinders nie meer buite nie'
---	--

Dipholo <u>tša se sa</u> panwa ka baka la go se be le bjang	'Toe word die osse nie meer ingespan nie as gevolg van die tekort aan gras'
---	---

Die kopula word gevorm met die kopulatiewe werkwoordstamme -BA of -NA. Die struktuur met -BA druk uit 'was toe nie meer nie', bv.:

Gomme sebaka sa go topa selepe <u>sa se sa ba</u> gona	'Maar die tyd om die byl op te tel was toe nie meer daar nie'
--	---

+ Morago ga iri ya bone lewatle <u>la se sa ba</u> kgole	'Na vieruur was die see toe nie meer ver nie'
--	---

Met die werkwoordstam -NA druk dit uit 'was nie meer nie', of 'het nie meer gehad nie'.

Ešita le yena motho yo mogolo, a ka timelago <u>gwa se sa na</u> pelaelo?	'Maar ook hy, h groot mens (wat) kan verdwaal en dan was daar nie meer twyfel nie?'
---	---

Pela sethiko sa se sa na
maatla

'Maar toe was die omsingeling (omsingelde) nutteloos'

Die konnektiewe element in die samestelling met -NA druk 'selfs' uit, bv.:

+ Re dutše nageng mme
morago ga beke dikobo
tša se sa na LE mmala

'Ons het in die veld gebly, en na 'n week het ons komberse selfs nie meer kleur gehad nie'

(e) Imperatief

Die imperatief word gekenmerk deur die afwesigheid van 'n onderwerp-skakel voor die ontkenningsformatief -SE (vgl 3.4.4).

Semanties druk dit uit 'n bevel wat nie meer moet plaasvind nie, nl.: 'moenie meer nie'. Dit word gekenmerk deur die ontkenningsformatief SE- + persisitewe oksiliër -SA- + werkwoordstam.

Soos in die ander modi is die werkwoordstam se uitgang -A wanneer dit op die persisitief volg.

Voorbeelde:

+ Se sa tla!

'Moenie meer kom nie!'

+ Se sa bolaya batho

'Moenie meer mense doodmaak nie'

+ Se sa boela go nna ge
wena o phositše

'Moenie meer na my toe terugkom as jy foute gemaak het nie'

3.4.8.4 Die kasualis oksiliëre

Die semantiek en ontwikkeling van die genoemde oksiliëre is reeds bespreek in 2.4.5 en word nie weer hier herhaal nie.

In die nie-indikatiewe modi word die oksiliêre ontken met die ontkenningsformatief -SE-. Die oksiliêr word ook in hierdie geval ontken, maar die slotvokaal -O bly behoue, en die negatiewe uitgang realiseer gevolglik ook nie op die werkwoordstam nie.

Struktuur:

Onderwerpskakel + ontkenningsformatief -SE- + kasualis oksiliêr + oksiliêre komplement.

Die struktuur druk 'n ongeërgdheid in die negatief uit, en word vertaal met 'nie sommer/net/slegs/eenvoudig nie'.

(i) Situatief

Rena ge re se no ba laetša

'Wanneer ons nie sommer net aan hulle voorskryf nie'

Goba a se dio belega ngwana

'Omdat sy eenvoudig nie 'n kind gebaar het nie'

A be a ponye ge a se fo fetša a re

'Dan knip hy sy oë wanneer hy net nie kan klaarmaak (met praat) nie en sê.....'

Fela re tlo di leboga
gabortse ge Seimela a se no re phulela tša morwalo wa gagwe

'Ons sal dit opreg waardeer as Seimela nie sommer met die deur in die huis val nie (Maar ons sal dit mooi bedank as Seimela nie sommer vir ons oopmaak (die sake) van sy las nie)'

(ii) Subjunktief

+ Ba nyaka gore re se no ba patediša dijo

'Hulle wil hê dat ons hulle nie sommer net moet laat betaal vir die kos nie'

+ Bulang mahlo gore le se dio forwa ke dikebeka

'Maak oop julle oë dat julle nie sommer deur skelms gekul word nie'

(iii) Konsekutief

Re lekile go e pšhatla
fela ra se no phula
lešobana

'Ons het probeer om dit
stukkend te breek, maar
toe kon ons nie eers 'n
gaatjie maak nie'

Hierteenoor word die werkwoord, en nie die ouksiliêre nie, meestal ontken. Die negatiewe uitgang -E [E] realiseer in hierdie geval op die werkwoordstam.

Struktuur:

Onderwerpskakel + kasualis ouksiliêr + ontkenningsformatief -SE-
+ werkwoord met uitgang -E.

Semanties kan geen verskil bepaal word nie, maar dit kan meestal vertaal word met 'nie eers nie', bv.:

A rego le ge a fofa
a no se tsebe

'Wat sê selfs al vlieg hy
dan weet hy nie eers nie'

Le dio se bitše batho
gore ba tle monyanyeng

'Julle roep nie eers die
mense dat hulle bruilof
toe kom nie'

3.5 -SE AS FORMATIEF VAN KLITIESE WOORD

Die indikatiewe identifiserende kopula in die onvoltooide tyd se ontkenning stem in vorm ooreen met die ontkenningsouksiliêrgroep van die indikatiewe perfektum. Semanties druk die kopula eksistensiële ontkenning uit, en kan op grond daarvan aanvaar word dat dit 'n vergelykbare struktuur het met die indikatiewe perfektum. Nietemin kan dit nie as ouksiliêr beskou word nie omdat dit nie uit 'n hulpwerkwoordgroep ontstaan het nie.

Die SE van die identifiserende kopula het waarskynlik ontstaan uit 'n werkwoordstam wat verband het met die oorsprong van GA SE in die indikatiewe perfektum. Van Wyk stel dit soos volg:

Omdat hierdie ga se in vorm identies is met die kopulatiewe voorvoegsel ga se, kon ons aanneem dat lg. op dieselfde wyse ontstaan. M.a.w. die se daarin was ook oorspronklik die kopulatiewe werkwoordstam se. Tussen die ga en die se van die kopulatiewe voorvoegsel moes daar dus ook vroeër 'n onderwerpskakeel gewees het wat later weggeval het. (1953;33)

Hy noem verder dat die onderwerpskakeel wat weggeval het waarskynlik die onverbonde onderwerpskakeel E- is wat in die identifiserende kopula voorkom.

In ooreenstemming met Van Wyk word GA en SE as twee elemente beskou. Omdat 'n klitiese woord sowel woord as morfeemkenmerke bevat en daarom op die grens tussen ouksiliër en formatief lê, word die -SE van die identifiserende kopula beskou as 'n formatief van 'n klitiese woord.

Die ontwikkeling van hierdie partikel kan waarskynlik soos volg voorgestel word:

(monna) * gā ē sé (moruti)

> gā sé die onderwerpskakeel het weggeval en die werkwoordstam word formatief.

Struktureel bestaan die kopula uit die ontkeningsformatief GA- + formatief -SE soos bv. in:

Go tsebege gore Leslie
ga se yena a bolaileng
Flora

'Dit moet bekend wees dat dit nie Leslie is wat vir Flora doodgemaak het nie'

O be a gapeletšwa gobane
mmušwa ga se ka godimo
ga mmušl

'Hy was gedwing want die onderdaan is nie bo die regeerder nie'

Ge e le bjang ga se selo
bošego

'As dit gras is, is dit niks
in die nag nie'

3.6 SAMESTELLINGS VAN OUKSILIËRE

Die potensiale, futurum en persistiewe ouksiliëre van Noord-Sotho kan, veral in ontkennings in 'n groot verskeidenheid samestellings gekombineer word om fynere semantiese aspekte van 'n handeling uit te druk.

Die samestellings kan bestaan uit kombinasies van:

- (i) Persistief + futurum,
- (ii) Potensialis + futurum,
- (iii) Potensialis + persistief, en
- (iv) Potensialis + persistief + futurum.

Dit is egter belangrik om daarop te let dat die samestellings in 'n vaste volgorde van potensialis - persistief - futurum plaasvind en nie na willekeur gerangskik word nie. Verder verskil die samestellings in die positief van dié in die negatief in dié sin dat die kombinasie van samestellings 'n wyer variasie in die negatief as in die positief het. In die positief word die potensialis en persistief nie gekombineer nie, hoewel dit in die negatief wel dikwels plaasvind. So ook is die potensialis + persistief + futurumkombinasie beperk tot die negatief.

In die ontkenning van 'n opeenvolgende groep ouksiliëre word slegs een van die ouksiliëre ontken. Die werkwoordstam behou die uitgang -A omdat die ontkenning deur die ouksiliër wat ontken word geabsorbeer word. Die ontkenning van die ouksiliër geskied op die wyse soos beskryf in die voorafgaande deel van hierdie hoofstuk.

In samestellings met die potensiale oksiliêr word die potensialis eerste geplaas, en die daaropvolgende oksiliêr as oksiliêre komplement van die potensialis word ontken. In ander samestellings word die eerste oksiliêr ontken.

Voorbeelde in etlike modi (waar van toepassing) word aangegee om die ontkeningspatroon te illustreer.

(i) Potensialis + futurum

Die futurum oksiliêr word ontken as oksiliêre komplement van die potensialis. Semanties druk die struktuur 'n negatiewe futuritiewe moontlike handeling uit.

Indikatief, onvoltooid

Manaba a ka se tlo boela

'Die vyande sal nie mag terugkeer nie'

Situatief, onvoltooid

Ge molamo a ka se tlo
nthuša ke tlo palelwa

'As swaer my nie sal mag help nie sal ek baasgeraak word'

Subjunktief

Ba boletše gore ba ka se
tlo bina dinaka

'Hulle het gesê dat hulle nie sal mag dans nie'

Relatief, onvoltooid

In die relatief onvoltooide tyd word die relatiefsuffiks aan óf die potensiale oksiliêr óf die futurum oksiliêr óf die werkwoordstam gevoeg, bv.:

+ Bana ba ba kago se tlo boa sekolong }
+ Bana ba ba ka se tlogo boa sekolong }
+ Bana ba ba ka se tlo boago sekolong }

'Die kinders wat nie sal/mag terugkeer van die skool af nie'

By verskillende geleenthede van ondervraging en kontrole met die informante het daar by hierdie samestellings ook variasies te voorskyn gekom waarin die werkwoordstam ontken is. In sodanige ontkenning neem die werkwoordstam die negatiewe uitgang -E. In hierdie ontkenningvorme word 'n element van twyfel waargeneem in die vertaling 'sal dalk nie mag nie' bv.:

Indikatief, onvoltooid

+ Manaba a ka tlo se boele

'Die vyande sal dalk nie mag terugkeer nie'

Subjunktief

+ Gore le ka tlo se je

'Dat julle dalk nie sal mag eet nie'

(ii) Potensialis + persistief

In hierdie samestellings word die persistiewe ouksiliër ontken, en het dit meestal twee betekenis, nl. 'n negatiewe voortdurende moontlikheid, of voortdurende handeling wat nie in die toekoms sal plaasvind nie. Gerieflikheidshalwe kan dit vertaal word met 'mag nie meer nie/sal nie meer nie'

Indikatief, onvoltooid

+ Dikgomo di ka se sa tla

'Die beeste sal/mag nie meer kom nie'

Situatief, onvoltooid

+ Ge bana ba ka se sa tla

'Wanneer die kinders nie meer sal/mag kom nie'

Subjunktief

+ Gore di ka se sa tla

'Dat hulle nie meer sal/mag kom nie'

Infinitief

+ Go ka se sa tla

'Om nie meer te sal/mag kom nie'

Relatief, onvoltooid

Die relatiefsuffiks kan in hierdie samestelling aan òf die potensiale ouksiliêr òf die werkwoordstam gesuffigeer word aangesien die persistiewe ouksiliêr nooit die relatiefsuffiks neem nie, bv.:

+ Tše di kago se sa tla }
+ Tše di ka se sa tlogo } 'Wat nie meer sal/mag kom nie'

(iii) Potensialis + persistief + futurum

Vanweë die feit dat die potensialis eerste staan in die volgorde van ouksiliêre, en nooit die ontkenning neem nie, word in hierdie samestelling die persistiewe ouksiliêr ontken, gevolg deur die futurum en die werkwoordstam. Die struktuur se ontkenning omvat semanties al drie die komponente en dit ontken 'n futuritiewe moontlike voortdurende handeling wat soos volg vertaal kan word: 'sal nie meer mag nie'.

Indikatief, onvoltooid

+ Dikgomo di ka se sa tlo boa 'Die beeste sal nie meer mag terugkom nie'

Situatief, onvoltooid

+ Ge bana ba ka se sa tlo tsena
sekolo 'Wanneer die kinders nie meer sal mag skoolgaan nie'

Subjunktief

+ Di bolaye gore di ka se sa tlo
re tshwenya 'Maak hulle dood sodat hulle ons nie meer sal mag (kan) pla nie'

Relatief, onvoltooid

Die relatiewe suffiks -GO/-NG kan ook in hierdie geval gesuffigeer word aan òf die potensiale ouksiliêr òf aan die futurum ouksiliêr, òf aan die werkwoordstam, nl.:

- + Manaba a a kago se sa tlo lwa
- + Manaba a a ka se sa tlogo lwa
- + Manaba a a ka se sa tlo lwago

'Die vyande wat nie meer sal mag veg nie'

(iv) Persistief + futurum

Die persistief word ontken met die betekenis dat 'n toekomstige handeling nie voortdurend sal plaasvind nie, en dit druk 'nie meer sal nie' uit, bv.:

Situatief, onvoltooid

- + Ge dikgomo di se sa tlo boa

'Wanneer die beeste nie meer sal terugkom nie'

Relatief, onvoltooid

Die relatiewe suffiks -GO/-NG word aan ðf die futurum ouksiliêr ðf aan die ouksiliêre komplement gesuffigeer.

- + Bana ba ba se sa tlogo bapala
- + Bana ba ba se sa tlo bapalago

'Die kinders wat nie meer sal speel nie'

Subjunktief

- + Gore dikgomo di se sa tlo fula
thabeng gape

'Sodat die beeste nie meer op die berg sal wei nie'

Konsekutief

- Ba re timile dijo ra se sa
tlo boela gona

'Hulle het ons gesnoep met kos en ons sal nie meer teruggaan daarheen nie'

Infinitief

- Ba tlo wela kotsing ka go
se sa tlo diša dikgomo ka
tshwanelo

'Hulle sal in die moeilikheid beland omdat hulle nie meer die beeste na wense oppas nie (deur om nie meer die beeste behoorlik te sal oppas nie)'

In samestellings met die persistief ontken Ziervogel (1976;93) dit

met die ontkenningformatief -SA- en die hulpwerkwoordstam -HLWE, wat weer in hoofstuk 4 bespreek word met die behandeling van die betrokke ontkenningformatief. Dit word ook bevestig deur Van Wyk (1955;29) waar hy die hulpwerkwoordstam -HLWA behandel, en opmerk dat die ontkenningkonstruksie met -HLWA in baie dialekte die persistiewe ontkenning heeltemal vervang.

Daar kom net een samestelling in die voltooide tyd voor, tw. die persistief + futurum in die situatief en relatief.

Die futurum oksiliër (wat in die voltooide tyd meer hulpwerkwoordelik funksioneer) staan in die perfektumvorm en neem ook by die relatief die relatiefsuffiks -GO. As hulpwerkwoordgroep volg die hoofwerkwoord op -TLILE in die infinitief en die infinitiefprefiks smelt met die uitgang van -TLILE saam om die uitgang -O [ɔ] te kry.

-tlile + go- > -tlilo-

Semanties druk dit die negering uit van 'n komende voortdurende handeling in die verlede. Die vertaling is 'nie meer sou nie'.

Die ontkenningstrategie bewerk die persistiewe oksiliër.

Voorbeelde:

Situatief

+ Ge di se sa tlilo fula

'Wanneer hulle nie meer sou wei nie'

Relatief

+ Tše di se sa tlilogo fula

'Die wat nie meer sou wei nie'

(v) Potensialis + kasualis -NO-

Samestellings met die potensialis + kasualis ouksiliêr -NO- druk 'n terloopse moontlikheid in die negatief uit, tw. 'kan nie sommer net nie', bv.:

Indikatief, onvoltooid

Batho ba ka se no go hloela

'Die mense kan nie sommer net jou saak verhoor nie (kan nie sommer net vir jou sit nie)'

Verdere uitbreidings van die ontkenning van die samestelling potensialis + kasualis -NO- vind ook plaas, nl.:

potensialis + kasualis -NO- + -HLWE.

Die samestelling druk 'n terloopse moontlikheid wat voortdurend plaasvind in die negatief uit, bv.:

Re ka se no hlwe re sa kgona

'Ons kan nie sommer nog altyd regkry nie'

Re ka se no hlwe re patwa

'Ons mag nie sommer altyd (gedurigdeur) verneuk word nie'

Die voorbeelde hierbo toon die groot verskeidenheid van beskrywings in Noord-Sotho deur middel van die samestelling van ouksiliêre.

3.7 SAMEVATTING

In Noord-Sotho het die ontkenningstrategie met SE die wydste verspreiding in sowel rangorde as ten opsigte van die verspreiding in die tye en modi van die werkwoord.

Dit kom in rangorde voor as werkwoordstam, hulpwerkwoordstam, ouksiliêr, formatief van 'n klitiese woord en ontkenningsformatief, nl.:

- (i) Werkwoordstam
Ge ke se moruti 'As ek nie predikant is nie'
(vgl par. 3.1.1.1(a))
- (ii) Hulpwerkwoordstam
Ge a se a nyalwa 'Wanneer sy nie getroud is
nie' (Vgl par. 3.2.1.1(a))
- (iii) Ouksiliêr
+ Ditšhwene ga se tšā
tshwenya mašemong 'Die bobbejane het nie in die
lande gepla nie' (Vgl par.
3.3.)
- (iv) Ontkenningsformatief
A leka kudu gore a se
lemogiwe 'Hy probeer toe hard dat hy
nie herken word nie'
(Vgl par. 3.4.)
- (v) Formatief van 'n klitiese woord
+ Monna ga se sebata 'Die man is nie 'n ondiër
nie' (Vgl par. 3.5.)

Wat die verspreiding oor die tye en modi van die werkwoord betref, is dit die enigste ontkenningsemeganisme wat in alle tye en modi van die werkwoord aangetref is.

In die realisering van die ontkenningsemeganisme in die verskillende rangordes en tye en modi van die werkwoord, tree sekere strukturele en semantiese kenmerke na vore wat hier saamgevat word.

3.7.1 Strukturele kenmerke

3.7.1.1 Die uitgang -E

(a) Die slotvokaal van SE

Dit is nie moontlik om te bepaal of die uitgang van SE die negatiewe

uitgang of hoegenaamd 'n formatief is nie. Aangesien dit op alle vlakke van rangverskuiwing in dieselfde vorm voorkom, moet die slotvokaal eerder as 'n versterke vokaal beskou word.

Dit is waarskynlik die negatiewe uitgang -E wat in SE verstar het tot slotvokaal.

(b) Die werkwoorduitgang -E

Die uitgang -E kan nie ongekwalfiseerd beskou word as 'n kenmerk van die ontkenning met SE as ontkenningselement nie. Die negatiewe uitgang realiseer alleenlik in sommige werkwoordkonstruksies met 'n enkele werkwoord en -SE- as ontkenningselement.

In 'n konstruksie waar 'n enkele werkwoordstam optree, word die werkwoorduitgang 'n -E in die ontkenning, bv.:

Ka go se kgolwE mahlo a gagwe 'Deur nie sy oë te glo
nie' (vgl par. 3.4(b))

Dit geld ook vir 'n hulpwerkwoordgroep omdat die hulpwerkwoord ontken word en die hoofwerkwoord in die positief daarop volg, nl.:

Pula e ganne go na, ra se ke
ra kgona go bjala peu 'Dit wou nie reën nie en
toe kan ons gladnie saad
saai nie' (Vgl par. 3.4.1.2)

By die ontkenning van die potensialis, en soms ook ander oksiliëre soos die futurum en kasualis oksiliëre, word die oksiliëre komplement in die oksiliëre groep ontken. Die negatiewe uitgang -E realiseer dan op die werkwoord omdat die ontkenningselement -SE- ook dan die werkwoordstam direk voorafgaan, bv.:

+ Batho ba ka se bonE dikgomo

'Die mense sal nie die bees-
te sien nie'

+ Le tlo se ngwalE meleko ge
le sa ye sekolong

'Julle sal dalk nie eksamen
skryf as julle nie skool
toe gaan nie'

Re tla no se sepele nabo

'Ons sal net nie saam met
hulle loop nie (Vgl par.
3.4.8.)

Die werkwoorduitgang van die subjunktief is -E [E] in die positief en bly onveranderd -E [E] in die ontkenning. Daarom kan nie bepaal word of dit die negatiewe uitgang is wat daarin voorkom nie.

Omdat die verskil tussen die ontkenning se middellae voorvokaal [E] en middelhoë voorvokaal [e] ouditief so gering is in 'n woorduitgang, is dit moeilik om te bepaal of dit die negatiefuitgang -E is wat in die habitualis realiseer en of die habituele uitgang -E behou bly.

Daar kan dus net met sekerheid verklaar word dat die negatiewe uitgang in 'n enkele werkwoordstam in die indikatief, situatief, relatief, konsekutief, imperatief, infinitief en kondisionalis realiseer.

(c) Die uitgang -A

Die kopulatiewe werkwoordstam -NA het 'n versterde uitgang wat nie deur die ontkenningstrategie bewerk word nie. Met die versterde uitgang realiseer die negatiewe uitgang nie en die uitgang -A bly behou, bv.:

+ Ge kgomo e se nA manaka e bitšwa
sekolo

'As 'n bees nie horings het
nie word hy 'n poenskap ge-
noem' (Vgl par. 3.4.7.)

3.7.1.2 Werkwoordkonstruksies met oksiliêre

(a) Versmelte slotvokaal

Die slotvokaal van die futurum oksiliêr -O absorbeer die negatiewe uitgang en gevolglik realiseer dit ook nie in die oksiliêre komplement nie, bv.:

O leke go o sela gore o se tlo

šala morago

'Jy moet dit probeer oorstee sodat jy nie sal agterbly nie' (Vgl par. 3.4.8.2.)

(b) Verstarde uitgang/slotvokaal

Die persistief oksiliêr -SA- het 'n verstarde uitgang wat verhoed dat die negatiewe uitgang realiseer en in die ontkenning bly -A behoue. Die oksiliêre komplement se uitgang word nie deur die ontkenning bewerk nie en gevolglik realiseer die negatiewe uitgang nie in die konstruksie nie. (Vgl par. 3.4.8.3.)

Dié oksiliêre groepe is albei komplementêr-defektief aangesien die onderwerpskakel van die komplement ontbreek.

3.7.1.3 Saamgestelde werkwoordkonstruksies

(a) Verstarde uitgang/slotvokaal

Die hulpwerkwoordstamme -TLE en -YE het verstarde uitgange. In 'n ontkenningskonstruksie behou dit die uitgang -E en is daar geen bewys dat dit deur die negatiewe uitgang bewerk word nie. Dit kan daarom aanvaar word dat dit die slotvokaal is wat behoue bly. (Vgl par. 2.1.2.2.)

(b) Versmelting

In saamgestelde werkwoordkonstruksies waar die komplementêre werk-

woord in die infinitief verskyn, vind versmelting plaas tussen die uitgang van die hulpwerkwoord en die infinitiefprefiks. Die uitgang -O wat in die proses ontstaan, is dominant oor die negatiewe uitgang en gevolglik is die uitgang -O.

Ka go se tsebO bala

'Deur om nie te kan skryf
nie' (Vgl par. 3.4.5.)

(c) Gedeeltelike verstarring

Die hulpwerkwoordelike eienskap van -HLWA tree baie sterk na vore in die ontkenning met die negatiefformatief -SE-. Die fakultatiewe gebruik van -HLWA en -HLWE in die positief dui (netsoos in die indikatief) daarop dat dit in die proses van rangverskuiwing na ouksiliêr is, maar in die ontkenningskonstruksie, waar dit as hulpwerkwoordstam optree, kom dit alleenlik met die uitgang -E voor. Omdat dit alleen in dié vorm aangetref word, kan aanvaar word dat dit waarskynlik die negatiewe uitgang is wat daarin realiseer, bv.:

A lemoga gore a ka se hlWE
a bonana le moratiwa

'Hy besef toe dat hy nie
gedurig sy beminde sal/
mag sien nie' (Vgl par.
3.4.1.2. (b))

(d) Modus van die komplement

Die hulpwerkwoordelike komplement en die ouksiliêre komplement kom in die habitualis of konsekatief voor waar -SE optree as hulpwerkwoordstam of ouksiliêr. Die terme 'habituele tipe' en 'konsekatiewe tipe' is hieruit ontleen, soos in Lombard (1976;118)

(i) -SE as hulpwerkwoordstam

Habituele tipe:

Batho ba rere taba mola
ba se ba sore

'Die mense moet die saak
reël wanneer hulle nie
bier drink nie'

Konsekutiewe tipe:

Re be re se ra sepela

'Ons het nie so pas ge-
loop nie' (Vgl par. 3.2.1.1.
en 3.2.1.2.)

(ii) -SE- as ouksiliêr

Habituele tipe:

+ Masogana ga se a bolaye
tau

'Die jongmans het nie 'n
leeu doodgemaak nie'

Konsekutiewe tipe:

+ Ditšhwene ga se tša
tshwenya

'Die bobbejane het nie
gepla nie' (Vgl par. 3.3.1.1
en 3.3.1.2)

Met -SE- as ontkeningsformatief in 'n hulpwerkwoordgroep met -KA
volg die komplement in die konsekutief.

+ Tšhemo e se ke ya ba le ngwang

'(Sodat) die land gladnie
onkruid het nie (Vlg par.
3.4.1.2.)

Die hulpwerkwoordstam -HLWE toon ten opsigte hiervan 'n eiesoortigheid
omdat die komplement in die situatief volg waar die hulpwerkwoordstam
-HLWE ontken word met die ontkeningsformatief -SE, bv.:

Gore pula e se hlwe e ena,
e dirwa ke go se šome

'Dat dit nooit reën nie
word deur werkskuheid
veroorsaak' (Vgl par.
3.4.1.2(b))

3.7.2 Semantiese kenmerke

3.7.2.1 Polisémie

Netsoos die ontkeningsmeganisme -SE rangverskuiwing ondergaan
het, so het dit ook polisémie ondergaan. As werkwoordstam en

element van 'n klitiese woord druk dit 'n negatiewe kopulatief uit, terwyl dit as hulpwerkwoordstam ouksiliêr en formatief 'ontkenning' uitdruk, bv.:

(a) Werkwoordstam

+ Ge e se lehodu

'As dit nie 'n dief is nie'
(par. 3.1.1.)

(b) Element van 'n klitiese woord

+ Tau ga se kgomo

'n Leeu is nie 'n bees nie'
(par. 3.5.)

(c) Hulpwerkwoordstam

Ge a se a ya felo

'As hy nie iewers heen ge-
gaan het nie'
(par. 3.2.1.1.)

(d) Ouksiliêr

Ntweng yeo Mapono ga se
a bolaya kgoši

'In daardie oorlog het die
Zoeloes nie die koning
doodgemaak nie'
(par. 3.3.1.1.)

(e) Ontkenningsformatief

Toro ya bona ya se fetoge

'Hulle droom verander toe
nie' (par. 3.4.1.)

3.7.2.2 Emfatisering

Die hulpwerkwoordstamme -KA en -HLWE het in samestellings met -SE verdere polisemie ondergaan deurdat die hulpwerkwoordstamme 'n emfatiese ontkenning in 'n hulpwerkwoordgroep uitdruk. Hierin beskik dit oor 'n gemeenskaplike semantiese eienskap, bv.:

(a) Met die hulpwerkwoordstam -KA

+ Ge di se tša ka tša bolawa
ke tlala -----

'As hulle nooit/gladnie doodgegaan het van die honger nie' (par. 3.2.3.1.)

(b) Met die hulpwerkwoordstam -HLWE

Gore pula e se hlwe e ena, e
dirwa ke go se šome

'Dat dit nooit reën nie word deur werkskuheid veroorsaak' (par. 3.4.1.2(b))

3.7.2.3 Gestabiliseerde betekenis

Die kasualis ouksiliëre het 'n verdere trap in polisemie ondergaan waar almal 'n gemeenskaplike betekenis aangeneem het en in die ontkenningskonstruksie 'n kasualiteit of ongeërgdheid uitdruk, wat vertaal kan word met 'nie sommer nie/nie sondermeer nie', bv.:

Re ka se no sepela fela

'Ons sal nie sommer net loop nie'

Gore ba se fo fetša

'Sodat hulle nie sondermeer klaarmaak nie'

Bulang mahlo gore le se dio
forwa ke dikebeka

'Maak oop julle oë dat julle nie sommer deur skelms gekul word nie' (Vgl. par. 3.4.8.4.)

Na aanleiding van die gemeenskaplike semantiese karakter van die hulpwerkwoordstamme -KA en -HLWE en van die kasualis ouksiliëre mag die gedagte ontstaan dat daar 'n neiging tot sinonimie is, wat hand aan hand voorkom met polisemie.

Die voorbeelde in 3.6(v) bevat 'n interessante kombinasie van ouksiliëre wat die dinamiese en gesofistikeerde omskrywingsvermoë van Noord-Sotho toon, nl.:

Re ka se no hlwe re sa kgona

'Ons sal nie sommer so voortdurend nog regkry nie'

ONTKENNINGS MET SA

Die ontkenning in Noord-Sotho word ook gevorm met SA. Ook hierdie ontkenningselement is egter beperk tot sekere modi en tydsvorme van die werkwoord soos die ontkenningselemente GA- en SE, en wel tot die situatief en relatief. Van Wyk (1955; bylae) gee die ontkenning met SA aan in die situatief en relatief teenwoordige tyd basies, perfektum basies en futurum. Ziervogel (1976;152) noem SA die partisipiële negatief, hoewel hy die ontkenningselement met SA ook as wisselvorm met SE aangee vir die infinitief (p.99). Louwrens (1971;53-54) wys daarop dat dit ook in die subjunktief fakultatief met SE gebruik word.

Van die vroeëre skrywers soos Beyer (1920;39) toon reeds die ontkenningselement aan met die 'ontkenningselement' -SA- en die werkwoorduitgang -A. Wat egter opvallend is, is dat Endemann (1876;120) onder die saamgestelde tydsvorme die ontkenning met -SE- en -SA- as wisselvorme in die situatief stel, en so ook die hulpwerkwoorduitgange -E en -A saam met die ontkenningselement -SE-. Uit die voorbeelde blyk ook dat die komplementêre werkwoord ðf in die situatief ðf in die konsekutief staan.

Voorbeelde uit Endemann:

Plusquamperfect 1

Ke ve ke sa ke ke lira
 oder Ke ve ke se ke ke lira
 oder Ke ve ke se ka ke lira

(Komplementêre werkwoord
 in die situatief)

Plusquamperfect 11

Ke ve ke sa ke ka lira
 oder Ke ve ke se ke ka lira

oder Ke ve ke se ka ka lira

(Komplementêre werkwoord in die konsekutief)

(p. 120)

Die onderstreping is self aangebring om die voorbeelde duideliker te laat spreek.

-Dieselfde verskil in modus word ook ten opsigte van die hoofwerkwoord ná die relatief deur Endemann aangetoon, nl.:

Präterit 1

Ke sa keyo ke lira

(Komplementêre werkwoord in situatief)

Präterit 11

Ke sa keyo ka lira

(Komplementêre werkwoord in konsekutief)

(p. 122)

By die ontkenning met -SA- dui Endemann (op. cit.) ook twee uitgange van die hulpwerkwoord aan met 'n oop vokaal -E waarskynlik [E] wat hy as e aandui, en 'n nouer vokaal -E wat hy as die 'basiese' vokaal aandui met e (sonder onderstreping).

Fut exact 1

Ke tla ve ke sa kē ke lira

oder Ke tla ve ke sa kē ke lira (p. 121)

'n Verdere opvatting, wat blyk uit die wyse waarop die ontkenningstrategie behandel word in die geraadpleegde werke, is dat die ontkenningsmeganisme SA slegs bestaan as ontkenningsformatief en as negatiewe ouksiliêr, bv.:

- (i) As ontkenningsformatief: Die ontkenningstrategie realiseer in die werkwoorduitgang soos in:

+ Ge bana ba SA tle

'Wanneer die kinders nie kom
nie'

- (ii) As negatiewe ouksiliêr: Die ouksiliêr -SA- absorbeer die ontkenningstrategie en die werkwoordstam behou sy positiewe uitgang soos in:

+ Ge dikgomo di SA fula

'Wanneer die beeste nie gewei
het nie'

Tereg merk Lombard (1976;143) dan ook op dat die negatiewe formatief -SA- ontwikkel het uit 'n negatiewe hulpwerkwoordstam. Dit dui daarop dat die formatief rangverskuiwing moes ondergaan het.

Die ontkenningsformatief het ook reeds soveel van sy verbale eienskappe verloor dat dit onder andere nie meer die verbale relatiefsuffiks -GO neem nie.

Anders as die ontkenningsformatief -SE- kom -SA- dus nie voor as ontkenkende werkwoordstam nie, maar het dit verder in rangorde verskuif. Dit kom egter nog voor as:

- (a) Ontkenkende hulpwerkwoordstam,
- (b) as ouksiliêr (d.w.s. as hulpwerkwoordstam wat rangverskuiwing ondergaan het), en
- (c) as ontkenningsformatief.

Die ontkenningsmeganisme SA word in hierdie hoofstuk in hierdie volgorde onder die loep geneem.

Omdat die ontkenningsformatief segmenteel ooreenkom met die persistief -SA-, is dit nodig om die twee van mekaar te onderskei deur te wys op sekere kenmerkende verskille. Om die ontkenningsmeganisme

te onderskei van die persistief is moeilik want die ontkenningselement SA is nie altyd konkomitant met 'n bepaalde werkwoorduitgang nie en kan struktureel ook in sommige sinsverbande met die persistief verwar word.

Soos die ander ontkenningselemente (behandel in hoofstukke 2 en 3) het SA ook onderliggend 'n laagtoon soos Lombard (1976;96) bevind het, terwyl die persistief -SA- onderliggend hoog is (kyk Lombard 1976; 222). Dit alleen kan egter nie as onderskeidingseienskap aanvaar word nie, omdat die ontkenningselement in die situatiewe en relatiewe perfektum ook hoog kan wees.

Lombard stel dit soos volg:

Sonder objeksmorfeem

In die vorm sonder objeksmorfeem vind assimilasië van die negatiewe morfeem sa plaas deur die voorafgaande /+H/ onderwerpskakeel wanneer dit deur /-H/ gevolg word soos die geval is by polisillabiese stamme in die /-H/-klas. (1976;141)

As gevolg van die ooreenstemming van die ontkenning van die situatiewe perfektum en die persistiewe onvoltooide tyd, situatief, sal die konteks van die sin (veral in publikasies) die enigste wyse wees waarop bepaal kan word watter vorm betrokke is. In die volgende voorbeeld sal die onderskeid tonologies aangedui word:

Gauta ya rena ke mabele ge
mašemo a rena á sá búnà
selo

'Ons goud is koring
as ons lande nog iets
voortbring'

Gauta ya rena ke mabele ge
mašemo a rena á sà búnà
selo

'Ons goud is koring, as
ons lande nie iets
voortbring het nie'

4.1 -SA AS ONTKENNENDE HULPWERKWOORDSTAM

Die ontkenning van die situatief voltooide tyd is die enigste struktuur waarin -SA as ontkenkende hulpwerkwoordstam voorkom. Die gebruik van -SA as ontkenkende hulpwerkwoordstam kom dus baie selde voor. Dit kan gesien word as 'n aanduiding dat -SA reeds grotendeels as hulpwerkwoord in rang verskuif het en sy funksie waarskynlik verder geleidelik oorgeneem word deur die ontkenning met SE.

Alhoewel -SA in die hulpwerkwoordgroep as ontkenkende hulpwerkwoordstam die uitgang -A behou, het dit tog die negatiefstrategie geabsorbeer aangesien die hoofwerkwoord, wat in die konsekutief verskyn, steeds die uitgang -A behou.

Semanties is dit bloot die ontkenning van die voltooide tyd met die volgende struktuur:

Onderwerpskakeel + -SA + hoofwerkwoord in die konsekutief.

Ka Mekibelo ge a_sa a_ya
mošomong

'Op Saterdag wanneer hy nie werk toe gegaan het nie'

Gomme re_sa ra hlwa re
tsoga

'Maar voordat ons wakker geword het (Maar as ons nie meer wakker geword het nie)'

4.2 -SA- AS OUKSILIËR

Die proses van rangverskuiwing word baie duidelik weerspieël in die situatief voltooide tyd. In 4.1. is die voorkoms van -SA as hulpwerkwoordstam behandel, m.a.w. waar dit nog as werkwoord fungeer. Naas hierdie vorm, vertoon verskeie modi ook die ontken-

ning van die voltooide tyd met behulp van die rangverskuifde oksiliër -SA-, wat nog 'n stadium in die rangverskuiwing van die hulpwerkwoordstam -SA tot ontkeningsformatief verteenwoordig.

Die oksiliëre komplement se onderwerpskakel het in die struktuur weggeval, en die komplement behou die uitgang -A. Die eertydse hulpwerkwoordelike eienskap van -SA lê juis daarin dat die oksiliër die ontkenningstrategie absorbeer en dit nie oorgeskuif het na die werkwoordstam soos in die geval van 'n ontkeningsformatief nie.

Hierdie struktuur stem basies ooreen met die persistief en kan alleen van die persistief onderskei word deur o.a. die tonologiese eienskappe soos reeds genoem aan die begin van hierdie hoofstuk.

Die ontkeningsvorme van die situatief en die relatief verskil slegs op grond van die relatiefsuffiks en daarom word dit saam behandel met voorbeelde van elk.

Struktuur:

Onderwerpskakel + -SA- + werkwoordstam met uitgang -A.

Dit is slegs die negering van die positief.

4.2.1 Die situatief

Gauta ya rena ke mabele,
ge mašemo a rena a sa
ntšha selo

'Ons goud is graan, as ons
lande nie iets opgelewer
het nie'

Gwa šala fela bao ba bego
ba sa ngwadiša maina a
bona

'Toe bly daar net dié wat
nie hulle name laat op-
skryf het nie'

Mošate o be o sa agwa kua
dithabeng ka gobane o be a
sa rate sebo sa thabeng le
merako ya maswika

'Die hoofstat was nie op
die berge gebou nie want
hy het nie van 'n bergves-
ting en mure van klip ge-
hou nie'

4.2.1.1 Samestellings met die hulpwerkwoordstam -KA

Die hulpwerkwoordstam -KA tree in die voltooide tyd saam met die ouksiliêr -SA- op in die ontkenningskonstruksie, en as gevolg daarvan is die uitgang van die ouksiliêre komplement -A. Die hoofwerkwoord volg daarop in die konsekatief.

Dit druk weer eens die emfatiese ontkenning uit, wat vertaal kan word met 'het gladnie/hoegenaamd nie'.

Struktuur:

Onderwerpskakel + -SA- + -KA + hoofwerkwoord in die konsekatief.

Ga a rate go tloga
a sa ka a laelana le
batswadi

'Sy wil nie weggaan nie,
tensy sy haar ouers be-
hoorlik gegroet het nie
(terwyl sy gladnie haar
ouers gegroet het nie)'

Ge nkabe e se be
bosemangmang nkabe
re sa ka ra fenya

'As dit nie vir so-en-so
was nie, sou ons hoegenaamd
nie gewen het nie'

Ka gobane Mathula
a sa ka a gopola go
salolla pitsi ge a
tsena leweng, a
hwetša sala e thapile
mo a ka se kgonego go
dula go yona

'Omdat Mathula gladnie
daaraan gedink het om
die perd af te saal toe
hy onder die krans in-
gaan nie, toe vind hy
dat die saal só nat is
dat hy nie daarop sal
kan sit nie'

4.2.1.2 Samestellings met die hulpwerkwoordstam -BA

Die hulpwerkwoordstam -BA se perfektumvorm -BILE word ontken met die ouksiliër -SA- in die hulpwerkwoordgroep. Die komplementêre werkwoord in die samestelling verskyn in die situatief.

Die struktuur druk 'n negatiewe voltooide tyd uit en kan vertaal word met 'het nie'. Dit is soos volg saamgestel:

Onderwerpskakel + -SA- + -BA + komplementêre werkwoord in die situatief.

Pherong a sa ba a mo
fetola

'Pherong het hom nie geantwoord nie'

Gore a sa ba a hwetša
peu

'Dat hy nie saad ontvang het nie'

4.2.2 Die relatief

Die struktuur stem ooreen met dié van die situatief en dit druk ook 'n ontkenning van die voltooide tyd uit.

Ge a ba fa tšeo ba sa
di kgopelago, e bilego
ba sa di gopelago

'As hy vir hulle dit gee wat hulle nie gevra het nie en selfs nie eers aan gedink het nie'

Mosadi a ka buša bjang
mola go le dipitšō tša
banna tšeo a sa
swanelago go ba go tšōna

'Hoe kan 'n vrou regeer waar (wanneer) daar vergaderings van mans is waar sy nie veronderstel is om te wees nie?'

+ Nkwe ke phoofolo ye e sa
lokago kudu gare ga
diphoofolo

'n Luiperd is die slegste dier onder die diere'

In die samestelling met die hulpwerkwoordstam -KA word die relatief-suffiks -GO aan -KA gesuffigeer en dit druk 'n emfatiese ontkenning

uit, wat vertaal word met 'gladnie/nooit nie'.

O buna mo o_sa_kago wa
bjala

'Jy oes waar jy nooit ge-
saai het nie.'

Basadi le banna ba_sa
kago ba ya Mphome

'Vrouens en mans wat nooit
na Mphome toe gegaan het
nie'

Motho e a dirago se
a_sa_kago a dira

'Dié mens wat dít doen wat
hy gladnie voorheen gedoen
het nie'

4.2.3 Die kondisionalis

In Psalm 127;1 kom die ontkenning van die kondisionalis met -SA-
voor terwyl die werkwoorduitgang -A bly, bv.:

Ngwako wa sa agwa ke
Morena, baagi ba wona
ba itapiša ka lefela

'As die huis nie gebou was
deur God nie, vermoei die
bouers daarvan hulleself
verniet'

Motse wa sa dišwa ke
Morena, mohlapešī o
phakgama ka lefela

'As die stad nie deur God
bewaak was nie, waak die
wagter verniet'

Soos by die situatief en relatief voltooide tyd absorbeer die ouksiliêr -SA- die ontkenning en daarom behou die ouksiliêre komplement die uitgang -A. Die onderwerpskakel stem ooreen met die konsekutiewe onderwerpskakel wat waarskynlik 'n versmelting is van die onderwerpskakel met 'n kondisionale -A.

Net soos die konsekutief is die kondisionalis skynbaar ook tydloos. Die vertaling in die voltooide tyd is net om dit sinvol te maak. Die situatief, wat die aspek van 'voorwaarde' kan uitdruk en ook die tydsaspek beter kan kwalifiseer, het waarskynlik

die kondisionalis verdring en gevolglik kom lg. baie selde voor, en is daar baie min bekend oor die kondisionalis.

Die volgende voorbeelde toon die gebruik van die situatief om voorwaarde uit te druk:

Positief	Ontkenning
+ Ge ngwako o agilwe ke Morena	+ Ge ngwako <u>o sa agwa</u> ke Morena 'As die huis nie deur God gebou was nie'
+ Ge motse o dišitšwe ke Morena	+ Ge motse <u>o sa dišwa</u> ke Morena 'As die stad nie bewaak was deur God nie'

Let daarop dat die ontkenning van die situatief voltooide tyd slegs ten opsigte van die onderwerpskamel verskil van die ontkenning van die kondisionalis, nl.:

Situatief: o sa agwa en
 o sa dišwa
 teenoor

Kondisionalis: wa sa agwa en
 wa sa dišwa

4.3 -SA- AS ONTKENNINGSFORMATIEF

Die hulpwerkwoordstam -SA het in rang verskuif tot ontkenningsformatief en as sodanig het dit die grootste gebruiksfrekwensie. Waar dit as ontkenningsformatief gebruik word, vertoon die werkwoordstam die negatiewe uitgang -E, waardeur dit duidelik van die persistief en die voltooide tyd onderskei kan word omdat die ouksiliêr -SA- en die persistief se verbale komplement die uitgang -A het.

Die ontkenningvorm is 'n variant van die ontkenning wat gevorm word met die ontkenningformatief -SE. Dit bevestig die stelling van Louwrens (1971;53-54), nl. dat die ontkenningformatiewe -SE en -SA in die subjunktief fakultatief gebruik kan word. Te oordeel hieraan, en soos later aangedui sal word, naamlik dat -SA ook in ander modi gebruik kan word, wil dit voorkom of die fakultatiewe gebruik van -SE en -SA nie net geldend is vir die subjunktief nie maar ook vir die ander modi, maar dat die ontkenning met -SA grootliks in onbruik geraak het. Die onbruik kan moontlik weer toegeskryf word aan die moontlike verwarring met die persistief, veral gesien in die lig daarvan dat die ontkenningformatief nooit saam met die persistief gebruik word nie, om 'n opeenhoping van SA's te vermy.

Vervolgens sal die ontkenningformatief -SA- bespreek word soos dit in die verskillende modi voorkom, asook saam met die hulpwerkwoordstamme -KA, -HLWA en -EŠO (-SEŠO), en die ouksiliêr -TLO-. Daar sal verder ook gewys word op die gebruik van -SA- saam met saamgetrokke hulpwerkwoordstamme.

Hieruit kan afgelei word dat die ontkenning met -SA- nie so beperk in omvang is soos wat algemeen aanvaar word nie, maar dat dit in 'n groot verskeidenheid modi en tye voorkom.

Omdat die ontkenning van die situatief, onvoltooide tyd en subjunktief met -SA- struktureel dieselfde is, kan dit alleen van mekaar onderskei word waar daar oteenseglike bewyse is dat die konstruksie in 'n sekere modus is bv. dat die situatief:

- (i) Volg op sekere voegwoorde soos ge, eitše, mohla, ens.;

en

(ii) volg op die hulpwerkwoordstam -BE;

en die subjunktief:

(i) Dikwels volg die voegwoord gore met 'n kousale verband op die voorafgaande handeling of proses; en

(ii) volg op 'n werkwoord in die subjunktief of imperatief.

4.3.1 Die situatief

Die struktuur van die ontkenning met -SA- in die situatief is die volgende:

Onderwerpskakel + -SA- + werkwoordstam met uitgang -E.

Semanties druk dit die negering van die positiewe vorm uit.

Ge kgoši e sa kwane le
ditaba tšō, e leseng,
le bone mo moya o foke-
lago

'As die koning nie met
hierdie sake saamstem
nie, los hom, dan sien
julle hoe die wind waai'

Ge ba sa hlokomele,
kolobe e tla ba
bintšha tshelwane

'As hulle nie versigtig
is nie, sal die vark
hulle verwar'

Maruo a gagwe o be a sa
a tsebe

'Sy vee het hy nie geken
nie'

Rena re be re sa tsebe
gore Abraham le Hosea
ba dirang mo ga-Moruti
Winter

'Ons het nie geweet wat
Abraham en Hosea by
dominee Winter doen nie'

Mošate o be o sa agwa
kua dithabeng ka gobane
o be a sa rate sebo sa
dithabeng le merako ya
maswika

'Die hoofstat was nie op
die berge gebou nie
want hy het nie van 'n
bergvesting en mure van
klip gehou nie'

Gore e re ge batho ba

'Sodat as die mense kom

etla go ba bona ba
hwetša ba sa swane le
ge ba sa tšo fihla

om hulle te sien, hul-
le vind dat hulle nie
lyk asof hulle nog pas
aangekom het nie

4.3.1.1 Samestellings met die hulpwerkwoordstam -KA

In die struktuur waar die hulpwerkwoordgroep met -KA ontken word, word die hulpwerkwoordstam -KA ontken en gevolglik neem dit die negatiewe uitgang -E. Die hulpwerkwoordelike komplement is in die situatief.

Die struktuur is 'n emfatiese ontkenning van die basiese vorm en word vertaal met 'gladnie/nooit'.

Struktuur:

Onderwerpskakel + -SA- + -KE + hoofwerkwoord in die situatief.

Dintho tšeo tša morwa
Thulare di be di sa ke
di ekwa meetse, bjalo
ka dišo di be di
gwagwailwe ka mahlare

'Daardie beserings van
Thulare se seun was
nooit waterig nie, net-
soos swere is hulle met
medisyne behandel'

Ka leboga ge go se na
dikgomo tše ntšl ka go
tseba ge dikgomo di sa
ke di phela gabotse gae

'Toe was ek dankbaar dat
daar nie baie beeste is
nie omdat ek weet dat
die beste gladnie goed
aard by die huis nie'

Lebitla la tlala, leo le
bogologolo le bego le sa
ke le bonwa

'Niemand het nog ooit
gesterf van hongers-
nood nie'

4.3.1.2 Samestellings met die hulpwerkwoordstam -HLWE

Anders as in die geval van die ontkenning met -SE waar die uit-

gang van die hulpwerkwoordstam -HLW- fakultatief -A en -E kan wees, is die uitgang slegs -E saam met die ontkenningsformatief -SA-. Dit kan waarskynlik weer eens toegeskryf word daaraan dat dit, met die uitgang -A, verwar kan word met die persistief wat vormlik presies dieselfde sou wees. Dit is trouens die enigste onderskeid tussen die konstruksies met die persistief en die ontkenning, bv.:

Modu wa ona o be o sa
hlwE o bonwa-bonwa fela
ka leihlo

'Sy wortel was nie meer sigbaar met die blote oog nie'

teenoor die persistief -SA- as:

+ Modu wa ona o be o sa
hlwA o bonwa-bonwa fela
ka leihlo

'Sy wortel was nog net sigbaar met die blote oog'

Ziervogel (1976;93) ontken ook die persistief -SA- met die hulpwerkwoordstam -HLWA, en Van Wyk (1955;29) meld dat die ontkenning konstruksie met -HLWE in baie dialekte die persistiewe ontkenning heeltemal vervang. Dit is ook 'n vorm van ontkenning om die opeenvolging van -SA- in 'n konstruksie te vermy.

Voorbeelde uit Ziervogel:

Positief: ++ Ke be ke sa robotše

'Ek was nog aan die slaap'

Negatief: ++ Ke be ke sa hlwe
ke robotše

'Ek was nie meer aan die slaap nie'

Positief: ++ Ke be ke sa tlo
nyaka

'Ek sou nog aan die soek wees'

Negatief: ++ Ke be ke sa hlwe
ke tlo nyaka

'Ek sou nie meer aan die soek gewees het nie'

Semanties druk dit 'n emfatiese ontkenning van die persistiewe aspek

van 'n handeling/proses uit en word vertaal met 'gladnie meer nie'.
Die hoofwerkwoord volg daarop in die situatief.

Struktuur:

Onderwerpskamel + -SA- + -HLWE + hoofwerkwoord in die situatief.

Ge kgošī a hlokile thari
ka lapeng la bogošī mme
mohumagadi wa gagwe a_sā
hlwe a eya madibeng

'Toe die koning nie 'n
kindjie gehad het in
die koningshuis nie,
en sy vrou gladnie
meer menstrueer nie'

Thokwe o be a tlabegile
gomme a_sā_hlwe a tseba
gore naa a ka ntšha ofe
molomo

'Thokwe was radeloos en
weet gladnie meer wat
hy verder kan sê nie'

E be e bolelwa ka gohle,
go_sā_hlwe go sa tsebja
gabotse gore e dula go
efe thaba

'Oral was daar van hom
gepraat sodat daar
gladnie meer mooi se-
kerheid was op watter
berg hy woon nie'

Seopela o be a le tlalelong
a_sā_hlwe a sa tseba gore
naa a ka tšea eng a bea
godimo ka ge ditaba di mo
tlile

'Seopela was in die nood
en weet gladnie meer
wat hy daarop kan sit
nie omdat die proble-
me hom ingehaal het'

4.3.1.3 Samestellings met die hulpwerkwoordstam -SEŠO

Die moontlike oorsprong van hierdie hulpwerkwoordstam is in hoof-
stuk 2 paragraaf 2.2.2.2. bespreek.

Die vorm -SEŠO kom in die indikatief (kyk hoofstuk 2) sowel as die
situatief en relatief voor, en die hoofwerkwoord kan in die konse-
kutief, situatief of habitualis wees. Die modus waarin die hoof-
werkwoord voorkom bring nie enige semantiese verskille mee nie, soos

uiteengesit in (i), (ii) en (iii) verderaan.

In die indikatief kan -SEŠO fakultatief met die vorm -EŠO gebruik word, omdat die ontkenningsformatief GA- die ontkenning uitdruk. In die situatief en relatief kom alleen -SEŠO voor waardeur die ontkenning deur die ontkenningsformatief -SA-, wat in die hulpwerkwoordstam opgeneem is, daargestel word. Sonder die ontkenningsformatiewe GA- of -SA- hou die hulpwerkwoordstam -EŠO geen ontkenning in nie.

Die hulpwerkwoordstam -SEŠO kom in die situatief voor met:

(i) Die hoofwerkwoord in die konsekutief.

Semanties druk dit 'n persistiewe voltooide handeling/proses se ontkenning uit en word dit met 'het nog nie/was nog nie' vertaal.

Die struktuur is:

Onderwerpskakel + -SEŠO + konsekutiewe onderwerpskakel + hoofwerkwoordstam.

Makgowa a be a sa tsebje
gobane a_sešo a bonwa

'Die witmense was nie bekend nie omdat hulle nog nie gesien was nie'

Ga re re o na le molato
mola o_sešo wa sekwa

'Ons sê nie jy is skuldig terwyl jy nog nie verhoor was nie'

Ge nka be ke_sešo ka dia
motho matete nka be ke sa
šome mošomo wo

'As ek nog nie vir 'n mens wonders gedoen het nie sou ek nie hierdie werk gedoen het nie'

Die hulpwerkwoord kan ook met 'voordat' vertaal word in bepaalde kontekstuele verbande soos in die volgende voorbeelde:

Mogongwe ba nkhweditše ke
sešo ka thoma go gama

'Miskien het hulle my gevind voordat ek begin melk het'

Lebakeng la ge ba hudugela
Botšhabelo ke ge mohumagadi
wa gagwe Malope yena a sešo
a kolobetšwa

'Die tyd toe hulle na
Botšhabelo verhuis het
was voordat Malope se
vrou gedoop was'

Gona fao ba ba ba tloga ba
sešo ba tšhuma motsana woo

'Hulle het toe daarvandaan
weggegaan voordat hulle
daardie statjie afgebrand
het'

(ii) Die hoofwerkwoord in die situatief.

Legonyana lela o re
rometšego go le roba re
hweditše le sešo le oma

'Daardie houtjie wat jy
vir ons gestuur het om
te breek was nog nie
droog nie'

(iii) Hoofwerkwoord in die habitualis.

Ge ba mo lebelela le polelo
a sešo a e thome

'Toe hulle vir hom kyk
het hy selfs nog nie
eens begin praat nie'

In die volgende voorbeeld tree die hulpwerkwoordelike komplement sonder onderwerpskakel op, wat daarop dui dat die hulpwerkwoordstam -SEŠO besig is om in rang te verskuif na ouksiliêr. As gevolg van die afwesigheid van die onderwerpskakel van die hoofwerkwoordstam kan die modus daarvan nie bepaal word nie. Dit kan óf situatief óf konsekatief wees.

O be a buša dilete tša
Transvaal Lebowa, Makgowa
a sešo tšwelela ka bontši

'Hy het die Transvaalse
stamme in die noorde re-
geer voordat die Witmen-
se in groot getalle inge-
kom het'

4.3.1.4 Die kopula

Die ontkenning van die situatiewe inchoatiewe kopula in die onvoltooide tyd word gevorm met die ontkenningsformatief -SA- saam met die kopulatiewe werkwoordstam -BA in die identifiserende, bepalende

en assosiatiewe kopula met die volgende struktuur:

Onderwerpskakel + -SA- + -BE + kopulatiewe komplement. Die struktuur word vertaal met 'nie word/bekom nie'.

(i) Identifiserend:

Die onveranderlike onderwerpskakel E- word gebruik, bv.:

- | | |
|---|--|
| + Go tlo ba khutšo lefaseng
ge motho <u>e sa be</u> lehodu | 'Daar sal rus op aarde
wees as die mens nie
'n dief word nie' |
| + Ge <u>le sa be</u> Batlokwa
kgoši e ka se le amogele | 'As julle nie Tlokwas
word nie sal die kap-
tein julle nie aanvaar
nie' |
| + Malome o alafa batho <u>e sa</u>
<u>be</u> ngaka | '(My) oom genees mense
(alhoewel) hy nie 'n dok-
ter word nie' |

Die eerste en laaste voorbeelde kan ook paslik vertaal word met:

'(My) oom genees mense (alhoewel) hy nie 'n dokter is nie' om daarop te wys dat die struktuur met die werkwoordstam -BA ook 'nie synde nie (m.a.w. nie is nie)' kan uitdruk.

(ii) Bepalend:

Die kongruerende onderwerpskakel word gebruik.

- | | |
|---|---|
| + Lootša thipa gape ge <u>e sa</u>
<u>be</u> bogale | 'Slyp die mes weer as dit
nie skerp word nie' |
| + Ge mošomo <u>o sa be</u> kaone
re tlo o tlogela | 'As die werk nie beter
word nie gaan ons dit
laat staan' |
| Ge <u>ba sa be</u> lesome la
mengwaga ba ka se dumelwe
go ya toropong ba le nnoši | 'As hulle nie tien jaar
oud is nie sal hulle
nie toegelaat word om
alleen dorp toe te gaan
nie' |

+ Ge le sa be gona le ka se
hwetše nama

'As julle nie daar is nie
sal julle nie vleis kry
nie'

(iii) Assosiërend

Die ontkenning van die assosiërende kopula kan gevorm word met die kopulatiewe werkwoordstamme -BA en -NA. Die konnektiewe partikel LE bepaal hier op dieselfde wyse die betekenis wanneer dit saam met -NA gebruik word.

Struktuur met -BA: Kongruerende onderwerpskakel + -SA- + -BE + kopulatiewe komplement.

Ke makatšwa ke ge ke sa be
le tlala matšatši a

'Ek is verbaas dat ek
deesdae nie honger
word nie'

+ Ge re sa be le mahlogonolo
pula e ka se re nele

'As ons nie geseën word
nie sal ons nie reën
kry nie'

Dit is egter voor die handliggend dat die ontkenningsvorm met die statiewe assosiërende kopula in 'n mindere mate gebruik word omdat dit moeilik is om, selfs uit die sinsverband, te bepaal of dit die ontkenning of die persistief is soos sal blyk uit die voorbeelde wat volg:

Struktuur met -NA (LE): Onderwerpskakel + -SA- + -NA (+LE) + kopulatiewe komplement.

Semanties druk dit 'nie het nie' uit.

(a) Le mo itielang ge a sa
na le polelo

'Waarom slaan julle
hom as hy glad niks
te sê het nie'

(b) Ge o sa na khumo o ka
se nyale ngwanaka

'As jy nie ryk is nie
(rykdom het nie) sal
jy nie met my kind
trou nie'

- | | |
|--|---|
| (c) Ge <u>ba sa na</u> dijo batho
ba tlo ba tlišetša
tšona | 'As hulle nie kos het
nie sal die mense dit
vir hulle bring |
|--|---|

Die sinne kan eweneens die volgende uitdruk:

- (a) 'Waarom slaan julle hom as hy nog iets te sê het'
- (b) 'As jy nog rykdom het sal jy nie met my kind trou nie'
- (c) 'As hulle nog kos het sal die mense dit vir hulle bring'

4.3.2 Die subjunktief

Soos gemeld in 4.3., het Louwrens (1971;53-54) daarop gewys dat die subjunktief twee ontkeningsformatiewe het wat fakultatief gebruik kan word, nl. -SA- en -SE-. Hy wys egter nie daarop dat die werkwoorduitgang -E [e] konkomitant is met die ontkeningsformatief -SA-, terwyl die uitgang -E [ε] saam met die ontkeningsformatief -SE- voorkom nie. Waar dit as wisselvorm dien, het die ontkenning met -SE- waarskynlik 'n hoër gebruiksfrekwensie as -SA-.

Struktureel kom die ontkenning van die situatief en subjunktief ooreen, nl.:

Onderwerpskamel + -SA- + werkwoordstam met uitgang -E, en dit negeer slegs die sin in die positief.

- | | |
|---|--|
| Ba <u>fifatša mafesetere</u> gore
<u>re sa ba bone</u> | 'Hulle verdonker die vensters sodat ons hulle nie moet sien nie' |
|---|--|

4.3.2.1 Samestellings met die hulpwerkwoordstam -KA

Die emfatiese ontkenning met die hulpwerkwoordstam -KA kom ook in die subjunktief voor, gevolg deur die hoofwerkwoord in die situatief.

+ Le hlokomele gore dikgomo
di sa ke di boela mašemong

'Julle moet oppas dat
die beeste gladnie te-
rugkeer lande toe nie'

Kgoši e beile molao gore
koša e sa ke e binwa

'Die kaptein het 'n wet
gemaak dat daar glad-
nie gedans mag word nie'

Malebeledi ba fao Matete
a bego a tsena gona ba a
dumela gore diphukubje di
sa ke di tsena morakong
wa barutwana

'Die opsigters waar
Matete skoolgaan stem
toe dat die jakkalse
(skelms) gladnie in
die leerlinge se kamers
gaan nie'

4.3.2.2 Samestellings met die hulpwerkwoordstam -HLWE

Semanties en struktureel stem die vorm in die subjunktief ooreen
met die situatief en gevolglik word net 'n paar voorbeelde gegee.

Ga Thulare setšwagodimo
se be se ikgethetše gore
sa botse se sa hlwe se sa
le gona

'By Thulare het die
weerlig getref sodat
alles aaklig gelyk het'

Kganthe taba e kgolokgolo
e be e le gore ke kgale
ba sa hlwe, le ka leihlo,
ba bo bona

'Was die baie groot saak
dan dat hulle reeds
lankal gladnie meer,
selfs met die oog, dit
mag sien nie'

Ya ba e le gore o šetše
a gobetše, le go lla a
sa hlwe a kgona go lla

'Dit was toe omdat hy
reeds beseer was dat
hy gladnie eens kon
huil nie'

4.3.2.3 Samestellings met die hulpwerkwoordstam -SEŠO

Baie min voorbeelde is in publikasies gevind wat onomwonde as
subjunktief bestempel kan word, omdat dit moeilik onderskei-
baar is van die situatief. Die voorbeelde toon alleen die kom-
plementêre werkwoord in die konsekatief, hoewel dit waarskynlik

ook in die situatief en habitualis kan voorkom.

Dit word in die subjunktief hoofsaaklik vertaal met 'voordat',
maar kan ook met 'gladnie' vertaal word.

Ba mo tšhabišetša ka
ngwakong wo mongwe gore
lephodisa le sešo la mo
hwetša

'Hulle laat hom in 'n ander huis in vlug sodat die polisieman hom gladnie vind nie'

4.3.2.4 Die kopula

Die kopula kan in die subjunktief ook met die ontkenningsformatief -SA- ontken word hoewel die vorm nie baie algemeen in publikasies of in die spreektaal voorkom nie. Semanties stem dit ooreen met die ontkenning met die formatief -SE-, maar dit raak waarskynlik in onbruik ten gunste van -SE-.

In die identifiserende kopula kom dit ook voor met die onveranderlike onderwerpskakel E-, bv.:

Ka baka le di tle di gole
e sa be tše telele

'Om hierdie rede word hulle dan groter, en word hulle nie langes nie'

Re bone gore maoto a rena
e sa be a go boloka
ditšhila

'Ons moet toesien dat ons voete nie vuilgoed bewaar nie (dat hulle nie wees van om vuilgoed te bewaar nie)'

Die bepalende en assosiërende kopula neem die kongruerende onderwerpskakel, bv.:

Ge ke ya sekolong ke šetša
gore dikobo tša ka di sa be
le ditšhila

'As ek skool toe gaan sien ek toe dat my klere nie vuil is nie'

+ Gore dithoro di sa be fase

'Sodat die korrels nie op die grond moet wees nie'

4.3.3 Die relatief

Struktureel verskil die relatief en die situatief onvoltooide tyd se ontkenning met -SA-, net soos die perfektumvorme, slegs ten opsigte van die relatiefsuffiks -GO of -NG wat aan die werkwoordstam gesuffigeer word. Dit beteken dat dit ook die enigste onderskeid is tussen die relatief en die situatief se ontkenning met -SA-.

Semanties druk dit ook net die negering van die positiewe konstruksie uit.

Die struktuur is die volgende:

Onderwerpskakel + -SA- + werkwoord met uitgang -E en suffiks -GO/-NG.

Ke mang wo¹⁾ a sa tsebego
ge ke le pheko ye e tšwago
kgole?

'Wie weet nie dat ek 'n geluksteen is wat van ver af kom nie'

Gobane ešita le bona beng
ba dilo, bao le ge ba
ngwatha go sa bonaleng
gore ba ngwathile kae

'Want selfs die eienaars van die goedere, alhoewel hulle geproe het, is dit nie duidelik waar hulle geproe het nie'

Go ile gwa no ba molaleng
gore o tsebile mogwera wa
gagwe go fihla mo go sa
ratego

'Dit was sommer duidelik dat hy sy vriend deur en deur geken het (tot waar dit nie meer wenslik was nie)'

4.3.3.1 Samestellings met die hulpwerkwoordstam -KA

Die hulpwerkwoordstam word ontken en dit neem die relatiefsuffiks

1) Wo is gekontroleer met informante. Makitla beweer dat dit voorkom as wo of o, maar beskou dit as moontlike Tswana-invloed.

-GO/-NG. Die struktuur druk 'n emfatiese ontkenning uit en word met '(wat) nooit/gladnie' vertaal.

Dit is saamgestel uit:

Onderwerpskamel + -SA- + -KEGO/-KENG + komplementêre werkwoord
wat in die situatief of konsekatief is.

(i) Komplementêre werkwoord in die situatief:

Dinokana di tsogile le mo
gantši di sa kego di eba
gona

'Riviertjies het ont-
staan ook oral waar daar
nooit voorheen was nie'

Le bao ba sa keng ba eya
dipitšong

'Ook hulle wat nooit
na vergaderings toe
gaan nie'

Mehlang o tle a eme kgole
mo Kgašane a sa kego a
munona, kudu ka ge Kgašane
a be a sa thabele go reka
dipuku

'Hy staan altyd ver waar
Kgašane hom gladnie sien
nie, hoofsaaklik omdat
Kgašane nie daarvan ge-
hou het om boeke te koop
nie'

(ii) Komplementêre werkwoord in die konsekatief:

Gomme tšeo di sa kego
tša bonwa ka mphatong
lehono tša nyarela

'En daardie wat nooit
in die groep gesien
word nie verskyn toe
vandag/kom toe vandag
te voorskyn'

4.3.3.2 Samestellings met die hulpwerkwoordstam -BA

Samestellings met die hulpwerkwoordstam -BA het 'n baie hoë ge-
bruiksfrekwensie in letterkundige publikasies vanweë die feit dat
dit hoofsaaklik verhalende lektuur is en die hulpwerkwoordgroep hom
daartoe leen. Relatiefkonstruksies met dié hulpwerkwoordgroep kom

uiteraard dan ook net so dikwels voor.

In 'n hulpwerkwoordgroep van dié aard word die relatiefsuffiks aan die hulpwerkwoordstam gesuffigeer, maar die hoofwerkwoord word ontken met behulp van die ontkenningsformatief -SA- soos in die situatief en subjunktief, en gevolglik hoort dit inderdaad daar tuis. Dit word hier aangetoon slegs om die relatiewe struktuur en betekenis te illustreer.

O be a fihlile mo a ka
upšago a ipolaya go feta
go goboga, ke taba ye
yena a_bego a sa e akanye

'Hy het op dié stadium gekom dat hy eerder sou wou selfmoord pleeg as om beswadder te word, dit is die saak wat hy nie oordink het nie'

O be a tsogela go hlaba
pudi, gomme yo a_bego
a sa šome o be a ganetšwa
go e eja

'Hy het vroeg opgestaan om 'n bok te slag, maar hy wat nie gewerk het nie word verbied om daarvan te eet'

4.3.3.3 Samestellings met die hulpwerkwoordstam -HLWE

Die hulpwerkwoordgroep vorm 'n emfatiese ontkenning met die hulpwerkwoordstam wat ontken word. Die relatiefsuffiks word aan -HLW- met die negatiewe uitgang -E gesuffigeer en dit kan met 'gladnie/nooit meer nie' vertaal word.

Struktuur:

Onderwerpskamel + -SA- + HLWEGO + komplementêre werkwoord.

Le gona le na le motho yo
a bolelago Sepedi, yo a_sā
hlwego a re toloki

'Verder het julle 'n persoon wat Sepedi praat wat nooit meer sê nie: "tolk"'

Le bakgalabje ba ba_sā
hlwego ba na le la
boikobelo

'Ook die oumans wat gladnie meer 'n seggenskap het nie'

Mola a fularago, le mešito
ya lekaba e sa hlwego e
kwala, banna ya ba gona

'Toe hy sy rug draai en
die hoefslae van die
pakkier heeltemal weg-
sterf, was die mans daar'

4.3.3.4 Samestellings met die hulpwerkwoordstam -SEŠO

In die relatiefkonstruksie word die relatiefagtervoegsel -GO aan die hulpwerkwoordstam gesuffigeer, en die komplementêre werkwoord staan in die konsekutief of die habitualis bv.:

Madira ao a sešogo a ba
le bosodi le go gata mello

'Dié soldate wat nog onbe-
rispelig is, selfs om nie
in die moeilikheid te be-
land nie (Dié soldate wat
nog nie h skandvlek het nie
selfs om in die vure te
trap)'

A mangwe a bolela se se
sešogo sa phethega

'Ander praat van wat nog
nie afgehandel is nie'

Go ka lekwa dibjalo tša
mehuta-huta, le tšeo re
sešogo ra di leka

'Daar kan verskillende
soorte plante probeer
word, selfs daardie wat
ons nog nie probeer het
nie'

Go sa na le batho ba
bantš'i ba ba sešogo
ba rate thuto

'Daar is nog baie mense wat
nog nie van onderwys hou nie'

4.3.3.5. Die kopula

In die relatief word die kopula ook met die ontkenningsformatief -SA- ontken. Die kenmerkende eienskap is die suffigering van die relatiefsuffiks aan die kopulatiewe werkwoordstam -BA wat uitgaan op -E. Dit druk 'nie-toenemende' of 'nie-besitlike' verhouding tussen onderwerp en voorwerp uit en kan vertaal word met 'wat nie word nie' of 'wat nie het nie'.

Net soos vir die situatief word die onveranderlike onderwerpskakel E- gebruik in die identifiserende kopula en die kongruerende onderwerpskakels by die bepalende en assosiatiewe kopula.

Min voorbeelde word in letterkundige publikasies aangetref aangesien die vorm homself nie baie leen tot verhalende lektuur nie. Om 'n volledige paradigma van kopulatiewe te kan gee, sal die paradigma hoofsaaklik uit grammatikas oorgeneem of self opgestel moet word.

(i) Identifiserend.

Struktuur:

Onderwerpskakel E- + -SA- + -BEGO + kopulatiewe komplement.

+ Monna yo e sa bego mohumi
o tlo bolawa ke tlala

'n Man wat nie ryk word
nie sal doodgaan van
die honger'

+ Tate o hlabile dinku tšē
e sa bego ditshelau

'Vader het die skape geslag
wat nie hamels word
nie'

(ii) Bepalend en assosiërend.

Geen voorbeelde van dié ontkenningvorm is gevind van die bepalende en assosiërende kopula nie. Aangesien dit wel voorkom in die identifiserende kopula, dui dit daarop dat dit moontlik besig is om in onbruik te raak. Van Wyk (1955;36) gee die volgende as voorbeeld van die assosiërende kopula.

Kgomo ye e sa bego le maswi

'Die bees wat nie melk
het nie'

4.3.4 Die infinitief

Die infinitief word naas die ontkenning met -SE- ook met die for-

matief -SA- ontken. Van Wyk (1955;29) meld dat dit in sekere noordelike dialekte van Noord-Sotho voorkom en waarskynlik Venda-invloed is.

Ziervogel (1969;75) meld ook albei vorme, nl. met -SA- en met -SE-, en Endemann (1876;114) gee die ontkenning aan as "xo sa lire".

Die werkwoorduitgang verskil ook waar die twee ontkenningsvorme gebruik word. Dit stem ooreen met die gebruik van die ontkenningsformatiewe in die subjunktief (4.3.2.), nl.:

- (i) Saam met die ontkenningsformatief -SE is die werkwoorduitgang -E [E], en
- (ii) Saam met die ontkenningsformatief -SA is die werkwoorduitgang -E [e].

Daar kon geen semantiese onderskeid bepaal word nie, gevolglik kan ook aanvaar word dat die formatiewe -SE- en -SA- in die infinitief fakultatief gebruik kan word.

Struktuur met -SA-:

Klasprefiks + -SA- + werkwoordstam met uitgang -E.

Semanties druk dit 'n negatiewe infinitief 'om nie te nie' uit, maar die konteks leen homself baie mooi tot die vertaling met 'sonder om te wees/word'.

Dit is opmerklik dat die werkwoordstam in hierdie ontkenningskonstruksie meestal in die passiewe vorm in die literatuur voorkom, bv.:

+ go sa tsebjwe

'sonder om geken te word'

+ go sa fetšwe

'sonder om afgehandel te word'

Motseng e sa le go kgotswa
ge a namela lekaba go sa
tsebjwe fao a yago

'Die stat het gewonder
toe hy die pakkier op-
klim sonder om te weet
waarheen hy gaan'

Go leswa sela, go e ngwe
go gakanegile, go sa
tsebjwe se se dirwago

'Dáárdie een word gelos,
by 'n ander een is ver-
warring sonder om be-
wus te wees wat gedoen
word'

Bangwe dimpa ke tše
tshehla, go ikotlollwa
go sa fetšwe

'Andere is baie versadig,
daar word uitgereek (maag-
vel, dws oordadig geëet)
sonder ophou'

4.3.4.1 Samestellings met die hulpwerkwoordstam -HLWE

Waar die hulpwerkwoordstam -HLWE in die infinitief as hulpwerk-
woordelike komplement optree, het dit die gewone ontkenningvorm
met die ontkenningformatief -SA- plus die werkwoordstam met die
uitgang -E. Die komplementêre werkwoord kom in die situatief voor.
Dit druk 'n emfatiese ontkenning uit.

+ O swanetše go sa hlwe o
nthuša ka dipalo tša ka

'Jy behoort my gladnie meer
te help met my wiskunde nie'

+ Ge masogana a ya nageng
go yo tsoma ba nyaka go
sa hlwe ba latelwa ke
bašemane

'As die jongmans veld toe
gaan om te gaan jag, wil
hulle gladnie meer deur
seuntjies gevolg word nie'

+ Pere ye e tlwaetše go sa
hlwe e raga

'Hierdie perd skop ge-
woonlik gladnie meer nie'

4.3.4.2 Die kopula

Die kopula in die infinitief word ontken met die ontkenningfor-
matief -SA- as variant van die ontkenning met -SE-. Soos ook sal
blyk uit die volgende voorbeelde, word aangesluit by Van Wyk (1953;
61) wat daarop wys dat die infinitief nie vormlik onderskeid maak

tussen identifiserende, beskrywende en assosiatiewe kopulas nie.

Semanties stem die ontkennings met -SA- en -SE- ook ooreen.

+ Go hloka thipa ke go sa be
monna

'Om sonder 'n mes te wees
is om nie 'n man te wees
nie'

+ Ka baka la go sa be bohlale,
ngwana a ka se ye sekolong

'Omdat hy nie slim is nie,
sal die kind nie skool
toe gaan nie'

Makaleng go dula tše tonana
tša go sa be le mmele o
mogolo

'In die takke woon die
mannetjies wat nie groot
van lyf is nie'

4.3.5 Die kondisionalis

Die kondisionalis, soos bespreek in 3.4.6., word ook met die ontkenningsformatief -SA- ontken. Die onderskeid tussen die konsekuatief en kondisionalis sal ook alleen bepaal kan word aan die hand van die kenmerke genoem in hoofstuk 3, nl.:

- (a) Tonologies: Dit stem ooreen met die toonpatroon van die ontkenning met -SE-, en
- (b) Sintakties: Die daaropvolgende sin moet die stelling van die 'voorwaarde' voltooi.
- (c) Semanties: Dit druk die ontkenning van 'n voorwaarde uit, m.a.w. 'as nie'.

Op grond van inligting verkry van die informant, R. Makitla, kan die twee ontkenningsvorme, nl. met -SA- en met -SE-, fakultatief gebruik word sonder enige semantiese onderskeid.

Die struktuur bestaan uit die onderwerpskakel wat versmelt het met die kondisionale -A + die ontkenningsformatief -SA- + die werkwoordstam met die uitgang -E [e].

Bana ba tšhipu re tšea
tsela e tee, ra sa dire
bjalo mogotlo o tlo re
tlapiriganya

'(As) kinders van 'n spring-
haas loop ons dieselfde
pad; as ons nie so maak
nie sal die gebrul ons
vergruis'

Batala ba re: "Ya sa rage,
e tlatšša kgamelo"

'Die oumens sê: "As sy nie
skop nie vul sy die emmer"'.
'

Die uitdrukking van voorwaarde word waarskynlik al meer deur die
situatief oorgeneem, bv.:

Le tsebe gobane le roga
Modimo, gobane le sa dire
bjalo ke ge a ile

'Julle moet weet dat jul-
le God vloek; want as jul-
le nie so maak nie is Hy
vir ewig weg'

Ge le sa tsamaye re tlo
le feta tseleng

'As julle nie loop nie, sal
ons julle op die pad verby-
gaan'

4.3.6 Die konsekutief

By nadere ondersoek is bepaal dat die konsekutief ook albei ontken-
ningformatiewe neem, en dat dit struktureel ooreenstem met die ont-
kenning van die ander modi, nl.:

- (i) Konsekutiewe onderwerpskakel + -SE- + werkwoord-
stam met uitgang -E [ē],

OF

- (ii) Konsekutiewe onderwerpskakel + -SA- + werkwoord-
stam met uitgang -E [e].

Aangesien die struktuur met -SE- reeds behandel is in Hoofstuk 3
(3.4.2.), sal hier slegs aandag gegee word aan die ontkenning met
-SA-. Min voorbeelde is in publikasies aangetref. Die onderstaan-
de twee voorbeelde toon die gebruik ook in samestelling met die
hulpwerkwoordstam -HLWE, nl.:

Na mma le reng la re
mokgalabje a tliile la
sa re botše?

'Ma, waarom sê julle ons
nie dat die ouman gekom
het nie?'

Sa go lahlela teng sa
se ke sa sa hlwe se
bonwa ke motho le
gannyane

'Iets om te eet was hoege-
naamd nie deur 'n mens
ooit gesien nie'

Dit is egter interessant om daarop te let dat Maredi in 'Tlala ya
Mohlopi' albei vorms van die ontkenning van die konsektief in
hierdie laaste voorbeeld direk opeenvolgend gebruik het, nl.:

sa se ke sa sa hlwe

4.3.7 Samestellings met hulpwerkwoordkonstruksies

Soos uiteengesit in 2.4.6. is daar 'n neiging tot 'sametrekking van
die uitgang van 'n hulpwerkwoordstam met die klasprefiks GO- van
die infinitief. By die ontkenning met die ontkenningsformatief
-SA- is die neiging nie so sterk nie. Die versmelting van die
negatiewe uitgang -E met die infinitiefprefiks GO- vind baie sel-
de plaas, en daardeur is die ontkenning baie duidelik onderskei-
baar van die konstruksie met die persistief.

'n Mindere mate van polisemie vind hier plaas, wat daaraan toege-
skryf kan word dat die werkwoordstam, in sy optrede as hulpwerk-
woord, sy selfstandige vorm en gevolglik ook sy betekenis behou.

Struktuur:

Onderwerpskakel + -SA- + hulpwerkwoord met uitgang -E + komplement
in infinitief.

Rragwe o be a ratile
bohlomphegi, a sa rate
go nyatšišwa ke batho

'Sy vader was lief vir
eer, hy het nie daarvan
gehou om deur mense ver-
foei te word nie'

Gape ge e selekwa ke
mehlala ya ngwana o be
a sa šīye go mo kgaolela
ruri

'Verder, as hy kwaad ge-
maak is deur 'n kind se
optrede het hy nie gehui-
wer (nagelaat) om hom goed
in te breek nie'

Gape a se lese go bolela
tšša motho le gona a sa
lebale go bolela ka mo a
bonego kgaugelo ya Modimo

'Hy laat toe ook nie na om
oor die mens te praat nie
en ook vergeet hy nie om
te praat oor hoe hy die
genade van God ontvang
het nie'

Sametrekking kom wel voor en die konstruksie staan ook op verskil-
lende vlakke van rangverskuiwing.

Die rede waarom dit hier weer aandag moet kry is om daarop te wys
dat die konstruksie verwar kan word met die persistief omdat die
uitgangsvokaal van die ontkende werkwoord versmelt met die infini-
tiefprefiks - met die gevolg dat geen negatiewe uitgang in die op-
pervlakte realiseer nie.

'n Voorbeeld word weer aangehaal om die probleem uit te wys:

Persistief: + Ge dikgomo di sa
nyako_ fula

'As die beeste nog wil wei'

Waarin aanvaar word dat die werkwoorduitgang -A met GO- versmelt

teenoor

+ Ge dikgomo di sa nyako_ fula

'As die beeste nie wil wei
nie'

Waarin aanvaar word dat die negatiewe werkwoorduitgang -E met GO-
versmelt.

In die ontkenning van die persistief word daar dus gebruik gemaak van twee verskillende ontkenningsvorme om onderskeid te maak tussen die positief en die negatief, nl.:

(i) Die ontkenning met die ontkenningsformatief -SA-

+ die hulpwerkwoordstam -HLWE, bv.:

+ Ge dikgomo di sa hlwe di 'As die beeste gladnie
nyako fula meer wil wei nie'

ÓF

(ii) Die ontkenning met die ontkenningsformatief -SE-

voor die persistief, bv.:

+ Ge dikgomo di se sa nyako 'As die beeste nie meer
fula wil wei nie'

Verdere voorbeelde in die ontkenning:

Ke mo sentše leina gore
bana ba sa rato yo mmona

'Ek het sy naam beswader sodat die kinders hom nie wil gaan sien nie'

Ge o re o lapile ke ka
baka lang o sa gano ba
felegetša

'As jy sê jy is moeg, waarom weier jy nie om hulle te vergesel nie'

4.3.8 Met die oksiliêr -TLO-

Die ontkenning van die futurum oksiliêr kan ook deur middel van die ontkenningsformatief -SA- geskied. Dit is trouens die enigste oksiliêr wat in die ontkenning met -SA- aangetref is. Van Wyk (1955;bylae) toon dié ontkenningsvorm aan waar dit in die situatief en relatief perfektum voorkom. Hy gee dit telkens aan as 'n wisselvorm vir die ontkenning met -SE-.

Hoewel Mojapelo (1966;68) se beskrywing van die ontkennings baie moeilik geanaliseer kan word omdat hy dit nie volgens 'n bepaalde

sisteen behandel nie, is dit tog belangrik om daarop te let dat hy naas die ontkenning met -SE-, die futurum ouksiliêr ook met die formatief -SA- ontken in die situatief en relatief, bv.:

Positief

Negatief

(i) Situatief

+ Ke be ke tlo lema

Ke be ke sa tlo lema

'Ek sou nie geploeg het nie'

+ (Ge) di tlo tsena

(Ge) di sa tlo tsena

'As hulle nie sal inkom nie'

(ii) Relatief:

+ Ke yo a tlogo mo ngwalela

Ke yo a sa tlogo mo ngwalela

'Dit is hy wat nie vir hom sal skryf nie'

Mojapelo gebruik die ontkenning met -SA- in 'n samestelling van potensialis + futurum wat hy die 'Conditional mood' noem, nl.:

Modirišopeelano¹⁾

Letlago²⁾

Dumela³⁾

Nkabe e tlo tswala

Nkabe di tlo tswala

A ka ba a tlo bolela

Ba ka be ba tlo bolela

Kganetšo⁴⁾

Nkabe a ka sa tlo tswala⁵⁾

Nkabe di ka sa tlo tswala⁵⁾

A ka be a sa tlo bolela⁶⁾

Ba ka ba sa tlo bolela⁷⁾

(1966;68)

-
- 1) Modirišopeelano - Mojapelo vertaal dit in die indeks met 'Conditional mood', maar uit die voorbeelde blyk dit die potensialis te wees.
 - 2) Letlago - Toekomende tyd
 - 3) Dumela - Positief
 - 4) Kganetšo - Ontkenning
 - 5) Vertaling: 'As sy/hulle liewers nie sal kan baar nie'
 - 6) Vertaling: 'Hy/Hulle sou dalk nie praat nie (Hy/Hulle kan wees hulle sal nie praat nie)'
 - 7) Die afwesigheid van die hulpwerkwoordstam -BE in die konstruksie is 'n drukfout.

Die voorbeelde by ⁵⁾ gebruik hy blykbaar in ooreenstemming met die ontkenning met -SE-, nl.:

Nkabe a ka SE tlo belega

'As sy liewers nie sal kan baar nie'

Wanneer die voorbeelde ontleed word is dit duidelik dat dié by ⁵⁾ konsekutief plus futurum is en onder 4.3.6. tuishoort, terwyl ⁶⁾ as situatief plus futurum onder 4.3.1. ressorteer, bv.:

(a) Konsekutief + futurum

Die voorbeeld kan soos volg gerekonstrueer word:

* Nkabe di ka tšā sa tle go tswala

> Nkabe di ka sa tlo tswala (Elisie van die konsekutiewe onderwerpskakel tšā en samesmelting van tle en go.)

(b) Situatief + futurum

Die ooreenkoms tussen die voorbeelde by ⁶⁾ en dié van die situatief in (i) hierbo toon onteenseglik die verband tussen die twee konstruksies.

Die futurum ouksiliêr word ontken en dit het tot gevolg dat die hoofwerkwoordstam se uitgang -A bly. Daar is geen voorbeelde aangetref waar die hoofwerkwoord met die ontkenningsformatief -SA- ontken is soos met -SE- nie, bv.:

+ Gore bana ba tlo se tsome
ditau

'Dat kinders nie lees sal jag nie'

Omdat dit maklik verwar kan word met die persistief sal alleen uit die konteks bepaal kan word of die konstruksie ontkenkend is. Waarskynlik as gevolg daarvan word dit nie baie gebruik nie.

Struktureel kom dit voor as onderwerpskamel + ontkenninginforma-
tief -SA- + die ouksiliêr -TLO- + die hoofwerkwoord met die uit-
gang -A, wat 'n voltooide futuritiewe handeling in die negatief aan-
dui, wat vertaal kan word met 'sou'.

Ge dikgomo di sa tlo fula < Ge dikgomo di tllilo fula
'As die beeste nie sou wei nie'

Ge bašemane ba sa tlo bopa dikgomo tša letsopa < Ge bašemane
ba tllilo bopa dikgomo tša letsopa
'As die seuns nie klei-osse sou maak nie'

(c) Relatief + futurum

In die relatief word die agtervoegsel -GO meestal aan die futurum
ouksiliêr gesuffigeer, bv.:

Dikgomo tše di sa tlogo fula < Dikgomo tše di tllilogo fula
'Die beeste wat nie sou wei nie'

Bašemane ba ba sa tlogo bopa dikgomo tša letsopa < Bašemane
ba ba tllilogo bopa dikgomo tša letsopa
'Die seuns wat nie klei-osse sou maak nie'

Soms word die relatiefsuffiks aan die werkwoordstam gesuffigeer,
bv.:

Bašemane ba ba sa tlo bopago dikgomo tša letsopa.
'Die seuns wat nie klei-osse sou maak nie'

4.4 SAMEVATTING

Die ontkenningmeganisme SA kom nog voor in verskillende modi
van die werkwoord in Noord-Sotho as hulpwerkwoordstam, ouksiliêr
en formatief. Dit is nie beperk tot die situatief en relatief
soos algemeen aanvaar word nie.

Die ontkenningsemeganisme het 'n versterkte uitgang -A. As hulpwerkwoordstam en as ouksiliêr absorbeer dit die negatiefstrategie, maar behou die uitgang -A.

Die meganisme word gekenmerk as hulpwerkwoordstam deurdat dit gevolg word deur 'n komplementêre werkwoord in die konsekatief, soos in die volgende:

+ di SA TšA ya (Vgl. par. 4.1.)

Omdat die hulpwerkwoordstam die negatiefstrategie geabsorbeer het, bly die komplementêre werkwoord se uitgang -A.

Dit word as ouksiliêr onderskei daarin dat die konstruksie komplementêr-defektief is, d.w.s. die onderwerpskakel van die komplementêre werkwoord het weggeval. Ook in hierdie konstruksie is die uitgang van die werkwoordstam -A, bv.:

a SA ntšhA (Vgl. par. 4.2.)

Waar SA voorkom as ontkenningformatief realiseer die negatiewe uitgang -E op die werkwoordstam soos in:

a SA kwanE (Vgl. par. 4.3.1.)

In die meeste modi waarin die ontkenningsemeganisme voorkom, volg die komplementêre werkwoord daarop in die konsekatief. In die situatief kom egter variante voor waar die komplementêre werkwoord in die situatief of habitualis verskyn.

Bepaalde strukturele en semantiese kenmerke t.o.v. die ontkenning het in die ondersoek na vore getree, en word onder dié twee hoof-

de uitgelig:

4.4.1 Strukturele kenmerke

4.4.1.1 As ontkenningshulpwerkwoordstam

In die ontkenning van die situatief voltooide tyd, tree -SA nog op as hulpwerkwoordstam en dit absorbeer die negatiefstrategie met behoud van die versterde uitgang -A, bv.:

ge a SA a ya mošomong

'wanneer hy nie werk toe
gegaan het nie'

(Vgl. par. 4.1.)

4.4.1.2 As negatiewe oksiliêr

Die ontkenningsmeganisme SA tree in die ontkenning van die situatiewe en relatiewe voltooide tyd op as oksiliêr. As oksiliêr absorbeer -SA- die negatiefstrategie en gevolglik behou die oksiliêre komplement die uitgang -A. Die komplementêre werkwoord volg in die konsekutief soos blyk uit die volgende voorbeeld:

Nkabe re SA kA rA fenya

'Ons sou gladnie gewen
het nie'

(Vgl. par. 4.2.1.1., en 4.2.1.2. en 4.2.2.)

4.4.1.3 As ontkenningsformatief

Die ontkenningsmeganisme SA het tot so 'n mate sy verbale eienskappe verloor dat dit in hoofsaak bloot 'n ontkenningsformatief is. So byvoorbeeld, neem dit nie die relatiefagtervoegsel -GO nie, wat 'n duidelike aanduiding is dat dit aan werkwoordelike eienskappe ontbreek. Dit wil ook voorkom of die gebruik van dié

ontkenningsformatief aan die afneem is waarskynlik vanweë die moontlike verwarring wat dit met die persistief kan hê.

Waar -SA- optree as ontkenningsformatief in 'n enkele werkwoordstam realiseer die negatiefstrategie op die werkwoordstam, bv.:

Ge kgošī e SA kwanE 'As die koning nie saamstem
nie'

(Vgl. par. 4.3.)

Die kopulatiewe werkwoordstam -NA het 'n versterde uitgang -A (Vgl. Hoofstuk 2 par. 2.2.1.1.) wat die negatiefstrategie absorbeer sonder om te verander. Vormlik stem die struktuur sō ooreen met die persistief dat aleenlik uit die sinsverband bepaal kan word of dit die ontkennings- of persistiewe konstruksie is. Dit is moontlik as gevolg daarvan dat dié struktuur nie dikwels voorkom nie.

Ge o SA nA khumo 'As jy nie ryk is nie'

(Vgl. par. 4.3.1.4(iii))

Die hulpwerkwoordstam -SEŠO se uitgang wat verstar het tot -O het waarskynlik ontstaan deur versmelting en/of elisie. In die ontkenning absorbeer die uitgang van die hulpwerkwoord -SEŠO die negatiefstrategie en die uitgang -O bly behoue.

Ga re re o na le molato mola 'Ons sê nie jy is skuldig
o sešO wa sekwa terwyl jy nog nie verhoor
was nie'

(Vgl. par. 4.3.1.3.)

4.4.1.4 Werkwoordkonstruksies met oksiliêre

Die futurum oksiliêr -TLO- is die enigste oksiliêr wat saam

met die ontkeningsformatief -SA- voorkom. Die konstruksie is komplementêr-defektief deurdat die komplementêre werkwoord se onderwerpskakel weggeval het. Hoewel Mojapelo ook die samestelling potensialis + futurum met behulp van -SA- ontken, is die enigste voorbeelde wat aangetref is, dié waarin die ouksiliêr -TLO- in die voltooide tydvorm (-tlilo-) voorkom, nl.:

Positief: Dikgomo tše di tlilogo fula

Ontkenning: Dikgomo tše di SA tlOgo fula — 'Die beeste wat nie sou wei nie'

(Vgl. par. 4.3.8. (b))

Die versmelte uitgang van die futurum ouksiliêr het tot gevolg dat die uitgang nie onderskeibaar is nie.

4.4.1.5 Saamgestelde werkwoordkonstruksies

In saamgestelde werkwoordkonstruksies met die hulpwerkwoordstamme -KA en -HLWE in die onvoltooide tyd word die hulpwerkwoord ontken en die komplementêre werkwoord bly in die basiese vorm. Die komplementêre werkwoord volg meestal in die situatief, maar soms ook in die konsekutief of habitualis.

Voorbeelde:

Ge dikgomo di SA kE di phela gabotse 'As die beeste gladnie goed aard nie'

Le go lla a SA hlwE a lla 'Dat hy gladnie eens huil nie'

(Vgl. par. 4.3.1.1. en 4.3.2.2.)

Sametrekking of versmelting van die uitgang van die hulpwerkwoordstam met die infinitiefprefiks van die komplementêre werkwoord vind

op 'n baie geringe skaal plaas, en gevolglik realiseer die ontkenningstrategie gewoonlik in sulke konstruksies normaalweg, bv.:

..... a SA lebalE go bolela '..... terwyl hy nie vergeet om te praat nie'

(Vgl. par. 4.3.7.)

4.4.2 Semantiese kenmerke

4.4.2.1 Polisemie

SA is 'n ontkennde meganisme wat geen selfstandige betekenis het as hulpwerkwoordstam, oksiliër of formatief nie, maar dit druk slegs die negering van die positiewe stelling uit.

Uit die feit dat SA struktureel rangverskuiwing ondergaan het, mag daar ook polisemie plaasgevind het, maar die betekenis moes dan op 'n vroeë stadium van polisemie verstar het tot bloot 'n ontkennde betekenis.

4.4.2.2 Emfatisering

'n Emfatisiese ontkenning word uitgedruk in hulpwerkwoordgroepe met die hulpwerkwoordstamme -KA, -HLWE en -SEŠO.

Soos in die geval van die kasualis oksiliëre wat deur polisemie eenderse betekenis gekry het, wil dit voorkom of dit ook in die geval van die genoemde hulpwerkwoordstamme die geval is. Tesame met polisemie vind daar waarskynlik ook 'n proses van gelykmaking van betekenis plaas. Vandaar die emfatisering van die ontkenning deur al drie hulpwerkwoordstamme, bv.:

o sa kago wa bjala 'waar jy nooit gesaai het nie'

(Vgl. par. 4.2.2.)

a sa hlwe a eya madibeng 'sy gladnie meer menstrueer nie'

(Vgl. par. 4.3.1.2.)

lephodisa le sešo la mo hwetša 'die polisieman hom gladnie vind nie'

(Vgl. par. 4.3.2.3.)

4.4.3 Die komplementêre werkwoord

Die volgende kenmerke is opvallend ten opsigte van die komplementêre werkwoord en die ouksiliêre komplement:

- (i) Waar -SA- as ouksiliêr tot die hulpwerkwoordstam -KA optree, volg die komplementêre werkwoord in die konsekatief. Waar -SA- egter as formatief in die hulpwerkwoord met -KA as stam optree, volg die komplementêre werkwoord in die situatief, en soms ook in die konsekatief.
- (ii) Waar -SA- as formatief in die hulpwerkwoord -HLWE optree, volg die komplementêre werkwoord in die situatief.
- (iii) Waar -SA- as formatief in die hulpwerkwoord -SEŠO optree, volg die komplementêre werkwoord in òf die konsekatief, òf habitualis òf situatief.

Hieruit kan analogies afgelei word dat SA in konstruksies met 'n hulpwerkwoordstam waarskynlik nog ouksiliêre kenmerke vertoon, en dat dit nie suiwer ontkeningsformatief is soos dit hier behandel word nie. Dit blyk daaruit dat die komplementêre werkwoord van -SEŠO in die konsekatief voorkom. 'n Moontlike proses van rangverskuiwing na formatief word weerspieël in die feit dat die komplementêre werkwoord soms wel in die situatief verskyn. Dit bevestig weer eens dat ontkeningsmeganismes soos SA nie sondermeer as formatief, ouksiliêr of hulpwerkwoord geklassifiseer kan word nie.

HOOFSTUK 5

SAMEVATTING

Die ontkenningmeganismes SA en SE het 'n proses van rangverskuiwing ondergaan en staan op hierdie stadium op verskillende trappe van rangverskuiwing in die hiërargiese rangorde. SA kom voor as hulpwerkwoordstam, oksiliêr en formatief, terwyl SE voorkom as werkwoordstam, hulpwerkwoordstam, oksiliêr en formatief. Hierteenoor kom GA- slegs as prefigale formatief voor.

Alhoewel die drie meganismes nie 'n gemeenskaplike oorsprong of betekenis het nie, openbaar dit sekere gemeenskaplike strukturele en semantiese kenmerke wat in hierdie samevatting verder uitgelig word.

5.1 STRUKTURELE KENMERKE

Soos reeds opgemerk, is Noord-Sotho se ontkenning nie meganies afleibaar van die positief nie. In sommige gevalle hou die ontkenning struktureel haas geen verband met die positief nie soos aangedui in hoofstuk 1 (par. 1.1). Dit word verder gestaaf deur die feit dat daar drie ontkenningmeganismes is waardeur die ontkenning gevorm kan word, en dat 'n ontkenningmeganisme, soos bv. GA-, beperk is tot die indikatief, terwyl die meganismes SE en SA in sekere ander modi fakultatief gebruik kan word.

Insgelyks is daar ook struktureel nie 'n parallele een-tot-een verhouding tussen positief en negatief nie, omdat sommige ontkenningkonstruksies gladnie in die positief voorkom nie, soos byvoorbeeld

in die indikatiewe voltooide tyd waar die samestelling potensialis + persistief + futurum slegs in die ontkenning voorkom, bv.:

+ Batho ba KA SE SA TLO re
hwetšā moketeng

'Die mense sal ons nie meer
by die bruilof/fees mag
aantref nie'
(vgl. par. 3.6(iii))

Die strukturele kenmerke word vervolgens saamgevat onder die volgende:

- (i) Modale gebondenheid,
- (ii) Posisie in die woord of woordgroep, en
- (iii) Die werkwoorduitgang.

5.1.1 Modale gebondenheid

'n Ontkenningsmeganisme kan beperk wees tot een modus of sekere modi. In dié gevalle is die meganisme modaal gebonde.

5.1.1.1 Die ontkenningformatief GA-

Die ontkenningformatief GA- is beperk tot die indikatief, en kom nie in ontkenning van ander modi voor nie. Geen formatief kan dit voorafgaan in die werkwoord nie. Dit is dus 'n periferale prefigale verbale formatief, bv.:

Dikgomo GA di fule

'Die béeste wei nie'
(vgl. par. 2.1.1)

Alhoewel die ontkenningformatief GA- net in die indikatief voorkom, word daarmee nie geïmpliseer dat GA- die enigste ontkenningmeganisme vir die indikatief is nie, omdat SE ook in die indikatief as ontkenningmeganisme aangetref word soos verder aangetoon.

5.1.1.2 Die ontkenningsemeganisme SA

Die ontkenning deur middel van SA kom in al die modi behalwe die indikatief voor. In die modi waarin die ontkenningstrategie met SA voorkom, toon SA die volgende rangverspreiding:

(a) As hulpwerkwoordstam kom dit voor in die situatief, bv.:

Ge a sa a ya mošomong

'As hy nie werk toe gegaan
het nie'
(Vgl. par. 4.1)

(b) As ouksiliêr word dit soos volg aangetref:

- (i) Die situatief (vgl. par. 4.2.1)
- (ii) Die relatief (vgl. par. 4.2.2)
- (iii) Die kondisionalis (vgl. par. 4.2.3)

Voorbeelde:

Bao ba bego ba sa
ngwadiša maina a bona

'Dié wat nie hulle name
laat opskryf het nie'
(vgl. par. 4.2.1)

(c) As formatief opereer dit in die volgende gevalle:

- (i) Die situatief (vgl. par. 4.3.1)
- (ii) Die subjunktief (vgl. par. 4.3.2)
- (iii) Die relatief (vgl. par. 4.3.3)
- (iv) Die infinitief (vgl. par. 4.3.4)
- (v) Die kondisionalis (vgl. par. 4.3.5)
- (vi) Die konsektief (vgl. par. 4.3.6)

Voorbeeld:

Gore re sa ba bone

'Sodat ons hulle nie sien
nie'
(Vgl. par. 4.3.2)

Die ontkenning van die ouksiliêr -TLO- en die assosiatiewe kopula-tiewe werkwoordstam -NA deur middel van die ontkenningsemeganisme SA kom baie selde voor, waarskynlik omdat die struktuur verwar kan

word met die persistief. In die volgende voorbeelde kom die moontlike verwarring duidelik na vore. Daar kan alleen uit die konteks bepaal word dat dit die ontkenning is, nl.:

- + Ge ba sa na dijo 'As hulle nie kos het nie'
of 'As hulle nog kos het'
(Vgl. par. 4.3.1.4(iii))
- + Ge bašemane ba sa tlo
bopa dikgomo 'As die seuns nie beeste sou
vorm nie', of
'As die seuns nog beeste
sal vorm'
(Vgl. par. 4.3.8)

5.1.1.3 Die ontkenningsmeganisme SE

Die ontkenningsmeganisme SE se rangverspreiding strek oor al die modi van die werkwoord, nl.:

- (a) As werkwoord in:
- (i) Die relatief (vgl. par. 3.1.2.)
 - (ii) Die situatief (vgl. par. 3.1.1.)

Voorbeeld:

Ba ba sego kgauswi 'Die wat nie naby is nie'
(Vgl. par. 3.1.2.2.)

- (b) As hulpwerkwoord word dit aangetref in:
- (i) Die relatief (vgl. par. 3.2.2.)
 - (ii) Die situatief (vgl. par. 3.2.1.)

Voorbeeld:

Ge ba se ba sore 'Wanneer hulle nie bier
drink nie'
(Vgl. par. 3.2.1.2.)

- (c) As ouksiliêr funksioneer dit in die indikatief, nl.:

Ga se a bolaye 'Hy het nie doodgemaak nie'
(Vgl. par. 3.3.1.2.)

(d) As formatief opereer dit op tweeërlei wyse, naamlik as negatiewe formatief in:

- | | | |
|-------|-------------------|--------------------|
| (i) | Die imperatief | (vgl. par. 3.4.4.) |
| (ii) | Die infinitief | (vgl. par. 3.4.5.) |
| (iii) | Die kondisionalis | (vgl. par. 3.4.6.) |
| (iv) | Die konsekatief | (vgl. par. 3.4.2.) |
| (v) | Die relatief | (vgl. par. 3.4.3.) |
| (vi) | Die situatief | (vgl. par. 3.4.7.) |
| (vii) | Die subjunktief | (vgl. par. 3.4.1.) |

Voorbeeld:

Gore ba se dire bjalo

'Dat hulle nie so moet
maak nie'
(vgl. par. 3.4.1.)

en as formatief van 'n klitiese woord in die indikatief,
nl.:

Ga se moruti

'Dit is nie 'n predikant nie'
(vgl. par. 3.5.)

Daar is ook gewys op die moontlikheid dat SE in (c) en (d) hierbo nie die ontkenningselement SE is nie, maar 'n werkwoordstam -SA wat rangverskuiwing ondergaan het, en as oksiliër of formatief van 'n klitiese woord in die konstruksie staan. In dié verband druk dit voltooidheid of 'n statiewe betekenis uit, en dit word ontken met die ontkenningselement GA-. (Vergelyk paragraaf 2.4.2.)

5.1.1.4 Oorvleueling tussen SA en SE

Die ontkenning met SA kom egter minder voor as die ontkenning met SE, wat 'n wyer spektrum oor al die modi dek, en ook 'n groter rangverspreiding het.

Nietemin kan ontkenning met SA grotendeels gebruik word as alter-

natief vir ontkenning met SE in:

- (i) Die situatief (vgl. par. 3.2.1, 4.1, 3.4.7. en 4.3.1)
- (ii) Die relatief (vgl. par. 3.4.3. en 4.3.3.)
- (iii) Die subjunktief (vgl. par. 3.4.1. en 4.3.2.)
- (iv) Die infinitief (vgl. par. 3.4.5. en 4.3.4.)
- (v) Die kondisionalis (vgl. par. 3.4.6. en 4.3.5.)
- (vi) Die konsektief (vgl. par. 3.4.2. en 4.3.6.)

Die volgende voorbeelde illustreer die fakultatiewe gebruik van SA en SE as ontkenningmeganisme:

- Gore di se be le ditšhila (vgl. par. 3.4.1.3.)
- Gore di sa be le ditšhila (vgl. par. 4.3.2.4.)
'Sodat dit nie vuil word nie'

5.1.2 Posisie in die woord of woordgroep

Westphal (1958; 288-289) wys op verskeie moontlike posisies van die ontkenningmeganisme in die woord of woordgroep, nl.:

- (i) Ontkenningmeganisme vóór die positiewe of nie-positiewe werkwoord;
- (ii) Ontkenningmeganisme tussen die onderwerpskakel en die werkwoordstam; en
- (iii) Ontkenningmeganisme ná die werkwoordstam.

Vir Noord-Sotho is posisies (i) en (ii) relevant, maar nie die uitsluitlike posisies van die ontkenningmeganismes nie. Die struktuur genoem in (iii) kom nie in Noord-Sotho voor nie. Hierteenoor vind ons dat die ontkenningstrategie by wyse van die negatiewe uitgang -E ná die werkwoordkern mag realiseer.

In Noord-Sotho kom die ontkenningmeganismes soos volg voor:

- (a) Die ontkenningformatief GA-, is soos reeds gemeld, 'n periferele prefigale formatief wat voor die eer-

ste onderwerpskakel staan, bv.:

+ GA re bone

'Ons sien nie'

+ GA re ke re bona

'Ons sien gladnie/nooit nie'

(b) Die ontkenningsemeganisme SA staan direk ná die eerste onderwerpskakel of infinitiewe klasprefiks, bv.:

(i) As hulpwerkwoord:

Ge a SA a ya mošomong

'As hy nie werk toe gegaan
het nie'
(vgl. par. 4.1.)

(ii) As ouksiliêr:

Ge mašemo a rena a SA
ntšha selo

'As ons lande nie iets op-
gelewer het nie'
(vgl. par. 4.2.)

(iii) As formatief:

Ge ba SA hlokomele

'As hulle nie versigtig is
nie'
(vgl. par. 4.3.1.)

+ Go SA tsebe selo

'Om niks te weet nie'
(vgl. par. 4.3.4.)

(c) Struktureel stem die posisie van die ontkenningsemeganisme SE ooreen met SA, naamlik ná die eerste onderwerpskakel of infinitiewe klasprefiks, met 'n paar uitsonderings wat verderaan toegelig word.

Voorbeelde:

(i) As werkwoord:

Ge o SE ngwana

'As jy nie 'n kind is nie'
(vgl. par. 3.1.1.)

(ii) As hulpwerkwoord:

Ba ba SEGO ba tagwa

'Die wat nie dronk is nie'
(vgl. par. 3.2.2.1.)

(iii) As ouksiliêr:

Die konstruksie is ouksiliêr-defektief. Daar is geen onderwerpskakel wat die ontkenningsemeganisme voorafgaan nie.

+ Ga SE tša tshwenya 'Hulle het nie gepla nie'
(vgl. par. 3.3.1.)

(iv) As formatief:

+ Go SE hlalefe 'Om nie slim te word nie'
(vgl. par. 3.4.5.)

+ Gore ba SE dire bjalo 'Dat hulle nie so moet
maak nie'
(vgl. par. 3.4.1.)

Die posisie van die ontkenningsemeganisme SE verskil van die voorafgaande uiteensetting in samestellings met die ouksiliêre -TLO-, -KA- en die kasualis ouksiliêre. In die samestelling met -KA- en soms in samestellings met -TLO- en die kasualis ouksiliêre opereer SE ná die ouksiliêr, en staan SE dus tussen die ouksiliêr en die ouksiliêre komplement, nl.:

+ Ba ka SE sepele 'Hulle sal/mag nie loop nie'
(vgl. par. 3.4.8.2(a))

+ Di tlo SE boele gae 'Hulle sal nie terugkeer
huis toe nie'
(vgl. par. 3.4.8.2(a))

+ Re no SE tsebe 'Ons weet sommer net nie'
(vgl. par. 3.4.8.4.)

5.3.1 Die verbale uitgang/slotvokaal

Die verbale stam in Noord-Sotho, waarby werkwoorde, hulpwerkwoorde en ouksiliêre ingesluit is, het die volgende kenmerkende uitgange of slotvokale:

(i) Die negatiewe uitgang -E [e]

(ii) Die negatiewe uitgang -E [ε]

(iii) Versterkte uitgange,

(iv) Versmelte slotvokale, en

(v) Fakultatiewe uitgange/slotvokale.

Die samestelling van die konstruksie is bepalend tot die uitgang/slotvokaal wat in die ontkenning realiseer, soos vervolgens aangedui word.

5.1.3.1 Die negatiewe uitgang -E [ē̄]

Die negatiewe werkwoorduitgang -E [ē̄] is nie 'n ongekwalfiseerde kenmerk van die ontkenning nie. Die uitgang -E [ē̄]

- (i) is konkomitant in die ontkenningstrategie slegs met die ontkenningsformatiewe GA- en -SA-, bv.:

+ GA re šomE	'Ons werk nie' (vgl. par. 2.1.1.1.)
+ (Ge) ba SA bonE	'(Wanneer) hulle nie sien nie' (vgl. par. 4.3.1.)

- (ii) realiseer op die werkwoordstam in 'n konstruksie met 'n enkele werkwoordstam, bv.:

+ GA re šomE	'Ons werk nie' (vgl. par. 2.1.1.1.)
+ (Ge) ba SA bonE	'(Wanneer) hulle nie sien nie' (vgl. par. 4.3.1.); en

- (iii) realiseer in 'n hulpwerkwoordgroep op die hulpwerkwoordstam, en die komplementêre werkwoord se uitgang word gladnie beïnvloed nie, bv.:

+ <u>GA</u> <u>re</u> <u>kE</u> <u>re</u> <u>šomA</u>	'Ons werk nooit nie' (vgl. par. 2.1.2.1(a))
Gore koša <u>e</u> <u>SA</u> <u>ke</u> <u>e</u> <u>binwA</u>	'Dat daar gladnie gedans mag word nie' (vgl. par. 4.3.1.1.)

Ook ten opsigte van sekere hulpwerkwoorde is daar uitsonderings soos verder aangedui word in 5.1.3.3. en 5.1.3.5.

Die komplementêre werkwoord volg op die hulpwerkwoord in óf die

konsekutief óf habitualis in die ontkenning van 'n hulpwerkwoordgroep. Die kenmerkende habitualis uitgang -E [̄ē] moet nie in sulke konstruksies verwar word met die negatiewe uitgang -E [̄ē] nie. Die negatiewe uitgang realiseer slegs op die hulpwerkwoordstam, bv.:

+ GA ba KE ba gweranE 'Hulle is nooit maats nie'
(vgl. par. 2.1.2.1(c))

5.1.3.2 Die negatiewe uitgang -E [̄Ē]

Saam met die ontkenningsformatief -SE- realiseer die negatiewe uitgang -E [̄Ē]

(i) in 'n konstruksie met 'n enkele werkwoordstam, bv.:

+ Go SE sepele 'Om nie te loop nie'
(vgl. par. 3.4.5.); en

(ii) in 'n hulpwerkwoordgroep op die hulpwerkwoordstam, bv.:

+ Ra SE kE ra kgona 'En toe kon ons gladnie
go bjala saai nie'
(vgl. par. 3.4.2.2(a))

Die hulpwerkwoordstam word dus ontken, en die komplementêre werkwoord(e) behou ook in hierdie geval sy/hulle positiewe uitgang.

Soos by -E [̄ē] is die negatiewe uitgang -E [̄Ē] dus nie 'n ongekwalfiseerde kenmerk van die ontkenning nie.

Daar kan nie ten alle tye onteenseglik bewys word dat die uitgang -E [̄Ē] in 'n ontkenningskonstruksie 'n negatiewe uitgang is nie, omdat:

(i) Modi soos die subjunktief ook in die positief 'n uitgang -E [̄Ē] het, bv.:

+ Gore ba tsomE diphoofolo 'Sodat hulle wild jag'; en

(ii) die indikatief voltooide tyd se persistiewe vorm met sta-

tiewe betekenis ook die uitgang -E [e] neem, bv.:

GA di SA nonnE

'Hulle is nie meer vet nie'

Die potensialis ouksiliêr in 'n konstruksie word nooit ontken nie, maar die ouksiliêre komplement. Dieselfde vind ook soms plaas met die futurum en kasualis ouksiliêre. Omdat die ouksiliêre komplement deur middel van die ontkenningsformatief -SE- ontken word, realiseer die negatiewe uitgang op die ouksiliêre komplement, bv.:

Dikgomo di ka SE fule

'Die beeste sal/mag nie wei nie'
(vgl. par. 3.4.8.1)

Batho ba tlo SE bonE

dikgomo

'Die mense sal dalk nie die beeste sien nie'
(vgl. par. 3.4.8.2)

Le dio SE bitSE batho

'Julle roep nie eers die mense nie'
(vgl. par. 3.4.8.4)

5.1.3.3 Verstarde verbale uitgange

Wanneer 'n verbale stam se uitgang verstar is, word verkies om daarna as 'n slotvokaal sondermeer te verwys.

Die hulpwerkwoordstamme -TLE en -YE se slotvokaal -E [e] is 'n verstarde uitgang wat in sowel die positief as negatief onveranderd bly, bv.:

Positief:

-TLE: + O TLE a opele ka Mekibelo

'Hy sing gewoonlik op Saterdag'

Ontkenning:

-TLE: ++ Ga_a_TLE a fihle

'En hy kom gewoonlik nooit'
(vgl. par. 2.1.2.2.)

-YE: ++ Ga_a_YE a fihle

So ook het die assosiatiewe kopulatiewe werkwoordstam -NA 'n slotvokaal -A wat onveranderlik is in die positief en negatief, bv.:

Positief:

+ Ge mosadi a nA le ngwana 'Wanneer die vrou 'n kind het'

Ontkenning:

+ Ge mosadi a SE nA ngwana 'Wanneer die vrou nie 'n kind het nie'
(vgl. par. 2.2.1.1.)

Hierteenoor het die saamgetrokke vorm van die assosiatiewe kopulatiewe werkwoordstam -NA plus die konnektiewe partikel LE, 'n slotvokaal -E [E] wat nie 'n negatiewe uitgang is nie, aangesien dit ook in die positief so voorkom, bv.:

+ basadi ba NE bana 'die vrouens het kinders'
+ basadi GA ba NE bana 'die vrouens het nie eers kinders nie'
(vgl. par. 2.2.1.1.)

In die saamgestelde hulpwerkwoordstam -EŠO (-SEŠO) is die slotvokaal -O en realiseer die negatiewe uitgang -E ook nie.

+ Gore di SEŠO tša senya 'Sodat hulle gladnie die mabele koring verniel nie'
(vgl. par. 4.3.3.4)
+ GA ke EŠO (SEŠO) ka mmona 'Ek het hom nog nie gesien nie'
(vgl. par. 2.2.2.2)

Die persistief oksiliêr -SA- het verder beweeg in rangverskuiwing op die pad na formatief as bv. -TLO- en -KA-. Dit word bewys deurdat die persistief -SA- nie die relatiefagtervoegsel neem nie, en ook die feit dat die oksiliêre komplement nie ontken kan word nie.

In soverre dit die werkwoord se slotvokaal betref, absorbeer die persistief ouksiliêr ook die negatiewe uitgang -E en die ouksiliêre komplement behou die uitgang -A, bv.:

- | | |
|----------------------------------|---|
| + <u>GA re SA opela</u> meketeng | 'Ons sing nie meer op brui-
lofte nie'
(vgl. par. 2.4.1) |
| + <u>Le SE SA tsenA</u> sekolo! | 'Julle moet nie meer skool-
gaan nie'
(vgl. par. 3.4.8.3) |

Die indikatief voltooide tyd het ook 'n ontkenningvorm met die ouksiliêr -(Y)A- met 'n versterkte uitgang. Soos die ander ouksiliêre absorbeer ook hierdie ouksiliêr die negatiewe uitgang -E en bly die slotvokaal -A- behoue, bv.:

- | | |
|-------------------------------------|--|
| + Dikgomo GA di A fulA
lehlakeng | 'Die beeste het nie in die
afgeoesde lande gewei nie'
(vgl. par. 2.4.3.) |
|-------------------------------------|--|

5.1.3.4 Versmelte slotvokale

Waar daar versmelting plaasgevind het tussen die uitgang van 'n hulpwerkwoord en die infinitiefprefiks GO-, realiseer die verbale slotvokaal as -O. Die versmelte slotvokaal -O absorbeer ook die negatiewe uitgang -E, en laasgenoemde realiseer nie as die uitgang van ðf die hulpwerkwoord ðf van die komplementêre stam nie, bv.:

- | | |
|---|--|
| + Ge bana <u>ba SA nyako</u>
<u>bapala</u> ka bolo | 'Wanneer die kinders nie
met die bal wil speel nie'
(vgl. paragrawe 4.3.7.,
3.4.5. en 2.1.2.4.(a)). |
|---|--|

In die geval van byvoorbeeld -TLO-, het die uitgang gestabiliseer en het -TLO- reeds verder in rang verskuif tot ouksiliêr. Ook hier absorbeer die slotvokaal -O die ontkenninguitgang -E en realiseer die negatiewe uitgang -E nie op die ouksiliêre komplement nie, bv.:

+ Bitša bana ba SE TLO ditela
batswadi

'Roep die kinders (dat)
hulle nie hul ouers ver-
traag nie'
(vgl. par. 2.4.4, 3.4.8.2
en 4.3.8.)

Die slotvokale van die kasualis ouksiliêre kon moontlik ontstaan het deur versmelting van die uitgang van die oorspronklike hulpwerkwoordstam met die infinitiefprefiks GO-, maar omdat hulle in rang verskuif het tot ouksiliêre en daar geen verband meer te bespeur is met 'n hulpwerkwoordstam nie, kan die slotvokaal-O ook as versmelte slotvokale beskou word.

Die slotvokaal-O het ook dieselfde invloed op die uitgang van die ouksiliêre komplement in die negatief, deurdad die ouksiliêr die negatiewe uitgang absorbeer, die slotvokaal-O gevolglik behoue bly en die ouksiliêre komplement se uitgang ook -A bly, bv.:

+ Barutwana GA ba DIO bapala
fela

'Die leerlinge speel nie
somer net nie'
(vgl. par. 2.4.5.1)

+ Dikgomo di ka SE NO šala
lešakeng

'Die beeste sal nie somer
net in die kraal bly nie'
(vgl. par. 3.6(v))

5.1.3.5 Fakultatiewe uitgange/slotvokale

Die hulpwerkwoordstam -HLWA/-HLWE is blykbaar in 'n stadium tussen hulpwerkwoord en ouksiliêr in rang, en gevolglik kom die uitgange -A of -E fakultatief voor met die persistiewe ouksiliêr sowel as in die ontkenning. Dit dui daarop dat die uitgang van die hulpwerkwoordkern -HLW- besig is om te verstar tot slotvokaal. Die vorm -HLWE (met die uitgang/slotvokaal -E) kom baie meer in hulpwerkwoordgroepe voor as die vorm -HLWA (met die uitgang/slotvokaal -A), maar hoewel daar nie met sekerheid bepaal kan word of dit die

verstarde uitgang/slotvokaal -E is of die negatiewe uitgang -E nie, wil dit tog voorkom of die uitgang besig is om te verstar tot -E as slotvokaal. Dat dit waarskynlik die slotvokaal -E is wat realiseer, word versterk deur die feit dat die uitgang/slotvokaal -A ook in die ontkenningkonstruksie voorkom, bv.:

+ Ga ba hlwA ba namela
setimela

'Hulle ry nie gedurigdeur/
altyd per trein nie'
(vgl. par. 2.1.2.3.)

Die slotvokaal -E in die hulpwerkwoordkern -HLW- in 'n ontkenningkonstruksie met GA- en -SE- is dus nie noodwendig die negatiewe uitgang -E nie. Die negatiewe uitgang realiseer ook nie in die komplementêre werkwoord nie. Die hulpwerkwoordstam moes dus die negatiewe uitgang geabsorbeer het, bv.:

+ GA le HLWE le namela
setimela

'Julle ry nie gedurig
(altyd) per trein nie'
(vgl. par. 2.1.2.3)

+ GO SE HLWE go bitšwa
batswadi ba basenyi

'(Dat) die ouefs van die ver-
nielsgtigtes gladnie gedu-
rigdeur geroep word nie'
(vgl. par. 3.4.5)

Om waarskynlik verwarring met die persistief te voorkom, realiseer die negatiewe uitgang -E op die hulpwerkwoordkern -HLW- in 'n ontkenningkonstruksie met die ontkenningformatief -SA-, bv.:

Ge barutwana ba SA HLWE
ba gana go otlwa

'Wanneer die leerlinge
nie gedurig weier om ge-
straf te word nie'
(vgl. par. 4.3.1.2)

Opsommend kan dus verklaar word dat:

(i) Die negatiewe uitgang -E by aldie die ontkenningmeganismes realiseer in 'n konstruksie wat bestaan uit 'n enkele werkwoordstam,

maar omdat daar baie min negatiewe konstruksies in Noord-Sotho is wat slegs uit 'n enkele werkwoordstam bestaan, is daar baie min negatiewe konstruksies waar die negatiewe uitgang realiseer. In 'n hulpwerkwoordgroep realiseer die negatiewe uitgang slegs op die hulpwerkwoordstam. Die uitgang van die hoofwerkwoord bly onveranderd omdat die hoofwerkwoord nie ontken word nie, maar in die positief bly.

(ii) Versterkte uitgange of versmelte slotvokale van hulpwerkwoordstamme en oksiliëre die negatiewe uitgang -E absorbeer, en dit daarom nie op die komplement realiseer nie.

(iii) Die subjunktief en habitualis, asook die hulpwerkwoordstamme -TLE, -YE en -HLWE 'n uitgang -E het in die positief sowel as in die ontkenning, en dat daarom nie bewys kan word dat dit die negatiewe uitgang -E is wat in 'n ontkenningkonstruksie voorkom nie.

(iv) Op grond van bogenoemde die uitgang -E nie ongekwalifiseerd as 'n kenmerk van die ontkenning beskou kan word nie.

5.1.3.6 Modus van die komplement

Wanneer 'n hulpwerkwoordgroep in Noord-Sotho ontken word, volg die komplement op die hulpwerkwoordstam in ðf die habitualis ðf die konsektief. Die hulpwerkwoordstam -HLWA/-HLWE is egter 'n uitsondering op die reël. In 'n ontkenningkonstruksie met -HLWA/-HLWE neem die komplement die situatief, bv.:

+ Ga ba HLWE ba enwa meetse

'Hulle drink gewoonlik nie water nie'
(vgl. par. 2.1.2.3)

+ Gore re se HLWE re namela
setimela

'Dat ons nie gewoonlik trein
ry nie'
(vgl. par. 3.4.1.2(b))

+ Ge di sa HLWE di eya
mašemong

'Wanneer hulle nie gewoonlik
lande toe gaan nie'
(Vgl. par. 4.3.2.2.)

5.2 SEMANTIESE KENMERKE

In die samevatting van die voorafgaande drie hoofstukke is respektiewelik gewys op die strukturele en semantiese kenmerke van die ontkenningsemeganismes GA-, SE en SA.

Dit is egter opvallend dat hoewel hulle semantiese oorsprong nie bepaal kan word nie, en daar geen morfologiese verband tussen die drie meganismes bestaan nie, hulle 'n gemeenskaplike semantiese karakter van 'ontkenning' het. Westphal (1958:285) noem hulle 'negative particles'.

Na aanleiding van die vorme waarin SE en SA voorkom, is dit duidelik dat hulle eenderse trappe in rangverskuiwing deurloop het. Daar kan dus aanvaar word dat dié ontkenningsemeganismes ook polisemie ondergaan het, en gevolglik die gemeenskaplike semantiese kenmerk van 'ontkenning' het.

5.2.1 Polisemie

Die feit dat die kasualis ouksiliëre -DIO-, -FO- en -NO- semanties ooreenstem maar (wat hulle kerns betref) diachronies duidelik verskil, laat die gedagte ontstaan dat polisemie moontlik nog 'n stap verder gaan tot waar verskillende ouksiliëre se betekenis saamval. Die

semantiese kenmerke van die ontkenningsemeganismes SE en SA versterk dan die moontlikheid, omdat hulle nie elkeen 'n eie betekenis ontwikkel het nie maar 'ontkenning' uitdruk.

5.2.2 Emfatisering

Deur die gebruik van die hulpwerkwoordstamme -KA, -BA en -HLWA/-HLWE in 'n hulpwerkwoordgroep word die ontkenning van 'n konstruksie versterk tot 'n emfatiese ontkenning. In sodanige konstruksies word die hulpwerkwoordstam ontken en die hoofwerkwoord bly in die positiesief van die besondere modus wat normaalweg op die hulpwerkwoord volg.

Die emfatisering van 'n ontkenningskonstruksie word met aldie ontkenningsemeganismes bewerkstellig, bv. met die hulpwerkwoordstam -KA.

- | | |
|--|---|
| + <u>GA</u> <u>ba</u> <u>ke</u> <u>ba</u> bolela maaka | 'Hulle vertel nooit leuens nie'
(vgl. par. 2.1.2.1(a)) |
| + Re ba boditše gore <u>ba</u> <u>SE</u> <u>ke</u>
<u>ba</u> re kgopela dijo gape | 'Ons het vir hulle gesê hulle moet nooit weer vir ons kos vra nie'
(vgl. par. 3.4.1.2(a)) |
| + Ge dikgomo <u>di</u> <u>SA</u> <u>ke</u> <u>di</u> fula
lehlakeng di ka se none | 'As die beeste nooit in die stonke wei nie sal hulle nie vet word nie'
(vgl. par. 4.3.1.1) |

Die hulpwerkwoordstam -HLWA/-HLWE emfatiseer nie ten alle tye 'n ontkenningskonstruksie nie. Daar is verskeie voorbeelde gevind en gekontroleer waar die konstruksie nie 'n emfatiese strekking het nie, maar dit druk eerder 'n voortdurende handeling uit wat nie plaasvind nie, bv.:

Ga ke HLWE ke bolela

'Ek praat nie gedurigdeur
nie'

Ga a sa HLWE a ngwathiwa

'Dit word nooit meer afge-
breek nie'

(vgl. par. 2.1.2.3.)

Hierteenoor is daar voorbeelde gevind waar die hulpwerkwoordstam

-SEŠO ook emfatisering uitdruk, bv.:

gore lephodisa le SEŠO
la mo hwetša

'sodat die polisieman hom
gladnie vind nie'
(vgl. par. 4.3.2.3.)

Soos reeds genoem, is die hulpwerkwoordstamme -HLWA/-HLWE en -SEŠO blykbaar besig om in rang te verskuif na oksiliêre. Uit bogenoemde is dit duidelik dat die twee vorme tesame met emfatisering ook nog die basiese betekenis as hulpwerkwoordstam uitdruk. Dit bevestig dan die hipotese dat polisemie ook lei tot sinonimie, d.w.s. 'n stadium waar die betekenis van oksiliêre en formatiewe sinoniem raak.

5.2.3 Gestabiliseerde betekenis

Die voorgenoemde polisemie lei daartoe dat 'n oksiliêr of formatief se betekenis stabiliseer in 'n nuwe betekenis wat nie verband hou met die oorspronklike betekenis nie. Dit is reeds aangedui onder die kasualis oksiliêre, die persistief oksiliêr en die futurum oksiliêr.

Die beginsel geld ook ten opsigte van die ontkenningsemeganismes SA en SE. Die 'oorspronklike' strukturele en semantiese kenmerke van die twee vorme kan nie meer bepaal word nie, maar hulle beteken-

nisse het gestabiliseer in 'negering'. Hoewel die formatief GA-slegs as formatief gebruik word, mag die moontlikheid bestaan dat dit, net soos SA en SE, waarskynlik uit 'n ander kategorie ontwikkel het.

BYLAE

TABEL VAN ONTKENNINGS

Die volgende tabel toon die ontkenningvorme in die verskillende modi en tye aan. Slegs 'n enkele voorbeeld word by elk voorsien met paragraafverwysings na die teks waar dit breedvoerig bespreek word. In die voorbeelde word die ontkenningmeganismes onderstreep en daarna word die woordstatus/rangorde van die meganisme genoem. Voorbeelde in die tabel wat met 'n asterisk aangedui is, is eie voorbeelde om die tabel so ver as moontlik volledig te maak. Dié betrokke ontkenningvorme is nie in letterkundige publikasies of grammatikas aangetref nie.

Die modi is alfabeties gerangskik.

MODUS	ONTKENNINGS- MEGANISME	PARAGRAAF
-------	---------------------------	-----------

IMPERATIEF

A. MET WERKWOORDSTAM

As enkelwerkwoordstam

Basies

se fele pelo

formatief

3.4.4.

se direng

formatief

3.4.4.

B. MET HULPWERKWOORDSTAM

Met -KA

se ke la fela pelo

formatief

3.4.4.

B. MET HULPWERKWOORDSTAM

1. Met -KA

Basies

(i) Onvoltooide tyd

<u>ga</u> ba ke ba enwa	formatief	2.1.2.1(a)
<u>ga</u> di ke tša fula	formatief	2.1.2.1(b)
<u>ga</u> ba ke ba rogane	formatief	2.1.2.1(c)

(ii) Voltooide tyd

<u>ga</u> gwa ka gwa ba bjalo	formatief	2.2.2.3.
-------------------------------	-----------	----------

2. Met -HLWA

Basies

<u>ga</u> ke hlwe/hlwa ke bolela	formatief	2.1.2.3.
----------------------------------	-----------	----------

3. Met -EŠO/-SEŠO

<u>ga</u> ke ešo/sešo ka mmona	formatief	2.2.2.2.
<u>ga</u> ke ešo/sešo ke mmone	formatief	2.2.2.2.
<u>ga</u> ke ešo/seŠO KE mmona	formatief	2.2.2.2.

4. Met -YE en -TLE

<u>ga</u> a tle a fihle	formatief	2.1.2.2.
<u>ga</u> a ye a fihle	formatief	2.1.2.2.

5. Saamgetrokke

<u>ga</u> di nyako fula	formatief	2.1.2.4(a)
-------------------------	-----------	------------

C. MET OUKSILIERE

1. Met futurum -TLO-

Basies

ba tlo <u>se</u> bone	formatief	3.4.8.2(a)
<u>ga</u> di tlo fula	formatief	2.4.4.

2. Met persistief -SA-

(a) Basies

(i) Onvoltooide tyd

ga le sa mo nyaka formatief 2.4.1.

(ii) Voltooide tyd

ga e sa tletše formatief 2.4.1.

(b) Kopula

(i) Identifiserend

ga e sa le moruti formatief nie bespreek
nie.

(ii) Bepalend

ga di sa le gona formatief nie bespreek
nie

(iii) Assosiërend

ga di sa na lebelo formatief 2.4.1.

(c) Emfatisering

Met -HLWE

ga a sa hlwe a ngwathiwa formatief 2.4.1(b)

3. Met potensialis -KA-

(a) Basies

di ka se tšhabe formatief , 3.4.8.1(a) en
3.4.8.2(a)

(b) Kopula

(i) Identifiserend

e ka se be moruti formatief 3.4.8.1(a)

(ii) Bepalend

ba ka se be bohlae formatief 3.4.8.1(a)

(iii) Assosiërend

ba ka se be le lerato formatief 3.4.8.1(a)

3. Samestellings

(a) Persistief + futurum

go se sa tlo diša formatief 3.6 (iv)

(b) Potensialis + persistief + futurum

go ka se sa tlo boa formatief nie be-
spreek nie

KONDISIONALIS

As enkelwerkwoordstam

(a) Basies

wa sa agwa ouksiliêr 4.2.3.

ya se rage formatief 3.4.6.

ra sa dire formatief 4.3.5.

KONSEKUTIEF

A. MET WERKWOORDSTAM

As enkelwerkwoordstam

(a) Basies

ya se fetoge formatief 3.4.2.

la sa botše formatief 4.3.6.

(b) Kopula

(i) Identifiserend

ya se be thabo formatief 3.4.2.1.

(ii) Bepalend

sa se be gona formatief 3.4.2.1.

(iii) Assosiërend

la se be le lehufa formatief nie be-
spreek nie

2. As saamgestelde werkwoordkonstruksie

(a) Basies

ba ba <u>sego</u> ba tagwa	hulpwerkwoord	3.2.2.1.
----------------------------	---------------	----------

(b) Kopula

(i) Identifiserend

*yo e <u>sego</u> ya ba moruti	hulpwerkwoord	nie bespreek nie
--------------------------------	---------------	------------------

(ii) Bepalend

*yo a <u>sego</u> a ba bohla	hulpwerkwoord	nie bespreek nie
------------------------------	---------------	------------------

B. MET HULPWERKWOORDSTAM

1. Met -KA

(i) Onvoltooide tyd

tše di <u>sa</u> kego di eba gona	formatief	4.3.3.1.
-----------------------------------	-----------	----------

(ii) Voltooide tyd

tše di <u>sego</u> tša ka tša raga	hulpwerkwoord	3.2.3.1.
------------------------------------	---------------	----------

mo o <u>sa</u> kago wa bjala	ouksiliêr	4.2.2.
------------------------------	-----------	--------

2. Met -HLWE

ye e <u>sa</u> hlwego e kwala	formatief	4.3.3.3.
-------------------------------	-----------	----------

3. Met -BA

yo a bego a <u>sa</u> sepele	formatief	4.3.3.2.
------------------------------	-----------	----------

4. Met -SESO

se se <u>sešogo</u> sa phethega	formatief	4.3.3.4.
---------------------------------	-----------	----------

C. MET OUKSILIÈRE

1. Met futurum -TLO-

(a) Basies

ba ba tlogo se boe formatief 3.4.8.2(c)

tše di sa tlogo fula formatief 4.3.8(c)

(b) Kopula

(i) Identifiserend

*yo e ka se bego moruti formatief nie bespreek nie

(ii) Bepalend

*yo a ka se bego bohlafe formatief nie bespreek nie

(iii) Assosiërend

*yo a ka se bego le lehufa formatief nie bespreek nie

2. Met persistief -SA-

(a) Basies

(i) Onvoltooide tyd

bjo bo se sa nwago formatief 3.4.8.3(b)

(ii) Voltooide tyd

tše di se sa timetšego formatief 3.4.8.3(b)

(b) Kopula

(i) Identifiserend

ye e se sa lego poo formatief 3.4.8.3(b)

yo e se sa bago kgošl formatief 3.4.8.3(b)

(ii) Bepalend

tše di se sa lego bothata formatief 3.4.8.3(b)

tše di se sa bago boleata formatief 3.4.8.3(b)

(iii) Assosiërend			
wo o <u>se</u> sa nago le thušo	formatief		3.4.8.3(b)
yo a <u>se</u> sa bago le lehufa	formatief		nie bespreek nie
3. <u>Met potensialis -KA-</u>			
(a) Basies			
yo a ka <u>se</u> lwego	formatief		3.4.8.1(c)
ba ba kago <u>se</u> boe	formatief		3.4.8.1(c)
(b) Kopula			
(i) Identifiserend			
*yo a ka <u>se</u> bego moruti	formatief		nie bespreek nie
(ii) Bepalend			
*yo a ka <u>se</u> bego bohlale	formatief		nie bespreek nie
(iii) Assosiërend			
*yo a ka <u>se</u> bego le lehufa	formatief		nie bespreek nie
(c) Emfatisering			
yo a ka <u>se</u> kego a kgona	formatief		3.4.8.1(c)
4. <u>Met samestellings</u>			
(a) Onvoltooide tyd			
Persistief + futurum			
ba ba <u>se</u> sa tlogo bapala	formatief		3.6(iv)
Potensialis + persistief			
tše di kago <u>se</u> sa tla	formatief		3.6(ii)
tše di ka <u>se</u> sa tlogo	formatief		3.6.(ii)

Potensialis + futurum

ba ba kago se tlo boa formatief 3.6 (i)

ba ba ka se tlogo boa formatief 3.6 (i)

Potensialis + persistief + futurum

a a kago se sa tlo lwa formatief 3.6 (iii)

a a ka se sa tlogo lwa formatief 3.6 (iii)

a a ka se sa tlo lwago formatief 3.6 (iii)

(b) Voltooide tyd

tše di se sa tlilogo fula formatief 3.6 (iv)

SITUATIEF

A. MET WERKWOORDSTAM

1. As enkelwerkwoordstam

(a) Basies

(i) Onvoltooide tyd

ge e sa kwane formatief 4.3.1.

(ii) Voltooide tyd

ge ba sa ngwadiša ouksiliêr 4.2.1.

(b) Kopula

(i) Identifiserend

ge ke se moruti werkwoord 3.1.1.1.

ge e sa be lehodu formatief 4.3.1.4 (i)

(ii) Bepalend

ge ke se gona werkwoord 3.1.1.2.

o sa be kaone formatief 4.3.1.4 (ii)

(iii) Assosiërend

ke <u>sa</u> be le tlala	formatief	4.3.1.4 (iii)
a <u>sa</u> na (le) polelo	formatief	4.3.1.4 (iii)

2. As saamgestelde werkwoordkonstruksie

ge a <u>sa</u> a ya felo	hulpwerk- woord	4.1.
ge a <u>se</u> a ya felo	hulpwerk- woord	3.2.1.1.
ge ba <u>se</u> ba sore	hulpwerk- woord	3.2.1.2.

B. MET HULPWERKWOORDSTAM

1. Met -KA

(i) Onvoltooide tyd

di <u>sa</u> ke di ekwa	formatief	4.3.1.1.
-------------------------	-----------	----------

(ii) Voltooide tyd

di <u>se</u> di ke tša bolaya	hulpwerk- woord	3.2.3.1.
a <u>se</u> a ka a realo	hulpwerk- woord	3.2.3.1.
re <u>sa</u> ka ra fenya	ouksiliêr	4.2.1.1.

2. Met -HLWA/-HLWE

(i) Onvoltooide tyd

ge a <u>sa</u> hlwe a eya	formatief	4.3.1.2.
ge bo <u>se</u> hlwe bo re tlela	formatief	3.4.7.

(ii) Voltooide tyd

ge re <u>se</u> ra hlwa	hulpwerk- woord	3.2.3.2.
ge di <u>se</u> di hlwe	hulpwerk- woord	3.2.3.2.

3. Met -BA

(i) Voltooide tyd

ge a sa ba a mo fetola ouksiliêr 4.2.1.2.

4. Met -SESO

ge le sešo le thoma hulpwerk- 4.3.1.3.
woord

C. MET OUKSILIËRE

1. Met futurum -TLO-

ge le ka se opele formatief 3.4.8.1(b)

ge ba sa tlo bopa formatief 4.3.8(b)

2. Met persistief

(a) Basies

(i) Onvoltooide tyd

ge le se sa tloga formatief 3.4.8.3(a)

(ii) Voltooide tyd

ge re se sa robetše formatief 3.4.8.3(a)

(b) Kopula

(i) Identifiserend

ge e se sa le moruti formatief 3.4.8.3(a)

ge e se sa ba moruti formatief 3.4.8.3(a)

(ii) Bepalend

ge se se sa ba bogale formatief 3.4.8.3(a)

(iii) Assosiërend

ge bo se sa na mmala formatief 3.4.8.3(a)

ge go se sa na le taba formatief 3.4.8.3(a)

ge go se sa ne molato formatief 3.4.8.3(a)

3. Met potensialis -KA-

ge a ka se hwe formatief 3.4.8.1 (b)

4. Met kasualis

(a) -DIO-

ge re se dio belega formatief 3.4.8.4

(b) -FO-

ge a se fo fetša formatief 3.4.8.4.

(c) -NO-

ge a se no ba laetša formatief 3.4.8.4.

ge a no se tsebe formatief 3.4.8.4.

5. Samestellings

(i) Onvoltooide tyd

Persistief + futurum

ge di se sa tlo boa formatief 3.6(iv)

Potensialis + futurum

ge a ka se tlo thuša formatief 3.6(i)

Potensialis + persistief

ge bana ba ka se sa tla formatief 3.6(ii)

Potensialis + persistief + futurum

ge bana ba ka se sa tlo boa formatief 3.6(iii)

(ii) Voltooide tyd

Persistief + futurum

ge di se sa tlilo fula formatief 3.6(iv)

SUBJUNKTIEF

A. MET WERKWOORDSTAM

As enkelwerkwoordstam

(a) Basies

gore ba se dire bjalo formatief 3.4.1.

gore re sa ba bone formatief 4.3.2.

(b) Kopula

(i) Identifiserend

e sa be tše telele formatief 4.3.2.4.

e se be tše dintši formatief 3.4.1.3.

(ii) Bepalend

di sa be fase formatief 4.3.2.4.

di se be bjalo formatief 3.4.1.3.

(iii) Assosiërend

di sa be le ditšhila formatief 4.3.2.4.

di se be le ditšhila formatief 3.4.1.3.

B. MET HULPWERKWOORDSTAM

1. Met -KA

di sa ke di boela formatief 4.3.2.1.

di se ke tša buna formatief 3.4.1.2 (a)

2. Met -HLWA

se sa hlwe se boa formatief 4.3.2.2.

e se hlwe e ena formatief 3.4.1.2 (b)

3. Met -SEŠO

re sešo ra hlapa hulowerkwoord 4.3.2.3.

C. MET OUKSILIERE

1. Met futurum -TLO-

(a) Basies

o se tlo šala formatief 3.4.8.2(b)

(b) Kopula

(i) Identifiserend

e se tlo ba moruti formatief 3.4.8.2(b)

(ii) Bepalend

a se tlo ba bohlale formatief 3.4.8.2(b)

(iii) Assosiërend

ke se tlo ba le bohumi formatief 3.4.8.2(b)

2. Met persistief -SA-

(a) Basies

le se sa tsoga formatief 3.4.8.3(a)

(b) Kopula

(i) Identifiserend

e se sa ba moruti formatief nie be-
spreek nie

(ii) Bepalend

di se sa ba meetse formatief nie be-
spreek nie

(iii) Assosiërend

a se sa na taba formatief 3.4.8.3(a)

a se sa ne taba formatief 3.4.8.3(a)

3. Met potensialis -KA-

(a) Basies

re ka se rute formatief 3.4.8.1(d)

4. Met kasualis

(a) -DIO-

le se dio forwa

formatief

3.4.8.4(ii)

(b) -NO-

re se no ba patediša

formatief

3.4.8.4(ii)

5. Samestellings

(a) Persistief + futurum

di se sa tlo fula

formatief

3.6(iv)

(b) Potensialis + futurum

le ka se tlo ja

formatief

3.6(i)

(c) Potensialis + persistief

di ka se sa tla

formatief

3.6(ii)

(d) Potensialis + persistief + futurum

di ka se sa tlo tshwenya

formatief

3.6(iii)

A. WERKE VAN TAALWETENSKAPLIKE AARD

- AINSLEY, A.D. : The Bantu Sentence (LIMI, 13; p. 39-52)
(1972)
- 'APPLEYARD, J.W. : The Kafir Language (Westleyan Mis-
(1850) sionary Society)
- BEYER, G. : A Handbook of the Pedi-Transvaal Suto
(1920) Language (Moriya Sesuto Book Depot)
- COLE, D.T. : An Introduction to Tswana Grammar
(1955) (Longmans, Green & Co)
- DAVEY, A.S. : The Moods and Tenses of the Verb in
(1973) Xhosa (Ongepubliseerde M.A.-verhande-
ling, UNISA)
- DODD, A.D./CORDINALEY, W.A./KAKANA, G./RAMOKGOPA, A.M.:
(1966) Thutaleago ya dikolo tšā godimo tšā
bathobaso. Mphato 3 (Juta & Kie.,
Kapaatstad)
- DOKE, C.M./MOFOKENG, S.M. : Textbook of Southern Sotho Grammar
(1971) (Longman, Cape Town)
- ENDEMANN, K. : Versuch einer Grammatik des Sotho (Berlin)
(1876)
- FRANZ, G.H. : Bosothong; Maitekello-reeks(A.P.B.,
(1952) Johannesburg)
- _____ : Matshelō; Maitekello-reeks. (A.P.B.,
(1952a) Johannesburg)
- _____ : Thellenyane (A.P.B., Johannesburg)
(1931)
- GOWLETT, D.F. : The Morphology of the Verb in Lozi
(1967) (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling,
Universiteit van die Witwatersrand)
- GROBBELAAR, J.C. : Junior Sepedi (Voortrekker Pers Bpk.,
(1952) Johannesburg)
- GROENEWALD, P.S. : Morfologiese verdubbeling in Noord-
(1960) Sotho (Ongepubliseerde M.A.-verhande-
ling, Universiteit van Pretoria)
- HALLIDAY, M.A.K. : Categories of the theory of Grammar
(1961) (Word 17 p.241-292, New York)
- JACOTTET, E. : A Practical method to learn Sesuto
(1936) (Sesuto Book Depot)

- KING, R.D.
(1969) : Historical Linguistics and Generative Grammar (Prentice-Hall)
- KRUGER, W.J.
(1971) : Die morfologie van die Werkwoordkategorieë in die Sothotale (Ongepubliseerde D.Litt. et Phil.-proefskrif, UNISA)
- LEKALA, J.S.
(1968) : Lemogang Polelo, Sehlopha sa V & VI (J.L. van Schaik, Pretoria)
- LAKOFF, R.T.
(1969) : A Syntactic argument for Negative Transportation (Papers from the 5th Regional Meeting of the Chicago Linguistic Society, p. 140-147)
- LOMBARD, D.P.
(1976) : Aspekte van toon in Noord-Sotho (Ongepubliseerde D.Litt. et Phil.-proefskrif, UNISA)
- LOMBARD, D.P./GROBLER, G.M.M./SERUDU, S.M.:
(1976) : Noord Sothogidse (UNISA)
- LOUW, J.A.
(1968) : The minimal forms in Xhosa and their relation to the morpheme (Taalafsette deel 5, pp. 17-23)
- LOUWRENS, L.J.
(1971) : Die meervoudsmorfeem - NG in die Noord-Sotho werkwoord (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria)
-
- (1976) : Oor die sogenaamde situatief in Noord-Sotho. 'n Voorlopige probleemstelling (Studies in Bantoetale, Jaargang 3.1. p.p. 39-54)
- McLAREN, J.
(1923) : A Grammar of the Kaffir Language (Longmans, Green & Co.)
- MEINHOF, C.
(1960) : Introduction to the phonology of the Bantu Languages (N.J. van Warmelo) (Berlin)
- MOJAPELO, G.P.
(1960) : Popo- β - μ ya Sesotho (A.P.B., Johannesburg)
-
- (1966) : Popopolelo ya Sepedi (A.P.B., Johannesburg)
- NOKANENG, M.
(1976) : Segagešo (Via-Afrika, Bloemfontein)
- PHATUDI, N.C./MASHABELA, P.H.D.: Dilakalaka tša Segagešo (Educum, King William's Town)

- PONELIS, F. : Die ontwikkeling van hulpwerkwoord-
(1975) groepe: hulpwerkwoord en infinitiefsin
(Studies in Bantoetale, pp. 46-61)
- SANDILANDS, A. : Introduction to Tswana (London Missio-
(1953) nary Society)
- SCHWELLNUS, P.E. : Grammar ya Sesotho se se bolelwaxo
(1931) dileteng tša Transvaal (Blackie, London)
- STEWART, J. : Outlines of Kaffir Grammar (Lovedale
(1901) Mission Press)
- TUCKER, A.N. : The comparative phonetics of the Suto-
(1929) Chuana group of languages (Longmans,
Green & Co.)
- VAN WYK, E.B. : Die kopulatiewe van Noord-Sotho (Onge-
(1953) publiseerde M.A.-verhandeling, Univer-
siteit van Pretoria)
- _____ : Ongepubliseerde Klasaantekeninge vir
(1955) Tweedejaarskursus in Noord-Sotho
(Universiteit van Pretoria)
- _____ : Potential and progressive constructions
(1957) in Northern Sotho (African Studies 16,3
pp. 162-176)
- _____ : Woordverdeling in Noord-Sotho en Zoeloe
(1958) (Ongepubliseerde D.Litt.-Proefskrif,
Universiteit van Pretoria)
- VAN ZYL, H.J. : Thika-polelo, St VI & VII (A.P.B.,
(1941) Johannesburg)
- _____ : Dithuto tša polelo, St V & VI (A.P.B.,
(1954) Johannesburg)
- _____ : Thika-polelo, St VII & VIII (A.P.B.,
(1966) Johannesburg)
- VON STADEN, P.M.S. : Bantoetaalstudie en -onderrig: verlede,
(1979) hede en toekoms (Publikasiereeks van
die Randse Afrikaanse Universiteit,
A 109, Johannesburg)
- WESTPHAL, E.O.J. : An Introductory comparative study of
(1958) negation in Bantu (Deutsche Akademie
der Wissenschaften zu Berlin, VI;
pp. 284-320)
- ZIERVOGEL, D./LOMBARD, D.P./MOKGOKONG, P.C.:
(1976) Handboek van Noord-Sotho (J.L. van
Schaik, Pretoria)

B. NOORD-SOTHO LETTERKUNDIGE PUBLIKASIES

- BYBEL IN SEPEDI (1959) : The British and Foreign Bible Society (London)
- DOLAMO, E.R. (1964) : Mononi (J.L. van Schaik, Pretoria)
- FRANZ, G.H. (1957) : Modjadji (A.P.B., Johannesburg)
-
- (1958) : Maaberone (Via-Afrika, Bloemfontein)
- LEKGORO, J.C./MAWELA, A.O.: (1969) Rutang bana ditaolo (Varia, King William's Town)
- MADIBA, M.J. (1953) : Mahlontebe V (Transvaalse Uitgewers-Maatskappy, Johannesburg)
-
- (1955) : Nkotsana (J.L. van Schaik, Pretoria)
- MADITSI, I.T. (1970) : Mogologolo (J.L. van Schaik, Pretoria)
- MAKWALA, S.P.N. (1958) : Kgašane (J.L. van Schaik, Pretoria)
- MATLALA, W.T. (1967) : Molato mpeng (Better Books, Pretoria)
-
- (1968) : Montshepetša bošego (Voortrekker Pers, Johannesburg)
- MATSEPE, O.K. (1963) : Lešita-phiri (J.L. van Schaik, Pretoria)
- MAREDI, H.P. (1963) : Tlala ya Mohlopi (J.L. van Schaik, Pretoria)
- MOGOBA, M. (1961) : Nnang (A.P.B., Johannesburg)
- MOJAPELO, G. (1969) : Dithuto lapeng le sekolong (Bona Press, Johannesburg)
- MOKONYAMA, L.B. (1967) : Makoko a mmamati (J.L. van Schaik, Pretoria)
- MOLOISI, R.B. (1953) : Kgopotšō go Beatrice wa Botlokwa (J.L. van Schaik, Pretoria)
- NKADIMENG, H.M. (1965) : Senatla Moferehli (J.L. van Schaik, Pretoria)

- RAFAPA, J.R.L.
(1978) : Leratosello (J.L. van Schaik,
Pretoria)
- RAKOMA, J.R.D.
(1968) : Motlhotlhomu morwa Mapudi (Via-Afrika,
Bloemfontein)
-
- (1949) : Marema ka dika tšša Sesotho sa Transvaal
(J.L. van Schaik, Pretoria)
- RAMAILA, E.M.
(1945) : Tšša Bophelo bya moruti Abraham Serote
(Northern Sotho Book Depot, Eerste
Fabrieke)
- RAMMALA, M.M.
(1963) : Lukas Motšheletšhele (J.L. van Schaik,
Pretoria)
- RAMOKGOPA, H.H.
(1962) : Ditaba tšša dipoko le tšše dingwe
(A.P.B., Johannesburg)